DIE BOODSKAP OP DIE BERG....

God die Seun se beskrywing van gelukkige mense en hul vreemde lewenstyl

Dr. Jacobus de Koning

INHOUD

HOOFSTUK 1 **4**
Wat is hier aan die gang?
HOOFSTUK 2 **14**
Die gelukkige afhanklikes...
HOOFSTUK 3 **23**
Die gelukkige treurendes...
HOOFSTUK 4 **31**
Die gelukkige sagmoediges...
HOOFSTUK 5 **39**
Die gelukkige honger en dors mense...
HOOFSTUK 6 **48**
Die gelukkige barmhartiges...
HOOFSTUK 7 **59**
Die gelukkige rein mense...
HOOFSTUK 8 **70**
Die gelukkige vredemakers....
HOOFSTUK 9 **82**
Die wat ly is gelukkig?
HOOFSTUK 10 **95**
Jy is sout!
HOOFSTUK 11 **101**
Jy is lig!
HOOFSTUK 12 **110**
Jy is lig (deel 2) - ’n draai by Paulus
HOOFSTUK 13 **123**
Jesus, die wet en jy
HOOFSTUK 14 **138**
Die Christen en sy woede
HOOFSTUK 15 **147**
Die Christen, die teenoorgestelde geslag en die huwelik...

HOOFSTUK 16 **155**
Altyd en oral in eerbied voor God
HOOFSTUK 17 **159**
Bereid om onreg te verduur
HOOFSTUK 18 **163**
Radikale liefde sonder grense
HOOFSTUK 19 **168**
’n Lewe voor die aangesig van die Vader
HOOFSTUK 20 **177**
Die gebed van die Christen (1)
HOOFSTUK 21 **181**
Die gebed van die Christen (2)
HOOFSTUK 22 **188**
Die vas van die Christen
HOOFSTUK 23 **205**
Waar belê jy?
HOOFSTUK 24 **212**
Bekommernis is ongeloof!
HOOFSTUK 25 **226**
Pas die Bergrede op jouself toe!
HOOFSTUK 26 **229**
In plaas van oordeel: Bid, soek en klop
HOOFSTUK 27 **236**
Waarop staan jou huis?
HOOFSTUK 28 **238**
Eindelik hoop vir ’n melaatse?

Hoofstuk 1

WAT IS HIER AAN DIE GANG?

"**W**at is die verskil tussen 'n kat en 'n hond wat betref geaardheid en gedrag?" Ek is seker jy sou redelik gemaklik 'n antwoord hierop kan gee.

As ek egter sou vra: "Wat is regtig die verskil tussen 'n Christen en nie-Christen, wat betref innerlike eienskappe en uiterlike gedrag – wat sou jy antwoord?" Ek bedoel as jy nou vir 'n oomblik sou vergeet van die feit dat die Christen iemand is wat regverdig verklaar is, wie se sonde vergewe is, teenoor die nie-Christen van wie hierdie dinge nie waar is nie. As jy net kyk na innerlike eienskappe en uiterlike gedrag. Wat is die verskil?

Jesus gee die antwoord hierop vir ons in die langste preek wat Hy ooit gegee het, naamlik die Bergrede, opgeteken vir ons in Matteus 5-7. Ons gaan hierna kyk.

Ons is bevoorreg om die preke en lering van baie groot predikers tot ons beskikking te hê. In boeke, op kassette, CD's video's en DVD's ... Ek wil jou aandag vra vir die grootste preek van die grootste Prediker ooit. Die grootste Prediker ooit is natuurlik... God se eie Seun!

Bloot die feit dat ons hier te make het met 'n preek of rede van Jesus moet ons al die ore laat spits. Die feit dat dit so uitvoerig weergegee word, moet ons aanspoor om dubbele erns hiermee te maak.
Die preek wat hier vermeld word, is nie maar net een van baie nie.
Reeds in vers 1 van Matteus hoofstuk 5 gee Matteus vir ons 'n aanduiding dat ons hier te make het met 'n gewigtige historiese moment. Ons lees: "*Toe Jesus die menigte mense sien, het Hy teen die berg opgegaan.*"

Dis opvallend dat Matteus meld dat Hy die skare *gesien* het. Jesus het tog alreeds ’n geruime tyd die skare om Hom – ons lees in die vorige hoofstuk van die baie mense wat deur Hom genees is. Die indruk wat mens kry is dat Jesus gewag het met hierdie belangrike stuk lering totdat mense uit al die dele van die land byeen was. Nou was hulle hier (Matt. 4:25). Die beoogde gehoor was bymekaar, Israel was byeengebring en nou is dit die groot oomblik vir Jesus se besondere en gewigtige boodskap. Die regte gehoor was nou hier en die tyd vir Jesus se rede het aangebreek.

☙ *Waar gee Jesus hierdie boodskap en wat is die betekenis daarvan?*

Om hierdie vraag te beantwoord, moet ons fyn kyk na die teks. Matteus sê sekere dinge en verwys na sekere dinge, omdat hy wil hê sy lesers moet iets raaksien.

Die plek van Jesus se rede word duidelik genoem: ***die berg***. Opvallend is dat Matteus sê *die* berg, nie net *’n* berg nie, maar ook die feit dat hy nie die naam noem van die berg nie. Hier in Galilea waar Jesus Hom nou bevind was tog baie berge. Die afleiding wat ons kan maak is dat hierdie berg ’n bekende plek was. Matteus noem dit op ’n manier wat veronderstel dat almal sou geweet het na watter berg hy verwys. Hierdie berg is waarskynlik gereeld as basis deur Jesus gebruik. Dit is waarskynlik dieselfde berg waarvan ons in Matteus **14:23** lees: “*Nadat Hy die mense weggestuur het, het Hy alleen na die berg toe gegaan om te bid. Toe dit aand word, was Hy daar alleen.*”

Die feit dat “die berg” so pertinent genoem word en dat hierdie onbekende berg die plek is van Jesus se groot lering moet nou al ook ’n ander klokkie lui in ons gedagtes: “Watter berg het ’n besondere rol gespeel in God se handeling met Sy volk?” Natuurlik, die berg Sinai!

By Sinai het God deur Moses met die volk gepraat en Sy gebooie aan hulle gegee. Die parallel is nou alreeds duidelik – God praat nou weer met Israel, maar nou praat Hy deur Sy eie Seun. Die prediker op die berg is meer as Moses. Dis Jesus Christus, God met ons, Immanuel en Hy praat met Sy eie gesag. Mens sou ook in hierdie berg ’n kontras kon sien met die tempelberg waar God voortdurend met Sy volk ontmoet het. Jesus se keuse om God se wil, nie op die tempelberg nie, maar op ’n afgeleë berg iewers in Galilea te openbaar, is baie veelseggend. Die Messias fokus nie meer die aandag op die aardse Jerusalem nie; nee die fokus is op God se ewige Koninkryk.

Matteus wil dus hê ons moet weet dat hier iets soortgelyks gebeur as wat in die Ou Testament gebeur het, toe Moses op die berg geklim het en God se voorskrifte en standaarde vir hoe Sy volk moes leef, ontvang het!

Matteus wil waarskynlik ’n *parallel trek* tussen Jesus en Moses en Jesus en Israel.

In die eerste hoofstukke van Matteus, vóór die Bergrede, val die fokus op die persoon en sending van Jesus Christus. Jesus is die Seun van Abraham en Dawid, die Seun van God, Hy is die Een wat die beloftes van die Ou Testament vervul (Matt. 1:1).

Jesus is God se gawe van genade, die Een deur wie die vernuwing van Israel plaasvind. Aangesien Matteus by uitstek vir ’n Joodse gehoor skryf, haal hy herhaaldelik uit die Ou Testament aan en maak gebruik van die formule “*sodat die woord vervul sou word wat die Here deur die profeet gespreek het”* (Matt.1:22; 2:15,17,23; 4:14).

Matteus 1-4 dui aan dat Jesus se lewe analoog is tot die lewe van Moses en die status van Israel as ’n volk. Dit is selfs moontlik om ’n chronologiese parallel te sien tussen die gebeure in Matteus en dié van die volk Israel. Hier kan gedink word aan die volgorde van Rietsee-

woestyn-berg (Sinai) in die geskiedenis van Israel en die volgorde rivier (doop van Jesus) woestyn (versoeking van Jesus) – en berg (Saligsprekinge) in Matteus. Telkens binne hierdie vloei van gebeure word die term "vervul" dan ook aangetref.

Die eerste aanduiding hiervan kry ons reeds in Matteus 2:13-15:

> **"En toe hulle teruggegaan het, verskyn daar 'n engel van die HERE in 'n droom aan Josef en sê: Staan op, neem die Kindjie en sy moeder en vlug na Egipte, en bly daar totdat ek jou sê; want Herodes gaan die Kindjie soek om Hom dood te maak. Hy het toe opgestaan, die Kindjie en sy moeder in die nag geneem en na Egipte vertrek. En hy was daar tot die dood van Herodes, sodat die woord vervul sou word wat die Here gespreek het deur die profeet: Uit Egipte het Ek my Seun geroep."**

Let op: Jesus se ouers moet na Egipte vlug! Moses trek met die volk uit Egipte. God verwys daarna as dat Hy Sy Seun, (Israel word so genoem), uit Egipte roep. In hoofstuk 3:13 van Matteus lees ons dat Jesus by die Jordaanrivier kom en gedoop word, en daarna word Hy deur Satan in die woestyn versoek. Dit is interessant om te lees hoe Paulus oor die volk Israel in 1 Korintiërs 10:1-2 skryf: "*Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see...*"

Wat het met die volk gebeur nadat hulle deur die Rietsee getrek het? Wel, ons weet hulle swerf in die woestyn rond en verkeer onder allerhande versoekings om terug te keer na Egipte.

Maar wat is die eerste groot gebeurtenis nadat Moses en die volk in die woestyn gekom het? Hy ontvang op die berg Sinai die voorskrifte en bepalings vir die volk!

Wat doen Jesus volgens Matteus nadat Hy op die berg geklim het? Wel, Hy open sy mond. As ons die profesie in Deuteronomium 18:15-19 in gedagte hou, dan is dit baie duidelik wat die Heilige Gees wil hê ons moet sien. Wat staan daar geskryf?

> **"'n Profeet uit jou midde, uit jou broers, soos ek is, sal die HERE jou God vir jou verwek; na Hom moet julle luister— net soos jy van die HERE jou God by Horeb gevra het toe jy op die dag van die vergadering gesê het: Ek kan die stem van die HERE my God nie langer hoor en hierdie groot vuur nie meer sien nie, anders sterf ek. Toe het die HERE vir my gesê: Dit is goed wat hulle gespreek het. 'n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel. En die man wat nie luister na my woorde wat Hy in my Naam spreek nie, van hom sal Ek self rekenskap afeis."**

Jesus is die nuwe Moses, groter en heerliker as hy (Matt. 3:17), en die mense wat Hy in hoofstuk 4 roep is die nuwe volk Israel. Mense wat soos Hy, die ware Seun, die ware Israel moes wees. Ons weet dat Jesus as God se Seun ook in elke opsig kom slaag het, waar Israel misluk het,. Dink maar net aan die versoeking van Jesus. Hy bly staande teen die versoekings van Satan, terwyl Israel in die woestyn misluk het!

☙ *Vir wie gee Jesus hierdie besondere en ingrypende boodskap?*

Ons lees dat, nadat Jesus gaan sit het, sy *dissipels* na Hom gekom het.

Hierdie dissipels tree as't ware uit die skare na vore en versamel hulself rondom Jesus. Hierin is reeds iets sigbaar van die boodskap wat opgesluit is en wat nou verder hoorbaar sal word in die Bergrede self: mense moet uit Israel kom, na Jesus kom om Sy dissipels te word en Sy opdragte uit te voer.

Die groepie volgelinge of leerlinge van Jesus wat hier by Hom sit is dus op sigself al 'n boodskap – kom uit en word deel van die nuwe volk wat ek versamel! Ja, inderdaad, Jesus bring 'n nuwe volk tot stand van mense wat aan Hom gehoorsaam is en Hom navolg. Maar ons moet nog steeds die vraag beantwoord: Vir wie bring Jesus hierdie lering – wie is die *hulle* van wie in Matteus 5:2 gepraat word? (is dit die dissipels of die skare?) Tegnies is beide moontlik. Matteus 7:28,29 gee egter duidelik uitsluitsel dat die lering definitief ook op die skare gerig was: "*Toe Jesus klaar gepraat het, was die skare verbaas oor sy onderrig, want Hy het hulle geleer soos 'n man met gesag en nie soos hulle skrifgeleerdes nie.*" Die Bergrede is gerig tot die skare uit die land Israel deur Jesus wat reeds besig was om uit hulle Sy dissipels bymekaar te maak.

☙ *Waaroor gaan dit eintlik en wat wil dit vir ons sê?*

Reeds in Matteus 4:23 word gesê dat Jesus *geleer* het, spesifiek dan in die sinagoges. Ons lees ook wat Hy geleer het – die Evangelie van die Koninkryk! Wat is dan nou nuut en anders in die Bergrede?

Die *nuwe* is dat Jesus nie maar meer net as nog ’n leraar in die sinagoges optree nie, maar dat Hy nou Sy eie leerstoel het, Sy eie platform oprig. Daar is ook ’n klemverskuiwing in leerinhoud. Die Goeie Nuus oor die Koninkryk is nou gebring, maar nou volg Jesus se lering oor die opdragte wat gevolg moet word om in die Koninkryk in te gaan. Die voorwaardes om deel te kry aan die Koninkryk, natuurlik ook die karaktereienskappe van diegene wat deel is daarvan. Die twee sake kan nie geskei word nie.

Hier kom ons by ’n belangrike punt: Jesus se lering in die Bergrede het alles te doen met die ingaan in die Koninkryk. Dis baie duidelik uit Matteus 5:20, 7:13,21-23.

Ja, dit beskryf die lewe volgens Koninkryksbeginsels, maar natuurlik slegs diegene wat hulle aan hierdie beginsels onderwerp, kan deel wees van die Koninkryk. Het ons dit gehoor? Kom ons sê dit so – wie in die Koninkryk van God wil ingaan, moet erns maak met die lering van die Bergrede. As ons dit vir mekaar sê dan sê ons ook : ***die Bergrede is nie maar net ’n toespraak met ’n tydelike karakter of betekenis nie. Dit het ook nie maar net beperkte toepassing op die volk Israel van destyds nie. Dit gaan oor toegang tot die Koninkryk en is daarom lewensbelangrik vir elkeen van ons***.

Die blywende betekenis en wye toepassing van die Bergrede as opdragte wat toegang tot die Koninkryk verleen, word ook uit ’n ander oord bevestig.

In die laaste hoofstuk van Matteus kom hierdie berg en hierdie lering wat Jesus daar gegee het weer ter sprake (Matt. 28:16). In ons Bybels word dit soos volg vertaal: “Die elf dissipels het na die berg gegaan waar Jesus hulle bestel het” (OAV).
Daar kan ’n baie goeie saak uitgemaak word dat die Grieks eerder vertaal moet word: “*na die berg waar Jesus aan hulle verordeninge gegee het.*” As ons dit aanvaar, maak dit alles baie sin.

Ná die Paasgebeure keer die dissipels terug na die plek waar Jesus aan hulle en Israel Sy opdragte geleer het, waar hulle weer op hulle beurt dit aan alle volke moet leer. Die Bergrede bevat opdragte aan Israel en aan alle volke oor hoe om die Koninkryk in te gaan.

☙ *Regtig so belangrik vir ons?*

Die *belangrikheid* van die Bergrede kan nie oorskat word nie. Laat ons nie vergeet nie, dis Jesus wat hier aan die woord is. Wie sê dat Hy in Jesus glo, moet luister, baie ernstig luister. Onthou, dit wat ons hier kry is nie bloot van akademiese belang nie, dis van ewigheidsbelang! Jesus bring hier aan ons die woorde van die lewe – Hy vertel ons hoe ons kan ingaan in sy Koninkryk. Om weg te skram van die Bergrede is geestelike selfmoord! Natuurlik gaan die lering van die Bergrede ongemak, onrustigheid en pyn veroorsaak by diegene wat dit regtig hoor. Dit kan nie anders nie; omdat dit Jesus se woorde is gaan dit bots met ons sondige natuur! Dis ’n aanduiding oor hoe om die smal pad te volg, maar die Goeie Nuus is dat hierdie smal pad na die Ewige lewe lei!

Wat is die *reikwydte en betekenis* van die Bergrede? Wat is die praktiese funksie daarvan? Hieroor is daar groot meningsverskille. Sommige sien dit as net geldig vir ’n beperkte tyd of ’n sekere deel van die reisigers na die Koninkryk – net byvoorbeeld ’n tydgebonde polemiek teen die Fariseërs. Dis egter baie duidelike dat dit in die Bergrede oor ’n wyer horison gaan – dit sluit ook ’n langer periode in waar daar valse profete sal wees (Matt.7:15-20) en dit antisipeer ook situasies in die toekoms soos die eindoordeel (Matt. 7:21,22 e.v.). Verder is dit ook onmoontlik om die Bergrede te verstaan as net van toepassing op sekere Christene. Dis ook nie bloot aanbevelings of raad waarmee elkeen kan maak wat hy wil nie – die slotgedeelte van die Bergrede maak dit baie duidelik. Jou staan of val gaan bepaal word deur wat jy met hierdie boodskap gemaak het. *(Dink maar net aan die*

Gelykenis van die dwase en verstandige man, huis op rots en huis op sand). Daar is ook ’n ander siening wat sê dat die Bergrede vir ons net ’n spieël is om ons ellende te sien en ons so na Christus se genade te dryf. Die Bergrede sou hiervolgens geen praktiese lewensveranderende funksie hê nie. In so ’n siening is daar ’n groot mate van waarheid – die heilige standaard van God laat ons telkens opnuut na Christus vlug. Die Bergrede se funksie is egter kennelik nie beperk tot die ken van ons sonde nie. Jesus lê self baie klem op die daadwerklike uitvoer van Sy opdragte (Matt. 5:19, 7:21,24). Daar is ’n duidelike klem op dade net soos ons dit in die Jakobus-brief kry. (Dis eintlik ’n toepassing van die Bergrede.) Sommige probeer die Bergrede versag deur te sê die uitsprake gaan net oor ons gesindheid. Dis baie waar – gesindheid van die hart kry baie aandag, maar weereens kan ons nie wegkom dat Jesus telkens die belangrikheid van die feitelike *doen* onderstreep nie – kyk gou na Matteus 5:16! Die Bergrede is bedoel vir alle gelowiges van alle tye. Dis ook na buite gerig aan alle mense want dit wil via die geloof alle mense onder die juk van Christus bring. Dis Jesus se lering en onderrig waardeur Hy ons wil lei tot ’n radikale vernuwing van gesindheid, sowel as praktiese lewenstyl en uiting. Wil jy God verheerlik? Ons verheerlik God deur Sy agenda uit te voer. Wel, hier het ons Sy agenda vir Sy volk. Sy nuwe volk. Ek en jy, as jy ’n Christen is.

Die *inherente fokus is* ook uiters belangrik. Die hele Bergrede fokus op Jesus se persoon en gesag.

Jesus kies Sy eie berg en vorm ’n nuwe volk met ander woorde Sy dissipels. Jesus maak self gebooie, Hy lei dit nie net af uit die Skrifte nie. Wanneer Jesus sê: “*Ek sê…*” kom dit daarop neer dat Jesus self bepaal wie salig is. Israel moet Jesus se woorde uitvoer. Jesus leer dus die weg na die nabye hemelryk.

Dit pas alles so mooi in by die klimaks waarop die Evangelie van Matteus eindig: Jesus is die Een aan wie alle mag behoort!

Van die begin af moet ons verstaan – in die Bergrede gaan dit nie oor losstaande morele reëls om goeie mense te probeer te wees nie – dit gaan oor Jesus. Hy is die middelpunt. Dit gaan daaroor dat ons Hom gelowig en gehoorsaam navolg. Dit gaan dus wesenlik oor niks anders as ware geloof in Jesus Christus nie! En so ’n geloof is ’n lewensveranderende geloof!

Moraliteit sonder Jesus is ’n mensgemaakte afskuwelike godsdiens wat na die verderf lei! Kyk, ’n mens kan mooi maniere hê, maar as daar nie ’n kinderlike geloof in Jesus is nie, baat dit alles niks. Maar natuurlik, Jesus sonder moraliteit is net so ’n stuk selfmisleiding – as Jesus werklik die middelpunt van jou lewe is, beoefen ’n mens ’n nuwe radikale moraliteit – dit sal later baie duidelik word uit die Bergrede.

Jesus lê die fondasie vir ’n nuwe volk van God . God se volk onder Sy heerskappy. God se Koninkryk breek aan. Is jy al aan Hom onderwerp, deel van die volk of staan jy nog buite? Wel, kom lees verder.

Hoofstuk 2

DIE GELUKKIGE AFHANKLIKES....

Matteus 5:3

"Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele" (AOV).
"Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel" (NAV).

Die tafel is gedek en alles is gereed. 'n Geweldige skare, versamel op die berg, afkomstig uit alle dele van Israel, wag. Wat gaan Sy boodskap wees? Is Hy dalk die Messias wat nou Sy veroweringsplanne bekend gaan maak? Gaan ons hier 'n magsvertoon sien? Watter wyshede gaan Hy kwytraak? Miskien nog meer belangrik – wie is goed genoeg om te kwalifiseer vir die nuwe bedeling? Watter papiere moet jy hê? Dan open Jesus Sy mond: " *Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele*" (OAV). 'n Mens sou jou kon voorstel hoe daar 'n rilling van skok en verbasing deur die skare getrek het. Wat, die Koninkryk van God is bedoel vir bedelaars! Wie sou dit kon dink? 'n Negatiewe kwalifikasie.

Kom ons begin nou kyk na *wat is die karaktereienskappe van mense wat tot hierdie nuwe volk, hierdie nuwe Koninkryk, hierdie ander kultuur behoort.*

☙ *Wie is die saliges, die gelukkiges wat aan hierdie Koninkryk behoort?*

Hulle word in Matteus 5:3-12 beskryf. Hierdie gedeelte word gewoonlik die Saligsprekinge genoem. Dit is die eerste onderafdeling van die Bergrede.

Wat ons van die begin af duidelik moet verstaan is dit: Wat ons hier lees, geld vir *alle* Christene. Dit is nie ’n spesiale klas Christene wat so gevorder het dat hulle nou arm van gees, of rein van hart is nie.

Nee, alle Christene sal hierdie eienskappe in ’n mindere of meerder mate hê, en belangrik, alle Christene sal *al* hierdie eienskappe in ’n mindere of meerdere mate hê.

Jy sou dus nie by wyse van spreke kon sê: “Ek is nou wel sagmoedig maar nie rein van hart nie...”

Nee, net soos Paulus se vrug van die Gees, ’n negevoudige vrug is, so is die karaktereienskappe van die gelowige agtvoudig. As jy twyfel, kyk na Matteus 5:3 en 10. Hierdie is ’n interessante literêre konstruksie. Sien jy dit? Beide verse eindig met “*aan hulle behoort die koninkryk”*. Hierdie frase omarm dus die ander verse. Wat tussenin staan is dus die beskrywing van diegene wat aan hierdie Koninkryk behoort. Matteus 5:11 en 12 is natuurlik net uitbreidings op vers 10.

Die volgende ding wat belangrik is om op te let, is die volgorde in hierdie Saligsprekinge. Die een Saligspreking veronderstel die ander een. Daar is ’n baie spesifieke samehang.

As ons dit alles dus in gedagte hou, kom ons kyk na die eerste Saligspreking: “*Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele”* (OAV). Waarom is dit juis eerste? Omdat daar ’n eenvoudige beginsel in die Koninkryk is: Jy moet eers leeg wees voordat jy kan vol word. As die Here Jesus begin het met: Salig is die wat rein van hart is, of salig is die wat geestelik volwasse is, sou ons moedeloos geword het.

Verder onderstreep dit natuurlik die feit dat alles wat hier beskryf word, nie dinge is wat ons *doen* om in die koninkryk te kom nie. Nee, dit is

beskrywings van die geestelike eienskappe van iemand wat deur Jesus geroep is.

Maar miskien wonder jy nou: Wat bedoel die Here Jesus met *arm van gees?*

☙ *Arm van gees?*

Dit gaan natuurlik nie hier oor fisiese armoede nie. Natuurlik is dit definitief moeiliker vir ’n ryk man om arm van gees te wees, maar fisiese armoede is geen waarborg vir armoede van gees nie!

Nee, dit gaan oor ’n armoede van die gees, van die hart, ’n innerlike armoede. Dit gaan, om dit so te stel, ten diepste oor ’n *houding teenoor jouself*. En juis daarom dink ek in die NAV is baie goed soos volg vertaal: “*Salig is die wat weet hoe afhanklik hulle van God* is.”

Ek wonder wie van julle kan uit ’n nie-Christen se oogpunt, die belaglikheid van hierdie stelling raaksien?

Wie is volgens die wêreld gelukkig? Die een wat weet hoe oulik en belangrik hy is! Die wat ’n goeie selfbeeld het, die wat selfvertroue het. Ralph Waldo Emerson, ’n Amerikaanse digter en filosoof wat omtrent 100 jaar gelede gesterf het, het ’n baie bekende gedig geskryf, getiteld "*Self-Reliance*”. En ek dink hy het nie net die gees van sy tyd nie, maar ook van ons tyd pragtig daarin saamgevat:

> **“Trust thyself, every heart vibrates to that iron string. Discontent is the want of self-reliance. It is infirmity of will.”**

Ah-ha! Die regtige swakheid van die wêreld, volgens Emerson, is ’n tekort aan selfvertroue. En hier kom Jesus en Hy gee nie ’n genesing vir

hierdie siekte nie, nee Hy gee as't ware 'n kruk. En dit is waarom Christus 'n struikelblok is vir mense soos Emerson en dermiljoene ander, ja self vir ons. Hoekom? Jesus vat die siekte wat ons die meeste haat, naamlik hulpeloosheid en Hy maak dit die deur na die Koninkryk! Dit is waarom.

Ja, daarom het hierdie Saligspreking selfs in die kerk ongewild geraak. Aanstellings in gemeentes vind dikwels plaas op grond van natuurlike sterk persoonlikhede, ensovoorts.

Dit is tog ironies dat die grootste werktuig van God van alle tye, nie 'n indrukwekkende selfbeeld gehad het nie. Kyk wat sê hy in 1 Korintiërs 2:3,4: "*Ek was ook by julle in swakheid en in vrees en in veel bewing*."

Miskien wonder jy: "Beteken dit nou dat ek 'n skaam en bang outjie moet wees? Beteken dit dat ek altyd myself moet afkraak." As iemand dus sê: "Jong jy het darem goed gedoen hierin of daarin," dan ek moet ek sê: "Ag nee wat, dit was eintlik maar 'n patetiese ou poginkie man." Moet jy dus jou baie talente of sterk persoonlikheid onderdruk?

Nee. Om arm van gees te wees, is om te besef, *voor* die God van hierdie nuwe Koninkryk, wat volgens Jesus in Matteus 4 naby gekom het, is ek niks. Dit is om te besef jy staan voor 'n vreemde koning en 'n vreemde Koninkryk. Vóór hierdie Koninkryk tel posisie nie. Hierdie koning stel nie belang in my aardse krag en mag nie. Of in my besittings nie. Hy is 'n koning wat na harte kyk. Hy sien agter al my maskers.

En hierdie Koninkryk se standaarde is totaal vreemd. Die wat eerste is, is laaste, die wat laaste is, is eerste... Ek, ek staan kaalgestroop voor hierdie koninkryk… ek pas nie hier nie!

Hoe dink en klink iemand wat arm van gees is? Wel, dwarsdeur die Bybel hoor ons dit:

- Abraham (Gen. 18:27): "*Kyk tog, ek het dit gewaag om met die Here te spreek alhoewel ek stof en as is.*"
- Jakob (Gen. 32:10): "*Ek is te gering vir al die gunste en al die trou wat U aan u kneg bewys het.*"
- Moses (Eks. 3:11, 4:10): "*Ag, Here, ek is nie 'n man van woorde nie—van gister of van eergister of vandat U met u kneg gespreek het nie; want ek is swaar van mond en swaar van tong. Wie is ek, dat ek na Farao sou gaan en dat ek die kinders van Israel uit Egipte sou lei?"*
- Dawid (1 Kron. 29:14): "*Want wie is ek tog, en wat is my volk, dat ons in staat sou wees om sulke vrywillige gawes te skenk? Want dit kom alles van U, en uit u hand het ons dit aan U gegee."*
- Salomo (1 Kon. 3:7): "*Nou dan, HERE my God, U het u kneg koning gemaak in my vader Dawid se plek; maar ek is 'n jong seun; ek weet nie om uit of in te gaan nie.*"
- Job (Job 42:5-6): "*Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien.* Daarom herroep ek en het berou in stof en as."

  Jesaja (Jesaja 6:5): "Toe het ek gesê: *Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die HERE van die leërskare, gesien*!"

  Dit is maar net 'n paar Ou-Testamentiese voorbeelde.

In die Nuwe Testament is daar ook heelwat voorbeelde:

- Die Tollenaar (Luk 18:1-9): "*O God wees my, die sondaar genadig*!"
- Petrus (Luk. 5:8): "*Gaan weg van my, Here, want ek is 'n sondige man!"*
- Paulus (Fil. 3:5-8): "*Maar wat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade geag. Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry."*

Ons kan daarom sê dat iemand wat arm van gees is, weet hy kan nie meer sy vertroue stel in:

- sy/haar afkoms nie;
- sy/haar natuurlike posisie nie (dokter, prokureur, dominee, minister);
- sy/haar mooi natuurlike, liefdevolle geaardheid nie;
- sy/haar skoon lewe nie;
- sy/haar lewe van geen drank, rook en uitspattigheid nie;
- sy/haar intelligensie nie;
- sy/haar teologie nie.

Nee, hy/sy wat arm van gees is, besef dit is alles van nul en gener waarde vir die nuwe Koninkryk van God.

☙ *Hoekom beskou God die armes van gees as gelukkig?*

Omdat so ’n persoon weer sy regmatige plek voor God inneem.
Wat het gebeur by die sondeval? Wel, deurdat die mens self in die middel wou staan, self God wou wees, het daar skeiding tussen God en mens gekom. Die gevolg? God kon nie meer by hierdie mense bly nie.

Waar kan Hy wel bly?

> **“Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes” (Jes. 57: 15, OAV).**

> **"Want U het geen lus in slagoffer nie, anders sou ek dit gee; in brandoffer het U geen behae nie. Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie." (Ps, 51:17-19)**

Ja, aan sulkes behoort die koninkryk, die wat klink asof hulle niks het nie. Die ironiese? Hulle het alles – al die skatte van die wêreld weeg nie op hierteen nie!

☙ *Hoe word jy arm van gees?*

Eerstens moet ek miskien sê hoe word jy nie arm van gees nie. Jy sal nooit arm van gees word as:

- God vir jou minder interessant is as die televisie nie;
- jy Sy woorde minder gesaghebbend vind as jou begeerte na welvaart en invloed nie;
- sy oordele vir jou minder angswekkend is as die 7 uur-nuus nie;
- sy waarhede minder oortuigend is as die heuningbesmeerde leuens van die advertensiewêreld nie;
- jy God nog wil gebruik om jou paadjie in die lewe uit te kap nie.

As hierdie dinge van jou waar is – sal jy nooit hierdie Saligspreking oor jou geskryf hê nie.

Hoe word jy arm van gees? As jy na God kyk. As jy veral na God in Christus kyk, en jy sien Sy heiligheid en grootheid aan die een kant, maar Sy absolute onvoorwaardelike liefde aan die ander kant, teenoor die wat so anders as Hy is. Die mense wat Hom haat, prostitute en melaatses. En kyk jy na jouself in die lig hiervan, sien jy jou eie selfgeregtigdheid, jou min liefde vir die wat anders as jy is – dan besef jy wie jy is, dan besef jy, jy is arm. Bedink God in Christus, mediteer dáároor. Kyk eerlik na jouself in die lig daarvan. En jy sal arm van gees wees.

Is jy al daar? Of is dit wat in Openbaring 3:17 geskryf is, waar van jou: "*Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie.*"

Is dit nog waar van jou? In die Saligsprekinge is die eerste vraag nie: Wat het jy al geestelik bereik? Ook nie: Hoeveel gereformeerde teologie ken jy al? Ook nie: Hoeveel het jy al vir die Koninkryk gegee? Daar word gevra of jy arm van gees is.

Kom ek stel dit anders: Die Bybel se antwoord vir die mankement van 'n swak selfbeeld is nie 'n goeie selfbeeld nie. Dit is soewereine genade. Jy kan jouself toets of jy hiermee saamstem as jy met blydskap die woorde van Jesaja 41:14 kan herhaal: "*Wees nie bevrees nie, wurmpie Jakob, volkie Israel! Ék help jou, spreek die HERE, en jou Losser is die Heilige van Israel.*"

Sien jy dit? God se manier om mense te bemoedig wat hulleself, in die lig van wie Hy is, sien as wurms, is nie om vir hulle te vertel dat hulle pragtige skoenlappers is nie. Nee dit is eerder om vir hulle te sê: "*Ek sal jou help. Ek is jou Verlosser.*"

☙ *In 'n neutedop*

Wat is arm van gees?

- Dit is 'n bewustheid van kragteloosheid in myself.
- Dit is 'n bewustheid van geestelike bankrotskap en hulpeloosheid *voor God.*
- Dit is 'n bewustheid van morele onreinheid voor God.
- Dit is 'n bewustheid van persoonlike onwaardigheid voor God.
- Dit is 'n bewustheid dat, as ek enige lewe of vreugde of bruikbaarheid wil ervaar, sal dit alles van God en alles van genade moet wees.

William Carey word algemeen beskou as die vader van die moderne sendingbeweging. Hy het die hele Bybel in ses tale vertaal en dele daarvan in 29 ander tale – te midde van herhaalde koorsaanvalle en talle, talle ander struikelblokke. Wat was sy geheim? Hoe kon hy 40 jaar lank onder uiters moeilike omstandighede in Indië, volhard. Wat was die geheim van sy bruikbaarheid en produktiwiteit in die Koninkryk?
Sy grafsteen openbaar dit:

WILLIAM CAREY
Born August 17th, 1761
Died June 9th, 1834
A wretched, poor, and helpless worm,
On Thy kind arms I fall.

Sy geheim lê in die laste frase: "*On Thy kind arms I fall*". Dit was sy geheim in lewe en sy geheim in sterwe. Hy het homself, arme, hulpelose wurm in die goeie arms van God gewerp. Hy het die belofte van Jesus geken: *Salig is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is*.

Die geheim van produktiwiteit en bruikbaarheid en geluk lê nie in die vreugdes van "goed voel oor myself nie", maar in die krag van soewereine genade.

Jy sal weet waar jy staan met betrekking tot hierdie Saligspreking. Kom sê dit nou vir die Here.

Hoofstuk 3

DIE GELUKKIGE TREURENDES....

Matteus 5:4

"Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word" (AOV).
Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word" (NAV).

Salig is die wat treur... Hierdie Saligspreking, soos reeds genoem, is natuurlik die logiese gevolg van die vorige een.

Jy sal weereens oplet dat dit in die oë van die wêreld 'n belaglike stelling is. Die leuse van die wêreld is: "*Don't worry, be happy*". Vergeet jou probleme, wees net positief man!

Die Seun van God sê: "*Die wat treur en hulle alléén is die gelukkiges*." In Lukas 6:25 gaan die Here Jesus so ver om te sê: "*Weë die wat nou lag"*. Hiermee veroordeel Hy alle oënskynlike geluk en gelag van die wêreld deur 'n weë daaroor uit te spreek.

Miskien sê jy: "Maar beteken dit noudat Jesus outomaties al die pessimiste, en mankolieke, die mense wat altyd die donker kant in alles raaksien, die putsitters, die verbitterde en ontgogelde as gelukkig bestempel? Beteken dit dat as jy treur oor iemand wat gesterf het, of oor een of ander ramp, jy dan gelukkig is? Praat die Here Jesus oor alle treur, alle hartseer hier?"

Nee, dit gaan weereens oor 'n *geestelike* treur. Net soos die eerste Saligspreking nie oor 'n fisies armoede gegaan het nie, gaan dit ook nie hier oor 'n natuurlike treur nie. Dit gaan oor mense wat in die gees treur. Hulle is gelukkig

Weereens is hierdie Saligspreking uiteraard nie net afwesig in die wêreld nie, maar dit is ook tragies afwesig onder Christene van vandag en in die kerk van vandag.

☙ *Waarom afwesig onder Christene?*

Ek dink daar is ’n paar redes daarvoor:
Eerstens is daar ’n sterk teenreaksie teen ’n valse godsdienstigheid of dan dwepery. Daardie soort godsdiens wat die indruk gee dat ’n Christen iemand is wat altyd met ’n lang gesig loop en wie se lewe ’n reeks moets en moenies is.
Daar is so ’n reaksie daarteen dat daar heel aan die ander kant afgefoeter word.

Maar daar is nog ’n rede: dit is die indruk wat soms geskep word dat as die Christendom ooit die wêreld wil bereik, dan moet ons altyd ’n voorkoms van geluk en jovialiteit hê. ’n Konstante glimlag (*grin*) op ons gesig. Die gevolg is dat baie Christene ’n vreugde aanplak wat met ’n stok aangevoel kan word en hoegenaamd nie van binne kom nie. Dinge gaan net “*great”* as jy ’n Christen is.

Daar is nog ’n rede, wat waarskynlik dieper lê en nog meer akuut is. En dit is die feit dat daar ’n oppervlakkige sondebegrip is.
Vir die gemiddelde mens vandag is sonde niks anders as ’n grap nie. “Haai jong, nou sondig ek darem!” (Uitgeroep terwyl hy/sy te veel sjokoladekoek eet). En ons lag daaroor. Hoogstens sien baie mense sonde as die oortreding van menslike standaarde, van die morele konsensus, van sosiale aanvaarbaarheid, van die stem van die gewete.

Maar mense besef nie dat die sjaloom waarvan die profete praat – daardie saamvoeging van God, mense en die hele skepping in reg, vervulling en vreugde, daardie universele florering, heelheid en vreugde – dat dit is hoe dinge moet wees nie. Dit is God se ontwerp vir lewe.

Hulle besef nie. Sonde is die laakbare, afkeurenswaardige menslike vandalisme van hierdie groot realiteit en daarom ’n belediging van God die argitek en bouer hiervan. Eintlik is hierdie sjaloom net ’n ander manier om van God se Koninkryk te praat. Sonde is om teen die Koninkryk in te leef.

Mense besef nie dat elke keer as jy ’n verbreking veroorsaak van hoe dinge moet wees – in gedagtes, woorde, dade, verhoudings, gesindhede – jy God verag en beledig, ja selfs as jy wegvlug daarvan om aktief die sjaloom te bou, is jy daarmee besig.

Ons kan dit ook anders stel: Die klem in die Bybel is ook op die **goddelose selfgesentreerdheid** van sonde. Elke sonde is die verbreking van die eerste gebod. Nie net deurdat ons nie vir God liefhet met ons hele wese nie, maar omdat ons weier om Hom te erken en te gehoorsaam as ons Skepper en Here. Ons het die posisie van afhanklikheid, wat ’n noodwendige uitvloeisel is van die feit dat ons geskape is, verwerp, en ons wil nou onafhanklik wees.

Ons wil wees dit wat God alleen is. Sonde is in essensie ’n gebalde vuis teen God. Min mense besef hulle is verantwoordelik vir hul sonde!

Ons verantwoordelikheid voor God is ’n onoorkombare aspek van ons menslike waardigheid. Die finale uitdrukking daarvan sal op die oordeelsdag wees. Niemand sal geoordeel word sonder verhoor nie. Alle mense, klein en groot, ongeag sosiale klas, sal voor God staan, en nie bloot weggeveeg word nie, maar daar sal aan hulle die laaste teken van respek vir menslike verantwoordelikheid gegee word, as elkeen ’n verslag sal gee van wat hy/sy of sy gedoen het.
Sonde is dus nie net ’n poging om God te wees nie, dit is ook die weiering om mens te wees deur die ons verantwoordelikheid vir ons dade af te skud.
Met hierdie feit moet ons voor ’n heilige, verterende vuur – God – gaan staan, die morele regeerder van die heelal!

Ek gaan nie verder hierop uitbrei nie. Die punt is: daar is ’n uiters oppervlakkige sondebegrip in die tyd waarin ons leef.

En omdat daar ’n oppervlakkige sondebegrip is, is daar ’n oppervlakkige tweederangse vreugde. “*Ook onder gelag kan die hart pyn ly, en die einde van so ’n blydskap is bekommernis*” (Spreuke 14:13).

Die twee werk dus natuurlik saam om ’n kunsmatige Christenskap te skep.

Kyk, net soos ons eers arm van gees moet wees, om vol van die Heilige Gees te kan wees, net so moet ons eers werklik treur oor sonde, voordat daar werklike vreugde van verlossing kan wees. Dit is ’n basiese geestelike waarheid.

En dit is hoekom so baie mense die Christelike vreugde soek, maar dit nooit vind nie. Hulle glo hulle sal dit kry as hulle van kerk verwissel. Ag, as hulle net uit die dooie susterskerke kan kom, dan sal hulle vreugde hê, of hulle dink as hulle net van vrou kan verwissel, of net ’n meer geestelike werk kan kry, of as hulle dalkies gaan sendingwerk doen. Jong Christene dink as hulle net hierdie oulike ou of meisie kan kry. Dan sal hulle gelukkig wees.

Ek dink julle sien hoe belangrik dit is om te weet wat hierdie Saligspreking werklik behels, nie waar nie?

☙ *Wat beteken 'salig is die wat treur'?*

Onthou hierdie Saligspreking kom net ná arm van Gees! Dit beteken ek kyk na God, en veral God soos Hy openbaar is in Jesus. Ek sien Sy absolute heiligheid, Sy absolute opofferende liefde vir die wat so anders as Hy is, en ek sien in die lig van Jesus hoe ek behoort te wees as ek God wil behaag, ek sien my toestand – om aan te sluit by wat ek vroeër gesê het – ek sien my verbreking en wegvlug van God se sjaloom – en ek kan nie anders as om te huil nie. Te treur nie!

Treur behels dus eerstens 'n treur oor jou eie geestelike lewe.
Jy kom by daardie punt waar jy jouself afvra: "Wat sien ek as ek al die aangeplaktheid afhaal. Wat sien ek dan van die lewe van 'n kind van God, as 'n burger van die Koninkryk, as dissipel van Jesus?"
En jy kom by die volgende antwoord: oppervlakkige skuldbesef, waarin opvoeding en napraat en egoïsme en angs, lafheid en kamoeflering 'n groot inspraak het.
'n Slap gebedslewe, waarin die amen eintlik geen amen is nie.
Jy sien 'n heiligheid wat dikwels skynheiligheid is. Liefde wat vergulde egoïsme is. Nederigheid wat stink na hoogmoed. Blydskap wat meer bepaal word deur omstandighede as die guns van God.
'n Liefde vir my naaste, wat eintlik by myself begin en daar vassteek.
Ek sien hoe ek my tyd mors deur onbenullighede en ander beroof van dit wat God vir hulle wil doen deur my!

Dit is waaroor 'n Christen in die eerste plek treur. Maar dit is nie al nie. 'n Christen treur ook oor ander se toestand. Dit is hoekom Jesus huil oor Lasarus. Hy huil oor die gevolge van sonde en dood. Hy huil oor Jerusalem wat hulle nie wou laat bymekaarmaak het nie.

Ons mag nooit lag of grappe mak oor ander se sonde nie. Kyk na Psalm 119:136: "*My oë loop af in strome van water, omdat hulle U wet nie onderhou* nie" en Filippense 3:8: "*Want baie – van wie ek julle dit*

dikwels gesê het en nou ook onder trane sê – wandel as vyande van die kruis van Christus."

Ten diepste treur die Christen oor die feit dat die Koninkryk nog nie gekom het nie, en dat almal nog nie deel in hierdie Koninkryk nie. Dat die sjaloom van God nog nie in alles en almal is nie. Onthou jy wat is die gebed van die mens van die Koninkryk? "Laat U Koninkryk kom…" Die burger van die koninkryk wat hier beskryf word, treur oor die feit dat dit nog nie 'n realiteit is nie! Hy treur ook die feit dat alles nog nie nuut gemaak is nie, dat hy of sy nog nie 'n nuwe liggaam het, en sonder sonde is om die Here na regte te loof en te prys nie. Jy sien die mens van die Koninkryk het reeds geestelik gesproke oorgegaan in die nuwe realiteit, maar sy liggaam nog nie, en hieroor is hy/sy hartseer. Lees Romeine 8:22-23: "*Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe. En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onsself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam."*

☙ *In watter sin is iemand wat treur gelukkig?*

Waar daar getreur word oor mens se persoonlike geestelike toestand, is iemand wat treur reeds in die proses van bekering. En onthou bekering is nie net iets wat een maal gebeur nie. Ons praat hier van voortgaande bekering, dit wat daagliks deel is van die Christen se lewe. En bekering bring ware vreugde. Ja, dit is die patroon van die Christen se lewe, ware treur, ware vreugde!

☙ *Hoe word die Christen vertroos?*

Hy word persoonlik vertroos die oomblik wanneer hy hom op Jesus werp. Treur jy op die oomblik? Is jy bewus van jou toestand voor God? Moet tog nie dwaas redeneer nie. Wat sal jy sê van 'n siek man of vrou wat so redeneer: "Die dokter is so 'n hartstogtelike voorstander van

gesondheid, dat ek eers beter moet word voordat ek na die dokter kan gaan. Ek kan tog nie voor hierdie gesondheidsmaniak, wat hulle'n dokter noem, verskyn as 'n sieke nie!" Wat sou jy so persoon antwoord? Wel jy sal sê: "Man *juis* omdat die dokter siekte haat en die gesondheid liefhet, wil hy graag deur siekes geroep word om hulle gesond te maak!"

Mag jy nooit sê: "Ag, ek is in so geestelike toestand, ek durf nie voor Jesus kom nie. Ek moet myself eers regruk. Intussen worstel jy aan met al jou wonde."

Hoor Sy hart. Hy beloof aan die treurende dat hy vertroos sal word. Kom na Hom. Hy is die groot Trooster, die groot Geneesheer. En onthou Jesaja 57: 15: "*Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes.*"

Maar die Christen word ook vertroos oor die kosmiese ellende, die feit dat die Koninkryk nog nie oral sigbaar is nie, die oomblik as die Gees hom/haar weer alles in perspektief laat sien. As hy/sy weer besef, die Koninkryk is onstuitbaar, dit sal kom, Jesus het reeds alles gedoen wat nodig is om dit 'n finale realiteit te laat word!

Maar in die finale sin van die woord is die vertroosting die heerlike hoop waarvan Paulus praat.

Die nie-Christen, het geen vertroosting nie Maar die Christen weet Openbaring 7:16 en 17 is om die draai: "*Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie; want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee.*"

As Jesus hier praat, dan weet Hy dat Hy as die Lam hulle eendag na waterstrome sal lei en dat God die trane sal afvee. Hy weet dit en daarom kan Hy onomwonde verklaar: "Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word."

☙ *In 'n neutedop*

Ons kan dus sê 'n Christen is nie kunsmatig en aangeplak nie. Hy hoef nie te probeer om ernstig of bly te wees nie. Hy is tegelykertyd fundamenteel hartseer en onuitspreeklik bly. Hy is geestelik realisties. Die vreugde van 'n Christen is 'n heilige vreugde, die geluk, 'n ernstige geluk. Het julle al opgemerk dat ons nooit lees dat Jesus gelag het nie? Ek wil geensins hiervan iets maak nie; die punt is net wat ons wel lees is dat Hy 'n man van smarte was, bekend met krankheid. Tog weet ons dat Hy in ons plek ook 'n lewe van volkome vreugde geleef het!

Vreugdevolle erns en ernstige vreugde is die kenmerk van die kind van God. Dit is juis hierdie egtheid wat die wêreld aantrek, wat maak dat ons lig en sout kan wees in 'n kunsmatige, oppervlakkige wêreld.

Hoofstuk 4

DIE GELUKKIGE SAGMOEDIGES

Matteus 5:5

"Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe" (AOV).
"Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang" (NAV).

Die eerste twee Saligsprekinge het een ding duidelik uitgewys: Die mens van die Koninkryk is radikaal anders as dié van die heersende kultuur rondom hom.

Ons kom nou by die derde Saligspreking. Onmiddellik sal jy weer die radikale verskil sien tussen Jesus se standaarde en die wêreld s'n.

Wat beteken sagmoedigheid?

Die *Griekse* woord vir sagmoedigheid het die betekenis van *saggeaardheid*, *nederigheid*, *konsiderasie* en *beleefdheid* en natuurlik die *selfbeheersing* wat nodig is om hierdie dinge te openbaar.

Jy sal met my saamstem: Ons sal definitief nie wêreldverowering en die besit van die aarde in verband bring met sulke mense nie. Ons sal hulle nie salig noem nie, eerder rampsalig. Sulkes sal nooit êrens kom nie, hulle sal platgetrap word.

Wêreldverowering en besit is vir die Napoleons en Hitlers van die wêreld. Dit is hoe die gewone mens dink.
En juis daarom moes hierdie Saligspreking ook 'n groot skok gewees het vir die Jode van Jesus se tyd.

Hoekom? Want hulle het verwag dat die Here Jesus die Romeinse juk gaan afgooi en hulle, as Jode, gaan bevestig as die wêreldheersers, die besitters van die aarde!

Hulle moes sekerlik geweldig teleurgesteld gewees het.

Die tragiese is dat ons dikwels nog dieselfde tipe denke het – selfs in die kerk. Baie dink dat die besitname van die wêreld, die verowering van die wêreld vir Christus net deur massabyeenkomste, groot organisering, wêreldwye televisiedekking en wat nog alles, bereik kan word. Hulle vergeet dat God die teenoorgestelde werk. Ons sien dit reeds by die verhaal van Gideon.

Ons moet versigtig wees om ’n vinger na ander groeperinge te wys, want dieselfde tipe denke kan weer in ’n ander vorm onder ons heers. Ons dink as ons net seminare kan hou oor die gereformeerde waarhede – as al die mense net hierdie dinge kan verstaan – dan sal die kerk ’n krag word!

As jy by die lees van die vorige hoofstuk gedink het dat dit onmoontlik is vir die natuurlike mens om arm van gees te wees en te treur – wel dit is nog meer onmoontlik vir die natuurlike mens om sagmoedig te wees.

Sagmoedigheid gaan oor wat my reaksie is as ander mense teen my iets sê, of doen. Sagmoedigheid kom dus altyd na vore in my verhouding met ander mense.
Kom ek stel dit so: In ’n sekere sin is dit nog maklik om voor God te erken ek is niks nie – en om daaroor te treur. Maar wat gebeur nou as ander mense my foute raaksien?
Dit is goed en wel om self te erken dat ek ’n sondaar is, maar ek wil darem nie hê die ander mense in my gesin en in my gemeente moet dit raaksien nie. Voor mense wil ek darem nog graag die indruk skep dat ek in beheer is. Dat ek eintlik ’n geestelike man of vrou is.

Wat is jou reaksie as mense op jou tone trap? Wat gebeur as hulle op jou hart trap? Gaan kyk dan bietjie wat spook in daardie hart. Is dit sagmoedigheid wat uitkom?

Miskien sê jy: "Maar ek is net nie die sagmoedige tipe nie. Dit klink vir my na lamlendigheid. Ek kan nie altyd net 'n *'nice'* outjie wees nie. Moet ek nou altyd ten alle koste vrede bewaar ? Ek is 'n ou wat my sê sê en my ding doen!"

☙ *Is sagmoedigheid dieselfde as lamlendigheid?*

Dink vir 'n oomblik aan Moses. In Numeri 12:3 lees ons dat Moses die sagmoedigste man was wat ooit geleef het. Sê jy vir my: Was Moses lamlendig? 'n Lamlendige ou kan nie 'n hele volk deur 'n woestyn lei nie. Ek twyfel of enige een van ons daartoe in staat is. Hy word die sagmoedigste man genoem wat geleef het. Wat is die konteks van daardie vers. Baie interessant. Kyk gou na Numeri 12:1-2. Aäron en Miriam kom kla Moses aan omdat hy 'n met 'n Kusitiese vrou getrou het, en vra die vraag of die Here dan net met Moses gepraat. Het Hy nie met hulle ook gepraat nie?

En dan in Numeri 12:4 en verder roep die Here hierdie drie om voor Hom te verskyn. En wat God in effek doen is om Moses in die gelyk te stel, en Miriam word selfs met melaatsheid getref, omdat sy gedurf het om so met Moses te praat. Wat probeer ek sê? Net as 'n mens verwag dat Moses homself gaan verdedig teen die aanklag van vers 1-2, lees ons vers 3: *Moses was baie sagmoediger as al die mense op die aardbodem*. Wat is dus die sagmoedigheid van Moses? Hy laat sy verdediging aan God oor! Sien, hy het nie 'n hoë dunk van homself nie. Op 'n stadium, toe die volk gesondig het en God hulle wou uitdelg, wat sê Moses?: "Ag Here delg my naam maar uit daardie boek van U uit."

Was Dawid altyd ’n *‘nice’*, sagte outjie? – alles behalwe! Hy was die leier van ’n bende uitvaagsels, hy kon ’n swaard soos min hanteer, ja as kind het hy al klaargespeel met ’n leeu.

Geen papperd nie, maar toe hy die geleentheid gehad het, toe dit in sy mag was om Saul met een steek in die grond vas te pen, toe doen hy dit nie.
En nou is dit uiters interessant dat hierdie Saligspreking van Jesus ’n feitlik letterlike aanhaling is van dit wat hierdie Dawid in Psalm 37:11 skryf. Terloops, die Griekse vertaling van die Ou Testament en die Grieks van Matteus 5:6 is identies. Die woord *‘land’* kan in Grieks en Hebreeus ook met *‘aarde’* vertaal word.

Hier leer Dawid vir ons nou iets interessants omtrent sagmoedigheid. Let op, Psalm 37:11 sê: “Die sagmoediges sal die land beërwe.” En in vers 9b staan geskryf: “*Die wat wag op die Here sal die die land in besit neem*.” Die eerste ding wat dus duidelik word is dat sagmoedige mense op die Here wag. Maar wat beteken dit om op die Here te wag? Kyk na Psalm 37:5-8:

> **“Laat jou weg aan die HERE oor en vertrou op Hom, en Hy sal dit uitvoer; en Hy sal jou geregtigheid laat voortkom soos die lig en jou reg soos die middag. Swyg voor die HERE en verwag Hom; wees nie toornig op hom wat voorspoedig in sy weg is nie, op die man wat listige planne uitvoer nie. Laat staan die toorn en verlaat die grimmigheid; wees nie toornig nie: dit is net om kwaad te stig.”**

Kom ons kyk vir ’n oomblik na Jesus. Van Hom word reeds in Sagaria 9:9 gesê dat Hy sagmoedig sal wees. Het Jesus kompromieë gemaak? Het Hy ten alle koste vrede bewaar. Hoegenaamd nie. Dink maar net

aan die tempelreiniging. Maar Hy wat die koning van die heelal is, wat reg het om deur almal gedien te word, wat reg op alles het – Hy doen afstand van alles en hang uiteindelik nakend aan ’n kruis. Aan die kruis roep Hy uit: “Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.”

As ’n mens die geskiedenis van die Christenmartelare lees, sien jy dieselfde patroon. Geen swakkeling gaan staan op ’n brandstapel nie. Ja, hulle was bereid om vir Jesus te sterf, maar hulle baklei nie vir hulself nie. Die natuurlike mens baklei baie gou vir homself/haarself, maar as dit by die eer van God kom, is hy/sy stil.

☙ *In ’n neutedop*

Wat is sagmoedigheid dan? Dit is daardie houding teenoor myself en die uitdrukking daarvan in my verhouding met ander. Omdat ek gesien het wie ek voor God is, omdat ek besef het dat daar in myself niks goeds is nie, kom dit tot uitdrukking teenoor ander mense. Die mens wat sagmoedig is, is so verbaas dat God en mense nog so baie van hom/haar kan dink, en hom/haar nog so goed kan behandel dat dit hom/haar saggeaard, nederig sensitief en geduldig maak in sy/haar omgang met ander.

- Die sagmoedige probeer dus nie meer sy wil afdruk op ander mense nie.
- Die sagmoedige is nie meer sensitief oor homself/haarself nie.
- Die sagmoedige is nie gedurig op sy/haar perdjie nie – nee so persoon is bereid om stil te bly en te leer.
- Anders gestel, om sagmoedig te wees beteken dat jy alles, jouself, jou regte, jou saak, in die hande van God laat – veral as jy onregverdiglik ly of beskuldig word. Die sagmoedige is onwrikbaar oortuig dat God *vir* en nie *teen* hom/haar is nie. En juis daarom, maak dit nie saak wat ander sê en dink nie.

Julle sal hoor dat om sagmoedig te wees eintlik maar weer neerkom op dit wat Jesus in Markus 8 sê as Hy sê dat hy wat sy lewe verloor sal behou...

Sien jy weer hoe anders is die Christen as die wêreld? In die wêreld gaan dit oor handhawing van my eie belang – baie keer op 'n baie subtiele manier.

Elke Christen is en sal en moet sagmoedig wees, ongeag sy natuurlike temperament. Is jy? Is jy sagmoedig by die skool, by jou werk? Ons kan nie daarby verbykom nie. Die vrug van die Gees sluit sagmoedigheid in. Lees die volgende gedeeltes soos dit in die 1953-vertaling (meer letterlike) daaruit sien:

- Kol. 3:12-13: "Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, **sagmoedigheid**, lankmoedigheid."
- 2 Tim. 2:24-26: "… en 'n dienskneg van die Here moet nie twis nie, maar vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om te onderrig en een wat kwaad kan verdra. Hy moet die weerspanniges in **sagmoedigheid** teregwys, of God hulle nie miskien bekering sal gee tot die kennis van die waarheid nie."
- Titus 3: "... om niemand te belaster nie, nie strydlustig te wees nie, vriendelik te wees en aan alle mense alle **sagmoedigheid** te bewys."
- Jak 1:21: "Daarom, doen afstand van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid, en ontvang met **sagmoedigheid** die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red."
- Jakobus 3:13: "Wie is wys en verstandig onder julle? Laat hom uit sy goeie lewenswandel sy werke in **sagmoedige** wysheid toon."
- En spesiaal vir die vrouens! 1 Pet 3:3-4**:** "Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n **sagmoedige** en stille gees, wat baie kosbaar is voor God."

Onthou nou: Ons praat nie van natuurlike dinge nie! – net die Heilige Gees kan sagmoedigheid bewerkstellig.

☙ *Wat is die belofte?*

Die sagmoediges – hierdie mense wat bereid is om hulself te laat vaar – hulle sal die aarde beërwe. Romeine 8 sê ons is mede-erfgename saam met Jesus. Hy bedoel wat Hy hier sê!
Die wete dat ons die aarde gaan beërwe, versterk juis ons sagmoedigheid. Hoe werk dit? Kyk bietjie na 1 Korintiërs 3:18-23:

> **"Laat niemand homself mislei nie: as iemand meen dat hy wys is onder julle in hierdie wêreld, laat hom dwaas word, sodat hy wys kan word; want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God; want daar is geskrywe: Hy wat die wyse mense in hulle listigheid vang; en verder: Die Here ken die gedagtes van die wyse mense, dat dit nietig is. Laat niemand dan op mense roem nie, want alles behoort aan julle; of dit Paulus is of Apollos of Céfas of die wêreld of lewe of dood of teenswoordige of toekomstige dinge—alles behoort aan julle; maar julle behoort aan Christus, en Christus aan God."**

.
Let op die logika in 1 Korintiërs 3:21: Moenie op iemand roem nie *want* alle dinge behoort aan julle." En een van die dinge wat onder die álles tel, is die wêreld. Moenie roem nie, want die wêreld behoort aan julle. Maak dit sin? Dit werk só: Jy het nie die ydele plesiere van jou eie handhawing en die vertroue in ander mense nodig nie – want God het jou alreeds 'n erfgenaam van die wêreld gemaak. Kom ek stel dit so: Sal ek die behoefte hê om te roem oor die feit dat my huis groter is as joune, as ek weet my Pa besit die stad en ek is die erfgenaam daarvan in sy testament?

Die stilheid en openheid en broosheid van sagmoedigheid is ’n baie mooi en ’n baie pynlike ding. Dit druis in teen alles wat ons is a.g.v. ons sondige natuur. Dit vereis bonatuurlike hulp. En dit is beskikbaar. Dank God!

As jy ’n volgeling van Jesus is, as jy aan sy voete sit “op die Berg”, met ander woorde as jy Hom vertrou en jou weë aan Hom oorlaat en geduldig vir Hom wag, dan het God jou klaar begin help hiermee en Hy sal jou nog meer help. En die een groot manier waarop Hy jou sal help, is om jou te verseker dat jy ’n mede-erfgenaam van Jesus Christus is en dat die wêreld aan jou behoort en alles wat daarin is!

Hy wat Sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, sal Hy ons nie ook al hierdie ander dinge vryelik saam met Hom gee nie. Alles! Hy sal niks terughou nie!

Salig is die sagmoediges – want hulle sal die aarde beërwe!

.

Hoofstuk 5

DIE GELUKKIGE HONGER EN DORS MENSE

Matteus 5:6

"Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word" (AOV).
"Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word" (NAV).

Augustinus het gesê: "*U het ons vir uself gemaak en ons harte is rusteloos, totdat dit rus gevind het in U.*"

Ons as mense probeer natuurlik hierdie rusteloosheid in ons harte tot ruste bring deur opwindende vakansies, deur kreatief te wees en dinge te skep, deur asemrowende filmproduksies. Sommige van ons doen dit deur seksuele avonture na te jaag of onsself oor te gee aan ons verering van sportspanne en sterre. Sommige doen dit deur hulleself oor 'n mik te werk, sommige deur streng asketiese lewenstyle ensomeer. Maar hierdie rusteloosheid, hierdie verlange na iets bly.

Jesaja stel dit soos volg in Jesaja 55:2-3:

> **"Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel hom in vettigheid verlustig. Neig julle oor en kom na My toe, luister, en julle siel sal lewe."**

En Jeremia maak hierdie uitspraak in Jeremia 2:12-13:

> **"Verbaas julle hieroor, o hemele, en huiwer, verstyf heeltemal van skrik, spreek die HERE. Want my volk het twee verkeerde dinge gedoen: My, die fontein van lewende water, het hulle verlaat om vir hulle reënbakke uit te kap, gebarste reënbakke wat geen water hou nie."**

Dalk is jy in hierdie posisie. Jou siel is honger en jou hart is dors. Jy voel 'n onversadigbare verlange, 'n begeerte na iets. Jy is rusteloos. Omtrent oral waarheen jy draai is die gras groener as waar jy op die oomblik staan. En die groot tragedie vir sommige dalk, is dat selfs al is dit die Gees van God wat jou so na Homself toe roep, jy keer op keer wegdraai na korttermyn, tydelike, plesiere van allerlei aard.

En die tragedie is dat dit alles as word in jou hande. Die opwindende vakansie is weldra weer verby. Jou bruin lyf gaan so kunsmatig lyk en binnekort weer verdwyn. Die nuwe speelding (groot of klein) gaan jou binnekort verveel. Van die dinge wat jou nou vul met opwinding en selfs wellus, los vir jou net die sediment van skuld en alleenheid agter.

Ons drink so dikwels uit gebarste drinkbakke. En ons eet brood wat nie versadig nie. Die woorde van C.S. Lewis is so waar:

> **"If I find in myself a desire which no experience in this world can satisfy, the most probable explanation is that I was made for another world."**

As Jesus in Matteus 5:3-10 'n beskrywing gee van hoe die mens van die Koninkryk, of dan hoe die Christen is en sal wees en moet wees, dan is een van die kenmerke: Hy/sy is iemand wat honger en dors – maar na wat? Is hy/sy iemand wat honger en dors na prestasie en bevordering, na welvaart en salarisverhoging, na erkenning en ontspanning, na

beterskap in siekte of die wegneem van probleme? Is hy/sy ’n persoon wat honger en dors na een of ander ekstatiese belewing, ’n geestelike gevoel? Hardloop die Christen dus rond van een kerk na die ander, van en kursus na die ander op soek na iets meer en iets beter?

Nee, volgens Jesus het iemand wat aan God se Koninkryk behoort, wat deel is van die nuwe sub-kultuur van die regering van God ’n honger en dors na geregtigheid.

Nie net is die Christen iemand wie se houding teenoor homself verander het nie (onthou jy nog die wat arm van gees is en die wat treur?). Nie net kom so iemand se veranderde houding teenoor homself of haarself tot uitdrukking in hul omgang met ander nie (sagmoedigheid). Nee, die Christen is ook iemand wie se basiese *begeertes* verander het. Hoekom? Want die koninkryk waarin hy/sy behoort is een van geregtigheid. Sien julle weer hoe radikaal verskil die mens van die Koninkryk van die mens wat nog aan die koninkryk van hierdie wêreld behoort, as dit kom by begeertes?

Kom ons kyk of ons kan vasstel wat is die aard van die geregtigheid waarna die Christen honger en dors. Wat is die aard van ons honger en dors en hoe gaan daardie honger en dors oor in die satisfaksie wat Hy beloof.

☙ *Wat is hierdie geregtigheid?*

Baie kommentators en predikers lees in hierdie begrip *geregtigheid* die hele leer van die regverdigmaking deur die geloof. Hulle reken dus dat dit hier gaan oor die begeerte om regverdig verklaar te word voor God op grond van Jesus se geregtigheid. ’n Mens het natuurlik waardering vir die feit dat hulle konsekwent gereformeerd wil wees, maar met alle respek – geregtigheid hier gaan nie oor regverdigmaking deur die geloof nie.

Kom ek probeer verduidelik: Ons het die betekenis van *sagmoedigheid* verduidelik deur terug te gaan na Psalm 37:11, die gedeelte waaruit Jesus as't ware aanhaal as Hy sê: *Salig is die sagmoediges*. Verder kom die woord sagmoedigheid natuurlik ook nie in die Bergrede voor nie. Ons kon dus op geen ander manier die betekenis vasstel nie.

Die Saligspreking wat nou onder die loep is, is egter geen aanhaling uit die Ou Testament nie, en nog minder 'n verwysing na Paulus se leer oor regverdigmaking. Nee, ons moet kyk wat die woord *geregtigheid* binne die Evangelie van Matteus, en dan spesifiek binne die Bergrede, beteken.

Hierdie woord geregtigheid kom vyf keer voor in die Bergrede (Matteus 5:6,10,20; 6:1,33). Daarom is die beste manier om vas te stel wat Jesus hier in vers 6 bedoel, om na die ander verwysings na geregtigheid te kyk, nie waar nie?

Ons gaan net na 'n paar kyk. Kom ons kyk na die wat die naaste is. Die volgende verwysing na geregtigheid, ná vers 6, kry ons in vers 10. "Salig is die wat vervolg word ter wille van *geregtigheid*…"
Wat beteken geregtigheid hier, as daar staan "vervolg word ter wille van geregtigheid?"

Om dié vraag te beantwoord, is dit nuttig om weer na die struktuur van die Saligsprekinge te kyk. Jy sal onthou ons het gesien dat daar agt Saligsprekinge is, en dat vers 3 en vers 10 albei eindig met – *aan hulle behoort die koninkryk van die hemele*. Verse 11&12 is net 'n uitbreiding op vers 10. In die middel van hierdie 'toebroodjie', het ons gesê, sien ons nou aan wie behoort hierdie Koninkryk.

Wat ons nog nie vir mekaar gesê het nie, is dat daar twee groepe van vier Saligsprekinge elk is. En die eerste vier en die laaste vier eindig met 'n verwysing na geregtigheid.

Die eerste groep eindig met vers 6. *Salig is die wat honger en dors na geregtigheid*. En die tweede groep eindig met vers 10. *Salig is die wat vervolg word ter wille van geregtigheid.*

Hoe meer jy daaroor dink, hoe meer betekenisvol word dit. Let op dat die drie Saligspreking wat voor vers 6 se honger en dors na geregtigheid kom, almal beskrywings van leegheid of passiwiteit is: arm van gees (vers 3), treur oor my toestand en die van die wêreld (vers 4) en ’n nederige aanvaarding van kritiek sonder om vir myself en my regte te veg (vers 5).

Jy sal saamstem, dit is nie kenmerke van volheid wat oorvloei nie. Dit is wel Saligsprekinge en goed in hul regte plek, maar dit is nog nie die oorvloed van aktiwiteit en goedheid waarna ons verlang nie.

Is dit dan nie natuurlik dat ná hierdie drie Saligsprekinge, Jesus sou sê: Salig is die wat honger en dors na geregtigheid – salig is die wat verlang om gevul te word met geregtigheid nie?

Nadat Jesus dus ’n seën aangekondig het oor die wat hulle leegheid besef en daaroor treur en nie probeer om hulself te verdedig nie, maak Jesus nou ’n verskuiwing vanaf leegheid na volheid deur te sê dat die wat honger en dors na geregtigheid, ook geseënd is.

Kyk nou na die laaste drie Saligsprekinge. Dit is nou presies wat ons vind! Ná honger en versadiging in vers 6, volg: *Salig is die barmhartiges* (vers 7). Nou is die geseënde persoon vol en loop oor in barmhartigheid. Hy is nie net gebroke en hartseer en sagmoedig nie. Hy is nou aktief en oorlopend met dade van barmhartigheid. Vers 8 sê hy is rein van hart en vers 9 sê hy is nie net vredevol nie, maar ’n vredemaker.

En dan, baie interessant, eindig hierdie tweede groep Saligsprekinge met nog ‘n verwysing na geregtigheid. Hierdie keer is dit nie ’n honger

en dors na geregtigheid wat ons kortkom nie, maar ’n vervolging vir gerigtheid waarmee ons oorloop.

Sien julle die struktuur? Die eerste vier Saligsprekinge beskryf die gebroke, stil persoon, wat honger en dors na geregtigheid. Die volgende vier Saligsprekinge beskryf die barmhartige, rein vredemaker wat vervolg word vir sy geregtigheid.

Gee hierdie struktuur vir ons ’n definisie van geregtigheid? As ons honger vir geregtigheid in vers 6 omdat ons leeg is en ons word vervolg vir geregtigheid in vers 10, omdat ons gevul is, is dit dan nie reg dat ons geregtigheid definieer as dit waarmee ons gevul is nie – naamlik barmhartigheid, reinheid en vredemaking?

Kom ons kyk nou na een ander gebruik van geregtigheid in die Bergrede om te sien of dit die gevolgtrekking waartoe ons tot dusver gekom het, bevestig. .

In Matteus 5:20 sê Jesus: “As julle geregtigheid nie die van die Fariseërs oortref nie, sal julle nooit die koninkryk van God ingaan nie.” En dan, in dit wat volg ná hierdie vers, in die res van die hoofstuk, is ses illustrasies van hoe ons geregtigheid – die geregtigheid van die wetsonderhouers van daardie dag moet oortref.

- Volgens Matteus 5:21-26 moet ons nie net *nie* doodmaak nie, ons moet ook nie vir ons broer kwaad bly nie, maar vrede soek.
- Volgens Matteus 5:27-30 moet ons nie net *nie* egbreuk pleeg nie, maar meer, ons moet nie op wellustige wyse na ’n persoon van die teenoorgestelde geslag kyk nie.
- Volgens Matteus 5:31-32 moet ons nie net *nie* egskeiding goedkeur omdat daar wetlike voorsiening daarvoor gemaak is in die Ou Testament nie. Ons moet die geregtigheid oortref wat maar vrede maak met die hardheid van hart en ons moet ons verbondsbeloftes in die huwelik hou – en nie trou met die wat dit nie doen nie.

- Volgens Matteus 5:33-37 moet ons nie net mense wees wat ons beloftes en eedsweringe hou nie, maar meer –ons moet die soort mense wees wat nie nodig het om te sweer voordat ons geglo word nie.
- Volgens Matteus 5:38-42 moet ons nie net *nie* ’n oog uitsteek as ons oog uitgesteek is nie, maar meer, ons moet die ander wang draai en kwaad met goed vergeld.
- En volgens Matteus 5:43-48 moet ons nie net ons vriende liefhê nie, nee ons moet ons vyande liefhê en bid vir die wat ons vervolg.

Ek dink dit is redelik duidelik wat Jesus bedoel het in Matteus 5:20 toe Hy gesê het dat ons geregtigheid die van die Fariseërs moet oortref. Dit het alles te doen met die wys van barmhartigheid, om radikaal rein van hart te wees en vrede te maak in stede daarvan om te vergeld.

Ons verstaan van geregtigheid uit die struktuur van die Saligsprekinge is dus hier bevestig, nie waar nie?

Geregtigheid hier is dus om barmhartigheid te bewys aan ander mense. En geregtigheid is om rein van hart te wees voor God wat alleen die hart kan sien en geregtigheid is om elke poging aan te wend om vrede te maak.

Daar mag meer daarin wees as net dit – maar dit lyk vir ons of dit die fokus is van hierdie verse in hierdie hoofstuk, dus los ons dit daar: Barmhartigheid, reinheid en om vrede te maak.

☙ *Wat bedoel Jesus met honger en dors?*

Dit is duidelik dat Jesus ’n metafoor gebruik, en ek dink ons almal verstaan wat Hy daarmee bedoel. Iemand wat honger en dors, is iemand wat ’n intense behoefte het aan iets. Iemand wat werklik honger is en werklik dors is, het net een *allesoorheersende* begeerte en dit is dat daardie honger gestil en daardie dors geles word. Iemand wat werklik honger en dors het, is desperaat. So ’n persoon kan aan niks anders dink en aan niks anders aandag gee as net die begeerte om hierdie behoefte te vervul nie. En Jesus gebruik hier die voortgaande teenwoordige tyd. Honger en dors, nie dié wat honger *gehad het* en dors *gehad het* nie. Met ander woorde, Jesus sê die Christen is iemand wat *voortdurend* bewus is van hierdie nood aan geregtigheid.

Maar miskien vra jy: “Moet ons nie ’n honger en dors na God, na Jesus hê nie?”

Wel, daar is geen teenstrydigheid nie. Matteus 6:33 sê: “Soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid.” Hierdie geregtigheid is dus God se geregtigheid, dit is Jesus se geregtigheid. Want wie is die groot barmhartige Een wie is die Een wat so rein is dat Sy oë geen kwaad kan aanskou nie? Wie is die groot Vredemaker, wat selfs bereid as om verbrysel te word, sodat die vrede tussen ons en Hom herstel kon word?

As ons dus honger en dors na geregtigtheid, dan honger en dors ons na God, na Jesus – om soos Hy te wees.

Maar baie belangrik, hierdie honger en dors beteken nie ’n asketiese onttrekking uit die wêreld om lekker gevoelens in my binnekamer te kry nie. Jesus maak dit duidelik dat dié wat op die ou einde vervul is, wat versadig is, is dié wat gehonger het na barmhartigheid. Barmhartigheid is tog iets wat jy aan ander bewys. Reinheid is ook iets wat net sin het binne die onreinheid rondom jou. Die wat honger en dors, het ’n

begeerte om vredemakers te wees, en vrede kan net tussen mense gemaak word.

☙ *Hoe word ’n mens versadig?*

Wel, elke keer as jy deur die krag van die Heilige Gees in jou, die Heilige Gees wat in Jesus was, daarin slaag – al is dit hoe gering – om barmhartigheid te bewys, jou hart rein te hou en vrede te maak. Op daardie oomblik vind ’n heerlike versadiging plaas.

Maar natuurlik is daar ook ’n uiteindelike vervulling: wanneer ek en jy in ’n wêreld gaan wees van barmhartigheid en absolute reinheid en ongekende volmaakte vrede waar die wolf en die lam saam wei.

’n Honger man wil nie kos en ’n nuwe pak klere nie. ’n Dors man wil nie water hê en ’n paar nuwe skoene nie. Nee, hy wil net kos en net water hê. Is die kenmerk van jou lewe? Só ’n honger en dors na geregtigheid, soos wat ons nou beskryf het? Het die rusteloosheid in jou hart al ’n honger en dors geword na geregtigheid? Het die algemene honger van menslikheid al ’n spesifieke honger en dors geword? Het jy al by die gebarste reënbakke gaan staan en besef jy soek iets anders, of kap jy nog met ywer vir jou gebarste reënbakke uit?

Miskien sê jy: “Ek het nie hierdie honger en dors nie, ek het dit op ’n stadium gehad, maar dit is baie flou. Die rede hiervoor is waarskynlik, dat jou lewe te vol is, te vervul met jou daaglikse afsprake en projekte en spertye – wat jou aan die einde van ’n dag leeg laat. Jy is te besig met allerhande dinge wat vervulling beloof, maar wat jou ontsettend leeg los. Wel, ons almal kan nie maar net uit die rotteresies uitklim nie. Die manier om ’n honger en dors na geregtigheid te kweek, is dus om ’n man of vrou van *een* ding te word: die Koninkryk. Wat jou werk ookal mag wees, wat jou omstandighede ookal: Kry één visie, een perspektief en dit is om God se Koninkryk, Sy heerskappy daar te laat sigbaar

word. Hoe meer dít jou fokus sal wees, hoe meer sal jy agterkom dat jy nodig het om ’n man of vrou te wees wat barmhartigheid bewys, wat rein van hart is, wat ’n vredemaker is. Jy het nodig om soos Jesus te wees. Jy sal ’n honger en dors hê na geregtigheid – en jou honger en dors sal vervul word – dit is die belofte van die Seun van God!

♋

Hoofstuk 6

DIE GELUKKIGE BARMHARTIGES

📖 **Matteus 5:7**

“Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word” (AOV).
“Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.” (NAV).

Ek wil hê jy moet saam met my vier vrae beantwoord:

- Hoe word ’n hart barmhartig, of dan, waar kom barmhartigheid vandaan?
- Wat is barmhartigheid, of hoe is ’n barmhartige persoon?
- Moet ’n barmhartige persoon altyd barmhartigheid bewys, of kan hy ’n polisieman wees?
- Hoekom sal net barmhartige mense barmhartigheid van God op die oordeelsdag ontvang, as verlossing deur genade alleen is, deur die geloof?

Jy kan sien hierdie is praktiese en geweldige belangrike vrae. Om die eerste vraag te beantwoord, kom ons kyk na die onmiddellike konteks.

☙ *Hoe word ’n hart barmhartig?*

Jy sal onthou dat ons gesien het dat die eerste drie Saligsprekinge in Matteus 3-5 beskryf die leegheid van die geseënde persoon. In vers 3 sien ons die Christen is ‘arm van Gees’, in vers 4 is hy hartseer, treurend oor die sonde en gebrokenheid van sy eie toestand en dié van die wêreld. En dan in vers 5 kry ons die aanvaarding van die aanklagte van die lewe in sagmoedigheid en sonder verdediging.

Hierdie toestand van geseënde leegheid word in vers 6 gevolg deur ’n honger en dors na die volheid van geregtigheid. Dan kom ’n beskrywing van hoe geregtigheid oorvloedig word in hierdie honger hart. Dit geskied naamlik deur barmhartigheid in vers 7, reinheid in vers 8 en vredemaking in vers 9.

Die antwoord op ons eerste vraag is dus dat barmhartigheid uit ’n hart kom wat sy eie geestelike bankrotskap gevoel het, wat getreur het oor sy sonde, en wat geleer het om met sagmoedigheid te wag vir God se tydsberekening - en wat uitroep na Sy barmhartigheid vir die volheid van geregtigheid wat ons nodig het.

Die barmhartigheid waarmee God seën is op sigself die seën van God. Dit groei soos ’n vrug in ’n gebroke hart en ’n sagmoedige gees en in ’n siel wat honger en dors na God - om barmhartig te wees. Barmhartigheid kom van barmhartigheid. Ons barmhartigheid aan mekaar kom van God se barmhartigheid aan ons.

Die sleutel om ’n barmhartige persoon te word is om ’n gebroke persoon te word. Jy kry die krag om barmhartigheid te bewys van die werklike gevoel in jou hart dat jy alles verskuldig is aan Goddelike barmhartigheid.

En daarom, as ons barmhartige mense wil word, is dit van kardinale belang dat ons ’n siening van God en onsself kweek wat ons help om met ons hele wese te sê dat *elke vreugde en deug en wat ook al van ons lewe, te danke is aan die vrye, onverdiende, Goddelike barmhartigheid*.

☙ *Wat is barmhartigheid?*

Hoe is ’n barmhartige persoon? Wel, letterlik beteken die woord om medelye en deernis te hê, om jou te ontferm oor mense in nood. Wat is die verskil tussen barmhartigheid en genade? Die naamwoord *eleos* (barmhartigheid) handel altyd met dit wat gesien word, dit wil sê pyn, ellende, benoudheid. Die resultate van sonde. Genade (*charis*) handel weer met sonde en skuld self. Die een gee dus verligting, die ander vergifnis, die een genees en help, die ander reinig. In God is die twee natuurlik volkome verenig. Dit is dus die betekenis van die woord barmhartigheid.

Maar as ons werklik duidelikheid oor iets wil kry, is dit handig as ons dit kan vergelyk met die teenoorgestelde daarvan. Kom ons kyk dus na ’n gedeelte waar barmhartigheid gekontrasteer word met sy teenoorgestelde. Matteus en Lukas gee vir ons baie handige illustrasies. Kom ons kyk eers na Matteus 9:10-13:

> **“En toe Jesus daarvandaan verder gaan, sien Hy ’n man met die naam van Matthéüs by die tolhuis sit; en Hy sê vir hom: Volg My. En hy het opgestaan en Hom gevolg. En terwyl Hy in die huis aan tafel was, het daar baie tollenaars en sondaars saam met Jesus en sy dissipels aan tafel gegaan. En toe die Fariseërs dit sien, sê hulle vir Sy dissipels: Waarom eet julle Meester saam met tollenaars en sondaars? Maar toe Jesus dit hoor, sê Hy vir hulle: Die wat gesond is,**

> **het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is. Maar gaan leer wat dit beteken: Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie; want Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering."**

In hierdie illustrasie is barmhartigheid die teenoorgestelde van offerande. Kyk net weer na vers 13: "***Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie"***

Dit is natuurlik 'n aanhaling uit Hosea 6:6 waar God Sy mense aankla dat hulle liefde soos die dou op die gras is. Dit is daar vir 'n rukkie in die oggend, en al wat oorbly is die leë vorm van brandoffers.

Die punt is dat God wil hê Sy mense moet lewend wees in hulle harte. Hy wil hê hulle moet 'n gevoel, emosie hê teenoor Hom en barmhartigheid teenoor mekaar. Hy wil nie 'n volk hê wat hulle godsdienstige pligte bloot op 'n formele manier uitvoer nie.

Hier in Matteus 9 sien Jesus sondaars as siek en miserabele mense wat 'n geneesheer benodig, alhoewel hulle die ryk geldverskuiwers van die dag was, die tollenaars. Hulle was siek. Hy het die medisyne gehad.

Maar al wat die Fariseërs gesien het was 'n seremoniële probleem. Hulle sou besmet word as hulle saam met sondaars eet. Hulle lewe was blykbaar 'n meganiese implementering van reëls. Iets geweldig was hier op die spel. Maar hulle kon dit nie sien of ervaar. Hulle was verslaaf aan die kleinlikhede van seremoniële reinheid terwyl ewige siekte op die punt was om genees te word.

Die teenoorgestelde van barmhartigheid is die *gebondenheid* aan *godsdienstige beuselagtighede.*

Kom ons kyk na nog ’n voorbeeld van dieselfde situasie in Matteus 23:23-24:

> **“Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat. Blinde leiers, julle wat die muggie uitsif, maar die kameel insluk!”**

Wat is die teenoorgestelde van barmhartigheid in hierdie vlymskerp woorde van die Here Jesus? Wel, die teenoorgestelde van barmhartigheid is die uitsif van muggies. Die teenoorgestelde van barmhartigheid is wanneer jou godsdienstige impulse uitgeput is nadat jy besluit het of jou tiende bestaan uit jou netto inkomste of jou bruto inkomste, of jou verjaarsdaggeskenke.

Die les wat ons moet leer uit die woorde van die Here Jesus wanneer Hy sê: “Ek begeer barmhartigheid en nie offerande nie” en wanneer Hy sê: “Julle sif die muggie uit en sluk die kameel in,” is dat die groot struikelblok en vyand van barmhartigheid is om te besig wees met beuselagtighede in die lewe. Die gebondenheid met beuselagtighede is die vloek van die onbarmhartige.

Wanneer Jesus sê: “*Julle laat na wat die swaarste weeg voor God*,” bedoel hy: Pasop om deur die dag te gaan en net beuselagtighede te doen, net beuselagtighede te dink, en te voel .
Die Here wil hê ons moet onsself weer en weer knyp alvorens ons met pieringoë voor die televisie sit terwyl ons geen planne maak vir die meer gewigtige sake van barmhartigheid nie.

Salig, geseënd, gelukkig is die barmhartiges. Daarom, as jy geseënd, gelukkig, salig wil wees, moet jy oorlog verklaar teen die gebondenheid aan godsdienstige en sekulêre beuselagtighede, en jou toewy aan die meer gewigtige sake, naamlik geregtigheid, barmhartigheid, geloof.

Barmhartigheid is geen kleinigheid nie. Dit is een van die gewigtigste sake in die hele lewe!

Nog ’n voorbeeld van die teenoorgestelde van barmhartigheid, word gevind in die verhaal van die barmhartige Samaritaan in Lukas 10:25-37. Jy ken die gedeelte waarskynlik goed. Lees dit gou in jou Bybel as jy nie meer heeltemal op hoogte is nie.

In vers 25 vra die man vir Jesus hoe ’n persoon moet optree wat barmhartigheid op die oordeelsdag wil verwag en sodoende die ewige lewe sal beërwe. En Jesus antwoord dat die persoon wat die barmhartigheid van die ewige lewe sal ontvang die persoon is wat God liefgehad het met sy hele hart en sy naaste soos homself.

Met ander woorde, geseënd is die wat nou barmhartig is teenoor hulle naaste, want hulle sal in die toekoms die barmhartigheid van die ewige lewe ontvang.

Uiteraard is hierdie storie baie relevant vir die teks waarmee ons besig is!

Dit word selfs nog duideliker as ons kyk na die gelykenis wat volg. Die wetgeleerde vra: “Wie is my naaste?” En Jesus antwoord met die bekende gelykenis van die barmhartige Samaritaan in Matteus 5:30-37.

Hier het ons ’n duidelike foto van barmhartigheid en die teenoorgestelde daarvan. Barmhartigheid het vier dimensies in hierdie storie.

- Eerstens sien dit nood en behoefte raak (Luk. 10:33).
- Tweedens reageer dit innerlik met ’n hart vol medelye teenoor die persoon in nood (Luk. 10:33).
- Derdens reageer dit uiterlik met ’n praktiese poging om hierdie nood te verlig (Luk. 10:34 e.v.).
- En ’n vierde dimensie van barmhartigheid is dat dit gebeur selfs al is die persoon in nood wat godsdiens en ras betref, ’n vyand. (Let op: …maar ’n *Samaritaan*… Hierdie halfbloed-Jood en ’n verwronge godsdienstige tradisie stop en help die Jood wat hom haat).

’n Oog vir nood, hart vol medelye, ’n poging om te help ten spyte van teenstand, dit is barmhartigheid.

En die teenoorgestelde? Is dit nie merkwaardig dat hierdie gelykenis dieselfde punt maak as Matteus 9:13 nie? Daar sê Jesus: “Gaan leer wat dit beteken dat ek barmhartigheid wil hê en nie offerande nie.” Hier sê Hy: “Gaan wys barmhartigheid soos die Samaritaan en nie soos die priester en leviet nie.” Die priester en leviet staan vir dieselfde ding as wat die woord “offerande” voor staan in Matteus 9:13, naamlik leë godsdienstige formalisme!

Jesus het hierdie storie self uitgedink. Hoekom het Hy gekies om die teenoorgestelde van barmhartigheid te illustreer met ’n priester en ’n leviet? Met die predikant en die musiekleier? Is dit nie ’n waarskuwing vir almal van ons dat daar gans te veel mense is wat opgeneem is in die meganika van godsdienstige aktiwiteite, met geen oog vir nood, geen hart wat reageer met medelye en geen poging om verligting te bring nie?

Is dit nie verbysterend dat die priester en leviet wat by elke offer as’t ware in God se hart gekyk het, nooit God se hart raakgesien het nie?

In antwoord dus op die tweede vraag: “Wat is barmhartigheid?” moet ons sê dat barmhartigheid een van die gewigtiger sake van die lewe is. En ons moet sê dit loop altyd die gevaar van verwaarlosing, as gevolg van ons besig wees met die beuselagtighede, of dit dinge is soos te veel televisie kyk of om onsself te verloor in ons stokperdjie, en of dit godsdienstige dinge is.

Wat is ’n godsdienstige beuselagtigheid? Wel dit is enige godsdienstige aktiwiteit (van prediking tot gebed, van lering gee tot tiendes gee) – enige godsdienstige aktiwiteit wat nie ’n hart vorm wat opgeneem is met die gewigtiger sake in die lewe nie, sake soos barmhartigheid! Die lakmoestoets vir godsdiens is of daar ’n sien van nood, ’n medelye en ’n verligting van nood is – ja selfs teenoor ’n godsdienstige en fisiese vyand.

☙ *Moet ’n barmhartige persoon altyd barmhartigheid bewys?*

Die werklike lewe is baie kompleks vir Christenmense wat werklik hulle geloof ernstig wil uitleef in ’n sondige wêreld. Wat sou jy antwoord op hierdie vrae?

- Kan ’n Christen konsekwent barmhartig wees en tog ’n ouer wees wat sy kind ’n pakslae gee vir ongehoorsaamheid. In plaas daarvan om sy wang te draai vir die kind?
- Kan ’n Christen konsekwent barmhartig wees en tog ’n werkgewer wees wat goeie lone betaal vir goeie werk, maar ’n onverantwoordelike werknemer wat swak werk doen, afdank?
- Kan ’n Christen konsekwent barmhartig wees en tog ’n wetgewer wees wat stywe boetes oplê vir dronkbestuur en kindermolestering.

- Kan ’n Christen konsekwent barmhartig wees en deel wees van ’n kerkraad wat kerklike dissipline toepas op ’n persoon wat volhard in ’n openbare sonde?

Elkeen van hierdie vrae het betrekking op ’n sekere terrein van die lewe. Die terrein van die familie, besigheid en ekonomie en die terrein van regering en wetstoepassing en dan die terrein van die kerk.

My antwoord op die vrae is dat dit God se wil is dat so lank as wat ons nog hier op aarde is, daar ’n vermenging van barmhartigheid en geregtigheid op hierdie terreine van die lewe sal wees.

God se wil is dat ons mense soms vergoed met wat hulle verdien, of dit straf of beloning is (ons noem dit geregtigheid) en God se wil is soms dat ons mense *met meer* beloon as wat hulle verdien (ons noem dit barmhartigheid). Deurdat ons die aannames van reg en geregtigheid handhaaf, getuig ons van die waarheid dat God ’n god van reg en geregtigheid is. En in ons bewys van barmhartigheid lewer ons getuienis van die waarheid dat God ’n god van barmhartigheid is

’n Bybelse ouer sal gewoonlik die wysheid volg dat hy nie die roede moet spaar nie (Spr. 13:24; Ef. 6:4). Daar sal egter tye kom wanneer ’n kind se fout vergewe sal word, sonder straf, om hom die betekenis van barmhartigheid te leer en hom so aan Christus voor te stel.

’n Bybelse regter sal gewoonlik pynlik regverdig wees deur kriminele onpartydig, volgens hulle oortreding te straf (Rom. 13:4). Maar daar sal tye wees waar hy toegewings maak ter wille van ’n groter goeie saak.

’n Bybelse werkgewer sal gewoonlik regverdige lone betaal en klem lê op goeie werk (2 Tess. 3:10). Maar daar sal tye wees wat hy meer sal betaal as wat ’n persoon se werk werd is, en daar sal tye wees wat hy die ekstra myl sal stap met ’n siek, of ou, of behoeftige of onbekwame werkgewer.

En ’n Bybelse ouderling sal dissipline toepas op ’n volhardend openbare sonde (1 Kor. 5:1-13), maar sal ook die gelykenis van die koring en die onkruid onthou wat geduld leer ten opsigte van die onvolmaaktheid van die kerk totdat die einde kom (Matt. 13:24-30).

Ons kan vra: “Hoe sal ons weet wanneer om reg en geregtigheid te handhaaf en wanneer om barmhartigheid te bewys?” My antwoord: “Deur so na as moontlik aan Jesus te kom.” Ek weet van geen buig of bars reëls in die Skrif wat elke situasie dikteer nie. En ek dink ook nie dit is toevallig nie. Die doel van die Bybel is om ’n sekere soort persoon te kweek, nie om ’n volledige lys van reëls vir elke situasie vas te lê nie.

Die Saligsprekinge sê: “Salig is die barmhartiges,” nié: *Salig is die wat presies weet wanneer en hoe om barmhartigheid in elke situasie te bewys nie.* Ons moet barmhartige mense wees, selfs wanneer ons streng optree in diens van geregtigheid en reg. Dit beteken ons moet arm van gees wees, treur oor sonde, sagmoedig, vry van selfverdediging en self-verhoging wees, honger en dors na alles wat reg is om te geskied, sensitief wees vir ’n persoon se nood en beproewing. Ons moet medelye voel vir sy pyn en elke poging aanwend om die meeste hulp te verleen aan die meeste mense.

Laat ons ook nooit vergeet nie: ten diepste is en moet ons barmhartig wees, omdat *God* so is. Waar leer ons werklike barmhartigheid? In Lukas 6:33 sê Jesus: “*Wees barmhartig soos julle Vader*!” Die Bybel verkondig aan ons ’n lewende, bewoënde God. ’n God wat nie alleen saaklike hup gee deur reën en sonskyn, kos en klere en die wêreld tot ons beskikking te stel nie – nee, Hy is ’n God wat Homself weggee in Sy Seun Jesus Christus. Onthou Vader en Seun is een. Sy koms, Sy opsoek van verlorenes is ’n tasbare bewys dat Hy Homself ontferm, dat Hy barmhartig is oor ons nood.

Die antwoord op ons derde vraag: “Moet ‘n barmhartig persoon altyd barmhartigheid wys?” is ’n gekwalifiseerde “Nee!” Nee, jy sal dikwels

optree volgens wat reg en geregtigheid vereis, om sodoende getuienis te lewer aangaande die waarheid van God se geregtigheid en om ’n groter doel te bereik vir ’n groter hoeveelheid mense.

Ek sê weer dit is ’n gekwalifiseerde “nee!” aangesien ’n barmhartige persoon, selfs op die manier waarop hy ’n kind pak slae gee, of ◌’n krimineel vervolg, of ’n werknemer afdank, dit anders sal doen. Die barmhartigheid sal deurslaan. Die ouer mag huil. Die prokureur mag die krimineel en sy familie besoek. Die werkgewer mag betaal vir verdere opleiding van die werknemer. Die hart van barmhartigheid sal wys.

☙ *Hoekom sal net barmhartige persone barmhartigheid van God ontvang op die oordeelsdag, as verlossing uit genade alleen, deur die geloof is?*

Kyk weer na Matteus 5:7. In die era wat kom, wanneer ons God van aangesig tot aangesig sal sien, sal die mense wat barmhartigheid van Hom ontvang, die mense wees wat barmhartig was.

Is dit ’n verlossing deur werke? Verdien ons barmhartigheid deur ons barmhartigheid? Nee, ’n “verdiende barmhartigheid” is ’n weerspreking van terme. ’n Barmhartigheid wat verdien word, is nie barmhartigheid nie, nee dit is ’n loon. Wees baie seker hiervan: As ons enige iets goeds kry op die oordeelsdag, sal dit 100% barmhartigheid wees.

Wanneer God op die oordeelsdag vra vir ’n verslag oor jou barmhartigheid, sal Hy nie vra vir ’n tydkaart nie. Jy sal nie kan sê: “Ah, hier is dit: agt ure van barmhartigheid. So, waar is my loon?”

Nee, God sal vir jou mediese kaarte vra. Jy sal hulle vir God gee in alle nederigheid en sagmoedigheid, en daar sal Hy die bewys lees van hoe jy

Hom vertrou het as jou Goddelike Geneesheer, en hoe die medisyne van die Woord en die terapie van Sy Gees in jou lewe gewerk het, omdat jy daarop vertrou het vir genesing van jou onbarmhartige ingesteldheid. En wanneer Hy die bewys van jou geloof en sy genesing sien, sal Hy jou genesing voltooi en jou vir ewig verwelkom in Sy Koninkryk!

Hoofstuk 7

DIE GELUKKIGE REIN MENSE

Matteus 5:7

"Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien" (OAV).
"Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien" (NAV).

Wat is die uiteindelike doel van ons hele Christelike lewe? Is dit om gelukkig te wees? Is dit om die hel te ontvlug? Is dit om eendag in 'n utopiese Nirvana rond te sweef?

Die uiteindelike doel van ons hele Christelike lewe is om weer vir God te sien. Wat het gebeur by die sondeval? Die mense wat God vryelik kon sien en met Hom kon wandel het hierdie voorreg verloor deur hulle rebelse ongehoorsaamheid, deur hulle verwerping van God, en ons ly nou nog daaronder – niemand kan God sien en bly lewe nie – dit is baie duidelik in die Ou Testament.

En nou kom Jesus, God die Seun, en in Sy beskrywing van die mense van Sy Koninkryk kom maak Hy hierdie geweldige stelling: Hy sê dit is moontlik om God te sien. Hoe is dit moontlik Here? Die wat rein van hart is sal Hom sien.

Ons moet onthou die mense met wie Jesus hier praat is vasgevang in ’n Judaïstiese sisteem wat geglo het dit is weer moontlik om God en die Koninkryk van God te sien as jy sekere Rabbynse wette nakom. Daar was honderde selfgemaakte wette. Om die waarheid te sê, dit was so absurd om te dink dat jy dit alles kan nakom, dat selfs húlle besluit het dat mens net sekeres hoef na te kom – God sal mos verstaan. Húlle kon nie eens daarin slaag nie en daarom het hulle later saamgestem dat as ’n mens net een wet kan vind, die belangrikste een, dan sal God verstaan en jy sal aanvaarbaar wees voor Hom. Daarom dan ook die vraag van die wetgeleerde in Matteus 22:36: “Wat is die grootste gebod?” Julle sou opgemerk dat hierdie vraag by meer as een geleentheid opduik: “Here wat moet ek/ons doen om die ewige lewe te beërwe?”

Jesus sê hier: Die reines sal God sien.

Ons moet onthou die Fariseërs het ook gesê die enigstes wat God sal sien is die reines! En moenie ’n fout maak nie, die Fariseërs het nougeset geleef – hulle het tot die uiterste gegaan om rein te wees.

En juis omdat Jesus dit geweet het, kom Hy met die skokkende uitspraak: die wat rein van *hart* is sal God sien.

Daarmee slaan die Here Jesus al die hoop van die godsdienstiges van Sy tyd plat. Want die Here Jesus het geweet dat Matteus 23:25-28 van hierdie mense waar is:

> **“Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binnekant is dit vol roof en onmatigheid. Blinde Fariseër, maak eers die binnekant van die beker en die skottel skoon, sodat ook die buitekant daarvan skoon kan word. Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs,**

> **geveinsdes, want julle is net soos gewitte grafte wat van buite wel fraai lyk, maar van binne vol doodsbene en allerhande onreinheid is. So lyk julle ook van buite vir die mense wel regverdig, maar van binne is julle vol geveinsdheid en ongeregtigheid."**

Ek kan my voorstel daar was sprakelose stilte toe Jesus hierdie Saligspreking uitspreek. Want wat is onreiner as die hart?

Jeremia 17:9:

> **"Die hart is bedriegliker as enigiets anders, hy is ongeneeslik; wie kan hom verstaan?"**

Markus 7:21-23:

> **"Van binne af, uit die hart van die mens, kom die slegte gedagtes: onkuisheid, diefstal, moord, owerspel, hebsug, kwaadwilligheid, bedrog, losbandigheid, afguns, kwaadpratery, hoogmoed, ligsinnigheid. Al hierdie slegte dinge kom van binne af en dit maak 'n mens onrein."**

Maar miskien is die begrip *hart* vir jou 'n bietjie vaag. Wat word bedoel met *hart*? Praat Jesus van daardie vuisgrootte bloedpomp in die middel van ons borskas?

Nee, in die Bybel word die hart gesien as die binneste deel van die mens. Die sentrum van sy persoonlikheid. Eerstens en oorheersend verwys dit na die denkproses.

Die hart het nie in die eerste plek met emosies te doen nie. Wanneer die Bybel van emosies praat, verwys dit gewoonlik na die niere, die gevoel in die maag. Die Jode het gevoel uitgedruk in terme van wat hy in sy maag voel. As hy regtig sterk emosies gehad het, het dit sy maag omgedraai.

Die denke en die hart is een ding. Spreuke 23:7:

> **"Want soos hy in sy siel bereken, so is hy; eet en drink, sê hy vir jou, maar sy hart is nie met jou nie."**

Soms verwys die hart wél na die wil en emosies, wanneer dit in my denkproses ontspring. As ek in my denke werklik toegewys is aan iets, dan affekteer dit my wil, wat weer my emosie beïnvloed. Dit is soos 'n wiel wat aan die rol gesit word. Spreuke 4:23 vat dit pragtig saam:

> **"Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe. "**

Wat dus ookal die hart is, dit is die bron van die oorspronge van die lewe, dit is daardie diepste , binneste ... jy.

En dít is natuurlik waarna God kyk. Waarin Hy belangstel. Waarin Hy nog altyd belanggestel het. Onthou jy toe God Dawid as koning gekies het? Waarna kyk God?

Maar wat beteken dit om rein van hart te wees? Wat beteken dit om God te sien? En hoe word 'n mens rein van hart?

☙ *Wat beteken dit om rein van hart te wees?*

Die woord *rein* het natuurlik twee hoofbetekenisse. In die eerste plek beteken dit skoon of sonder smet. Maar daar is ook ’n tweede betekenis, naamlik dié van onvermengdheid, of dan onverdeeldheid. Ons praat tog so, nie waar nie? As water gemeng is met iets anders, is dit onrein…
En dit is veral hierdie tweede betekenisse van onreinheid wat in die Skrif prominent is.

Kom ons begin met die naaste parallel aan hierdie Saligspreking, naamlik, Psalm 24:3-4:

> **“Wie mag klim op die berg van die HERE? En wie mag staan in sy heilige plek? Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, wat sy siel nie ophef tot nietigheid en nie vals sweer nie.”**

Jy kan sien wat Dawid bedoel met ’n “rein hart”. ’n Rein hart is ’n hart wat niks te doen het met valsheid nie. Dit is pynlik eerlik, opreg en vry van bedrog.. Bedrog is wat jy doen wanneer jy twee dinge wil, nie net een nie. Jy sal een ding doen, en mense laat verstaan dat jy ’n ander ding doen. Jy sal een ding voel, en jy sal mense laat dink dat jy ’n ander ding voel. Dit is onreinheid van hart. Reinheid van hart is om een ding te wil, naamlik om “*die aangesig van die Here te soek*” (vgl.vers 6).

’n Mens kan hierdie gedagte van reinheid ook in Jakobus 4:8 sien:

> **“Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges!”**

Let op: net soos in Psalm 24 is daar ’n verwysing na beide skoon hande en rein hart as voorbereiding om nader na God te kom, of om op die berg van die Here te klim. Maar let op hoe die mense beskryf word wat nodig het om hulle harte te reinig. “Dubbelhartiges”. Dit is mense wat twee dinge wil, nie net een nie.

Die onreinheid van dubbelhartigheid word in Jakobus 4:4 verduidelik:

> **“Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan ’n vriend van die wêreld wil wees, word ’n vyand van God.”**

Die dubbelhartige man na wie in Jakobus 4:8 verwys word, se hart is verdeel tussen die wêreld en God, soos ’n vrou wat ’n man en ’n ander minnaar het. Reinheid van hart aan die ander kant is om een ding te wil, en dit is volkome, totale verkleefdheid aan God.

As ons dus vra, waar in die Evangelies verduidelik Jesus reinheid van hart op hierdie manier, is die antwoord Matteus 22:37:

> **“Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart.”**

Nie met ’n deel van jou hart nie, nie met ’n dubbele of verdeelde hart nie. Dit sou onreinheid wees. Reinheid van hart beteken daar is geen verdeelde lojaliteit en trou nie.

’n Mens kan die ego van hierdie tipe reinheid van hart in 1 Timoteus 1:5, hoor:

> **"Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof."**

Die persoon wat rein van hart is wil met net *een* ding besing wees. Hy wil God ken. Doen wat vir Hom belangrik is, trou aan Hom wees.
Ek hoop jy dink nou anders oor reinheid van hart? Miskien het jy nog altyd gedink het jy is rein van hart – en jy is nie.
Weet julle wie in die Bybel is 'n goeie voorbeeld van iemand wat onrein van hart is? Martha.Lees Lukas 10:41-42:

> **"Maar die Here antwoord haar: "Marta, Marta, jy is besorg en bekommerd oor baie dinge, maar net een ding is nodig. Maria het die beste deel gekies, en dit sal nie van haar weggeneem word nie."**

Jy sal saamstem dat as jou hart rein is in die sin van onverdeeldheid, dan is dit per definisie ook rein wat die eerste betekenis betref. Dit is skoon en sonder smet, want jy bestee nie jou tyd aan tydskrifte en videos en al die gemors waarin ons byna elke dag verstik nie!

Jy sal tevergeefs probeer om rein en skoon te bly in hierdie tyd waarin ons leef as jy nie rein is in die sin van onverdeeldheid van hart nie.

As jy 'n ouer is, sal jy nie dit regkry om jou kinders mense te laat wees wat rein van hart is, as jy nie vir hulle leer om mense te wees van een ding nie!

☙ *Wat beteken dit om God te sien?*

Eerstens beteken dit om in Sy teenwoordigheid toegelaat te word. Ná die plaag van duisternis oor Egipte ontplof Farao teenoor Moses met hierdie woorde in Eksodus 10:28-29:

> **"Maar Farao sê vir hom: Gaan weg van my af! Pas op dat jy my aangesig nie weer sien nie; want die dag as jy my aangesig sien, sal jy sterwe."**

Wanneer 'n koning sê: Jy sal nooit weer my gesig sien nie, bedoel hy daarmee: *Ek sal jou nooit die reg gee om in my teenwoordigheid toegelaat te word nie*.

Ons doen vandag dieselfde as ons die dokter bel, nie waar nie? Ons sê: "Kan ek dokter van Zyl vandag sien?" Ons bedoel nie daarmee: "Kan ek hom van 'n afstand beskou?" nie, of "kan ek 'n prentjie van hom sien?" nie. Ons sê daarmee: "Kan ek met hom 'n afspraak maak, sodat ek by hom kan wees."

Die eerste dinge wat die *sien van God* beteken is dus om toegelaat te word in Sy teenwoordigheid.

Tweedens beteken die *sien van God*, om stomgeslaan te word deur Sy heerlikheid – deur 'n direkte ervaring van Sy heiligheid. Nadat God vir Job in die warrelwind gekonfronteer het, sê Job (42:2):

> **"Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien."**

Feitlik al ons geestelike sig in hierdie lewe kom na ons deur die Woord van God of deur die werking van God in die voorsienigheid. Ons "sien" beeld en refleksies van Sy heerlikheid. Ons hoor eggo's van Sy stem.

Maar daar sal 'n dag kom wanneer God self onder ons sal woon. Sy heerlikheid sal dan nie meer afgelei word van weerlig en berge en bruisende branders en sterrestelsels nie. Nee, ons ervaring van Hom sal direk wees. Sy heerlikheid sal die Lig wees waarin ons beweeg! (Openb. 21:23) en die skoonheid van Sy heerlikheid sal direk geproe word soos heuning op die tong.

Om God dus te sien, beteken nie net om toegelaat te word in Sy teenwoordigheid nie, maar ook om verbyster te wees deur 'n direkte belewing van Sy heerlikheid.

En laastens om God te sien, beteken om vertroos te word deur Sy genade. Weer en weer roep die Psalmis uit na God, om nie Sy aangesig te verberg nie. Psalm 27:7-9:

> **"Van U sê my hart: Soek my aangesig! Ek soek u aangesig, o HERE! Verberg u aangesig nie vir my nie, wys u kneg nie af in toorn nie: U was my hulp! Verstoot en verlaat my nie, o God van my heil!"**

"Verberg U aangesig nie vir my nie," is dieselfde as om te sê: "Wees my genadig!" Dit beteken dat om die gesig van God te sien, is beskou as 'n wonderlike, vertroostende ervaring. As God Sy aangesig wys, word ons gehelp. As Hy Sy gesig wegdraai, is ons in nood.

As Jesus hier dus die belofte gee dat God gesien sal word, beteken dit ten minste drie dinge:

- Ons sal toegelaat word in Sy teenwoordigheid, en nie net in die wagkamer bly nie.

- Ons sal verstom word deur ’n direkte ervaring van Sy heerlikheid.
- En ons sal gehelp en vertroos word deur Sy genade.

En dit sal nou al *gedeeltelik* ons s’n wees en *ten volle* in die era wat kom – as ons rein van hart is.

☙ *Hoe word ek rein van hart?*

Wel, eerstens moet ons sê dat jy nie rein van hart word, deur jou soos ’n monnik af te sluit van die wêreld nie. Of deur jouself te pynig nie. Jy sal agterkom jou hart word nog onreiner.

Jy word rein van hart as jy werklik besef dat dit onmoontlik is! As jy by die punt is om uit te roep in die woorde van Spreuke 20:9: **“***Wie kan sê: Ek het my hart suiwer gehou, ek is rein van my sond*e?**”** En saam met die dissipels uitroep: “*Wie kan dan gered word?*”

Jesus se antwoord net soos aan Sy dissipels in Matteus 19:26 is: “*By mense is dit onmoontlik, maar…*”

Met ander woorde, God skep ’n reinheid in ons, sodat ons reinheid kan najaag. En deur Sy genade moet ons hierdie gawe soek, deur saam met Dawid in Psalm 51:10 te bid:

> **“Skep vir my ’n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig. ”**

Verder moet ons na Christus kyk, wat Homself vir ons gegee het, om vir Homself ’n volk te reinig (Titus 3:l4).

En die reaksies van ons harte op God se handeling van skepping en Christus se offer, is ondubbelhartige geloof in Jesus Christus as Here en Verlosser. Dit is interessant hoe Handelinge 15:9, dit stel:

> **"En Hy het geen onderskeid tussen ons en hulle gemaak nie, aangesien Hy hulle harte gereinig het deur die geloof."**

En dit is natuurlik nie vreemd nie, want geloof beteken dat jy net een ding doen. Jy kyk net na Jesus Christus vir lewe, vir vreugde, vir jou daaglikse voorsiening. En dit beteken jou hart is onverdeeld. En daarom is jou hart rein. Daar is nie plek vir ander dinge nie. Dit maak jou hart natuurlik ook in die eerste sin van die woord rein, dit wil sê onbesmet.

Ons kan dus sê: God is die Een wat die hart reinig, en die instrument wat Hy gebruik om dit mee te reinig, is geloof. Jou geloof in Jesus is jou alles.
Vertrou dus op die Here met jou hele hart – begeer net hierdie een ding en jy sal God sien.

Hoofstuk 8

Die gelukkige vredemakers

Matteus 5:9

"Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word"(OAV) .
"Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word" (NAV).

As daar een tema is wat in die Bybel domineer, dan is dit die tema van *vrede*. Daar is 400 verwysings na vrede en God self word *die God van vrede* genoem. Die Bybel begin met vrede in die tuin van Eden en dit eindig met vrede in die era wat kom. Om die waarheid te sê, jy kan die hele Bybel uitlê aan die hand van die vredestema. Die mens se sonde het die vrede in die tuin van Eden verbreek. Met die geboorte van die Here Jesus sing die engele "vrede op aarde" en aan die kruis word die vrede tussen God en mens herstel deur die Vredevors Jesus Christus. En as hierdie Vredevors eendag weer kom sal Hy vir ewig 'n Koninkryk van Vrede stig.

Die begrip *vrede* (*Sjaloom* in Hebreeus), beteken in die Bybel baie meer as net die afwesigheid van oorlog. Die begrip *vrede* in Hebreeus en Aramees, die tale wat Jesus gepraat het, het die betekenis gehad van *universele bloei, heelheid en vreugde*. *Sjaloom* was *hoe dinge moes wees*. Anders gestel, dit het gestaan vir die samevoeging van God, mense en die hele skepping in reg, vervulling en vreugde.

Sedert die sondeval neig die hele skepping, materieel en moreel, terug na die toestand van Genesis 1:2. Die toestand van *woestheid en leegheid*. Sonde haal uitmekaar wat God bymekaar gevoeg het en voeg bymekaar wat God geskei het.

Sonde is anti-hierdie *sjaloom*.

Die hele Ou Testament is die verhaal van die vandalisering van hierdie *sjaloom*, of die wegvlug daarvan af. En vandag nog sien ons dit en voel ons dit rondom ons. As ’n man en vrou lelik met mekaar praat, as ouers op kinders skreeu, as politici mekaar bedrieg, as kerke mekaar beskinder en afkraak, as Christene met mekaar verskil tot die punt van woede.…

Uiteraard is die Ou Testament vol van die soeke en die verlange na *shalom*. Ons vind byvoorbeeld die sogenaamde vredesoffer (NAV vertaal dit met *gemeenskapsoffer*). Die essensiële elemente van die vredesoffer was die offer van ’n dier en die uitgooi van sy bloed. Hierdie handelinge het die aandag gevestig op die feit dat vrede duursaam is – dit kos iets. Dit kos ’n lewe. Die Heilige God moet tevrede gestel word, voor vrede herstel kon word.

Lees Efesiërs 2:13:

> **“Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus. Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hydaaraan die vyandskap doodgemaak het.”**

En let op Kolossense 1:19-20:

"Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis – ek sê deur Hom – die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele."

En tog is daar geen vrede in die wêreld nie. Daar is nie 'n minuut wat verloop waarin daar volkome vrede of volkome heelheid is nie. Die dinge wat ek genoem het, ken ons al te goed. Die vrede wat Jesus bewerk het, is 'n feit. Dit is net so 'n feit soos die Tweede Wêreldoorlog, wat op 'n sekere dag feitlik verby was. Tóg, as jy op daardie dag by jou huis in Europa uitgekyk het, het dit buite nie so gelyk nie. Die feitlike toestand van sake moes nog deurgewerk en uitgewerk word in elke aspek van die lewe ná die oorlog.

God se *sjaloom*, wat bewerk is deur Jesus, moet ook nog deurgewerk en uitgewerk en ingedra word in die wêreld in.

Ek lê klem op *God* se vrede, want hoe lyk die vrede van die wêreld? As jy mooi daaroor nadink, sal jy saamstem dat dit dikwels niks anders is as 'n oomblik van stilte en rus, waarin almal herlaai word vir die volgende rondte nie.

Ja, daar kom vrede, maar meestal is dit omrede die een party die stryd moet gewonne gee as gevolg van oormag of vermoeidheid. Innerlik het niks verander nie, meestal broei die haat eintlik net feller vanweë die nederlaag. Hierdie patroon geld ook vir ons eie sakformaat-oorloggies in die huis en onder mekaar.

Dit is die vrede van die wêreld. Ons kan ook sê dat die vrede van die wêreld sinoniem is met moeilikheid vermy. Is dit nie so nie? Ons praat van: "Jong bewaar tog die vrede," dan bedoel ons: "Vermy tog net moeilikheid. Moet tog nie iets sê nie."

Ons kry dit in ons huise. Die kind is rebels en maak wat hy/sy wil en die ouers wil niks daaromtrent doen nie, want hulle wil die vrede bewaar. Die vrede word dikwels bewaar bloot sodat ek nie ongewild raak nie!

Dit is die soort vrede wat vir God ‘n gruwel is. Hy sê in Lukas 6:26:

> **“Wee julle wanneer al die mense goed van julle praat, want hulle vaders het net so aan die valse profete gedoen.”**

In die boek Jeremia sien ons daar was profete wat vir die volk gesê het: “Vrede, vrede” en God het hulle veroordeel as vals profete.

As God van vrede praat, bedoel Hy iets anders. Wanneer Hy vrede stig tussen Hom en goddelose mense, neem hy die *oorsaak* van die vervreemding en vyandskap weg. Hy versoen en vergeef en vergeet. Hy kom nooit weer terug om later af te reken nie, nee hy het volkome afgereken op Golgota.

Die vrede waarvan God praat is dus kwalitatief iets anders. Daarom sê die Here Jesus ook vir Sy dissipels voordat Hy weggaan. “My vrede gee ek vir julle... nie soos die wêreld nie…”

Jesus sê: Salig is die vredemakers. Salig is die heelmakers. Salig is die wat my vrede laat deursuur.

En daarom herinner hierdie Saligspreking ons weer onmiddellik dat ons hier ’n beskrywing het van mense wat totaal anders is as die wêreld. Dat ons hier te doen het met ’n totaal ander Koninkryk. Weereens moes die Jode wat na Jesus geluister het, redelik teleurgesteld gewees het, want hulle het ’n militêre Messias en militêre Koninkryk verwag.

As ons eerlik moet wees, is die helde van vandag nog steeds die manne of vroue wat veg vir regte, dié wat nie genade vra of gee nie. Ons leef in ’n gemeenskap waarin ons veg vir ons regte en waarin die self verhoog word. Ons word deur sielkundiges en psigiaters en gedragsdeskundiges vertel om onsself lief te hê en vir onsself uit die lewe te haal wat ons kan.

As ons wil weet wat Jesus hier bedoel met vredemakers, moet ons eerstens weereens kyk na die Bergrede self. Let op: Jesus belowe dat die vredemakers kinders van God genoem sal word. Lees wat staan Matteus 5:43-45:

> **“Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat Sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges.”**

Sien julle die ooreenkoms?

Dit lyk asof Jesus as Hy van vredemaking praat, dink aan die handeling van liefde waardeur ons die vyandskap tussen mense oorkom.

En as ons nog meer spesifiek wil wees, Hy gee vir ons twee voorbeelde van hoe om dit te doen.

Eerstens gebed (Matt. 5:44):

> **"Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg."**

Wat moet ons bid vir hulle? Kyk na Matteus 6:9-10:

> **"Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde."**

Bid dus dat jou vyand God se naam sal heilig. Bid dat God se Koninkryk erken sal word in jou lewe en sy lewe. Bid dat hy God se wil sal doen soos die engele in die hemel. Bid vir sy heelheid en die heelheid wat deur hom kan kom.

In Matteus 5:47 gee Jesus ander spesifieke voorbeelde van vrede-makende liefde.

> **"En as julle net jul broeders groet, wat besonders doen julle dan? Doen die tollenaars nie ook so nie?"**

Met ander woorde as daar 'n breuk in een van jou verhoudings is, of daar is iemand wat jou teenstaan, moenie daardie wrok koester nie. Moenie daardie vyandskap voed deur daardie persoon te vermy nie. Dit is die natuurlike ding nie waar nie? Stap vinnig in 'n ander winkel in by die winkelsentrum sodat hy/sy jou nie kan sien nie. Maar wat gebeur as jy dit doen?

Jy verbreek die heelheid, jy stig dit nie. Maar dit is nie die optrede van ’n vredemakende God nie, die God wat Sy Seun geoffer het om ons met Hom te versoen, die God wat ons vergewe – dit is nie soos Hy optree teenoor ons nie. Ons wat totaal en al die teenoorgestelde van vergifnis verdien het. Hy doen die vreemde, onnatuurlike, pynlike ding om ons te vergewe.

As Jesus sê die vredemakers sal die kinders van God genoem word, dan bedoel Hy: Ek en jy, as ons kinders van God is, sal en moet al meer vergewe soos Hy. Net as jy vergewe is dit moontlik om jou vyande lief te hê, te seën die wat jou vervolg, te bid vir die een wat teen jou oortree het, gruwelik oortree het. Net dan kan jy so ’n persoon in die oë kyk en sê: “Goeiemôre Jan!”

Dit is net deur vergifnis dat die vrede, die *sjaloom* herstel word. Daarsonder kan daar geen vrede in die sin waaroor ons daaroor gepraat het, wees nie.

Die een van wie die ander Saligsprekinge waar is, behoort mos te kan vergewe, nie waar nie? Onthou wat ons alles al gesien het. ’n Christen, iemand wat aan die Koninkryk behoort, is iemand wat sy leegheid besef en daaroor treur en nie probeer om homself te verdedig nie. Maar so ’n persoon is ook iemand wat honger en dors na geregtigheid. Hy wil ’n volheid hê. En dit is wat ons in die laaste drie Saligsprekinge sien. Dit is nou presies wat ons vind. Ná honger en versadiging in Matteus 5:6 kom die Saligspreking oor die barmhartiges in vers 7. Nou is die geseënde persoon vol en loop oor in barmhartigheid. Hy is nie net gebroke en hartseer en sagmoedig nie. Hy is nou aktief en oorlopend met dade van barmhartigheid. Vers 8 sê hy is rein van hart en vers 9 sê hy is nie net vredevol nie, maar ’n vredemaker. Hierdie is die geregtigheid waarmee die Christen gevul word, en waarvoor hy vervolg word.

Die Christen is dus iemand wat gesien het wie hy of sy is, wat vergifnis ervaar het en wat nou ander wat gebroke en stukkend en verdeeld is wil

heelmaak. In sy eie lewe wil hy die heelheid van ’n rein, onverdeelde hart hê. En hy wil die heelheid bring wat deur barmhartigheid en vredemaking kom.

En daarvoor is dit nodig dat hy kan vergewe. En dit is net die Christen wat dit kan doen, omdat hy onregverdigheid van onverdiende vergifnis verstaan deurdat God hom, wat totaal die teenoorgestelde verdien, vergewe het. Anders gestel: die mens van die Koninkryk is iemand wat die inhoud van genade ken.

Ons behoort meer as enige ander mense te weet dat genade aan die een kant beteken dat daar niks is wat ons kan doen dat *God ons meer kan liefhê nie.* Geen geestelike gimnastiek, geen selfverloëning, geen kennis wat by kweekskole of geestelike inrigtings opgedoen word nie. Geen veldtog ten behoewe van regverdige sake nie.

En genade beteken aan die ander kant *daar is niks wat ons kan doen dat God ons minder liefhêt nie* – ongeag hoeveel rassisme of hoogmoed of pornografie of owerspel of selfmoord daar in ons lewens is. Genade beteken dat God ons reeds soveel liefhet as wat ’n oneindige God kan liefhê, ten spyte daarvan dat ons die teenoorgestelde verdien.

As jy genade ken kan jy ’n vredemaker wees.

Is jy ’n vredemaker? Is jou gemeente vredemakers? In jou huwelik, waar dit seker die moeilikste is, in jou gesin? Maar maak ons ook vrede met ons vyande, diegene wat anders as ons is en dink. Diegene in ander kerke, diegene met ander geloofsoortuigings? Is ons bereid om hulle onvoorwaardelik te aanvaar, soos wat God ons aanvaar het? Is ons bereid om hulle te vergewe vir wat hulle is en vir hulle optrede teenoor ons? Sodat daar heelheid en eenheid kan kom?

Jy sê: “Maar wag...” Ja, ek weet wat gevra word is nie maklik nie, want dit is onregverdig. Onnatuurlik, ongehoord – maar dit is vergifnis.

Dit is ’n onnatuurlike daad, dit is ’n onregverdige daad. Soos Helmut Thielicke, ’n Duitser wat die verskrikking van Nazisme oorleef het, dit gestel het:

> **“Hierdie kwessie van vergifnis is allermins ’n eenvoudige saak. Ons sê: ‘Nou maar goed, as die ander man jammer is en hy om verskoning vra, sal ek hom vergewe, sal ek ingee.’ Ons maak van vergifnis ’n wet van wederkerigheid. En dit werk nooit nie, want dan sê ons albei vir onsself: ‘Die ander persoon moet die eerste skuif maak.’ En dan kyk ek met valkoë om te sien of die ander persoon ’n sein met sy oë uitstuur, of ek ’n klein toespeling tussen die reëls van sy brief kan gewaar wat daarop dui dat hy jammer is. Ek staan altyd op die punt om te vergewe ... Maar ek vergewe nooit nie. Ek is veels te regverdig.”**

Onnatuurlik, onregverdig – ja en selfs pynlik.

Henri Nouwen stel dit so:

> **“Ek het al dikwels gesê: ‘Ek vergewe jou,’ maar selfs as ek hierdie woorde gebesig het, was my hart steeds kwaad of gegrief. Ek wou steeds die verhaal hoor wat sal sê dat ek per slot van sake tog reg was; ek wou steeds verskonings en verontskuldigings hoor; ek wou steeds die bevrediging van lof as beloning ontvang – selfs al is dit net lof omdat ek vergewensgesind is! Maar God se vergifnis is onvoorwaardelik; dit kom uit ’n hart wat niks vir homself opeis nie, ’n hart wat geen selfsug ken nie. Dis hierdie**

> **goddelike vergifnis wat ek in my daaglikse lewe moet toepas. Dit vra dat ek steeds al my argumente moet ignoreer dat vergifnis onwys, ongesond en onprakties is. Dit daag my uit om al my behoeftes aan dankbaarheid en komplimente ter syde te stel. Laastens vereis dit van my dat ek daardie verwonde deel van my hart moet ignoreer, die deel wat seer en veronreg voel, in beheer wil bly en 'n paar voorwaardes wil stel tussen my en die persoon wat ek gevra word om te vergewe."**

Ons moet onthou, selfs vir God is en was vergifnis pynlik. In die Ou Testament hoor ons iets van God se worsteling in Hosea 11. Aan die eenkant kondig God die oordeel oor Israel se hoerery agter ander gode aan, af, maar dan lees ons in Hosea 11:8:

> **"Hoe kan Ek jou oorgee, o Efraim, jou prysgee, o Israel? Hoe kan Ek jou maak soos Adma, jou gelykstel met Seboim: my hart is omgekeer in My, tegelykertyd is my medelyde opgewek. Ek sal my toorngloed nie laat geld nie, Ek sal Efraim nie weer te gronde rig nie; want Ek is God en nie 'n mens nie, die Heilige in jou midde. En Ek sal nie kom in grimmigheid nie."**

In die Nuwe Testament sien ons hoe Jesus bloed sweet in die tuin en pleit dat die beker by hom sal verbygaan. Vergifnis is onnatuurlik, onregverdig, pynlik.
Vergifnis, soos ons gesien het, het God gekos. Dit het 'n sterwe gekos, die sterwe van Sy Seun. Dit was 'n duur vrede. Dit gaan jou ook kos. 'n Sterwe aan jou sin vir geregtigheid en regverdigheid.

Jy sal elke saak in die lig van die Evangelie moet oorweeg en nie in lig van jou eie belang nie. Jouself verneder. Dit beteken jy kan nie mense vermy nie, jy moet met hulle praat, jy moet verskoning vra, vriendelik wees. Dit sal ook beteken dat jy soms ná ’n woordewisseling jou mond moet hou. Dit beteken jy sal moet leer wanneer om te praat en wanneer om stil te bly.

En vergifnis vir ons is ’n geloofsdaad. Deur iemand anders te vergewe, vertrou ek dat God ’n beter regter is as ek. Deur te vergewe doen ek afstand van my reg om te vergeld en laat alle kwessies van regverdigheid oor aan God, wat dit sal uitwerk. Ek laat die skaal waarop geregtigheid en genade in ewewig gebring moet word in God se hande.

Toe Josef uiteindelik tot die punt kom waar hy sy broers vergewe het, het die kwetsuur nie verdwyn nie, maar die las van die regter oor hulle speel, het weggeval. Hoewel die onreg nie verdwyn wanneer ek vergewe nie, verslap sy greep op my en word dit oorgeneem deur God wat weet wat om te doen.

Daar is natuurlik ’n risiko verbonde aan so ’n besluit: die risiko dat God nie teen die persoon sal optree soos ek graag sou wou hê nie. (Die profeet Jona was byvoorbeeld gebelg omdat God meer genadig was as wat die Nineviete verdien het.)

Vergifnis is niks anders as geestelike chirurgie nie. Lewis Smedes beskryf dit soos volg:

> **“Wanneer jy iemand vergewe, sny jy die onreg weg uit die person wat dit gepleeg het. Jy maak daardie persoon los van die kwetsende daad. Jy herskep hom. Een oomblik herken jy hom onuitwisbaar as die persoon wat jou onreg aangedoen het, die volgende oomblik verander jy daardie identiteit. Hy word in jou geheue oorgemaak. Nou dink jy nie**

meer aan hom as die een wat jou benadeel het nie, maar 'n persoon wat jou nodig het. Jy voel hy is nie meer die persoon wat jou vervreem het nie, maar die persoon wat aan jou behoort. Eens het jy hom gesien as 'n persoon wat magtig in onheil is, maar nou sien jy hom as 'n persoon wat swak is in sy behoeftes. Jy het jou eie verlede herskep deur die persoon te herskep wie se onreg jou verlede pynlik gemaak het."

Dit is wat gebeur as jy vergewe, sonder om aan te dring op 'n gepaste straf vir daardie onreg. Jyself vind ook genesing. Jy word self ook heel.

As ek en jy vredemakers is, sal ons geken word as kinders van God – die God wat vrede gemaak het deur Homself in Sy Seun te verbrysel en so God en mens bymekaargebring het. Uiteindelik sal ons dit wat in beginsel reeds waar is, in volkomenheid sien in die nuwe hemel en aarde. Tot dan is ons geroep om hierdie vrede op horisontale vlak te laat realiseer. Want so sal mense weet wie God is en wat Hy gedoen het!

Hoofstuk 9

DIE WAT LY IS GELUKKIG?

Matteus 5:10-12

"Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.
Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê.
Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel"(NAV).
"Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.
Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.
Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het"(OAV).

Soos 'n hond magteloos teen die maan blaf, maar die maan nie verander of weggaan nie, so is die wêreld magteloos om teen God oorlog te verklaar, of om Hom dood te verklaar. Wat wel bereikbaar is, is Sy gesante op aarde. En dit is die rede waarom al die profete van God, soos Jesus hulle self noem in Matteus 21:33-41 (vanaf Abel tot Sagaria) deur die wêreld doodgemaak is.

'n Dooie profeet is nie gevaarlik en geensins lastig nie. Hy lê rustig en swyg in sy graf. Die lewende profeet egter, laat die lewende God in die hede spreek. En die mens wil hê God moet verlede tyd bly, nie in die teenwoordige tyd nie. Dit is natuurlik die rede waarom Jesus vervolg, gevange geneem, gesmaad en uiteindelik gekruisig is, want God het deur Hom aan die Woord gekom.

Die wêreld wil nog steeds ontslae raak van God, want Hy herinner hulle aan wie en wat hulle is. Daarom sê die Here Jesus van die wat aan Hom behoort dit: *Geseënd is die wat vervolg word...*

Hoekom? Wel, dit wys jy is in die geselskap van die profete en van Jesus! Ons sal netnou dieper kyk na die rede waarom die wat vervolg word gelukkig is.

Ek weet die vraag waarmee jy nou dalk worstel is dit: "Ag, is dit regtig nog relevant vir ons wat leef in die 21ste eeu?" Ek wil tweeledig hierop antwoord:

- As jy dink Christene oor die wêreld word nie meer vervolg nie, word nie meer bloediglik vervolg nie, bewys jy eintlik net jou eie onkunde oor wat in die wêreld aangaan. Ek wil nie tyd mors deur statistieke te noem nie, maar gaan doen bietjie moeite en *google* bietjie oor vervolging van Christene vandag.
- Hierdie gedeelte is uiters relevant op grond van Paulus se woorde in 2 Timoteus 3:12. (Sien ook Hand. 14:22; Joh. 15:20; Matt.10:25.)

"Almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolg word."

Hoe kan Paulus so 'n veralgemening maak? Wel, hy maak dit op grond van 'n diep oortuiging omtrent die aard van Christenskap en die aard van die sondigheid van die mens. Hy is oortuig dat daar so 'n spanning is tussen die boodskap en die manier van lewe van Christene aan die een kant en die lewensuitkyk van die wêreld aan die ander kant, dat konflik onvermydelik is.

Hierdie oortuiging is gewortel in die aard van die gevalle mens en die aard van die nuwe skepping. En daarom raak dit nie verouderd nie. Dit is vandag steeds waar. Vroeër of later sal die ware Christen mishandel word (in watter vorm ookal) vir die dinge wat hy glo, of die lewe wat hy leef.

“Luister man, tye het verander, die wêreld het verander. Jy kry Christene wat populêr is, wat selfs beroemd is. Christene word aanvaar as deel van die gemeenskap man!”

My antwoord aan jou: “Die rede hiervoor is nie omdat die wêreld verander het nie, ons het die standaarde van Christen wees verander. Dit is nie die wêreld wat verdraagsaam geword het nie, ons leef nie meer onverdraagsame lewens nie. Ons wil populêr en belangrik en aanvaarbaar wees. Ons is nie bereid om nie meer verhoging te kry in my besigheid omdat ek reinheid van hart najaag nie. Ons is nie meer bereid om altyd uitgedruk te word nie, daarom gaan ons maar saam met die stroom en praat en kyk en dink soos hulle!”

Miskien redeneer jy: “As ek gewild is by die wêreld, en hulle hou van my, dan kan ek hulle met die Evangelie bereik.”

My antwoord: “God het nie sulke gewilde agente nodig nie. Hy vra vir ons om te wees soos Hy beskryf het. Hy sal sorg vir die res.”

Natuurlik beteken dit nie ons moet totaal wêreldvreemd wees nie. Jesus was Iemand van Sy dag. Hy het soos hulle gelyk en soos hulle gepraat, maar Hy was radikaal, totaal, geheel en al anders as dit by sekere deurslaggewende dinge kom, soos geld, besittings, liefde en so meer.

Hierdie woorde van die Here Jesus is dus relevant.

Wat presies leer die Here Jesus hier?

Kom ons fokus eerstens op waarom hierdie vervolging kom. Dit is belangrik, want nie alle vervolgde mense is geseënd nie!

Let tog op dat die Here Jesus nie sê: “Salig is julle wanneer die mense julle vervolg omdat julle dwaas en onwys optree nie, of wanneer julle

julle neus in ander mense se sake steek nie, of as julle ly ter wille van julle politieke standpunt nie, of wanneer julle net daarop uit is om fout te vind en ander se geestelike pelgrimsreis te beoordeel nie – nee, *salig is julle wanneer julle vervolg word ter wille van geregtigheid en om My Naam ontwil.*

Net dié wat vervolg word *ter wille van geregtigheid*, is geseënd.

Dink net vinnig wéér aan die struktuur van die Saligsprekinge. Kyk bietjie of jy al weet hoe alles in mekaar pas.

Goed. As jy jouself weer georiënteer het, sal jy weet dat die Christen se lewe oorloop in ’n geregtigheid wat opgesom kan word in barmhartigheid, reinheid van hart en vredemaking.

Die gevolg hiervan is dat die Christen vervolg word ter wille van hierdie geregtigheid. ’n Ander manier om geregtigheid te definieer is om na vers 10 se parallel in vers 11 te kyk. “*Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê.”*

Wat ons hieruit leer is dat ware geregtigheid, die geregtigheid wat die van die Fariseërs en die Skrifgeleerdes oortref (Matt. 5:20) – dat hierdie geregtigheid, altyd ’n verhouding met Jesus behels. Die geregtigheid word nie gedoen ter wille van die self nie, maar ter wille van Jesus.

Die barmhartigheid en reinheid en vredemaking van ’n dissipel van Jesus, kom van Jesus (*sonder my kan julle niks doen nie* – Joh. 15:15) en word gedoen vir die eer van Jesus. Dit is hierdie verbintenis met Jesus wat ons geregtigheid sy onderskeidende karakter gee.

Maar dit laat natuurlik ’n vraag ontstaan. As geregtigheid beteken om barmhartig te wees en rein en vredemakers deur op Jesus te vertrou en

te leef vir Sy glorie – hoekom sal enige persoon dit vervolg? Dit is tog nie ’n aanvallende lewenshouding nie?

Die antwoord word gevind in die worteloorsaak, soos dit gestel word in Lukas 16:14-15:

> **“Die Fariseërs was baie lief vir geld en toe hulle al hierdie dinge hoor, het hulle Hom beledigend uitgelag.**
>
> **Hy sê toe vir hulle: ‘Julle is dié wat julle voor die mense as goeie mense voordoen, maar God ken julle harte. Wat deur die mense as belangrik beskou word, is ’n gruwel voor God.”**

Jesus het so pas in Lukas 16:13 gesê: “Niemand kan twee Here dien nie. Julle kan nie God en Mammon dien nie. Dan kom die vervolging, die spot “... *Hom beledigend uitgelag*.”

Sien jy dit? Die vervolging kom en kyk net na die rede wat onder leiding van die Gees deur Lukas gegee word. *Hulle was liefhebbers van geld*. Jesus se houding teenoor geld is dus ’n aanval op hulle liefde vir geld. Dan kom die res van die verduideliking van hulle gespot. “*Julle is dié wat julle voor die mense as goeie mense voordoen, maar God ken julle harte.”*

Hier is dus die wortel van vervolging met sy twee kante:

- die liefde vir iets slegs of onwaar
- die behoefte om daardie liefde te regverdig

Dit is die worteloorsaak van vervolging.

Jesus het op die toneel verskyn met ’n manier van lewe en ’n boodskap wat impliseer dat liefde vir geld hoogverraad teen God is. Julle kan nie God en Mammon dien nie. Dit is nie ’n antagonistiese belediging, dit is deel van Jesus se reinheid. Dit is waar. Dit is essensieel. As jy gered wil word. Maar dit druis in teen die Fariseërs se liefde vir geld. Om hulself dus te regverdig, lag hulle Jesus af. Dit is die standaardprosedure vir selfregverdiging. En dit is die wortel van alle vervolging.

Ek dink julle kan dus sien hoekom ’n lewe van toewyding aan geregtigheid vervolg sal word, teëgestaan sal word, bespot sal word.

- As jy (jongmens) reinheid koester, sal jou lewe ’n aanval wees op mense se liefde vir vrye seks.

- As jy soberheid omhels, sal jou lewe ’n standpunt wees teen die liefde vir alkohol.

- As jy selfbeheersing najaag, sal jou lewe ’n aanstoot wees vir diegene wat hulself aan kos te buite gaan.

- As jy eenvoudig leef en gelukkig is, sal jy die dwaasheid van weelde ontbloot.

- As jy nederig voor die Here leef, sal jy die boosheid van hoogmoed ontbloot.

- As jy stiptelik en deeglik in al jou transaksies en ander handelinge is, sal jy die minderwaardigheid van luiheid en nalatigheid openbaar maak.

- As jy ernstig is, sal jy die lighartige lighartig laat lyk in plaas van slim.

- As jy geestelik ingestel is, sal jy die wêreldgelykvormigheid van diegene rondom jou ontmasker.

Onthou wat ons gesien het van die Saligsprekinge

Ons het gesien dit is radikaal anders as die wêreld se standaarde en manier van leef. Al die eienskappe van die Saligsprekinge is onaanvaarbaar vir die wêreld. Die wêreld kan nie iemand hanteer wat arm van gees is nie, want die wêreld leef in hoogmoed, in ’n staat van selfbevordering en ego-bevestiging. Hulle kan nie iemand hanteer wat treur oor sondigheid nie. Hulle wil sonde ignoreer en hulself oortuig dat hulle is reg. Sagmoedigheid is nie gewild nie, en werklike reinheid maak dat jy nie meer die taal van die wêreld praat nie. Om ’n werklike vredemaker te wees, soos ons vroeër gesien het – dit maak dat jy vinnig uitgedruk, vermy, vervolg en die voorwerp van valse aantygings word.

Hoe word ons vervolg? Wel, die volgende woorde word gebruik: *Ons word beledig, vervolg en valslik beskuldig en al wat sleg is word van ons gesê.*

Ja, ons sal **beledig** word, as ons is soos wat in die Saligsprekinge beskryf word. Ons sal die voorwerpe van geligte wenkbroue wees. Ons sal as wetties en oudmodies en wat nog alles uitgekryt word.

Ons sal **vervolg** word. Letterlik beteken die woord om *geteister* te word. Miskien nooit tot op ’n brandstapel nie, maar ons sal uitgedruk word, stadig maar seker. Dit mag begin deur mense wat stilswyend uitloop wanneer ons ’n vertrek binnekom. Dit mag beteken dat jy nooit bevordering kry nie.

Dit is selfs nog draaglik, maar weet jy wat is die ergste? Wanneer daar **valslik** dinge van jou gesê word. Ja, ek gee nie om as mense my slegpraat omdat ek vir die Here Jesus staan nie, maar as hulle valslik

dinge oor my sê. Dit is verskriklik om jouself te verdedig oor iets wat jy nie gesê het nie. En dit sal gebeur!

As jy begeer om Godvrugtig te wees in al jou optrede en verhoudings – as jy die geregtigheid van Jesus in Sy krag en vir Sy glorie volg – is daar twee moontlike reaksies wat mense kan hê wat naby jou is. Dit word beskryf in Johannes 3:20-21:

> **"Elkeen wat kwaad doen, haat immers die lig en kom nie na die lig toe nie, sodat sy dade nie aan die kaak gestel moet word nie. Maar wie volgens die waarheid handel, kom na die lig toe, sodat dit duidelik kan blyk dat sy dade in gehoorsaamheid aan God gedoen is."**

Die twee moontlikhede is vervolging of bekering. Miskien wonder jy wat van al daardie ongelowiges met wie ek kontak het, wat nie bekeer nie, en my ook nie vervolg nie, wat net bloot beskaafd en selfs baie beleefd teenoor my optree. Wel daar is ten minste twee verduidelikings daarvoor.

- Een is dat jou lig onder 'n emmer is. Jy verberg die struikelblok van die kruis (Gal. 5:11; 6:12-13). Jy wys nie jou ware eienskappe nie.
- Die ander moontlikheid is dat jy wel jou ware eienskappe wys en die mense rondom jou is besig om te beweeg na òf bekering òf vervolging. Nie een van die twee gebeur dadelik nie. Daar is allerhande faktore wat die uitdrukking van vervolging kan verhinder. Ons sien dit dikwels in die Evangelies, waar die Fariseërs kwaad word, maar verhinder word om daar en dan uiting te gee aan hul woede in vervolging. Nie bekering of vervolging sal dadelik plaasvind nie. Om die waarheid te sê,

baie mense is binne in hulself verskeurd – hulle is gedeeltelik aangetrokke tot Christenskap, maar gedeeltelik haat hulle dit.

Ons moet almal onsself ondersoek en kyk of ons nie dalk dit wat ons is, onderdruk nie. Ons moet dit bely en laat staan – aan die een kant. Aan die ander kant moet ons onthou dat ons nie moet aanneem dat omdat daar geen vervolging is, die fout by ons moet lê nie. Binnekort gaan daar dalk bekerings in jou kantoor wees – of die hel gaan losbars!

Maar in beide gevalle kan jy baie vergenoegd wees. En dit bring ons by die geseëndheid van die vervolgdes.

☙ *Hoekom gelukkig?*

"Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê..."

Dit is natuurlik, as jy nugter daarna kyk, 'n skokkende stukkie raad. Wat op aarde kan die bevel om bly te wees as jy gehaat word, en gespot word en selfs doodgemaak word, regverdig? En moet geen fout maak nie, Jesus het die dood hier in gedagte. Dit is wat hulle aan die profete gedoen het. (Matt. 23:30; 1 Kon. 18:13; 19:10; Neh. 9:26; Jer. 26:23). Dit is wat hulle aan die dissipels sou gedoen het. Gaan lees maar net weer Matteus 24:9.

Wat kan sulke raad aan mense in pyn regverdig? "Wees bly en verheug julle!" Wel ek dink daar is net twee moontlikhede:

- Òf dit is die praatjies van 'n onsensitiewe ivoortoring teoloog, wat nooit geweet het wat dit beteken om van pyn te skreeu nie,
- Òf dit is die woorde van iemand wat iets gesien het en iets gesmaak het en iets weet van 'n realiteit waarvan die meeste mense nie die vaagste benul het nie.

Dit is Jesus wat hier praat. Dit is nie een of ander pastorale groentjie wat inbars by ’n huis waar daar sterfte was en mense op die rug klap en sê: “Prys die Here nie.” Nee, dit is Jesus, die Christus.

En Hy sê hier vir Sy dissipels, van wie die meeste die beker van martelaarskap gaan drink. “Wees bly!” En “verheug julle wanneer julle vervolg word, wanneer julle ly.” Hoe kan Hy dit sê?

Hy kan dit sê, want Hy weet sonder enige skadu van twyfel, dat die beloning in die hemele meer as net sal kompenseer vir enige lyding wat verduur is in die diens van Christus. Verheug julle want julle *loon is groot in die hemel*!

Hier is ’n misterie. Die misterie van vreugde binne smart en pyn, die misterie van blydskap te midde van trane. En hierdie misterie word bevat in ’n wonderwerk, naamlik die wonderwerk van geloof. Die rotsvaste versekering dat die hemel ’n honderdvoudige kompensasie vir elke pyn is. Tot die mate waarin jy glo dat jy Jesus in die hemel sal sien, tot daardie mate sal jy in staat wees om bly te wees in vervolging en teenstand.

Maar dit laat natuurlik ’n vraag ontstaan. Om jou te verheug in die lyding van vervolging moet jy nie glo dat lyding jou beloning in die hemel gaan vergroot nie. Anders gestel, as dieselfde beloning in die hemel verkry kon word, sonder lyding, sal ons dan nie uitroep teen die totale sinneloosheid van lyding, in plaas van om dit te omhels nie?

As daar niks meer voorkom uit lyding as wat daar uit geen lyding voorkom nie, waarom moet ons dit dan omhels met vreugde? Wat het vir Rowland Taylor en Bishop Ridley en John Bradford beweeg om die brandstapel te soen waarop hulle verbrand is. Wat het Obadiah Holmes, beweeg om na 90 houe wat sy rug in ’n pappery verander het, na die Magistraat te draai en te sê: “You have struck me with roses”? Hoekom

het Thomas Hardcastle gesê dat vervolging "a precious season of grace" is?

Ek dink nie ons kan anders as om te sê dat hoe meer jou geloof getoets is deur lyding, hoe groter sal jou beloning wees nie. Ek dink dit is wat ons sien in Matteus 19:29 en dan ook spesifiek in 2 Kor. 4:17-18**:**

> **"Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid; omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig."**

Hy sê vervolging bewerk (OAV), of loop uit (NAV) op heerlikheid. Dit is geweldig. Dit beteken ons verdrukking is aktief besig om vir ons te werk!

Met ander woorde, verbly julle te midde van lyding vir geregtigheid en vir Jesus, omrede daardie lyding 'n geweldige groot beloning sal kry. En hoe groter die lyding wat jou geloof verduur, hoe groter sal jou beloning in die hemel wees. So wees bly!

Kom ek sluit af deur een duidelike implikasie te beklemtoon: Jesus wil hê Sy dissipels moet 'n groter begeerte na die beloning in die hemel hê as die beloning wat die wêreld gee.

Jesus wil hê ons skatte moet in die hemel en nie op die aarde wees nie. (Matt. 6:19-20). Jesus wil hê dat jou hart so gerig moet wees op die hemel dat om die aarde te verlaat vir jou 'n saak van vreugde sal wees. Natuurlik nie sonder trane nie! Vergelyk Paulus en dink aan Jesus wat bloed gesweet het, maar vir die vreugde wat voorgelê het, die smarte verdra het.

Jesus wil hê ons harte moet in die eerste instansie in die hemel wees. Ons hoop en ons vreugde moet in die eerste instansie daar wees. Kyk, kom ons wees eerlik – daar is geen ander manier waarop jy jou kan verheug en verbly in die verlies van jou aardse vreugdes nie! Hoe op aarde sal ons kan bly wees as hierdie dinge van ons weggevat word, as ons nie die hemel méér liefhet nie?

Wat sal ons dus doen? Hoe sal jy jou hart in die hemel hou? Wel dissiplineer jouself om gereeld te dink aan hulle wat voor jou was en vervolg is. Kyk na hulle! Hebreërs 11:36-38**:**

> **"Ander weer het die proef van bespottinge en geselinge deurstaan, ook van boeie en gevangenis. Hulle is gestenig, in stukke gesaag, versoek, deur die swaard vermoor. Hulle het rondgeloop in skaapvelle en in bokvelle; hulle het gebrek gely, hulle is verdruk, mishandel–die wêreld was hulle nie werd nie–hulle het in woestyne rondgedwaal en op berge en in spelonke en skeure in die grond."**

Leer dink soos hulle. Luister as hulle sê die lyding vir Christus is meer as die skatte van Egipte!

Lees die getuienisse van diegene wat in die geskiedenis gely het.

Dink aan die bekende Bonheoffer. Toe hy in 1945 na die galg gelei is het hy aan Payne Best, gesê:

> **"This is the end – for me the beginning of life."**

Tien jaar later het die kampdokter geskryf:

> **"At the place of execution, he again said a short prayer and then climbed the steps to the gallows, brave and composed. His death ensued after a few seconds. In the almost fifty years that I worked as a doctor, I have hardly ever seen a man die so entirely submissive to the will of God."**

As daar een teks is wat jy moet onthou is dit Openbaring 2:10:

> **"Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee."**

Onthou altyd:

> **"He is no fool who gives what he cannot keep to gain what he cannot lose." - Jim Elliot**

As jy dalk nog dink dat al hierdie beheptheid met die hemel jou nutteloos op aarde gaan maak – Jesus gee die antwoord in die volgende verse (Matt.5:13-16). Hierdie mense is die sout van die aarde en die lig van die wêreld!

Hoofstuk 10

JY IS SOUT!

Matteus 5:13-16

"Julle is die sout van die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie" (OAV).
"Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry 'n mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit" (NAV).

Ons het nou gekyk na die karaktereienskappe van 'n Christen, soos deur die Here Jesus beskryf. En ons het vir mekaar gesê alle Christene sal in 'n mindere of meerdere mate al hierdie eienskappe openbaar. Anders gestel, as iemand 'n kind van God is, is hy 'n nuwe skepsel. God herskep hom, sodat sy karaktereienskappe word soos wat in Matteus 5:3-10 beskryf is. Nie perfek nie, nie volmaak nie, maar hy word ten diepste iets totaal anders as die natuurlike mens, sy waardes en sieninge verander totaal, hy is nie net iemand aan wie sekere regstellinkies gemaak is nie – in sy wese is hy/sy anders.

Die vraag is natuurlik: Kan sulke mense *hoegenaamd 'n invloed hê* in die harde, genadelose wêreld waarin ons leef? Het 'n mens nie mense nodig met *ander* karaktereienskappe as wat hier beskryf is, om 'n verskil in die wêreld te maak nie?
Het ons nie meer selfversekerde, sterk persoonlikhede wat hul man kan staan nodig om 'n goeie Christelike invloed in die wêreld te hê nie? Watter permanente veranderende invloed kan die armes van gees, die treurendes, die barmhartiges, die wat vrede maak nou eintlik hê? Sal hulle nie eenvoudig verswelg word deur die vloedgolf van boosheid nie? Wat kan die mense uitrig wie se enigste passie en aptyt in die lewe is om reg te wees voor God nie, en wie se enigste wapen reinheid van

hart is nie? Is hulle nie te swak om enige iets te vermag nie? Veral as hulle die minderheid in die wêreld is nie?

Maar Jesus deel nie hierdie skeptisisme van ons nie: "*Julle is die sout van die aarde; julle is die lig van die wêreld.*" Wie is die *julle*? Natuurlik diegene wat hy so pas beskryf het. Hulle en hulle alleen. En dit is belangrik. Nie elkeen wat homself 'n Christen noem nie, nee die wat is soos wat Jesus beskryf in Matteus 5:3-5. Maar hoor jy wat sê Hy? Julle is die sout van die *aarde*, julle is die lig van die wêreld – dit is hoe ver en hoe groot julle invloed is!

☙ *Die onindrukwekkende mense met effek…*

Onmiddellik sien ons weer die verskil tussen Jesus se waardesisteem en ons s'n. Want wat is sout nou eintlik? Dit is eintlik in vergelyking met ander dinge in die wêreld redelik onindrukwekkend. Ons sou eerder wou hoor julle is die Konings van die aarde, julle is die veroweraars van die wêreld. Maar nee! God werk altyd deur die oënskynlike swak dinge.

Van die begin af werk hy só:

- Hy kies die klein volkie Israel om Sy Naam bekend te maak.
- Hy kies 'n handjievol manne sonder swaarde om Jerigo te verwoes.
- Hy kies twaalf apostels.
- Hy verlos die wêreld van sonde deur 'n Timmerman aan 'n kruis.
- Hy keer die wêreld om deur 120 mense ná Pinksterdag.
- Hy kies om mense deur die dwaasheid van prediking te red.
- Hy kies dié wat volgens Paulus, nie baie wys is en baie magtig is en baie edel is nie, en wat verag word deur die wêreld – hulle het God uitgekies, om dié wat iets is, te beskaam (1 Kor. 1:26-28).

God kies om met sout te werk en om deur sout ’n invloed in die wêreld te hê? Maar wat is die aard van die invloed? Wel, ons moet in die samelewing wees – dit wat sout en lig gewees het vir die eerste-eeuse Palestina.

☙ *Die implikasie van Jesus se woorde?*

Die hooffunksie van sout in daardie tyd was dié van ’n *preserveermiddel*. Om verrotting te keer. Om die waarheid te sê ons gebruik dit selfs nou nog vir hierdie doel – dink maar net aan daardie lekker biltong wat ons maak. Die oomblik as ons dit sê, het dit geweldige implikasies vir wat die Here Jesus indirek hierdeur van die wêreld sê. Die Here Jesus sê hiermee, dat die *wêreld in ’n toestand van agteruitgang, van verrotting is*.

Die wêreld is geneig tot verrotting, en net Christene en Christene alleen kan hierdie verrotting teëwerk. As jy dink die wêreld is besig om vooruit te gaan, dink weer. Ja, ons mag dalk nie meer slingervelle gebruik nie, maar ons maak mekaar nog steeds dood, net baie meer gesofistikeerd; ons maak mekaar al selfs dood voor geboorte! Daar is wel ’n vooruitgang wat uiterlike dinge betref, maar wat *moraliteit* betref is die wêreld niks beter as eeue gelede nie – om die waarheid te sê as jy Romeine 1 vanaf vers 18 lees, sal jy sien dat daar geen verskil is nie. En dit is in hierdie gemeenskap waar ons en ons alleen, verrotting kan teëwerk.

Nie nuwe politieke modelle nie, nie beter opvoedkundige metodes nie, net Christene en hulle alleen, kan die wêreld keer van totale verrotting. Maar hoe keer ons die verrotting? Deur totaal anders te wees. Sout is ’n preserveermiddel, omdat dit totaal en al anders is as die medium waarin dit werk. Jy en ek sal net verrotting kan keer as ons totaal anders is en bly as die wêreld. Alleenlik as ons is en bly soos wat Matteus 5:3-10 beskryf, sal ons die verrotting in die wêreld keer.

Daar is twee ander Bybelse gebruike van sout wat hierdie funksie van sout nog verder voer en nog duideliker maak hoe ons verrotting moet teëwerk.
Esegiël 16:4 dui op die Joodse praktyk om pasgebore babatjies met sout in te vryf. Heel waarskynlik was hierdie nie bloot ’n ritueel nie, maar vir higiëniese doeleindes. Hulle het toe reeds geweet as jy higiëne aan die begin van die lewe ignoreer, dit tot siekte en dood lei. As hierdie praktyk in Jesus se gedagte was, dan is die toepassing daarvan soos volg:

Ons keer morele siekte en dood in die gemeenskap waarin ons leef as ons so gou as moontlik onsself staan maak vir God en Sy standaarde. Hoe langer jy neem om in jou skool of werk of waar jy sport beoefen te talm om te wees wat jy is, hoe groter is die kans vir morele siekte en dood in daardie samelewingsfeer. Dieselfde beginsel word geïllustreer in Rigters 9:45. Gaan lees dit gou. Nadat Abimeleg Sigem verower het, bestrooi hy die stad met sout. Die gebruik van sout in hierdie geval was simbolies en selfs moontlik effektief om die grond onvrugbaar vir die toekoms te maak. En dit is presies wat die Christen in die gemeenskap doen as hy/sy staan vir God, as hy/sy totaal anders is as hul vriende in die skool, kollegas, sport maats en op ander terreine van die lewe.

Die Christen veroorsaak dat hierdie plekke minder vrugbare grond word vir goddelose invloed. Natuurlik sal almal nie tot bekering kom nie, maar jy maak dit moeiliker vir sondige ingesteldhede en gewoontes en woorde om die norm te word onder jou vriende en kollegas. En dit sal gebeur as hulle weet en sien dat jy totaal anders is. Hulle sal nie meer vuil grappe vertel as jy in omgewing is nie, hulle sal begin dink voordat hulle oneerlik is in die besigheid waar jy teenwoordig is. Deurdat jy in jou huis die televisie afskakel as daar gemors op is, keer jy dat jou kinders se gedagtes besoedel word.

’n Mens sal waarskynlik eendag verbaas wees as jy sal sien hoeveel invloed, hoeveel verrotting, gekeer is deur eenvoudige Christene wat

gewees het wie hulle is en moet wees. Soms is dié invloed op nasionale skaal. Wat het Engeland gekeer van ’n sekere rewolusie soos die in Frankryk? Wel, die Evangeliese herlewing onder die prediking van Whitefield en Wesley. Omdat mense sout begin word het, is kinderarbeid in myne gestop, slawehandel is gestop en so kan ons aangaan. Dit het spontaan gebeur, want die sout het begin werk.

Daar is nog ’n funksie van sout, en weereens een waarmee ons bekend is en dit is die gee van *smaak*. Ja, Christene se teenwoordigheid behoort nie net tot ’n morbiede negatiewe toetsstand te lei nie, hulle behoort smaak en geur te gee aan enige gemeenskap. Ons het mos die lewe en dit in oorvloed! (Joh. 10:10).

Mense behoort bewus te wees daarvan, en veral in ons woorde en gesprekke. Paulus sê dan ook in Kolossense 4:6 dat ons woorde altyd aangenaam moet wees, met sout besprinkel. En hy sê wat hy daarmee bedoel in Efesiërs 4:29 en 5:3-4. Lees dit gerus.

Hoe meer ons oor Jesus en oor Hom as gekruisigde praat en hoe minder van onsself, hoe meer sal ons smaak gee. Onthou: die wêreld is smaakloos! Het jy dit al agtergekom? Was jy al by sosiale geleenthede of braaie, en as jy die aand teruggaan besef jy dat dit pateties is dat volwasse mense so totaal afgeplat en inhoudloos, smaakloos kan wees Hulle kan oor niks meer as die naweek se rugby praat, of hulle eie mans en vrouens afkraak nie.

Ons en ons alleen kan sout gee. Ons ken iets wat uitstyg bo hierdie wêreld en sy modder gemors.!

Daar is nog een gebruik van sout in Jesus se kultuur wat moontlik in Sy gedagte was toe Hy hierdie illustrasie gebruik het. Offers is almal met sout besprinkel – gaan lees maar Levitikus. Daar word gepraat van die *sout van die verbond van jou God* in Levitikus 2:13. Die sout van die verbond was ’n simbool van die blywende aard van die verbond en

daarom ’n simbool van getrouheid. Die feit dat die mense dit moes opstrooi was ’n simbool van die feit dat hulle hulself verbind tot getrouheid aan God. En dit is wat die Christen is. Getrou en betroubaar. Soos Josef in Farao se hof en Daniël in hof van Nebukadneser, en Johannes die doper in hof van Herodes.

Miskien sê jy: “Maar dit is darem geweldige dinge wat die Here Jesus dan van ons sê. Hoe kan Hy so met sekerheid sê ‘Julle is sout?’
Die antwoord: “Omrede Hy geweet het waarvoor Hy gekom het. Hy het geweet wat Hy gaan doen aan die kruis. Wat Hy daar gedoen het, het aan ons die status van sout gegee. Hier alreeds het Hy geweet wat Hy gaan doen.

Aan die kruis is Sy southeid aan ons toegereken. Dit het iets gekos. Ek kon nie help om te dink aan die soutwerke daar by Walvisbaai nie. Dit is ’n lang proses voordat die wit bruikbare sout daar lê. Daar moet eers water in panne gepomp word; daardie water wat geen uitloop het nie word dan al souter en pienkrooi, totdat net sout oorbly. Dit het die Here Jesus Sy lewe gekos om ons sout te maak. Hy is behandel as iemand wat deel het aan die verrotting in die wêreld, sodat ek en jy sout kan wees.

As jy jou vertroue in Jesus Christus alleen geplaas het vir verlossing van die toorn van God, dan is jy sout. Niks kan dit verander nie. Jy sal nooit weer iets anders wees nie. Net soos sout streng gesproke nooit soutloos kan word nie – net so kan niks jou status verander nie.

Maar let op: sout kan *onbruikbaar* word – dit kan gekontamineer word, en dan is dit op die paaie gegooi, want dit kon nie meer gebruik word as preserveermiddel nie. ’n Christen wat gekontamineer is, het nuttelose sout geword, want hy kan nie meer wees dit wat hy is nie. Hy is eintlik nutteloos. Dié Christen sal nooit weer ten volle by die wêreld kan inskakel en dit geniet nie, maar het al so onsuiwer geword deur

kompromieë dat hy nie meer preserveer en smaak gee nie. Nie meer arm van gees is en alles wat volg nie.

Jy is sout, maar jy moet sout bly! Is jy nog sout?

♋

Hoofstuk 11

JY IS LIG!

Matteus 5:13-16

"Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik" (AOV).
"Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik" (NAV).

Julle is die lig… In 'n sekere sin het ons hier weereens 'n soort logiese volgorde. Eers as ek totaal anders is, en leef, dan begin mense vrae vra, en dan kan ons as lig optree.

Maar weereens moet ons onsself afvra: Wat impliseer die Here Jesus as Hy sê: "Julle is die lig?"

☙ *Die toestand van die wêreld*

Jesus impliseer dat die wêreld in ’n toestand van duisternis is. En ons wat in ’n stad woon het miskien nie meer werklik ’n idee van wat duisternis is nie, maar in die Ou Nabye-Ooste, waar die Here Jesus Homself bevind as Hy hier praat, is die nagte stik-, stikdonker. Jy kan nie jou hand voor jou oog sien nie. Terloops, dit is ook rede waarom die Here Jesus na die hel verwys as buitenste duisternis. Dit was geen grap om alleen in die donkerte te wees nie.

Die Here Jesus sê dus alle mense wat deel is van die wêreld, daardie sisteem van praktyke en standaarde van die samelewing waar God en Jesus vir alle praktiese doeleindes nie figureer nie, is in totale duisternis.

Christene, soos deur die Here Jesus beskryf, *en hulle alleen,* is dus lig in hierdie duisternis. Daar is geen ander lig nie. Hoekom lê ek so klem op hierdie feit?

Omdat die wêreld altyd weer wil glo dat hulle tog lig in hulle het. As ons kyk na die geskiedenis, dan sien ons dat daar in die 15de, 16de eeue gepraat is van ’n tyd van verligting wat gekom het (*Renaissance*), toe daar sekere deurbrake op die gebied van kennis gekom het.

In die 18de eeu breek daar weer ’n tydperk aan wat algemeen in die geskiedenis as die ***Verligting*** bekend staan. As mens gaan kyk wat is die kenmerke van hierdie tyd, dan vind jy dat die mens begin oortuig raak het dat hy besig is om te ontwikkel , en dat hy al meer verstaan hoe alles ontstaan het en werk. Dit is in hierdie tydperk dat die mens homself al meer losmaak van alles bó hom.

Maar nou is die tragiese ironie dat hoe meer die kennis oor die wetenskap, meganiese en biologiese dinge ontwikkel het, hoe minder

het mense geweet hoe om te leef! Morele en maatskaplike probleme het net vermeerder.

En as ’n mens fyn kyk en luister na die geskiedenis sien jy as’t ware hoe die mensdom paniekerig geword het. Die rede? In plaas van lig het duisternis gekom. Kennis en vooruitgang het nie lig gebring nie. Nee, toe die mens op die golf van kennis en vooruitgang ry, kom twee vernietigende wêreldoorloë wat die duisternis en dierlikheid van die mens uitbring soos nooit tevore nie.

En dit is nie al nie. Sielkundige en psigiatriese deurbrake en die duisende handleidings wat daarmee gepaard gaan, bring geen afname in die verbrokkeling van huwelike en die molestering van kinders nie. Geslagsvoorligting in skole lei byvoorbeeld tot ’n toename in plaas van afname in tienerswangerskappe. Klem op selfbeeld en menseregte lei daartoe dat inbrekers wat hulself beseer in hul inbraakpogings hulle slagoffers dagvaar – en die saak wen!

Die wêreld is in duisternis. Hierdie feit is nou nog meer seker as in die tyd van Jesus. Toe die moderne mens die vensters toeplak waar God se Lig kon inkom het hy verward begin rondsteier in die duisternis.
Wat is reg en wat is verkeerd? As daar nie ’n God is met ’n vaste standaard van reg en verkeerd, en ’n God wat eendag verkeerdheid sal straf en reg beloon nie, wat is dan die verskil om ’n tannie oor die straat te help of haar om te stamp? As iets reg voel is dit mos reg.

Dit is die tyd waarin ons leef.

En omdat selfs nie die grootste ateïs tog wil vashou aan die feit dat daar iets soos reg en verkeerd is, leef die meeste mense onlogiese, teenstrydige lewens. In hierdie duisternis begin hulle al meer soek na lig, na ontsnapping. Die tragiese is dat lig altyd gesoek word in die rigting van duisternis. In dwelms en ander bisarre praktyke.

Ons moet dit besef. Die duiwel sit agter hierdie duisternis, en die ergste van alles – hy doen homself voor as ’n engel van die lig. Juis in hierdie tyd waar die mens begin agterkom dat hy in duisternis is, wil hy die mensdom laat glo dat ons nou ’n tydperk van lig ingaan. Al gehoor van die *New Age*?

As jy dink dit is ’n ouvroustorie, dan is jy oningelig. As jy hierdie beweging se tydskrifte soos die ‘Odyssey’ bestudeer, sien jy dat hulle werkers ‘ligdraers’ genoem word! En hulle beywer hulle vir liefde, vrede, eenheid en die bewaring van die natuur. Pragtig! Wat is fout?

Die Here Jesus sê: *Julle en julle alleen is die lig van die wêreld*.

☙ *Waarom is Christene alléén die lig?*

Is dit omdat ons beter mense is as die res, omdat daar inherent in ons lig was, en daarom kan Jesus ons nou vir Sy doeleindes gebruik? Nee, daar is net een rede waarom ons lig is, en dit is omdat daar Iemand in die geskiedenis was wat gesê het: *“Ek is die lig van die wêreld...”* (Joh. 8:12).

Let op: daar word nie gesê: “Ek sou graag die lig vir die wêreld wou wees,” of: “Ek wil graag die lig vir die wêreld word” nie. Nee – *Ek ís die Lig* van die wêreld. Dis nòg ’n wens, nòg ’n oproep, dis ’n feit.

Opvallend dat hierdie uitspraak beide eksklusief (net Hy is die Lig van die wêreld en niemand anders nie) en inklusief is (dit sluit die hele wêreld, letterlik die kosmos, in).

Met absolute gesag stel Jesus Homself teenoor alle ander vorme van lig wat voorgee om goddelik en verlossend te wees, teen alle ander ligbronne wat voorgee om waarheid te bring. Ook die flikkerende vlammetjie van gewaande goddelikheid in die mens, verbleek in Sy Lig.

Die lewensleuse vandag lui min of meer so: “Om tot die lig te kom, moet ons tot onsself kom, want ons is ons eie ligbron...” Jesus sê: “Om tot jouself te kom, moet jy tot die Lig kom.”

Ons as gelowiges is lig, bloot omdat Hy aan die kruis drie uur lank in duisternis gehang en God daardeur sigbaar gewys dat Hy sy Seun, soos 2 Korintiërs 5:21 dit stel, “sonde gemaak het”, en met Sy Heilige toorn sonde en duisternis gestraf het, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.

Net ’n ander manier om te sê: sodat ons kan lig word! En as ons na Hom kom, ontdek ons eers werklik wie ons is. Hy, as die Lig, kom ontbloot ons vir wie ons werklik is. Hierdie lig bedek ook. Dit veroordeel nie net ons sonde nie, dit versoen. Dit lê bloot en bevry. En ons wat dit op een of ander manier beleef het – ons is nou die lig van die wêreld, met dieselfde funksie.

Net omdat ons deel het aan Hom, is ons lig.

☙ *Wat is die lig wat ons het?*

Wat presies ís die lig wat ons het? Ek dink nie daar is ’n beter verduideliking as die een wat Paulus in 2 Korintiërs 4:4 gee nie.

> **“... sodat die verligting van die Evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie” (OAV).**

Die lig wat ons het is die kennis van die heerlikheid van God, soos dit in Jesus Christus sigbaar word. Wat is die ewige lewe? Om God te ken en Jesus Christus. Dit is Lewe, dit is Lig. En ons het dit, uit genade!

Maar miskien sê jy: "Kyk na Matteus 5:16. Is lig nie die goeie werke wat ons doen nie?" Ja, dit is, maar die werke van die Christen is nie maar net algemene werke van liefdadigheid nie. As jy na die Johannes Evangelie kyk dan sien jy dat die Here Jesus na alles wat Hy doen, as Sy werke verwys. En Hy sê vir die dissipels:

> **"Dít verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan" (Joh. 14:12).**

Ons kan nie nou daarop ingaan nie, maar in die konteks van Johannes is dit duidelik dat die 'groter werke' die verkondiging van die Evangelie insluit, dit is alles wat voortvloei uit die feit dat *Jesus na die Vader toe gaan*. Dit is alles wat ons doen vanuit die feit dat Jesus gekruisig is en opgestaan het.

Daarom is dit ook nie snaaks dat Paulus in 2 Korintiërs 4:6 na die Evangelie as lig verwys nie.

> **"Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn – dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus."**

Die Christen se werke is *dus die somtotaal* van dit wat hy doen vanuit sy verhouding met Jesus Christus, volgens Jesus s voorskrifte en tot eer van God, en die <u>kern</u> van sy goeie werke is die verkondiging van die Evangelie – dit is die groot 'ligwerk'.

Dat dit die goeie werke is, word nog meer bevestig deur die feit dat Here Jesus sê hierdie werke sal maak *dat mense God verheerlik*. En enige mens wat waarlik die Lig gesien het, kan nie anders as om God te verheerlik nie!

☙*Wat doen lig?*

Wat behoort ons effek prakties te wees? Daar is geen twyfel dat lig in die eerste plek duisternis en dinge wat in duisternis behoort *ontbloot* nie. Dit is die effek wat ons sal hê. Ja, weereens selfs nog voor ons praat sal mense bewus wees van hulle duistere dade as ons in die teenwoordigheid is. En juis daarom sal hulle ons ook haat. Soos Johannes in Johannes 3:19-20 sê: *"Die mense het die duister liewer as die lig."* En hulle kom nie na die lig nie, want hulle is bang hulle werke word bestraf.

Maar lig verduidelik ook en ontbloot die *oorsaak* van duisternis. As jy in jou huis kom en dit is pikdonker, het jy lig nodig om te sien of die krag af is, en of dat die gloeilampie geblaas is. Die Christen is die enigste een wat werklik weet waarom die wêreld in ’n toestand van duisternis is. Dit is net Hy wat weet die rede vir die duisternis is die feit dat mense nie meer God as God eer nie. Hy weet dat die oorsaak van die duisternis nie opvoeding of politieke stelsels is nie, maar mense wie se verhouding met God, die enigste bron van lig, verbreek is.

Maar lig wys ook *die pad uit duisternis uit***.** Dit is hier waar die Christen so uniek lig is. Alleen die Christen kan vir die wêreld wys dat die pad uit duisternis nie is om meer in jouself te glo en te probeer om die lig van godheid in jouself te ontdek nie – nee, die pad uit duisternis uit is juis om te erken dat jy totaal in duisternis is en niks kan doen om jou toestand te verander nie.

Dit is net die Christen wat kan sê die enigste hoop vir jou is om jou eie pogings om lig te vind te laat los, en vas te gryp aan die Lig van die wêreld, Jesus Christus. Hy alleen kan jou oorbring vanuit duisternis na die lig.

Mans, vrouens en kinders loop hulle elke dag te pletter teen sondeversperrings, hulle loop rondom ons – stukkend en bloeiend, omdat hulle nie kan sien nie, want hulle is in duisternis gehul.

Jy en ek het die Lig. Laat ons dit skyn? Net so onmoontlik as wat dit is om ’n stad op ’n berg weg te steek en net so onlogies as wat dit is om ’n lamp onder ’n emmer te sit, net so onmoontlik en onlogies is dit om lig te wees, en dit nie te laat skyn nie! En tog doen ons dit.

Wanneer laas het jy werklik met iemand wat onverskillig staan teenoor die Evangelie, gepraat oor die Lig? Of is jy te besig? Wanneer laas het jou lewe as lig mense so aangespreek dat hulle jou gevra het om vir hulle te vertel wat dit is wat maak dat jy anders optree in krisisse en probleemtye?

Of leef jy net so depressief, negatief en ongelukkig soos iemand wat in die duister is? Jy wat hier lees. Glo jy nog werklik dat die Evangelieboodskap en die Evangelieboodskap alleen, die oplossing vir mense rondom jou is. Is jy nog oortuig van die dinge wat jy met jou mond bely?

Wil jy regtig hê ander mense moet dit hê wat jy in jou binneste het? Al daardie emosies van woede, vrees?

Begin weer om na God in Jesus Christus te kyk. As dit wat die Saligsprekinge beskryf dan begin waar word in jou lewe, sal jy al meer lig wees.

Net ’n laaste gedagte: Toe Jesus hierdie woorde uitgespreek was, was Hy iewers naby die see van Galilea.

Minder as 50 kilometer suid van Hom het die Jordaan in ’n ander see gevloei, die sogenaamde Soutsee, of Dooie See. Dit was só sout dat dit dood geword het. Op sy westelike kant het daar in hierdie tyd ’n gemeenskap geleef wie se geskrifte later ontdek is en vir verskeie opslae gesorg het. Hulle was ’n monastieke gemeenskap van Esseners, wat uit die wêreld onttrek het. Hulle het hulleself ‘die seuns van lig’ genoem, maar het geen stappe geneem om hulle lig te laat skyn nie, en waar hulle gebly het, was hulle sout so nutteloos soos die neerslae op dié van die nabygeleë see. Dit is nie onwaarskynlik dat Jesus ’n betekenisvolle blik in hulle rigting kon gegooi het toe hy hierdie woorde gespreek het nie.

In die volgende hoofstuk gaan ons vinnig wegbeweeg van die Bergrede en kyk hoe Paulus ons help om te verstaan hoe ons kan lig wees, sonder om asketies te wees aan die een kan of wêreldgelykvormig aan die ander kant.

Hoofstuk 12

JY IS LIG! (Deel 2) – ’n DRAAI BY PAULUS

1 Korintiërs 9:19-23

“Hoewel ek vry is en van niemand afhanklik nie, het ek my aan almal diensbaar gestel om soveel mense as moontlik vir Christus te wen.
Vir die Jode het ek soos ’n Jood geword om Jode te wen. Hoewel ek self nie meer onder die wet is nie, het ek my vir dié wat onder die wet staan, onder die wet gestel om hulle te wen.
Hoewel ek nie sonder die wet van God is nie, maar onder die wet van Christus, het ek vir dié wat sonder die wet is, geword soos een sonder die wet om hulle te wen.
Vir die swakkes het ek swak geword om die swakkes te wen. Vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red.
Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê” (NAV).

Moet ons Paulus strategie navolg?

Die eerste ding waaroor ons moet seker wees wanneer ons so gedeelte lees is dít: Is dit vir ons almal, of is dit net iets wat apostels gedoen het. Of hoogstens wat sendelinge moet doen wat in ander kulture gaan werk?

Wel, die antwoord kom uit een van die duidelikste kommentare op hierdie woorde wat Paulus self geskryf het in die volgende hoofstuk. Kyk gou na 1 Korintiërs 10:31-11:1:

> **“Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God. Moenie aanstoot gee nie, nie aan Jode of aan Grieke of aan die gemeente van God nie. Maak soos ek: ek probeer om almal in alles tegemoet te kom. Ek soek nie my eie**

belang nie maar dié van baie ander, sodat hulle gered kan word. Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg."

Die saak op die tafel is hier dieselfde as in 1 Korintiërs 9:19 en verder, naamlik: Hoe moet daar in verhouding gestaan word met Jode sowel as Grieke om hulle vir Christus te wen. In die taal van die Saligsprekinge: "Hoe moet ek my lig laat skyn, sodat Jode sowel as Grieke bereik kan word en ek getrou kan bly aan God?" Of in ons idioom: "Hoe moet daar met mense wat totaal sonder die God van die Bybel lewe aan die een kant en met godsdienstige mense aan die ander kant omgegaan word, om hulle vir Christus te wen?"

"Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God" (1 Kor. 10:32). "*Moenie aanstoot gee nie, nie aan Jode of aan Grieke of aan die gemeente van God nie"* [*m.a.w pas aan soveel as jy kan, sonder om te sondig*] (1 Kor. 10:33). Maak soos ek: ek probeer om almal in alles tegemoet te kom. Ek soek nie my eie belang nie maar dié van baie ander, sodat hulle gered kan word.. [Dit is dieselfde as 1 Kor.9:22: *"Vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red."*]

En dan kom die antwoord op ons vraag baie duidelik in 1 Kor. 11:1: *"Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg."*

Die antwoord op ons vraag is dus duidelik. Dit wat in 1 Korintiërs 9 beskryf word, is nie net 'n apostel, of spesiale sendelinge se lewenstyl nie. Dit was bedoel vir al die Korintiër-Christene om na te volg. En dus vir ons ook. Paulus het Christus nagevolg, en hy wil hê ons moet hom navolg. Dus, ten diepste volg ons dan nie vir Paulus na nie, maar Christus.

Die boodskap is dus uiters relevant vir ons. Leef ons so? Is dit hoe jy jou lig laat skyn? Gebruik ons vryheid, soos Paulus, om ander mense te red?

☙ *Wat is Paulus se doelwit?*

Hoekom het Paulus homself ’n slaaf van almal gemaak. Wou hy *‘cool’* wees/‘in’ wees. Iets bewys? Hoekom word hy ’n Jood vir die Jode en ’n Griek vir die Grieke? Hoekom word hy vir die een klomp soos iemand sonder die wet, en plaas homself onder die wet vir die swakkes?

Hoekom doen hy dit? Hoekom moet ons dit doen?

Dit is geweldig belangrik. Paulus vra vir ons in die lig van 1 Korintiërs 10 om hom na te volg *in iets wat nie vanselfsprekend en natuurlik by enige Christen kom nie*. Die ‘laat skyn’ van Jesus, is iets wat nie altyd so maklik kom nie! Baie belangrik! Wat was dus sy doel met hierdie vreemde manier van leef?

☙ *Om ander te wen*

Hy sê vyf keer hier dat hy ander mag wen. 1 Korintiërs 9:19: “…*om soveel mense as moontlik vir Christus te wen*.” 1 Korintiërs 9:20: “ … *om Jode te wen ...onder die wet gestel om hulle te wen*.” 1 Korintiërs 9:21: “ … *sonder die wet om hulle te wen*.” 1 Korintiërs 9:22: ‘…*om die swakkes te wen*…”

☙ *Om te red*

Hy maak dit dus vyf maal duidelik dat sy doelwit met sy aanpassings is om mense te wen. Maar dan in sy opsommende stelling in 1 Korintiërs 9:22 maak hy dit duidelik: “*Vir almal het ek alles geword om in elk*

geval sommige te red." Hy stel dus sy doelwit bietjie anders hier. Vyf keer was dit om mense "te wen" en nou is dit om mense "te red".

☙ *Om deel te hê aan die vrug van die Evangelie*

In 1 Korintiërs 9:23 gee hy sy laaste doel: *"Dit alles doen ek ter wille van die Evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê."* Dit moet gelees word in die lig van 1 Korintiërs 9:27. Dit is 'n geweldige uitspraak. As ek wil deel hê aan daardie vrug wat die Evangelie wil bereik, die eindproduk van die Evangelie, moet ek aanpassings maak om ander te wen, anders het ek dalk geen deel aan die uiteindelike saligheid nie.

Dit was Paulus se rede. Maar waarvan wil hy hulle red? Waarvan kan hy self dalk nie gered word as hy dit nie doen nie?

☙ *Gered van die toorn van God*

Die mees voor die hand liggende antwoord word gegee in Romeine 5:9: "*Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in Sy bloed, deur Hom gered word van die toorn*."

Van al Paulus se gebruike van die woord 'red' in sy briewe is dit die een plek waar hy eksplisiet vir ons stel waarvan ons gered word. As ons ons geloof in Christus plaas, word ons gered van "*God se toorn."*

Dit is dus die doelwit agter Paulus se "*alles word vir almal*." (Verse 22): " *Vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red* " – van die toorn van God. Die Evangelie is die goeie nuus dat God 'n weg gebaan het om ons te red van Sy regverdig toorn oor sonde. In 1 Tessalonisense 1:10 sê Paulus: "… *en dat julle Sy Seun wat Hy uit die*

dood opgewek het, uit die hemel verwag, Jesus deur wie ons gered word van die oordeel wat kom."

☙ *Deelnemer aan die ewige lewe*

Dit is *waarvan* Paulus mense wil red wanneer hy sy hele lewenstyl aanpas. Maar nou is die vraag: *Waarvoor* wil hy hulle wen. Of dan: In watter voordele van die Evangelie wil hy, Paulus deel wanneer hy gered word van die toorn wat kom?

Jesus vertel vir ons wat die alternatief tot die oordeel/toorn van God is. In Johannes 3:36 lees ons: "*Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom.*"

Die alternatief tot die toorn van God wat op ons bly, is die ewige lewe. Dit is waarvoor Paulus mense wil wen. Dit is waarvan hy 'n deelgenoot wil wees.

Nou weet ons dus wat ons doelwit is, of dan wat ons doelwit moet wees. Om mense te red van die toorn van God en te wen vir die ewige lewe en in die liefhê van mense op hierdie manier, bewys ons die realiteit van ons geloof en dit bevestig dat ons deel in die Evangelie.

☙ *Glo ons werklik die toorn van God is aan die kom?*

'n Vraag wat nou onwillekerig by ons opkom is die volgende: Is een van die redes waarom ons so min doen om ander te wen en ons lig te laat skyn, nie juis omrede ons nie glo dat die toorn van God aan die kom is nie? Is dit dalk hoekom ons tevrede is dat daar geen rowwe sondaars ooit in ons midde verskyn nie – net my lekker gemaklike, warm, groepie?

Vir baie mense vandag word die goeie nuus van Jesus Christus feitlik hoofsaaklik gesien as nog ’n strategie om ons sielkundige behoeftes te hanteer – onder andere depressie, hartseer, alleenheid, woede, lae selfbeeld, vrees. Natuurlik het die Evangelie ’n impak op al hierdie dinge.

Verseker. Maar dit is nie wat dit *die Evangelie (*goeie nuus) maak nie! As die Evangelie nie een van hierdie dinge waarvan ons nou gepraat het, sou aanraak nie, sou dit steeds onuitspreeklike goeie nuus wees. Glo jy dit?

Wat die Evangelie goeie nuus maak, is dat ek alreeds vrygespreek is in die hemelse hofsaal. Daar is geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie. Die skuldigbevinding tot ewige, heilige toorn, is in my geval omgekeer. Jesus het dit in my plek geneem. En daarom 1 Tessalonisense 5:9 waar ons lees: “*God het ons tog nie bestem om gestraf te word nie, maar om deur ons Here Jesus Christus verlos te word*.”

Maar vir die wat nie die Evangelie omhels nie, is daar’n reuse verskil! Romeine 2:5 sê: “*Maar deur jou verharding en jou onbekeerlike hart is jy besig om vir jouself straf op te gaar vir die oordeelsdag, wanneer God sy regverdige oordeel sal uitspreek*.”

Ek wonder of ons dit glo. Daar is baie min in die kultuur rondom ons wat ons dit laat glo. Dit is ontsaglik ver verwyder van wat die meeste mense dink. Daar kom ’n dag van toorn en regverdige oordeel van God. Elkeen, sê Paulus, sal verslag gee oor homself – aan God (Rom. 14:12). En daar is net twee uitsprake:

- Skuldig/onskuldig.
- Ewige lewe of ewige oordeel (Matt. 25:46).

As dit nie deel is van jou denkwêreld nie, as jy nie baie hieroor dink nie, dan sal dit vir jou moeilik wees om die bewustheid van hartseer en erns vir die verlore mense rondom jou te deel.

Wat ons almal nodig het om te doen, is om die toorn van God wat aan die kom is, te bedink, daaroor te reflekteer – die realiteit van die toorn van God. Totdat dit nie dieselfde rol speel in ons wêreldbeskouing soos wat dit in Paulus s'n gespeel het nie, sal ons nie 'n passie hê vir die mense om ons nie en sal ons vanuit on gemakstoele enige iets doen om onsself te verontskuldig dat on nie ons lewenstyl aanpas om ander te bereik nie.

☙ *Wat is Paulus se strategie om ander te wen?*

Sy strategie is om Sy *Christelike vryheid te gebruik om 'n slaaf vir almal te word*. In 1 Korintiërs 9:19 lees ons: "*Hoewel ek vry is en van niemand afhanklik nie, het ek my aan almal diensbaar gestel om soveel mense as moontlik vir Christus te wen."* Ek gebruik my vryheid om 'n dienskneg te word.

☙ *Die strategie van liefde*

Dit is natuurlik die strategie van liefde. Dit is presies wat hy ook in Galasiërs 5:13 sê: "*Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde."* Dit is wat Paulus doen in 1 Korintiërs 9:19.

Dit is wat Paulus en Jesus bedoel met liefde.

☙ *Sy verhouding tot die wet*

Om Paulus se strategie te verstaan, moet jy sy uitsprake rondom die wet verstaan. Kyk eers na 1 Korintiërs 9:20b: "*Hoewel ek self nie meer*

onder die wet is nie, het ek my vir dié wat onder die wet staan, onder die wet gestel om hulle te wen." Hy sê dus hy is nie meer onder die wet nie. Tweedens, in vers 21 sê hy: "Hoewel ek nie *sonder die wet van God is* nie, maar onder die wet van Christus, het ek vir dié wat sonder die wet is, geword soos een sonder die wet om hulle te wen." Hy sê dus in die tweede plek hy is nie sonder die wet van God nie. Eerstens is hy nie *onder* die wet nie, maar tweedens is hy nie *sonder* die wet van God nie. En nou, derdens sê hy in vers 21b "maar onder *die wet van Christus."*

Hier is dus sy 3 stellings:

- Ek is nie onder die wet nie.
- Ek is nie sonder die wet van God nie.
- Ek is onder die wet van Christus.

Kom kyk eers na: *"Ek is nie onder die wet nie."* Wat bedoel Paulus? Wel, hy bedoel hy is nie meer onder die ou bedeling, die ou verbondsisteem, wat ook bekend staan as 'die wet' nie (Gal. 3:24-25). Hy is nie meer onder die wet as 'kinderoppasser' nie (Gal. 3:25). Die woord wat daar gebruik word is *paidagogos. (Die paidagogos het die kinders oral heen vergesel en opgepas in daardie tyd*).

Paulus is nie meer onder die wet as 'n sisteem van kinderregulasies vir Israel vir 'n tydperk totdat Jesus sou kom nie. Daar was 'n tydperk waar Israel allerhande wette gekry het in verband met dae en feeste en tye, voedselwette en reinigingswette wat hulle afgeskei het van die heidene. Sentraal tot hierdie wet was die tempel. Net sekeres, die sogenaamde reines mag daar ingekom het. Hierdie hele wet was dus as't ware 'n skeidsmuur tussen hulle en die nasies. Dit was vir 'n tyd gegee – tot en met Christus se koms (Gal. 3:19). Met die koms van Christus is hierdie muur egter afgebreek:

> **"Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep."** (**Ef. 2:14-15)**

In Jesus se lewe sien mens die duidelikste hoe iemand gelyk het wat nie meer onder die wet was nie. Hy en sy dissipels pluk koringare op die Sabbat, Hy genees mense op de Sabbat. Dit het die Jode teen die mure uitgedryf. Hy raak onreines aan, melaatses, dooies. Waar die Jode hulle onttrek het van hierdie mense om 'heilig' te bly kom Jesus en Hy raak hierdie mense aan en Hy word nie onheilig nie, maar hulle word heilig. Hy eet saam met die tollenaars en sondaars – ongehoord vir 'n Jood onder die wet. Hy kry dan ook die titel vraat en wynsuiper. Jesus was nie meer onder die wet nie.

Paulus sê ek is nie meer onder die wet nie. Hy sê ook hy is nie sonder die wet van God nie.

Wat bedoel hy? Wel, dit: Alhoewel die klomp regulasies vir Israel tydelik was, was daar en sal daar altyd onderliggende die 'eintlike' wet van God wees – en ons weet wat dit is. Jy moet God liefhê en jou naaste soos jouself. Dit is God se wet en dit bly so.

Dit bring ons by die laaste uitspraak: "*Ek is onder die wet van Christus."* Die wet van Christus, is as't ware die vorm wat die onderliggende wet van God nou aanneem onder die Nuwe Verbond. Die term word net een keer elders gebruik, naamlik in Galasiërs 6:2: *"Dra mekaar se laste."*

Die wet van Christus is die opofferende kruisliefde van Christus. Hierin vind die onderliggende wet van God Sy uiteindelike vervulling. Uitreikende liefde ook vir diegene buite Israel. En dit is daardie liefde wat jou dryf om alles vir almal te word om sommige mense te wen.

Hoe het dit dus in praktyk vir Paulus gewerk? As Paulus ’n Jood wat nog nie’n Christen was nie, oorgenooi het na sy huis, , het hy nie ’n stuk vark geëet en op die Sabbat sy tente reggemaak met sy Griekse oorjas nie. Hoekom nie? Hy is vry hiervan, hy is nie meer onder die wet nie. Ja, maar hy plaas homself as’t ware onder hierdie wet om hierdie Jood te red van die oordeel en te wen vir die ewige lewe. Hy wil dus nie hê iets wat hy eet, of dra of doen, moet hierdie Jood wegjaag voordat hy hom in aanraking met die Evangelie gebring het nie.

Maar aan die ander kant. Wat gaan Paulus doen as hy ’n Griek oornooi? Hy gaan nie sê; “Jong jy kan kom kuier, maar net op die Sabbat” nie. Hy gaan nie as die Griek met sy varkvleis, wat hy nou net vir sy god in ’n heidense tempel geoffer het, vir hom sê: “Jammer ek kan nie met jou praat solank as wat jy besig is met hierdie gruwelike goed” nie. Hoekom nie? Wel, hy wil niks doen wat kan maak dat hierdie Griek nie die Evangelie kan hoor nie. En as Paulus kan, dan haal hy hulle digters aan, heidense digters, om sy punt duidelik te maak – gaan loer maar in Handelinge 17. Hy weet wat hulle dink, hoe hulle dink, hy lees hulle digters se werke, al haat hy hulle afgode.

En Paulus wil hê die gemeente in Korinte moet dit ook hoor. Moenie iets in julle byeenkomste sê of doen wat gaan maak dat hierdie Griekse heidene nooit weer kom om die Evangelie te hoor nie – en gered te word nie. Doen alles om hulle te red.

Jy sien wat dryf Paulus om hierdie aanpassings te maak? Wel, liefde!

Is daar gevare? Verseker. Die oomblik as jy jouself ’n slaaf maak vir almal, om sommige te red, is jy op die rand van probleme. As jy weer in

die proses is om die iemand onder die wet te bereik, of self weer onder die wet kom – as dit weer vir jou voel sekere dinge maak jou meer aanvaarbaar voor God – dan sondig jy. En jy water die Evangelie af wat dit duidelik maak dat God diegene red wat nie werk nie (Romeine 4).

As jy in die proses om die Griek te bereik, heimlik begeer om al meer soos ’n Griek te leef en jy begin bewonder die Griekse filosofie en dit begin jou meer interesseer as die Evangelie en jy begin hulle feeste bywoon, nie om Grieke te wen vir die Evangelie nie, maar omdat sekere dinge wat hulle daar doen jou vleeslike begeertes aanwakker – wel dan het jy die lyn oorgesteek.

Hierdie radikale lewe van liefde om ander te wen, of dan om jou lig te laat skyn – is ’n mespuntlewe. Jy moet jouself dophou. Jy moet biddend leef.

En dink julle sien **die toepassing vir my en jou**.

Daar is ’n paar sake waarmee ons in die lig van wat ons nou gesien moet worstel as ons ons lig wil laat skyn:

- **Wat is sonde en wat is wettiese reël of kultureel-bepaalde voorkeure?** As ons wil wees soos wat Paulus was, sal ons ook moet duidelikheid kry oor **wat is sonde** en wat is wettiese, of kultureel-bepaalde sondes. Musiek, kleredrag, kos, drank – hierdie dinge is nooit in sigself sonde nie. Sonde is as jy God nie liefhet en jou naaste soos jouself nie. Daar kan ’n persoon in jou gemeente sit wat nog nooit sy lippe aan drank gesit het nie en nie rook nie, maar as jou hart vol hoogmoed en afguns is, dan is jy minder aanvaarbaar voor God as die ou wat 80 sigarette per dag rook en saam met elke ete ’n glas whisky drink! Is dit nie wat Jesus ten diepste in Markus 7 sê nie? Ons sal dus moet vra: Wat is sonde? Ons mag nie mense wegdryf deur dinge wat ons beskou as sonde en in die proses veroorsaak dat hulle nooit die

ware sonde raaksien, naamlik die feit dat hulle Jesus Christus verwerp nie (Joh. 16:9).

- **Wat is die Evangelie en wat is reaksie op Evangelie?** Die Evangelie is nie bekering of geloof of ’n heilige lewe nie. Die Evangelie is die goeie nuus van dit wat God in Christus Jesus vir ons gedoen het (vgl. Rom. 1:1-4; 1 Kor. 15:1-11).
- **Wat is die kerk?** Dink ons nie maar steeds die kerk is die gebou waar ons bymekaarkom nie? Wel, dit is nie! Die feit dat die geboue waar ons Sondae bymekaar kom nie tempels is nie, is uiters belangrik. As prostitute daar sit, soos hulle is en mense van die straat af met drankasems, gaan ons sê – julle kan nie so hier inkom nie? Nooi ons hulle nie, omdat ons dink hierdie gebou is die kerk? Wel dan is ons nog onder die wet. Hierdie is net ’n gebou waar hulle die Evangelie kan hoor. Die tempel is ons, ek en jy. As ons sê hulle kan lidmate word en deel wees van Christus, maar hulle hoef nie te verander nie en hulle kan aangaan met prostitusie – ja dan steek ons die lyn oor.

Is daar **gevare** vir ons **om radikaal missionêr te wees**? Ja, as jy in die proses om ander met die Evangelie te bereik, nie let op jouself nie en jy laat jou weer intrek deur die vreugdes en plesiere van die wêreld, in plaas daarvan dat jy jou vreugde vind in God. Met ander woorde, as jy weer wêreldgesind word, wat is dit? Wel, gaan lees bietjie weer *1 Johannes 2:15-17*!

Ja, verseker is daar gevare as jou predikant sou sê hy gaan nie meer die Bybel eerlik eksegeties, boek vir boek onder leiding van die Gees hier uitlê nie, maar net stories vertel en net allerhande dinge doen waarvan mense sal hou.

Maar ek dink die groot gevaar by sommige gereformeerdes, konserwatiewes vandag – en ek beskou myself as een van hulle – is dat ons nie genoeg gedryf word deur die realiteit van die oordeel en die ewige lewe nie. Die groter gevaar vir ons is dat ons in die kerkgeboue

sit en nie meer bereid is om enige aanpassings of opofferings te maak om mense te red van die oordeel, vir die ewige lewe nie.

As ek glad nie meer weet wat vir nie-Christene om my belangrik is, hoe hulle dink oor die lewe, waarmee hulle worstel nie – hoe kan ek in liefde by hulle aansluit en die Evangelie bring?

En dit kan ook die groot gevaar wees vir gemeentes. Ons is tevrede om netjies en skoon en gelukkig in ’n gebou te sit en ons wil asseblief net ’n goeie preek hoor. Maar daar mag niks gebeur wat my biejie ongemaklik laat voel nie en niemand mag inkom wat te vreemd is nie. As die musiek bietjie snaaks vir my klink, is ek kwaad. Dit pas my nie.

Om op te som: Christus het gesterf om ons vry te maak. Vry van die toorn van God en vry van die liefdelose beperkings van die ou wetsisteem. Vry vir liefde en die ewige lewe.

Gebruik ek en jy ons vryheid om die hierdie goeie nuus duidelik te maak? Of is ons so separatisties dat ons geen kontak meer het met ongelowige nie; of is ons so wêrelds dat ons niks anders en beter en heerliker het om hulle te bied nie?

Mag die Here ons die genade gee om alles vir almal te word, om sommige mense te wen!

Ek hoop hierdie hoofstuk het jou gehelp om beter te verstaan hoe jy lig moet wees! Hierdie hoofstuk het jou hopelik ook sommer reeds voorberei vir die volgende gedeelte in die Bergrede.

Hoofstuk 13

JESUS, DIE WET EN JY

Matteus 5:17-20

"Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.
Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.
Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.
Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie" (OAV)

Die konteks van Matteus 5:17-20

In die eerste hoofstukke van Matteus, vóór die Bergrede, val die fokus op die persoon en sending van Jesus Christus. Jesus is die Seun van Abraham en Dawid, die Seun van God, Hy is die een wat die beloftes van die Ou Testament vervul (Matt. 1:1).

Jesus is God se gawe van genade, die Een deur wie die vernuwing van Israel plaasvind. Aangesien Matteus by uitstek vir 'n Joodse gehoor skryf, haal hy herhaaldelik uit die Ou Testament aan en maak gebruik van die formule "*sodat die woord vervul sou word wat die Here deur die profeet gespreek het"* (Matt. 1:22; 2:15,17,23; 4:14).

Jesus word in Matteus voorgestel as die korporatiewe verteenwoordiger van Israel, in Wie en deur Wie die beloftes aan Israel vervul word.

Mattheus 1-4 dui aan dat Jesus se lewe analoog is tot die lewe van Moses en die status van Israel as ’n volk. Dit is selfs moontlik om ’n chronologiese parallel te sien tussen die gebeure in Matteus en dié van die volk Israel. Hier kan gedink word aan die volgorde van woestyn-rivier-berg (Sinai) in die geskiedenis van Israel en die volgorde woestyn (versoeking van Jesus) - rivier (doop) en berg (Saligsprekinge) in Matteus. Telkens binne hierdie vloei van gebeure word die term ‘vervul’ dan ook aangetref.

Reeds hieruit verwag ons dat dit wat ons in die Saligsprekinge kry, iets *soos* die wet van Moses sal wees, maar tog ook baie anders en meer.

Ons het nou alreeds gesien dat die struktuur van die Saligspreking ons ’n antwoord gee op die geregtigheid wat Jesus vereis, wat meer as die wet van Moses is. Onthou jy? Gaan kyk maar weer daarna.

> **Geregtigheid hier, is om barmhartigheid te bewys aan ander mense. En geregtigheid is om rein van hart te wees voor God wat alleen die hart kan sien en geregtigheid is om elke poging aan te wend om vrede te maak.**

Daar mag meer daarin wees as net dit – maar dit lyk vir my of dit die fokus is van hierdie verse en van hierdie hoofstuk: barmhartigheid, reinheid en die maak van vrede.

En nou, baie belangrik: Dit is die ‘gebooie’ van Jesus op die berg! Dit is die geregtigheid wat meer is as die Fariseërs s’n.

Interessant is ook die feit dat Jesus se ‘sout en lig’-uitsprake wat as’t ware ’n opsomming vorm van die Bergrede tot op daardie punt. As Sy mense so leef, sal hulle sout en lig wees. As sout verseker hulle dus die voortsetting van Israel se roeping. Wat lig betref, wys Jesus Sy dissipels

aan om ’n “stad op ’n berg te wees”, wat die nasies verlig. Hierdie lig neem die vorm aan van goeie dade wat die geregtigheid reflekteer van die lig van God.

Dit is duidelik dat die dissipels veronderstel is om die *eskatologiese* stad te wees waarvan die lig die teenwoordigheid van die Here reflekteer (Jes. 60:1): *“Kom, Jerusalem, laat skyn jou lig! Vir jou het die lig gekom, die magtige teenwoordigheid van die Here het vir jou lig gebring.”*

Die dissiples moet ook diegene wees wat God se weë aan die nasies leer, sodat hulle daarin kan leef: “*Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem*” (Jes. 2:3).

Indien die eskatologiese[1] interpretasie van Matteus 5:15 korrek is, dan word dit duidelik waarom Matteus *op hierdie punt* die wet bespreek in Matteus 5:17-48.

> **Ons sou dus voorlopig kon sê dat die wet waarna Jesus in die Bergrede verwys, as die “vervulde” wet, niks anders is nie as die wet vanuit Sion, wat bedoel is vir die nasies. Dit is die uitleef van hierdie wet, wat van die dissipels ’n lig vir die nasies sal maak.**

Die hele konteks tot en met Matteus 5:17-20 skep dus die verwagting dat ook dit wat hiér gevind word te make het met ’n groter,

---

1 Baie mense gebruik die woord eskatologie bloot om te verwys na dinge wat by die wederkoms gaan gebeur. Maar ons gebruik dit in hierdie boek bietjie anders. Kom ons kyk na die woord self. *Eschatos* beteken *laaste*. Dit dui op die afhandeling van God se werke. Die woord *einde* (*telos*) het nie net met die einde van ‘n tyderk te doen nie. Dit gaan oor die einddoel, die doel wat God uiteindelik gaan bereik. In hierdie boek gaan jy sien dat hierdie einddoel reeds in Jesus bereik is. Toe Hy kom, toe kom die einde!

eskatologiese geregtigheid en standaard as wat die geval was in Israel. Hier het ons te make met die Een wat groter is as Moses/Israel en wat dié se rol op Hom neem, maar dit tot ’n heerliker, groter eskatologiese hoogtepunt bring. Met hierdie verwagting moet Matteus 5:17-20 nou benader word.

☙ *Matteus 5:17-20 van nader beskou*

Dit beteken dat daar ’n samehang is tussen verse 3 tot 16 en 17 tot 48 nie. Dit blyk uit Matteus 5:17 wanneer Jesus sê: “*Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie.”*

Die vraag ontstaan dan natuurlik: “Beteken dit nou dat Hy afgesien het van die openbaring van God en dat Hy Sy eie openbaring in die plek daarvan stel?”
Geensins. Matteus 5:17 sny dié gedagte af (vergelyk Matt. 10:34 vir soortgelyke retoriek) – “*Moenie dink dat ek gekom het om...*”

Wat word bedoel met ‘vervul’? Die eenvoudigste definisie is: *om te veroorsaak dat iets vol word – om te vul!*

Terloops die woord ‘vervul’ het nooit die betekenis van bevestig in Grieks nie!

Dit is opvallend dat die woord wat met *‘ontbind’* gekontrasteer word, nie *‘gehoorsaam’*, *‘bevestig’* of ‘*afdwing*’ is nie, maar *‘vervul’*. Dit is juis hierdie woord wat in die bekende gedeeltes wat op die vervulling van die Ou Testament dui, gebruik word om te beklemtoon dat verskillende aspekte van Jesus se lewe ’n vervulling van die profesieë is.

Die omgekeerde volgorde in Matteus 11:13 (profete en wet) beklemtoon die profetiese dimensie van die wet. Dit waarna die Ou

Testament vooruit gewys het, breek in Jesus aan, maar terselfdertyd word dit in Hom getransendeer sonder om dit af te skaf.

Die eintlike beliggaming van God se wil is nou in Jesus, eerder as in die Ou Testament. Dit gaan vir Matteus daarom om ’n Christologiese verstaan van die wet.

Ons sou kon sê vervul beteken hier dat dit wat tot nou toe nog as’t ware oop was, nou gerealiseer kan word.

So gesien, het Jesus nie in Israel opgetree om die openbaring van God in geheel (wet) of gedeeltelik (profete) tot niet te maak nie. Hy het juis gekom om te realiseer wat nog ontbreek en oopstaan.

Dit wat ontbreek en oopstaan is juis weer die Christologiese (Christusgevulde) verstaan van die wet!

In Matteus 5:18 verleen Jesus onderbou hieraan met ’n gesaghebbende verklaring (want) normaalweg bevestig mense met amen, wat ’n ander een sê. Jesus verleen egter self gesag aan Sy eie woorde deur die ἀμὴν λέγω ὑμῖν (voorwaar Ek sê vir julle) daarby te voeg. Wie Hom hoor, hoor die Vader. Dit is asof Jesus dikwels ’n onhoorbare uitspraak van ’n onsigbare spreker luid hoorbaar bevestig met sy ‘amen’. Hierin kom iets van die feit dat Hy bekend maak wat die Vader hom gegee het, na die oppervlak.

Dit gee die versekering dat nie een jota of tittel van die wet sal verbygaan totdat alles gebeur het nie. Die jota is die kleinste letter van Hebreeuse alfabet en die tittel is ’n hakie aan sommige letters – in Afrikaanse idioom sou ons kon sê: nie een punt op die ‘i’ sal verlore gaan nie.

Matteus 5:18 verkondig nie die ewige geldigheid van die wet nie, maar leer dat geen woordjie in die wet sonder rede (of dan verniet) geskryf is nie.

Alles sal tot sy doel kom; alles wat aangekondig is, sal gebeur. Wanneer die hemel en die aarde verbygaan en die nuwe geskiedenis aanbreek, sal die tyd van die openbaring deur wet en profete verby wees. Maar voor dit sal ook alles uit wet en profete *tot die bedoelde* vervulling gekom het. Die waarde van Matteus 5:18 is dat Jesus ’n waarborg gee vir die vervulling van hierdie belofte. Hy het gekom om te vervul en *Hy sal sorg dat niks uit die openbaring van God (die wet) onvervuld bly nie*.

Ná hierdie waarborg in vers 18, is vers 17 voldoende gesteun: Mense moenie dink dat Jesus deur Sy onderwys (Matt. 5:3 tot 16) wet en profete wegskuif nie – inteendeel.

In Matteus 5:19 gaan dit oor die houding van die luisteraars: *“Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemel.”* Die vertaling hier kan misleidend wees. Hier staan in die Griekse teks duidelik: “**een van hierdie klein gebooie**.” Sommige laat hierdie uitdrukking terugslaan op vers 18 (geen jota of tittel sal verbygaan). In vers 18 word dit egter nie ‘klein gebooie’ genoem nie.

Deeglike eksegese van Matteus 5:17 tot 18 lei mens daartoe om in die verse vermelding te vind van God se openbaring (wat vervul word) maar nie van gebooie (wat gebreek word) nie.

In die lig daarvan kan vers 19 moeilik ’n gevolgtrekking wees by die waarborg wat Jesus in vers 18 gee.

Belangrik: Jesus se gebooie is die vervulling van die wet, en daarom as jy dit breek...

Ander verklarings laat die uitdrukking '*die minste van hierdie gebooie*' vooruit sien op die gebooie wat Jesus in Matteus 5:21 tot 48 gee. Die nadeel van so 'n verbintenis is egter dat vers 19 dan moeilik te begryp is in 'n slotsin – "wie dus." Indirek is hierdie verbintenis egter wel aanwesig, in soverre die gebooie in Matteus 5:21-48 'n nadere uitwerking kan bied van die Saligsprekinge in Matteus 5:3-16.

Die uitdrukking '*een van hierdie kleinste gebooie*' wys terug na die gebooie wat Jesus self in die vorm van Saligsprekinge uitvaardig aan die begin van die Bergrede.

Hy verorden daar aan wie die hemelryk toekom. In die oë van mense wat vertroud is met die wet en die profete en die 'groot' nuwe wette wat die hemelryk verwag (Deut. 18:15), is dit maar 'klein' gebooie – dinge oor barmhartigheid, reinheid, vrede ensovoorts. (Hulle sal nooit van die wet van Moses as 'klein gebooie' praat nie).

In die lig van die feit dat Jesus gekom het om God se openbaring (die wet) te vervul, sal mense met hierdie 'klein gebooie' terdeë rekening moet hou. Juis omrede Hy die openbaring en die belofte van God realiseer en die hemelryk bring, sal mense die 'klein gebooie' nie kan verontagsaam nie.

Wie dink om in die ryk van die Vader in te gaan met geringskatting van Jesus se gebooie, sal juis in hierdie ryk gering geskat word. Maar wie in die Ryk van die Vader wil ingaan met eerbied vir die gebooie van Jesus, sal 'n eervolle onthaal vind en groter opdragte kry (Matt. 25:21, 23).

In Matteus 5:20 word bevestig dat die geregtigheid oorvloediger moet wees – meer as dié van die wetgeleerdes en Fariseërs. En ons het nou reeds gesien dat die geregtigheid waarvan Jesus praat, dit is wat in die Saligsprekinge uitgelig word en in Matteus 5:19-48 bevestig word! Dus: Die 'klein gebooie' is verseker dit waarna Jesus verwys in die

Saligsprekinge! Christus handhaaf die geregtigheid wat hulle leer op grond van die wet of profete. Maar Hy wil dat Israel naas die onderwys van die wetgeleerdes en Fariseërs, ook Sy onderwysing ter harte neem en Sy woorde sal hoor en doen (vgl. Matt. 7:24, 26). Naas die onderwys van die wetgeleerdes kom nou die "*Ek sê vir julle*" van Jesus wat gekom het om God se openbaring te vervul. Dit is soos ons gesien het, 'n bevestiging van wat Hy in die Saligsprekinge uitlig as geregtigheid.

Die logiese gedagtegang van vers Matteus 5:17-20 kan dus soos volg saamgevat word:

Omrede Jesus God se wet juis kom vervul (Matt. 5:17, gesteun deur vers 18), sal elkeen wat God liefhet ook respek hê vir Sy gebooie oor die ingaan in die Koninkryk (Matt. 5:19, gesteun deur vers 20).

Israel leef onder die seën van die wet en die profete en word geroep om die gebooie van Jesus op hulle te neem, aangesien Hy die wet en die profete vervul en God se beloofde Koninkryk sal realiseer.

Jesus gaan nou verdere voorbeelde van sy gebooie gee in terme van 'n vergelyking tussen die geregtigheid van die wetgeleerdes en dié van Sy eie gebooie. Let wel, in die lig van Matteus 5:17-20 is daar geen antiteses nie, omrede die *Wet van Moses (Tora)* nie omvergegooi word nie, maar vervul word!
Struktureel gesien, bestaan Matteus 5:21-48 uit ses paragrawe, wat elkeen die waarheid van Matteus 5:17-20 illustreer:

Moses verbied moord.
Jesus verbied kwaad word.
Moses verdoem egbreuk.
Jesus verdoem die gedagte wat lei tot egbreuk.
Moses laat egskeiding toe.
Jesus beperk daardie toelating.

Moses gee reëls vir die neem van ’n eed.
Jesus se reël is dat geen eed geneem moet word nie.
Moses beveel die voorskrif, “’n oog vir ’n oog, ’n tand vir ’n tand” aan.
Jesus ontken die voorskrif se toepassing op persoonlike geskille.
Moses vereis liefde vir die naaste.
Jesus vereis liefde vir die vyand, in effek – liefde vir almal.

Hierdie paragrawe waarvan die basiese inhoud hierbo gegee word, word almal ingelei deur variasies in die formule:

a) Julle het gehoor dat daar aan die mense van die ou tyd gesê is ...

b) ... maar ek sê vir julle ...

a) Julle het gehoor dat daar aan die mense van die ou tyd gesê is ...

b) ... maar ek sê vir julle ...

a) Daar is ook gesê: ...

b) ... maar ek sê vir julle...

a) Verder het julle gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is ...

b) ... maar ek sê vir julle ...

a) Julle het gehoor dat daar gesê is …

b) ... maar ek sê vir julle ...

a) Julle het gehoor dat daar gesê is …

b) ... maar ek sê vir julle ...

Die eerste gedeelte (a) van die herhalende gedeelte waarmee elkeen begin, lei in elke geval ’n instruksie in (b) wat in die Pentateug gevind kan word:
Matt. 5:21= Eks. 20:13; Deut. 5:17
Matt.5:27= Eks. 20:14; Deut. 5:18
Matt.5:31=Deut. 24:1-4
Matt.5:33=Lev. 19:12
Matt.5:38=Eks. 21:24; Lev. 24:20; Deut. 19:21

Die tweede helfte van die formule (b) lei elke keer Jesus se lering in, wat die tradisionele gebod oortref deur ’n addisionele, ‘moeiliker’ gebod te gee.

Ons kan sê dat Matteus 5:18, net die wegvat van die wet verbied, maar nie die byvoeg nie. Die betekenis van die formule is dan: “Julle (my aanhoorders) het gehoor (in die Skrif) dat daar deur God gesê is (deur middel van Moses) aan die mense van die ou tyd (die wildernisgenerasie)….” Maar ek (Jesus) sê vir julle ... Dit volg dan dat Jesus in Matteus 5:21-48 direk met Moses se woorde werk, maar dit nie soseer interpreteer as wat hy dit *kwalifiseer en daarby byvoeg* nie.

Die feit dat Jesus se woorde langs Moses s’n staan en dit aanvul, word natuurlik nie eksplisiet gesê nie (ook nie dat hy verkeerde interpretasie regstel nie). Die vraag is dus of Jesus Sy lering vergelyk met die bron waaruit die wetgeleerdes put, naamlik *die wet self, of met die tradisie wat rondom die wet ontstaan het.*

Met ander woorde: Is Sy gebooie dieper en meer as die wet (*Wet van Moses (Tora)*) self, of alleen maar as die wetsuitleggers se uitleg en toepassing daarvan?

Die antwoord hierop hang sterk af van betekenis wat toegeken word aan die herhalende formule in Matteus 5:21,27,31,33,38,43: “*Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is... maar ek sê vir julle...”*

Jy moet ook die volgende in gedagte hou:
Met die woordgroep “mense van die ou tyd” kan allerlei generasies bedoel word. In Lukas 9:8,19 word dit gebruik om na die ou profete te verwys.

In Matteus 5 kan hierdie woordgroep net so goed die Israeliete aan die voet van Sinai aandui as die generasies uit die tyd van latere

wetsgeleerdes. Die argument dat die ontvangers van die oorspronklike openbaring altyd aangedui word met "die vaders" is nie haalbaar nie.

Die meer neutrale woord (mense van die ou tyd) kon gekies word omrede die vergelyking tussen dit wat vroeër gesê is en dit wat nou *gesê* word en dat dit nie soseer gaan oor die verwantskap tussen die vaders en die nageslag nie. Die formule word ook soms verkort na "*daar is gesê*" (vgl. bv. Matt. 5:31).

Sommige mense reken dat daar hier na die tradisie verwys word, omrede dit mondeling oorgelewer (gesê) is, terwyl die wet op skrif gestel is.

Die feit is egter: Die wet is deur God gespreek en as gesproke woord is dit op skrif gestel. In die Nuwe Testament sien ons ook dat daar verwys word na die Skrif wat "gesê het" of die wet wat "sê" (bv. Rom. 9:15,25; Heb. 4:7).

In Matteus is daar meermale sprake van "dit wat gespreek is deur die mond van die profete" (Matt.2:23). Die uitdrukking: "Julle het gehoor dat daar gesê is," kan dus net so goed op God se spreke in Sy openbaring dui, as op die spreke van die vroeëre wetgeleerdes.

Die vertaling 'deur die mense van die ou tyd' sou die weegskaal kon swaai ten gunste van die tradisie van die ou wetgeleerdes.

Die vraag is of so 'n vertaling die voorkeur verdien omrede daar 'n parallel bestaan tussen die sprekendes van ouds en die sprekende Jesus ('deur die mense van ouds, maar ek sê vir julle').

Hier moet gewys word op die feit dat die parallel eerder te trek is na die publiek wat aangespreek is (daar is gesê *aan* die mense van die ou tyd, maar ek sê *aan* julle).

In beide gevalle word dieselfde naamval gebruik en wanneer daar in die Grieks verwys word na dié wat die praatwerk gedoen het, word die voorsetsel *dia* of *hupo*, gebruik (soos in Matt. 2:23; 4:14). Daar moet daarom gekies word vir die vertaling "aan die mense van die ou tyd."

Dat daar aan die tradisie gedink word, raak nog onwaarskynliker as in gedagte gehou word dat die uitleg van die wetgeleerdes ook nog tot die publiek in Jesus se tyd gespreek word.

By dit alles is dit van deurslaggewende belang dat die verlede tyd hier gebruik word (daar is gesê). *Jesus vergelyk dus duidelik vroeëre wetgewende spreke tot vroeëre persone, met Sy eie wetgewende spreke tot daardie huidige generasie.*

Dat Jesus Sy gebooie vergelyk met die uitsprake van die wet wat deur Moses gegee is aan die mense van die ou tyd, blyk ook uit die feit dat die voorbeelde betrekking het op eksplisiete aanhalings uit die Tien Gebooie (Matt. 5:21:'nie doodslaan'; Matt. 5:27: 'nie egbreek') of uit die wet van Moses in die algemeen (Matt. 5:31: die 'skeibrief'; Matt. 5:38: 'oog vir 'n oog, tand vir 'n tand'). Soms word daar 'n samevatting gegee van elemente uit die wette (Matt. 5:33: 'derde gebod en meineed'; Matt. 5:43: 'liefde vir die naaste en nie vir die vyand').

Die vergelyking tussen Jesus se gebooie en die gebooie van Moses waarmee die wetgeleerdes hulle besig hou, is geen teenstelling tussen die twee nie. Dit gaan om 'n minder-meer verhouding. Dit word veral duidelik uit die feit dat die geregtigheid vir die hemelryk *meer* is as dit wat die wetgeleerdes van die volk verwag. Noudat die skare uit Israel met Jesus se koms op die drumpel van die hemelse ryk gekom het, breek die tyd van die volmaaktheid aan (Matt. 5:48) omdat mense die gemeenskap met die Vader in die hemel sal geniet.

Die eerste voorbeeld van vergelyking tussen Moses se wet en Christus se gebooie word gevind in Matt. 5:21-26. Die skare wat na Jesus luister,

het (wat die meeste betref) nog nooit die Skrif self gelees nie, maar dit altyd gehoor tydens die voorlesing in die sinagoge. Daarom sê Jesus (Matt. 5:21):"*Julle het gehoor dat daar gesê is*" en nie "*Julle het gelees dat daar geskrywe staan*." So sê die skare in Johannes 12:34 immers: "*Ons het uit die wet gehoor*" (vgl. Rom. 2:13, Gal. 4:21). Die passiewe vorm (dat daar gesê is) word gebruik om God se handelinge aan te dui. Dit is die mense aan wie die openbaring by Sinai gekom het.

Dit is ooglopend dat Jesus Homself ook hier met Moses kontrasteer in die lig van die groter konteks. Die eerste vyf hoofstukke maak dit baie duidelik dat Jesus die nuwe Moses is en daarom natuurlik ook die nuwe Israel. Spesifiek belangrik is Matteus 5:1-2, waar die Sinai tipologie die leser lei om 'n nuwe openbaring te antisipeer, deur die nuwe Moses. Aan hierdie verwagting word voldoen, spesifiek in Matteus 5:21-48, waar Jesus twee maal die Tien Gebooie "uitbrei" (Matt. 5:21-30).

Matteus 5:21-48 gaan dus voort met die Moses-tipologie: Jesus is die nuwe wetgewer.

Maar wag. Die spreker van die Bergrede is meer! Hy is die Messias. Met ander woorde, Hy is die vervulling van eskatologiese verwagting; die kulminasie van Israel se geskiedenis.

Die vraag is nou of ons moet praat van 'n 'Messiaanse' *wet*. Hierop sal ek positief antwoord:

> **Jesus is die Moses-agtige Messias wat die finale wil van God van 'n berg afkondig, net soos Moses op Sinai.**

Kyk bietjie na die voorbeelde hieronder:.

- Jesaja 42:1-4: die dienskneg (dit is Jesus die Messias vir Matteus) (vgl. Matt. 12:18-21) sal *mispat* (regspraak) en *wet van Moses (Tora)* bring.

In pas met ons siening dat *Wet van Moses (Tora)* en verbond sinoniem is, is dit veelseggend dat drie van die voorspellinge van Jeremia 31:31-34 alles ’n vervulling in Matteus vind:

- ✓ Jesus die Messias stel ’n Nuwe verbond in (Matt. 26:28).
- ✓ Hy lê klem op die interne dimensies van die gebooie (Matt. 5:21 e.v.).
- ✓ Hy gee Sy lewe as losprys vir baie (Matt. 20:28; 26:28).

Verder is dit so dat baie kommentatore in Matteus 26:28 (*dit is die bloed van die Nuwe Verbond ... tot die vergifnis van sonde*) ’n sinspeling waarneem op Jeremia 31:31 en op so ’n wyse die realisering van Jeremia se woorde in Jesus se dade verkondig (vgl. Luk. 22:17; 1Kor. 11:25).

Ek is daarom geneig om te glo dat Matteus 1-5 Jesus aan ons wil voorhou as die nuwe wetgewer. Die eindtyd-openbaarder en interpreteerder van die *Wet van Moses (Tora)*. Die Messias wat die definitiewe, eindtyd-openbaring gebring het. ’n Openbaring vir die hart, soos voorspel deur Jeremia.

Dit is hierdie *Wet van Moses (Tora)* wat Jesus kom instel, wat Hyself in werklikheid beliggaam. En dit is hierdie *Wet van Moses (Tora)*, Jesus self, wat die vervulde *Wet van Moses (Tora)* van Matteus 5-17 is.

Hierdie *Wet van Moses (Tora)* is nie ’n vernietiging van die ou *Wet van Moses (Tora)* nie, maar is ’n vervulling daarvan tot ’n ongekende volheid.

Hierdie punt word **finaal deur Matteus onderstreep as hy ’n definitiewe verband lê tussen die Bergrede en die reiniging van die melaatse**. In Matteus 8:1 lees ons: “*En toe Hy van die berg afkom, het groot menigtes Hom gevolg*.”

Die reiniging van die melaatse is nou ’n bewys van Jesus se reg: Hy mag meer sê as Moses, omdat Sy mag ook verder strek. In Matteus 8:2 vestig Matteus ons aandag op die feit dat dit juis ’n melaatse is wat na Jesus kom (“En *kyk*, ’n melaatse ...”). Die eerbiedige manier waarop hy voor Jesus neerkniel steek skril af teen die ontbreking van hierdie eerbied by die skare. Terwyl die menigte hulself steeds afvra watter gesag Jesus regtig het, blyk dit dat die melaatse werklik glo in Sy woorde. Wanneer Hy kom om die wet en die profete te vervul (Matt. 5:17) is dit vir Hom moontlik om te doen wat geen priester uit die ou verbond kon doen nie: Hy reinig ’n melaatse. Die priesters kon wel vasstel of ’n man of vrou weer rein was en hulle moes dit dan bekragtig met offers en ’n plegtige ritueel, maar meer as dit kon hulle nie doen nie. Die melaatse vertrou Jesus egter meer as vir Moses. Jesus raak die melaatse aan (Hy trek die onreinheid as’t ware na homself toe) en Sy wil is genoeg om die melaatse in ’n oogwink te genees (Matt. 8:3).

Dit is uiters belangrik om te besef dat dit alles egter nie in stryd met Moses en die priesters in die tempel gebeur nie. Die man kry die bevel om voorlopig met niemand te praat nie, maar om dadelik na die priesters te gaan om die offer wat deur Moses ingestel is (Lev. 14), te bring (Matt. 8:4). Dit is vir “hulle ’n getuienis.” **Die skare wat daar staan, kan daardeur sien dat Jesus nie gekom het om wet en profete te ontbind nie, maar om dit te vervul**!

Jesus self is nie net die beliggaming van ’n nuwe *Wet van Moses (Tora)* nie. Hy kom bring ook as die finale Moses ’n *Wet van Moses (Tora)* wat nie die ou *Wet van Moses (Tora)* kom vernietig nie. Hy kom voer dit tot groter en heerliker hoogtes. Dit is ’n *Wet van Moses (Tora)* waarin die ou *Wet van Moses (Tora)* opgeneem, uitgebrei en verdiep is in die

woorde van Hom wat self die *Wet van Moses (Tora)* as wet-geïnkorporeerde Evangelie kom vervul het.

Hoofstuk 14

DIE CHRISTEN EN SY WOEDE

Matteus 5:21-26

"Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: 'Jy mag nie moord pleeg nie; en elkeen wat moord pleeg, is strafbaar voor die regbank'. Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank. Verder, elkeen wat sy broer uitskel vir 'n gek, is strafbaar voor die Joodse Raad; en wie hom uitskel vir 'n idioot, is strafbaar met die helse vuur. As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe. As iemand 'n regsaak teen jou begin, kom betyds tot 'n skikking solank jy nog saam met hom op pad hof toe is, sodat hy jou nie voor die regter bring en die regter jou aan die polisie oorgee en dié jou in die tronk sit nie. Dit verseker Ek jou: Jy sal sekerlik nie daar uitkom voordat jy die laaste sent betaal het nie" (NAV).

☙ *Matteus 5:21-26: Geen toegang tot die Vader sonder versoening met die broer*

In die Bergrede vertel Jesus aan mense hoe om toegang te verkry tot die Koninkryk van God.
Ons het nou al gesien dat Jesus 'n groter geregtigheid as dié van die Fariseërs vereis vir die ingaan in die Koninkryk (Matt. 5:20).

In Matteus 5:21-48 sluit Jesus nou aan by Sy uitspraak hieroor en tref ’n vergelyking tussen die gebooie wat die Fariseërs geleer het en Sy gebooie. Die Fariseërs se gebooie was nog net die gebooie van die Ou Verbond – Jesus bring die Nuwe Verbond tot stand en die standaarde daarvan gaan verder as die wet van Moses. “Julle het gehoor..... maar Ek sê vir julle.” Ons het gesien dat ’n deeglike lees van die gedeelte vereis dat ons moet sê dit gaan hier oor die wet van Moses as sodanig.

Die gebod, “Jy mag nie doodslaan nie”, word beter uitgedruk word as “Jy mag nie *moord* pleeg nie” (NAV). Die rede? Daar was nog nooit ’n verbod op die neem van ’n menslike lewe in enige en elke omstandigheid nie. Nee, dit gaan spesifiek om moord. Dit word natuurlik duidelik uit die feit dat dieselfde Mosaïese wet wat doodmaak in die dekaloog (Tien Gebooie) verbied, dit elders inkorporeer in beide doodstraf en oorloë wat ontwerp is om die korrupte heidense nasies uit te wis wat in die beloofde land was.

Wat duidelik is, is dat hierdie gebod impliseer dus duidelik dat ’n moordenaar skuldig staan. Wie doodslaan is skuldig. (Eks. 21:12 en verder.).

Die woord wat hier met *regbank* (NAV), *gereg* (OAV) vertaal word beteken eintlik oordeel of vonnis. Dit gaan maar net daaroor dat die wet iemand wat moord pleeg onontkombaar en regmatig tot veroordeling en straf verdoem.

Ons moet onthou dat die Skrifgeleerdes en Fariseërs baie duidelik die toepassing van die sesde gebod beperk het tot moord alleen. Fisiese moord. As hulle hulself hiervan weerhou het, het hulle die gebod gehou. En dit is wat die rabbi’s ook vir die mense geleer het.

Nou kom Jesus en Hy sê: “*Ek sê vir julle...*”

Jesus stel Sy uitspraak op die selfde vlak as God se uitspraak in die sesde gebod. (Hy kan dit doen want as Seun van God , het hy Goddelike volmag!) Op skokkende wyse verklaar Jesus dat die toepassing baie, baie wyer is. God se toepassing. Onthou, Hy is God.

Die toepassing sluit in gedagtes en woorde in. Woede en belediging, dit alles kan ook moord wees.

Elkeen wat boos optree teenoor sy broer (volksgenoot in hierdie konteks – Jesus praat met die skare uit Israel) is skuldig. Dit gaan hier om sonder rede, ten onregte vir iemand kwaad te word (OAV). Sodanige woede is nie deur die wet van Moses veroordeel nie. Volgens Jesus se hoër standaard is sulke woede ’n ernstige oortreding. Moord het in die Ou Testament doodstraf verdien. Jesus verklaar onregverdige woede tot ’n halsmisdaad in die Koninkryk van God!

Let tog net op: Die bykomede woorde “sonder rede” (OAV) is wel nie in die beste manuskripte nie, en dus uitgelaat uit die NAV maar dit bly waarskynlik ’n korrekte interpretasie van wat Jesus bedoel het. Nie alle kwaadword is boos nie. Dit is duidelik uit die woede van God, wat altyd heilig en rein is. Ja, selfs gevalle menslike wesens mag soms regverdige woede beleef. Maar selfs hiervoor moet ons versigtig wees.

Luther het iets hiervan geken. Hy noem dit “woede van liefde”. Woede wat kwaad is teenoor die sonde, maar vriendelik teenoor die persoon.

In elk geval, Jesus se verwysing is na die woede van hoogmoed, ydelheid, geniepsigheid, haat, wraak.

Die beledigings *Raka* (gek) en dwaas (moroon) moet nie te sterk teenoor mekaar afgespeel word nie – dit is grootliks gelykwaardig) en is waarskynlik gekies vir woord-variasie.

Tog, lyk dit asof *Raka* ’n belediging vir ’n persoon se intelligensie was. Letterlik beteken dit *leë kop*, *moroon, aap* ensovoorts.

Die woord *‘dwaas’* het egter beide godsdienstige en morele ondertone gehad. In die Ou Testament is dit toegepas op diegene wat God se bestaan ontken het en as gevolg daarvan in onverskillige boosheid verval het.

Dit sou vertaal kon word met, *rebel, afvallige,* of *uitgeworpene*.
Kortweg – *Raka* is amper meer ’n belediging vir jou kop en dwaas (*mõre*) meer ’n belediging vir jou hart en karakter.

Volgens Jesus is ’n slegte woord teenoor jou broer al ’n saak vir die hoogste regbank en verdien dit ’n vonnis wat verder gaan as die hoogste straf op aarde, naamlik die helse vuur (letterlik: *hel van vuur).*

Soos iemand dit gestel het: “*The man who tells his brother that he is doomed to hell is in danger of hell himself*.”

Die presiese betekenis van die verskillende strawwe (oordele) is al baie bespreek. Ten minste is dit duidelik dat Jesus ’n uiters ernstige waarskuwing gee van Goddelike oordeel.

Jesus brei dus die aard van die straf, sowel as die oortreding uit.

Onthou: Hierdie dinge – kwaai gedagtes en beledigende woorde – mag dalk nooit tot moord lei nie. Tog, in God se oë, soos deur Jesus hier uitgedruk, is dit moord.
Soos Johannes later skryf in 1 Johannes 3:5: “*Enigeen wat sy broer haat is ’n moordenaar.”*

Woede en belediging is aaklige simptome van ons begeerte om ontslae te raak van iemand wat in ons pad staan.

Ons gedagtes, gesigsuitdrukkings en woorde dui alles dikwels daarop dat ons somtyds sê: “ Ek wens jy was dood!”

Deur die erns van broederlike onmin so sterk te stel beklemtoon Jesus maar net weer wat Hy in die Saligsprekinge gesê het oor die sagmoediges en die vredemakers! Die Koninkryk behoort aan die sagmoediges en vredemakers, nie aan die vegtendes, strydlustige, haatdraendes nie.

Jesus gaan nou voort en gee ’n positiewe opdrag wat voortvloei uit hierdie besondere hoë standaard van die Koninkryk met betrekking tot menseverhoudings. Dis so ’n ernstige saak – wel, gaan versoen jou met jou broer! Kyk na Matteus 5:23.

God duld nie ’n bose gesindheid teenoor mekaar nie. Wat is die oplossing dus? Spoedige versoening! Versoening weeg vir God so swaar, dis selfs belangriker as ’n offer!

Hierdie moes ’n skokkende uitspraak gewees het vir ’n skare wat gewoond was aan offers en geweldig onder die indruk was van die heiligheid en gewigtigheid van ’n offer. Die gedagte dat ’n offerhandeling eers onderbreek moet word om met ’n broer te gaan versoen sou na heiligskennis klink.

Jesus wil hulle dus goed laat verstaan dat, om onversoen te bly met ’n broer, in God se oë nog ’n groter heiligskennis, ’n groter euwel is! Daar is inderdaad geen toegang tot die Koninkryk sonder versoening met jou broer nie.

In die praktiese beeld van Matteus 5:25-26 word opnuut die noodsaaklikheid van versoening beskryf in die lig van dreigende straf.

Jesus gee dus twee illustrasies. Die eerste een kom uit die sfeer van die tempel en offerdiens (Matt. 5:23-24), waarna ons nou net gekyk het, en

die tweede uit die praktyk van die regsinstelling (Matt. 5:25,26). Jesus verduidelik hier die saak met ’n alledaagse praktiese beeld van teenstanders wat op pad is na ’n regter wat tussen hulle moet beslis. ’n Spoedige tydige skikking is in jou belang!

Wees goedgesind, welwillend, maak vrede, word weer vriendelik teenoor jou teenstander of opponent. Doen dit haastig, sonder versuim (net soos in die voorbeeld van iemand wat gaan offer).

In Matteus 5:26 kry mens tog die indruk die beeld ten diepste terugslaan op God se oordeel. *“Voorwaar Ek sê ...”* Onversoendheid laat ’n mens vir ewig skuldig staan voor God.

Jesus druk dit uit in die kulturele terme van Sy eie tyd, waar die tempel steeds die plek is waar offerandes gebring word.

Miskien is dit reg om hierdie illustrasies in ’n bietjie meer moderne vorm deur te gee:

“As jy in die kerkdiens is, in die middel van aanbidding, en jy onthou ewe skielik dat jou broer ’n grief teen jou het, stap dadelik uit en stel die saak reg. Moenie wag tot die diens klaar is nie. Soek jou broer en vra vergifnis. Doen dit eers en kom dan terug. Gaan eers en word versoen met jou broer en kom dan en aanbid God.”

En die tweede voorbeeld: “As jy ’n onbetaalde skuld het, en die persoon aan wie jy skuld, daag jou voor die hof om sy geld terug te kry, sorteer die saak vinnig uit. Doen dit buite die hof. Selfs terwyl jy op pad is na die saak, betaal jou skuld. Anders, as jy eers die hof bereik het, sal dit te laat wees. Jou aanklaer sal jou aankla, en die regter sal jou aan die polisie oorhandig, en jy sal jouself in die tronk bevind. Jy sal nooit uitkom alvorens jy die laaste sent betaal het nie. Jou betaling voor dit alles gebeur, sal dus baie meer wys wees.”

Die prentjies is verskillend: Een is geneem uit die sfeer van kerkwees. Die ander een uit die alledaagse besigheidsomgang.

Een gaan meer oor my broer (Matt. 5: 23) en die ander oor my vyand (Matt. 5:25). Maar in beide gevalle is die situasie dieselfde, naamlik: Iemand het iets teen my. Die basiese les is dieselfde: Onmiddellike, ernstige optrede.

Te midde van die handeling van aanbidding – as ek die ongelukkigheid onthou, moet ek aanbidding staak en die saak regstel. Te midde van die regshandeling, moet ek stop, en betaal.

En tog: Hoe selde doen ons dit. Hoe selde luister ons na Jesus se oproep tot onmiddellike aksie.

☙ *Samevattend*

Die fokus is op Jesus wat die Koninkryk laat aanbreek. Die wet, soos die Fariseërs verkondig het, is nie voldoende nie. Jesus verleen toegang en Sy woorde moet dus ernstig opgeneem word.
Die teenstelling tussen Jesus se woorde en die wet van Moses is nie ’n teenstelling tussen reg en verkeerd nie – dit gaan oor ’n minder-meer verhouding. *Hierdie skare uit Israel staan nou as’t ware op die drumpel van die Koninkryk van God. Dit het naby gekom in Jesus*. En nou, in hierdie situasie, is ’n groter geregtigheid nodig as wat Moses se wet vereis het. Wie in die Koninkryk wil ingaan moet Jesus aanvaar, met ander woorde Sy lering ernstig opneem.

Jesus sê: “As julle My liefhet, bewaar My gebooie” (Joh. 14:15). Ons het nou reeds gesien dit gaan nie hier oor die Tien Gebooie as sodanig nie. Nee, dit gaan oor Jesus se gebooie, Sy opdragte gaan baie verder en is baie meer radikaal as die Tien Gebooie. Dit is baie duidelik uit Jesus se lering in Matteus 5. Jesus se opdragte (gebooie) kom almal neer op

’n radikale uiterste toepassing van die gebod van die liefde (vgl. Johannes 15:12).

Dit word baie duidelik uit die voorbeeld wat ons nou behandel het. Ek staan nie net skuldig as ek fisiese moord pleeg nie; ek staan skuldig teenoor God as my optrede teenoor my naaste in enige opsig ***die beginsel van liefde geweld aandoen***.

☙ *Nader aan ons lyf*

Pasop vir die groot gevaar om morele mislukking te probeer verberg met geestelike dinge. Ons probeer soms as’t ware versoening te doen vir ons morele mislukking en ons gebrek aan liefde, deur geestelike dinge.

Die Fariseërs was meesters daarmee. Hulle het gereeld na die tempel gegaan. Altyd stiptelik op tyd. Hulle het die fyn besonderhede van al die wette nagekom, maar terwyl hulle daarmee besig was, het hulle ander rondom hulle met minagting geoordeel en verdoem.

Hulle het hul gewete stilgemaak deur sê: “*Ag kyk, ek aanbid God. Ek neem my gawe na die altaar.*”

Ek dink ons almal ken daardie geneigdheid om nie die oortuiging deur die Heilige Gees direk in die gesig te staar nie, maar om vir onsself te sê: *‘Ag ja, ek weet daardie ding tussen my en so en so is nie reg nie, maar ek maak darem baie opofferings wat betref dit en dat. Hierdie en daardie Christelike werk...’*

Ons vermy dus die probleem van jaloesie, bitterheid of wat ook al wat daar tussen ons en ander gelowiges is. Ons probeer dit uitbalanseer met iets anders.

Nee, nee. God is nie soos ons nie. Gaan lees net weer Lukas 16:15 en 1 Johannes 3:20.

Selfs in Ou Testament kry ons hierdie beginsel. Dink aan 1 Samuel 15!

Onthou: Dit gaan oor meer as jou broer. Jou verhouding met God is op die spel. Jy moet voor Hom gaan staan!

Raak vir oomblik stil en bedink waar jy staan. Bedink wat Jesus gedoen het om die saak tussen jou en Hom reg te maak. Laat dit jou beweeg.

Hoofstuk 15

DIE CHRISTEN, DIE TEENOORGESTELDE GESLAG EN DIE HUWELIK...

Matteus 5:27-32

**"Julle het gehoor dat daar gesê is: 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie.'
Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg.
As jou regteroog jou laat struikel, haal hom uit en gooi hom van jou af weg; want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel gegooi word.
Of as jou regterhand jou laat struikel, kap hom af en gooi hom van jou af weg; want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel beland.
Daar is gesê: 'Elkeen wat van sy vrou skei, moet aan haar 'n skeibrief gee.'
Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat van sy vrou skei behalwe oor owerspel, maak dat sy egbreuk pleeg, en iemand wat met die geskeide vrou trou, pleeg ook egbreuk" (NAV)**

Jesus beweeg nou vanaf die uitbreiding of vervulling van die sesde gebod, na die sewende. Vanaf die verbod op moord na die verbod op egbreuk.
Weereens wou die rabbi's 'n stiptelike navolging van die wet van Moses hê. Die navolging van die letter.
Dit gee hulle 'n gemaklike, eng definisie van seksuele sonde en 'n gemaklike breë definisie van seksuele reinheid.

Die eerste kyk in die verkeerde rigting

Hier kry ons 'n treffende voorbeeld van hoe Christus se vereiste tot geregtigheid by verre die geregtigheid van die wet oortref. Die wet van Moses veroordeel die daad van egbreuk – heeltemal reg – maar Jesus gaan verder. Hy stel dit duidelik dat die kleinste stap in die rigting van die daad al klaar strafbaar is. Die eerste stap maak my al klaar skuldig.

In hierdie voorbeeld gaan dit oor ’n getroude vrou. Die term ‘egbreuk’ veronderstel dit. Om, in die kulturele situasie van destyds, so doelbewus na ’n vrou te kyk, sou baie veelseggend wees. Dit gaan oor die eerste poging om kontak te maak. Die poging tot kontak, die eerste stap, word deur Jesus gelykgestel met die voltooide daad van egbreuk. Egbreuk het al so ’n alledaagse ding geword dat dit nie ontstellend of erg klink nie. Volgens die wet was egbreuk strafbaar met die dood. Dit maak Jesus se uitspraak so erg. As jy nog net kontak soek met die vrou van ’n ander, net die eerste stap in daardie rigting, maak jou al skuldig aan hierdie vreeslike halsmisdaad.

Hoe kan mens jouself beskerm teen hierdie gevaarlike misdaad? Dis presies wat Jesus nou in Matteus 5:29 doen – Hy gee praktiese raad oor hoe ons onsself moet beveilig. Die bedoeling is baie duidelik: vermy en verwyder alles wat maar net in die geringste aanleiding kan gee tot hierdie sonde!

Dis duidelik nie Jesus se bedoeling dat letterlike liggaamlike verminking as sodanig ons in die stryd teen sonde gaan help nie. Wie sy regteroog uitgehaal het sal nog steeds met sy linkeroog kan sondig. Waar gaan dit eindig?

Die voorbeeld van liggaamsdele wat uitgehaal en afgekap moet word, herinner ons daaraan dat ons streng beheer oor ons liggaam moet toepas. Drastiese maatreëls tref selfs teen die eerste kyk van die oog en die eerste uitsteek van die hand. Moenie toelaat dat jou oog of jou hand jou tot sonde bring nie. Moenie met so ’n ernstige saak speel nie, dis ’n saak van lewe en dood. Dit gaan hier oor die behoud van jou lewe. Hierdie ernstige vermaning van Jesus maak sin omdat egbrekers, (dit wil sê egbrekers volgens Jesus se definisie) nie in die Koninkryk toegelaat sal word nie, maar in die hel gewerp sal word.

☙ *Afskeid van eggenoot of afskeid van liggaamsdeel?*

Ons kry hier ’n toepassing van die Saligspreking: *Salig is die wat rein van hart is*! Onreinheid begin nie eers by ’n fisiese daad nie, dit begin al die by die hart en gedagtes. God stel dus in meer as net uiterlike reinheid belang.

Jesus se standaard, ook ten opsigte van die mens se seksuele lewe, is ’n baie hoë standaard. Dis juis op hierdie terrein waar Christene se standaard hulle radikaal van die wêreld onderskei.

Dit gaan nie hier oor gesonde, Godgeskape begeerte na die teenoorgestelde geslag nie. Dit gaan oor dade en begeertes wat in stryd is met God se bedoeling vir menslike seksualiteit en die vervulling daarvan in die liefdevolle gemeenskap van ’n monogame huwelik.

Jesus se standaard van reinheid het praktiese implikasies vir ons optrede en gedrag. As die eerste stap in die rigting van onreinheid die kyk na ’n uitlokkende televisieprogram is, dan moet ek dit vermy. Jesus stel hierdie gebod van Hom uit die hoek van die man, maar natuurlik sluit dit nie vroue uit nie. Ook die vrou se eerste stap in die rigting van onreinheid word deur Jesus as egbreuk beskou. Die vrou se uitlokkende manier van aantrek, haar houding en die boodskap wat haar oë gee, maak haar reeds skuldig aan egbreuk!

Hierdie uitspraak van Jesus bring die omvattende aard van sonde onder ons aandag. So maklik mislei ons onsself – ek doen gelukkig nie dit nie, gelukkig nie dat nie.

Jesus se radikale lering oor seksuele reinheid vereis drastiese maatreëls ten opsigte van myself, maar dit sluit ook my verantwoordelikheid in ten opsigte van die ander. Die opvallende aspek in Matteus 5:32 is dat

twee manne skuldig is daaraan dat ’n vrou in ’n situasie van egbreuk beland – die man wat van haar skei en die een wat weer met haar trou. Wie egbreuk en enige onreinheid haat moet ’n wakende oog oor homself hou maar ook oor hoe my optrede ander sal raak.

Geen afskeid van die eggenoot, maar tug oor elke liggaamsdeel wat tot sonde verlei: dít is die styl van die hemelryk!

Die radikale aard van heiligmaking neem praktiese drastiese stappe – maak sonde dood voordat dit jou doodmaak

☙ *Getrouheid in die huwelik (Matt. 5:31,32)*

Hierdie twee verse moet nie gesien word as die somtotaal van die Here se lering oor die huwelik nie. Dit is meer van ’n opsomming van Sy lering waarvan Matteus vir ons ’n voller weergawe gee in hoofstuk 19. Dit is miskien wys om die twee gedeeltes saam te hanteer en om die korter gedeelte te interpreteer in die lig van die langer een. Hier is dus Sy langer debat met die Fariseërs:

> **“Daar was Fariseërs wat Hom op die proef wou stel, en hulle kom toe by Hom met die vraag: ‘Mag ’n man sommer oor enige ding van sy vrou skei?’ Hy het hulle geantwoord: ‘Het julle nie gelees dat die Skepper hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie?’ Daarby het Hy gesê: ‘Daarom sal ’n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een wees.’ Hulle is dus nie meer twee nie, maar een. Wat God dan saamgevoeg het, mag ’n mens nie skei nie.’ Hulle vra Hom toe: ‘Waarom het Moses dan bepaal dat, as iemand sy vrou ’n skeibrief gee, hy van haar kan skei?’ Hy antwoord hulle: ’Dit is oor**

die hardheid van julle harte dat Moses julle toegelaat het om van julle vrouens te skei, maar dit was nie van die begin af so nie. Ek sê vir julle: Elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor owerspel, en met 'n ander een trou, pleeg egbreuk" (Matteus 19:3-9).

Ons weet dat daar in dispuut oor egskeiding geheers het tussen die twee rabbynse skole van *Hillel* en *Shammai*.

Rabbi *Shammai* het 'n baie sterk rigoristiese lyn ingeslaan en uit Deuteronomium 24:1 geleer dat die enigste grond vir egskeiding 'n groot oortreding was – iets wat, soos 'n mens dit in Engels sou stel, duidelik *'unseemly'* of *'indecent'* was.

Rabbi *Hillel*, aan die ander kant het 'n baie buigsame siening gehad. As ons die historikus Josephus kan vertrou, was dit die meer algemene houding. Wat het hy geleer? Wel, hy het die voorsiening wat Moses gemaak het, toegepas op 'n na wat 'begeer om van sy vrou te skei *vir watter rede ook al*.'

Hillel het dus die belaglikste oortredinge deur die vrou ingesluit onder die grond vir egskeiding.

So byvoorbeeld, as sy 'n onbekwame kok was en haar man se kos verbrand het, kan hy van haar skei. Of, as hy belangstelling in haar verloor het omrede sy nie mooi genoeg was nie, kon hy skei.
Dit lyk asof die Fariseërs in Matteus 19 aangetrokke was tot Rabbi Hillel se siening, vandaar hulle vraag.

Hulle wou dus hoor aan wie se kant Jesus is in die debat wat toe heersend was. Hulle wou uitvind tot watter skool Hy behoort.

Jesus se antwoord op hulle vraag kom in drie dele. Dit is nogal verhelderend om dit afsonderlik onder die loep te neem, in die volgorde wat Hy dit uitgespreek het. In elke geval verskil Hy van die Fariseërs.

Die Fariseërs was besorgd oor die *grond* vir egskeiding; Jesus was besorgd oor die instelling van die huwelik. Hulle vraag was so geformuleer dat hulle Jesus kon intrek in ’n debat oor wat Hy dink die wetlike redes vir egskeiding is. Gaan kyk weer daarna. Jesus se antwoord was nie werklik ’n antwoord nie. Hy weier om hulle vraag te antwoord. Hy vra in plaas daarvan ’n teenvraag oor hulle lees van die Skrif. Hy verwys hulle terug na Genesis. Beide na die skepping van die mens as man en vrou (hoofstuk 1) en die instelling van die huwelik (hoofstuk 2), waarvolgens ’n man sy ouers verlaat en sy vrou aankleef en die twee een word. Hierdie Bybelse definisie impliseer dat die huwelik beide eksklusief is (’n man ... *sy* vrou) en permanent is (*aankleef, een word*). Dit is hierdie twee aspekte van die huwelik wat Jesus kies vir beklemtoning in Sy opmerkings wat volg in vers 6. Eerstens: “*So hulle is nie langer twee nie, maar een vlees*,”(OAV) en tweedens: “*Wat God daarom saamgevoeg het, mag geen mens skei nie*” (OAV). Die huwelik, volgens Jesus se uitleg van die oorsprong daarvan, is dus ’n Goddelike instelling waardeur God twee mense permanent een maak. Twee mense wat beslissend en publiek hulle ouers verlaat om sodoende ’n nuwe eenheid in die gemeenskap te vorm en hulle word ‘*een vlees*’(OAV), ‘*een’* (NAV).

Die Fariseërs noem Moses se voorsiening ’n bevel (gebod). Jesus noem dit ’n toelating vir die hardheid van hulle harte. Die Fariseërs reageer op Jesus se uitleg van die instelling van die huwelik en Sy permanensie deur te vra: “Hoekom het Moses dan “beveel” (OAV) om ’n skeibrief te gee en van haar te skei? Hier is biejie van ’n verskil met Jesus se aanhaling in Matteus 5:31: “*Moses het gesê...*” Hulle het dit gesien as ’n bevel.

Verseker in die Bergrede wil Jesus iets meer as Moses sê. Maar in die lig van Matteus 19 wil Hy terselfdertyd al die verkeerde sieninge en gebruik van Moses se uitspraak ontbloot.

’n Versigtige lees van Deuteronomium 24:1-4 is baie interessant. Om mee te begin is die hele paragraaf vol voorwaardelike sinsnedes.

En as.....dan... Die hele gees van die gedeelte is die verbod van die hertrou met jou eie geskeide eggenoot. Die rede hiervoor is nie so duidelik nie. Dit blyk te wees dat as daar iets aan haar gevind is wat haar so ‘besmet’ of verontreinig het dat ’n skeibrief gegee is, dan was dit ook genoeg rede om haar nie terug te neem nie.

Dit mag ook bedoel wees om ’n man te waarsku om nie haastig ’n besluit te neem nie, aangesien dit as dit geneem is, nie weer verander kon word nie. Of, dit was om die vrou te beskerm teen uitbuiting.

Hoe dit ook al sy, hierdie verbod is die enigste bevel in hierdie gedeelte. Daar is geen bevel aan ’n man om sy vrou te skei nie. Al wat daar is, is ’n verwysing na sekere prosedures, indien ’n egskeiding plaasgevind het en daarom gaan dit daar oor hoogstens oor ’n huiwerige toelating en ’n praktyk wat geduld is.

Hoe reageer Jesus dus op die Fariseërs se vraag omtrent die regulasie van Moses? Wel, Hy skryf dit toe aan die hardheid van hulle harte.

Baie belangrik. Hy ontken nie dat dit van God was nie. Maar dit was nie soseer ’n bevel as ’n toelating nie. Onthou egter ook wat ons reeds gesê het. Dit was deel van die kinderregulasies (Gal. 3:24-25). Dit is later bygevoeg, weens die sonde (Gal.3:19).
Interessant: Jesus gaan terug na die oorspronklike bedoeling van God! Die hele wet van Moses was tydelik. Jesus bring ’n nuwe bedeling!

Die Fariseërs het egskeiding ligtelik gesien: Jesus neem dit baie ernstig. So ernstig dat Hy, behalwe een uitsondering, hertrou ná egskeiding, egbreuk noem.
Dit was die gevolgtrekking van Sy debat met die Fariseërs, en dit is al wat ons in die Bergrede kry. Dit mag help om die twee stellings langs mekaar te sien.

Matt. 5:32: *"Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat van sy vrou skei behalwe oor owerspel, maak dat sy egbreuk pleeg, en iemand wat met die geskeide vrou trou, pleeg ook egbreuk."*

Matt. 19:9: *"Ek sê vir julle: Elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor owerspel, en met 'n ander een trou, pleeg egbreuk."*

Dit lyk of daar aangeneem word dat ’n egskeiding tot hertrou van die geskeide partye sal lei. Slegs hierdie aanname kan die stelling verduidelik dat ’n man wat sy vrou skei sonder die rede van owerspel, "haar ’n egbreekster maak."

Sy optrede kan net daardie gevolge hê indien sy weer sou trou. Terloops, ’n skeiding sonder egskeiding (van tafel en bed) en nie van die huweliksverbond nie – is ’n moderne ding wat nie bekend was in die antieke wêreld nie.

Jy sien, omrede God die huwelik as permanent ingestel het, pleeg die persoon wat ’n geskeide persoon trou egbreuk, want in God se oë het daar nie ’n skeiding plaasgevind nie!

Die uitsondering? Hoerery, owerspel. Die woord *porneia* se presiese betekenis is nie so duidelik nie. Die gedagte is waarskynlik dat as jy seksueel een geword het met iemand anders, het jy die huwelik verbreek. As jy dus as man of vrou met iemand anders trou, breek jy nie die huwelik nie. Dit is klaar gebreek deur jou maat wat owerspel gepleeg het.

Maar weereens. Ons sal Jesus misverstaan. Ons sal die Koninkryksbeginsels en geregtigheid wat *meer* is, totaal mis as ons weer debatteer oor wanneer daar nou owerspel was!

Onthou die Saligsprekinge! As jy daardie eienskappe het en openbaar, hoe kan jy skei van jou vrou?

En veral noudat ons Jesus se opofferende liefde aan die kruis gesien het vir ons, die ontroues!

Hoofstuk 16

ALTYD EN ORAL IN EERBIED VOOR GOD!

Matteus 5:33-37

"Verder het julle gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: 'Jy mag nie jou eed verbreek nie, en 'n eed in die Naam van die Here moet jy nakom.'
Maar Ek sê vir julle: 'Moet glad nie 'n eed aflê nie, nie by die hemel nie, want dit is die troon van God; nie by die aarde nie, want dit is die rusplek vir sy voete; nie by Jerusalem nie, want dit is die stad van die groot Koning.
Jy moet ook nie jou kop op die spel plaas as jy 'n eed aflê nie, want jy kan nie een haar wit of swart maak nie.
Laat julle 'ja' eenvoudig 'ja' wees en julle 'nee', 'nee'. Wat meer gesê word as dit, kom van die Bose." (NAV)

Hoeveel mense ken jy vir wie jy werklik kan vertrou? Ek praat nie in die eerste plek van groot gewigtige sake of ernstige geheime nie. Ek praat van alledaagse sake soos: "Ek kom haal jou so laat..." of "Ek sal vir jou bid...." Hoeveel keer onderneem jy om iets te doen, maar besluit

agterna: “Ag wat dis tog nie so belangrik nie, ek is nie meer lus daarvoor nie, ek hoop maar hy vergeet ek het dit gesê ...?

Kan ander mense jou vertrou en blindelings op jou woord staatmaak? Hierdie saak raak die hart van ons Christenskap. Ons integriteit en betroubaarheid ten opsigte van ander is ’n direkte weerspieëling van ons eerbied vir God. Ware Christenskap behoort sinoniem te wees met integriteit.

Ons is besig om te sien hoe Jesus prakties aantoon dat die geregtigheid wat Hy vereis, meer vereis en dieper gaan as die geregtigheid wat die Fariseërs geleer het op grond van die wet van Moses.

In hierdie gedeelte gaan dit in effek oor die derde gebod: “Jy mag die Naam van die Here nie ydellik gebruik nie!”

In die neem van die eed word die naam van die Here gebruik. Die implikasie van die derde gebod sou dus wees: Wie ’n eed in Sy Naam geneem het, moes dit dus met groot verantwoordelikheid gedoen het, want die Here sal die ydellike, verkeerde gebruik van Sy Naam nie ongestraf laat bly nie. Die eed in die Here se Naam was dus nie verbied nie, maar dit was ’n ernstige saak wat groot integriteit en omsigtigheid vereis het.

> **“Julle mag nie ’n vals eed aflê in my Naam**
> **en so die Naam van julle God ontheilig nie.**
> **Ek is die Here”** (**Lev. 19:12).**

Net soos in die ander gevalle gaan Jesus nou weer verder as die derde gebod in Sy opdrag. Hy sê mens moet hoegenaamd nie sweer nie, en glad nie ’n eed neem nie. Moet glad nie sweer nie, nie by die hemel nie, want dit is.... ook nie op die aarde nie, want dit is....

Jesus noem hierdie voorbeelde want dit was ’n gebruik om die Naam van die Here in eedswering te vermy, juis omdat die derde gebod so ’n ernstige saak is. Dus, in plaas van die Here se Naam is plaasvervangers soos hemel, aarde ensovoorts gebruik. Jesus sluit nou aan by hierdie tipe denke van destyds. Die punt wat Jesus hier maak is dit: God is in elk geval orals teenwoordig en betrokke. Die mens is in elk geval orals in God se oog.

Selfs ons eie hare is nie ons werk nie, God bepaal die kleur. Die verwysing na swart of wit is ’n verwysing na ons ouderdom – jeugdiges het ‘n ‘swart kop’ terwyl ’n ‘wit kop’ weer na ouderdom verwys, dis alles in God se hande. God staan nie iewers daar ver buite ons lewe nie, Hy is oral. Juis omdat Hy oral is moet ons ‘ja’ ‘ja’ wees en ons ‘nee’ moet ons ‘nee’ wees. Wie nie rekening hou met God nie en dus nie altyd volgens die waarheid leef nie, is uit die bose en tree op volgens God se teenstander, die duiwel wat die vader van die leuen is. Wie bewus is van God, en wie God as werklik en teenwoordig beleef, sal volgens die waarheid optree en praat.

☙ *Onnodig en onvanpas*

Dit gaan hier oor ’n leef voor die aangesig van God – die Alomteenwoordige God. Ons moet rekening hou met God in alles wat ons sê of doen. Die Christen se optrede word in elke geval outomaties bepaal deur my eerbied vir God. Om te sweer of te belowe is heeltemal onnodig en onvanpas. Hierdie integriteit en eerbied vir God moet ook in eenvoudige sake soos ’n afspraak na vore kom. Wat is die implikasies vir iets soos laat kom? Wel, ’n Christen is ’n mens van integriteit – jy kan op sy woord staatmaak, jy kan op hom reken in alle situasies. Stiptelikheid, getrouheid, betroubaarheid en eerlikheid sal en behoort deel te wees van elkeen wat in God glo, se lewensstyl.

Net ’n praktiese vraag: kan mens uit hierdie gedeelte aflei dat ’n Christen onder geen omstandighede (soos byvoorbeeld in ’n hof) ’n eed mag sweer nie? Kom ek probeer’n antwoord waag: Die Christen se lewe voor die aangesig van God maak die sweer van ’n eed iets oorbodig (ek staan voor God verantwoordelik en dis hoegenaamd nie nodig om jou te probeer oortuig dat ek die waarheid praat nie) en van ons kant gesien ook ’n verbode saak. As ander mense dit egter van ons eis, dan is dit wat ons betref onnodig en oortollig (want ons praat mos in elk geval die waarheid), maar daar is nie ’n aanduiding dat dit in so ’n situasie verkeerd is nie.

Jesus moes ook onder eed die vraag beantwoord of Hy die Christus is. Gaan kyk na Matteus 26:63.

Die klem val op die positiewe manier van omgang met die waarheid en ’n lewe in integriteit wat Jesus hier as standaard stel. ’n Lewe voor die aangesig van God! Dit gaan hier oor ’n najaag van geregtigheid in woord en daad. Ons kry hier ’n konkretisering van die Saligspreking: Salig is die wat honger en dors na geregtigheid.

Hoofstuk 17

BEREID OM ONREG TE VERDUUR!

Matteus 5:38-42

"Julle het gehoor dat daar gesê is: 'n Oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand.'Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle nie teen 'n kwaadwillige mens verset nie. As iemand jou op die regterwang slaan, draai ook die ander wang na hom toe. As iemand jou hof toe wil vat om jou onderklere te eis, gee hom ook jou boklere.
As iemand jou dwing om sy goed een kilometer ver te dra, dra dit vir hom twee kilometer.
Gee aan hom wat iets van jou vra, en moet hom wat van jou wil leen, nie afwys nie"(NAV)

Almal van ons word een of ander tyd te na gekom. As ons werklik Christene is, sal ons ook spesifiek benadeel word as gevolg van ons Christenskap en ons uitgesproke getuienis. Ek voel dat ek onbillik behandel word of benadeel word. Wat word van my as Christen verwag in 'n situasie van onreg? Moet ek stilbly, moet ek vergewe, moet ek maar net stilswyend verduur, of moet ek dalk nog verder gaan deur positief liefde op konkrete manier te bewys?

Soos in die ander gevalle vat Jesus weer 'n uitspraak uit die wet (nie die Tien Gebooie nie, maar die breë wet van Moses) en dan stel Hy Sy eie standpunt daarteenoor. Die uitspraak wat hier ter sprake is, is die regsreël *"'n Oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand"*. Ons moet hierdie reël in konteks verstaan – dis nie 'n oproep of opdrag tot wraak nie!

Dit was 'n regsreël wat in 'n tyd van redelose bloedwraak en willekeurige vergelding. Dit het ten doel gehad het om 'n suiwer en billike regstelsel te verseker. Dit was dus 'n regsbeginsel: *die straf moet in verhouding staan tot die misdryf wat gepleeg is*. Om dit so te stel: As

iemand my beker steel kan ek hom nie daarvoor doodmaak nie! Hierdie regsbeginsel word vandag tog nog in ag geneem.

Dit is baie belangrik om te sien dat Jesus niks verkeerd sien in hierdie regsreël nie. Net soos Hy ook niks verkeerd gevind het in die ander wette van Moses nie. As Hy nou sê, *"Maar Ek sê vir julle... julle moet geen weerstand bied nie, julle moet alle vergelding laat vaar"*, dan is dit weer 'n kwessie dat Jesus se vereistes en standaard vir die Koninkryk –'n hoër standaard as wat die wet van Moses daargestel het.

Wie moet mens nie weerstaan nie, teen wie moet mens jou nie verset nie? In die Grieks staan daar net *'die Bose'*. Die mees voor die handliggende vertaling is *'die Bose'*, met ander woorde Satan. (dit is mos die betekenis van *die Bose* in Matt.5:39.

Dit klink miskien vir jou snaaks dat mens jou nie teen die bose moet verset nie (Jakobus sê tog: "*Weerstaan* die duiwel…"). Hier gaan dit egter nie oor die Bose wat ons tot kwaad wil verlei nie, maar die Bose wat ons via ander mense onreg aandoen.

As burgers van die Koninkryk is die Bose ons vyand – dit kom ook onder andere in vers 13 ter sprake. Agter die mense wat ons benadeel, juis omdat ons Christene is, sit die Bose. Die groot saak is: wanneer ons as burgers van die Koninkryk onreg aangedoen word, moet ons ons nie verset nie. Ja, volgens die reg en volgens die wet van Moses is billike vergelding geregverdig, maar Jesus *stel 'n hoër standaard* vir die burgers van die Koninkryk.

Geen verset, ly liewers onreg! Hierdie uitspraak sluit aan by die Saligsprekinge – salig is julle as julle vervolg word.

Dit gaan daarom hier oor 'n radikale beginsel wat gepas is by God se kinders. Trouens, ons moenie net afsien van wraak nie, ons moet ook

bereid wees om onreg te verdra. Jesus gee dan vier praktiese voorbeelde wat hierdie beginsel illustreer:
~ Wees bereid om ook op die ander wang geslaan te word, om selfs nog meer mishandel te word as wat jou folteraars reeds, doen.
~ As jy na die regter gesleep word vir ’n onderkleed is dit nie so erg nie; wees selfs bereid om nog meer benadeel te word, as jou goed ten onregte gekonfiskeer word.
~ As vreemde oorheersers jou dwing om ’n pak vir een myl vir hulle te dra, moenie daaroor wraak neem nie; wees bereid om selfs nog ’n myl saam te loop!
~ In aansluiting by die ander voorbeelde sal die vierde voorbeeld waarskynlik ook oor onreg gaan: “*Gee aan hom wat iets van jou vra, en moet hom wat van jou wil leen, nie afwys nie...*”

Gewoonlik veroorsaak hierdie uitspraak baie skuldgevoelens vir ons wat woon in ’n land waar daar ontsaglik baie bedelaars is wat elke dag met leepoë staan en bedel. Wat ons moet verstaan is dat dit nie hier oor hulpverlening aan armes gaan nie! Dit gaan oor ’n situasie waar die Bose werksaam is, waar ons goed ten onregte geëis word, waar ons ten onregte uitgesuig word. Dis waarskynlik so ’n tipe situasie waarna Hebreërs 10:34 verwys as daar gepraat word van die “berowing van julle besittings.”

Die konteks in al vier voorbeelde is onregverdige lyding in ’n situasie van vervolging. Terloops, dit was’n baie meer aktuele en ’n alledaagse werklikheid vir die eerste Christene as vir ons. Onthou die saak van lyding ter wille van geregtigheid is reeds in die Saligsprekinge aangespreek. Hierdie opdragte van Jesus beteken dus: As jy onregverdig ly, moenie in verset daarteen kom deur byvoorbeeld na die reg te gaan nie, maar wees bereid om die onreg gewillig te verdra.

☙ *En kan ek nog ’n polisieman word?*

As kind van God, as volgeling van Jesus wat óók onregverdig moes ly, staan ons onder ’n radikale verpligting: *Wees bereid om onreg te verdra wanneer ons vervolg word*.

Wat van Paulus? Hy het hom meer as een keer op die Romeinse reg beroep. Paulus het egter nooit ’n hofsaak teen die Jode of sy teenstanders gemaak nie. As hy dit gedoen het, was dit altyd in ’n konteks waar hy reeds in ’n regsgeding betrokke was omdat ander mense hom daarin laat beland het. Inteendeel, Paulus was juis bereid om baie onreg te ly ter wille van die Evangelie (1 Kor. 4:12).

’n Ander vraag wat ter sprake mag kom is dit: Kan ’n Christen in die lig van hierdie lering van Jesus byvoorbeeld in die polisiemag dien? ’n Polisieman wat gaan stilstaan dat hy op die ander wang geslaan word, gaan dit verseker nie ver bring nie. Of wat van die regsberoep, waar die beginsel van vergelding ’n inherente beginsel is, waarsonder regspleging alle sin sal verloor? Of nader aan ons: moet jy alles gee wat ’n bedelaar of jou eie kind vra...? (Alle Christene sal dan spoedig self bedelaars word as ons dit konsekwent deurvoer).
Sulke vrae kom natuurlik na vore as ’n mens nie erns maak met die konteks nie. Die konteks soos ons reeds gesê het, is ’n situasie van vervolging ter wille van geregtigheid. Wanneer ons ter wille van Jesus en Sy saak vervolg word, moet ons nie op ons regte staan en vergelding soek nie, maar dit blymoedig dra en bereid wees om selfs nog meer te verduur.
Daar is dus niks in hierdie gedeelte wat jou verbied om by die polisie of die regsberoep aan te sluit en skelms te vang en te vonnis nie.
Onthou ons het gesê dit gaan in die Bergrede oor die binnegaan van die Koninkryk. Ons ingaan in die Koninkryk gaan via die weg van onreg – om te ly ter wille van ons geloof in Jesus. Hierdie onreg word veroorsaak deur die teenstander van God, naamlik die Bose. Ons

moenie verligting in hierdie situasie by wêreldse regters soek nie. Ons hoop vir uitkoms lê op ’n ander vlak. Ons hoop lê in die koms van die Koninkryk. Ons sien daarna uit met verwagting en bid daarvoor (Matt. 6:10-13).

♋

Hoofstuk 18

RADIKALE LIEFDE SONDER GRENSE

Matteus 5:43-48

“Julle het gehoor dat daar gesê is: ‘Jou naaste moet jy liefhê en jou vyand moet jy haat.’ Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg, sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel. Hy laat immers sy son opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor dié wat reg doen en oor dié wat verkeerd doen. As julle net dié liefhet wat vir julle liefhet, watter loon kan julle dan nog verwag? Maak die tollenaars nie ook maar net so nie?
En as julle net julle broers groet, wat doen julle meer as ander? Maak die heidene nie ook maar net so nie? Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is”(NAV).

Almal weet: God is liefde. Almal weet ook dat God dus liefde van Sy kinders verwag. Liefde vir Hom en liefde vir ons medemens. Niemand sal teen hierdie basiese vereiste stry nie. Die vraag is net – prakties gesproke, hoe wyd moet hierdie liefde strek? Wie word almal ingesluit as voorwerpe van ons liefde? In hierdie gedeelte gee Jesus baie duidelike lering oor hierdie saak.

Hierdie is nou reeds die vyfde teenstelling wat Jesus maak. Hy haal Levitikus 19:18 aan – die eerste deel staan letterlik daar. Maar wat van

die tweede deel? Is dit dalk ’n Joodse Rabbynse verminking? Hierdie gedeelte word juis dan deur sommige verklaarders aangevoer as bewys dat Jesus nie ’n teenstelling maak tussen Sy woorde en die wet van Moses as sodanig nie, maar dat dit eerder gaan oor ’n teenstelling tussen Sy lering en die Fariseërs se verdraaiing van die wet. By nadere ondersoek blyk dit egter dat ook die tweede deel “... *en jou vyand moet jy haat*” ook in essensie uit die wet van Moses kom. Lees weer Levitikus 19:17-18.

Uit die konteks is dit duidelik dat naasteliefde hier verstaan word as ’n liefde in nasionale raamwerk, ’n liefde vir jou eie volksgenote. Hier is dus wel ’n begrensing van naasteliefde – met ander woorde liefde vir God se volk. Jesus kan dus hierdie begrensing wel opsom in die uitspraak van *“jou vyande haat”*. Hierdie woorde is dus wel ’n logiese afleiding wat uit hierdie gedeelte in Moses se wet gemaak kan word.

Die gedagte hier is nie ’n privaat-vyand nie, of dan ’n persoonlike vyand nie, maar ’n vyand van God se volk. Dit wat Jesus hier aanhaal is dus ’n samevattende, logies-afgeleide aanduiding van beperkte naasteliefde in terme van die nasionaal-gebonde wette van Moses. Dis waaroor dit gaan. Naasteliefde het in die wetgewing van Moses ’n beperkte betekenis gehad. Vyande van God se volk was uitgesluit. Die verdelgingsoorloë teen die inwoners van Kanaän was ’n duidelike bewys daarvan. Binne Israel moes jy almal liefhê, maar die vyande van Israel, dit wil sê die vyande van God se volk, kon gehaat word!

Teenoor hierdie aanvaarde beginsel onder die ou bedeling van Moses kom Jesus met ’n nuwe radikale uitspraak. Jesus gebied ’n onbeperkte liefde vir Jood en Griek.
In Matteus 5:44 word hierdie liefde sonder beperking prakties uitgespel. Vier sake word hier genoem (*LW: Dit word nie in al die ou manuskripte so gevind nie*). As ons die 1953 vertaling gebruik, kan ons vier bestanddele van die Christelike liefde vir vyande aflei, naamlik gesindheid, woorde, dade, en voorbidding.

Volgens die 1983 vertaling word slegs die voorbeeld van voorbidding genoem. Indien dit die beste teks is, maak dit aan die praktyk weinig verskil – ware, egte voorbidding sou nie moontlik wees sonder ’n gesindheid en dade van liefde nie.

Matteus 5:44 sluit aan by vers 39 en rond Jesus se radikale lering oor die liefde af: *In plaas van om ons te verset teen ons vyande en vervolgers, in plaas van om hulle hof toe te neem, moet ons hulle van harte liefhê, soveel so dat ons met opregtheid vir hulle kan bid!*

Die liefde wat van burgers van die Koninkryk verlang word het geen grense en beperkings meer nie. Weereens oortref die bepalings van die Nuwe Verbond by verre dié van die Ou Verbond!

Deur hierdie gesindheid, sê Jesus, word ’n mens ’n kind van God. Bedoel Jesus nou dat mens deur etiese gedrag gered word? Nee. Ons moet hierdie uitspraak binne konteks verstaan. Onthou, dit is in die eerste plek teen Israel gerig. Israel beskou hulleself as kinders van God. Dis wat so opvallend is in Jesus se woorde – hulle moet kinders van God *word!* Sorg dat julle *word* dit wat julle dink om te wees. Neem kennis van die standaard van God vir Sy kinders. Julle gedrag moet bevestig dat julle kinders van God is. Dít is wat Jesus hier leer.

God se kinders het geen ander keuse as onbeperkte liefde nie, want hulle Vader self maak geen onderskeid tussen goeies en slegtes nie. Dis duidelik uit die feit dat Hy Sy son (let wel: Sy son), oor almal laat skyn en vir almal reën gee. As God liefde in hierdie opsigte aan regverdiges en onregverdiges bewys, durf ons mos nie te diskrimineer in ons bewys van liefde aan ander mense nie.

Die liefde wat God se ware kinders behoort te vertoon, is iets besonders. Dis van ’n hoër standaard as wat mens in die wêreld kry. Om net lief te hê diegene wat jou liefhet of net te groet diegene wat jou groet, is iets wat mens selfs by die veragtelike tollenaars vind.

Samehorigheid en toegeneentheid binne die eie groep is niks buitengewoon nie. Dit wat van Israel verwag is, om liefde binne groepsverband te hê, is niks besonders nie, dit maak hulle nog nie spesiaal nie.

Weereens, wat Jesus van Sy dissipels verwag, is ’n onbegrensde en volmaakte liefde wat ook vervolgers insluit – dít is ’n onderskeidende kenmerk van God se kinders. Hierdie onbegrensde liefde is die standaard van volmaaktheid wat ons volmaakte hemelse Vader van ons verwag.

Die term *‘volmaaktheid’* moet ons nie hier in algemene filosofiese sin verstaan nie. Dit maak dus geen sin om te redeneer of volmaaktheid vir ons as gebroke mense haalbaar is nie. Die betekenis van die term *‘volmaak’* word deur die konteks bepaal. *Volmaaktheid is ’n lewenshouding en integriteit waar geen onderskeid gemaak mag word tussen vriende en vervolgers nie, maar aan almal moet liefde betoon word sonder inagneming van die persoon.*

☙ *Onbeperkte en onbegrensde liefde…*

Hier kry ons ’n praktiese toepassing van die Saligspreking: *Salig is die barmhartiges, want*.... Die liefde wat van ons as kinders van God vereis word, is onbeperk en onbegrens. Dit is eintlik logies dat Hy dit van ons verwag, want Sy liefde vir ons as Sy vyande was onbeperk en onbegrens – onthou Jesus het vir ons gesterf uit liefde toe ons vyande van God was (Rom. 5:6). Hierdie kwaliteit van God se liefde kom ook in God se algemene genade na vore. Reën en sonskyn deel Hy met almal. As dit nie so was nie sou die grootste deel van die aarde permanent droogte en donkerheid beleef het! Onbeperkte liefde vir almal, niks minder as dit nie! Liefde selfs ook vir diegene wat jou vervolg en jou lewe bedreig.

Vanuit Jesus se lering is dit duidelik: Daar is geen gronde om Moslems, of enige ander heidene wat die Evangelie verwerp te haat nie. Die Kruistogte was iets heeltemal onchristelik. Kom ons toets egter onsself. Wat is ons diepste gevoelens teenoor ons vyande? Hoe praat ons oor hulle, hoe lyk ons optrede teenoor hulle? Bid ons vir die vyande van die kerk? Dit het lank gevat vir Jesus se eie dissipels om hierdie beginsels te begryp. Op ’n stadium wou hulle vuur laat afkom op die Samaritane. Nodeloos om sê: Jesus het hulle ernstig berispe in Lukas 9:53-55.

Wat Jesus van ons vra is verseker nie maklik nie. Tog vra God nie ’n standaard waartoe Hy ons ook nie in staat sal stel deur Sy genade nie. Dis baie gevaarlik as ons hierdie uitsprake van Jesus vanuit die staanspoor as ’n onbereikbare ideaal hanteer.

Hoofstuk 19

LEWE VOOR DIE AANGESIG VAN DIE VADER

Matteus 6:1-4

"Moenie julle godsdienstige pligte in die openbaar nakom om deur mense gesien te word nie, want dan kry julle geen beloning van julle Vader wat in die hemel is nie. As jy byvoorbeeld armes help, moet dit nie uitbasuin nie. Dit doen die skynheiliges in die sinagoges en op straat, sodat mense met lof van hulle kan praat. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg. Nee, as jy iets vir die armes gee, moet jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie, sodat jou goeie daad verborge kan bly. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon" (NAV).

In rugby kry mens, veral op skolevlak, dikwels outjies wat vir die skare speel. Hulle is geensins lus vir harde werk of stampe en stote nie. Hulle doen net die dinge wat die aandag van die toeskouers trek.....

Daar is mense wat só 'n soort van *vir-die-skare-godsdiens*, bedryf. Hulle beoefening van praktiese geregtigheid is net daarop gemik om vir hulself regmerkies te versamel, en hulle kry dit ook dikwels reg om op hierdie manier baie waardering en lofprysing in te oes. Die skokkende feit is dat sulke mense dwase is. Hoekom? Wel, hulle hou nie rekening met God nie – hulle besef nie God sien in die verborgene nie; hulle besef ook nie dat dit God is wat ons uiteindelik beloon en nie mense nie. Of die beloning nou is of eendag.

Maar verseker, wanneer die finale oordeel aanbreek sal alle menslike komplimente, dekorasies en mosies van dank, niks tel nie. God sal beloon en straf en Hy sal dit doen volgens wat Hy gesien het.

Ware godsdiens, ware geregtigheid is dus ’n lewe voor die aangesig van God. ’n Gedurende bewustheid dat ek met God self te make het. Hy sien my en ek is aan Hom verantwoordelik.

Hierdie gedeelte van die Bergrede gaan juis oor ’n lewe voor die aangesig van God. In die voorafgaande deel het kry ons telkens die formule “Julle het gehoor... Maar ek sê vir julle..” Hierdie nuwe onderafdeling (Matt. 6:1-24) word gekenmerk deur: “die ***Vader wat in die verborgene sien...”*** (Vgl. Matt. 6:4,6,18).

Hierdie herhalende frase gee ’n aanduiding van die deurlopende tema wat in hierdie gedeelte ter sprake kom. Dit gaan oor ’n lewe voor die aangesig **van die Vader.**

En ’n lewe voor die Vader gaan oor ware geregtigheid.[2]

Voor ons insak, moet ons twee dinge baie goed verstaan: Eerstens, die belangrikheid van praktiese geregtigheid. ’n Praktiese lewe van doen wat reg is. En tweedens, die belangrikheid van liefdadigheid – die gee vir behoeftiges.

Eerstens: Wat belangrik is om raak te sien in die hele Bergrede, Matteus 5-8:4, is dat geregtigheid, praktiese geregtigheid die groot kenmerk van die Christen is. Dit is waaroor dit hier gaan. Ja, ’n Christen is iemand wat voor God aanvaarbaar is as gevolg van Jesus se geregtigheid, Sy lewe in my plek – maar so ’n persoon vertoon praktiese geregtigheid. Mens moet reg lewe na buite, anders is daar groot fout. En dit gaan juis oor hierdie praktiese geregtigheid, die doen, die leef van dit wat reg is voor God, waaroor dit in die hele Bergrede gaan!

---

[2]Die tekskritiese probleem in vers 1 is dít: moet dit “geregtigheid” of ‘liefdadigheid” lees? Dit het implikasies vir die indeling van die gedeelte. Indien eerste opsie aanvaar word is vers 1 ’n opskrif vir die gedeelte met drie onderafdelings wat onderskeidelik oor liefdadigheid, gebed en vas handel (NAV). Indien laasgenoemde opsie korrek is, is vers 1 al deel van die eerste onderafdeling wat oor liefdadigheid handel.

Ek dink dit is duidelik hoe belangrik, praktiese geregtigheid, ’n lewe wat anders is en oorloop in dade – meer as wat enige moralis, soos Fariseërs, dit kon doen. Dit is vir Jesus belangrik.

Tweedens: Kyk, jy kan nie die Ou Testament lees sonder om te sien hoe belangrik die ontferming oor die armes en behoeftiges is nie. Dit is telkens die kenteken van ware godsdiens (vgl. Jes. 58).

Die woord in ons gelese gedeelte, wat vertaal word met *liefdadigheid* (OAV) en omskryf word in die 1983 vertalings as *die help van armes*, beteken letterlik ‘n daad van barmhartigheid of besorgdheid. Wat ons moet sien is dít: Ons God is só. Jesus het dit nou net gesê in Matteus 5:45, 48 (vgl. Luk 6:36). Die belangrikheid hiervan mag ons nie mis nie.

Maar nou is ons gereed vir die groot punt wat Jesus spesifiek hier wil maak: Barmhartigheid en vrygewigheid is nie genoeg nie. Dwarsdeur die Bergrede gaan dit vir Jesus oor *die hart*. Nie meer net egbreuk nie, maar egbreuk in die hart, nie net moord nie, maar haat.

En hier waar dit gaan oor gee, oor dade van barmhartigheid, is Jesus *ook* bo alles besorg oor die geheime gedagtes – die hart.

Die vraag is dus nie soseer wat die hand doen (die plaas van kontant in ’n koevert of die uitskryf van ’n tjek nie) maar wat die hart dink *terwyl* dit gedoen word.

Daar is net drie moontlikhede: i) Jy soek openlik die goedkeuring, die lof van mense; ii) Jy behou jou anonimiteit, maar jy wens jouself in stilte geluk; iii) Jy soek die goedkeuring van God alleen.

Om die lof van mense te soek, was die kenteken van die Fariseërs.

> **"Hoe kan julle ook in My glo terwyl julle gesteld is op die eer wat julle van mekaar ontvang en nie die eer soek wat van die enigste God af kom nie?" (Joh 5:44)(vgl. ook Joh. 12:43).**

Jesus maak natuurlik hier in Matteus 6 'n karikatuur van die manier waarop hulle hul geregtigheid 'n openbare vertoning maak. Hy skets 'n prentjie van 'n Fariseër op pad na die tempel om geld daar te gaan ingooi, of om 'n gawe vir die armes te vat. Voor hom marsjeer die trompetblasers, en gou is daar natuurlik 'n skare. Of hulle dit werklik gedoen het en of Jesus dit doelbewus uit verband ruk – die punt is (soos Spurgeon dit gestel het) om met 'n pennie in die een hand en 'n trompet in die ander te staan is die houding van 'n huigelaar, 'n skynheilige.

Jesus praat hier oor skynheiligheid. In vers 5 gebruik hy die woord. Hy praat steeds van dieselfde ding daar. Die Griekse woord *hipokritus* dui op iemand wat eerstens 'n orator was en tweedens 'n toneelspeler. Figuurlik is die woord van toepassing op elkeen wat die wêreld beskou as 'n verhoog waar hy sy rol speel. Sy ware identiteit word eenkant gesit en hy neem 'n valse identiteit aan. In 'n teater pas toneelspel natuurlik.

'n Geestelike toneelspeler is egter besig om iets te doen wat nie aanvaarbaar is voor die een wat na Hom kyk nie. God.

Om van Fariseërs grappies te maak, is maklik. Ons Christen-Fariseïsme is nie so snaaks nie... Ja, dit kan baie subtiel wees – jy hou daarvan om jou naam iewers te sien verskyn – te hoor dit word genoem.

Van sulke mense se Jesus met klem: *Hulle het hul beloning klaar ontvang*. Letterlik, hulle het alles ontvang wat hulle sal ontvang. Hulle sal niks verder kry nie.

Nadat Jesus gewys het hoe ons barmhartigheid – ons gee aan ander – nie moet lyk nie, maak Hy dit duidelik *hoe dit wel moet lyk.* Sien jy? Die linker- en regterhand...

Ek dink nie die betekenis is so moeilik nie. Nie alleen moet ons nie ander mense vertel van ons Christelik gee nie, nee ons *moet dit selfs nie vir onsself sê nie.* Dit is die punt hier.

Ons moet nie selfbewus wees in ons gee, ons barmhartigheid nie, want ons self-bewustheid kan maklik verander in self-geregtigheid. Kyk, hierdie sonde is so subtiel, dit is moontlik om daadwerklike stappe te neem om ons gee, ons barmhartigheid in die geheim te doen, terwyl ons terselfdertyd in ons gedagtes daarop broei in ’n gees van selfgelukwensing.

Dit is moeilik om die perversiteit hiervan te oordryf. Gee is ’n werklike aktiwiteit waarby werklike mense betrokke is in werklike nood.
Die doel is om die nood van behoeftiges te verlig. Tog is dit moontlik om ’n daad van barmhartigheid te verander in ’n daad van ydelheid en sodat ons hoofmotief met gee, nie die persoon is wat die gawe ontvang nie, maar tot die voordeel van ons wat gee!

Altruïsme word vervang met egotisme.

Om ons sondige ydelheid dood te maak, beveel Jesus ons om ons gee, maar ons barmhartigheid geheim te hou vir onsself en vir ander. Deur hierdie opmerking van die een hand wat nie moet weet wat die ander doen nie, spreek Jesus die doodsvonnis uit oor die self. Sien, selfgesentreerdheid hoort by die ou lewe, nie by nuwe lewe in Christus nie. Die nuwe lewe is een van onberekende vrygewigheid.
Dit is natuurlik nie maklik nie. Ons weet wat ons gee. Maar die punt is ons moet doelbewus *nie* daaroor tob en nadink nie. Nee, ek moet dit doelbewus kruisig.

Baie belangrik en geweldig insiggewend: God moet ons enigste getuie wees. Want kyk, ons kan niks van God weghou nie. Hy weet dit.
Luister na Jesus: *En jou Vader wat…..*

Loon is ’n kwessie wat reeds in Matteus 5:12 ter sprake gekom het.

Die Saligsprekinge het te make met die ontvang van ’n loon by God. Ook by die bespreking van die laaste teenstelling tussen Jesus se opdrag en die wet is loon spesifiek genoem (Matt. 5:46) .

Ons het gesien dat Jesus ’n nuwe radikale gehoorsaamheid vereis. As mense hierdie nuwe gehoorsaamheid net voor mense uitvoer en nie vir God nie, wel dan kom die loon in gevaar. Dis in hierdie konteks wat Jesus sê: “Pasop...” Dis ’n waarskuwing, ’n ernstige waarskuwing, wie nie ag slaan op hierdie waarskuwing nie, kan die beloning van God verbeur.

Wat is hierdie beloning? Ek dink voorlopig nie ons moet die gedagte van ’n prysuitdeling in ons kop hê nie.[3] Maar Hy sal beloon! Kom ons maak ’n paar samevattende opmerkings en dan kyk ons weer na hierdie beloning.

☙ *Onthou: God sien alles*

Liefdadigheid is iets wat Jesus van ons verwag. ’n Radikale liefdadigheid soos uit die vorige gedeelte duidelik geword het. ’n Liefdadigheid wat selfs vyande insluit. Hierdie liefdadigheid mag nie daarop gerig wees om aandag te trek en die aandag op myself te vestig nie. Dit mag ook nie daarop gerig word om die eer en waardering van mense te ontvang nie. Wanneer ons liefdadigheid beoefen moet ons dit

[3] Die woord “openbaar” (OAV) is nie in die teks nie.

nie doen soos toneelspelers, wie se doel dit is om gesien te word nie. Nee, in ware, God-aanvaarbare liefdadigheid moet die linkerhand nie weet wat die regterhand doen nie. Die kern van die beeld is dit: liefdadigheid moet onopgemerk beoefen word. Moenie sulke dade aan groot klok ophang nie. Natuurlik word dit partykeer baie subtiel gedoen – ek skep die indruk dat ander mense nie moet weet wat ek gedoen het nie, maar ek laat val darem net so ’n terloopse woordjie!

Die kind van God het egter ’n wonderlike versekering. God sien alles. Hy weet van dit wat in die stilte gebeur, dit waarvan geen koerant skryf nie en dit waarvoor niemand medaljes uitdeel nie. Die Here weet van die spreekwoordelike beker koue water – Hy weet van die getroue kind wat met liefde en geduld ’n swak bejaarde ouer versorg sonder dat ander eers bewus is daarvan. Hy weet van mense se naamlose finansiële opofferings om ander te help. Hy weet van alles wat Sy kinders in gehoorsaamheid aan Hom doen en Hy sal hulle beloon! Hy sal hulle verseker beloon. Ons kry ’n treffende beskrywing daarvan in Matteus 25:24-40. Let op hierdie mense se verbasing – hulle het nie hulle dade van barmhartigheid gedoen ter wille van mense en beloning nie. Hulle het hoegenaamd nie die heerlike gevolge van hulle liefdadigheid besef nie.

☙ *Die tyd waarin ons leef….*

Ons leef in ’n tyd waarin liefdadigheid, hulpverlening en barmhartigheid eintlik die in-ding is. Sportsterre, die vermaaklikheidswêreld, groot maatskappye is almal betrokke by liefdadigheidsprojekte.

Daar is kinderfondse, vigsfondse, voedselfondse... noem maar op! Hierdie uitsprake van Jesus plaas al hierdie aksies in ’n ander perspektief. Al die aksies van liefdadigheid wat bloot gedoen word ter wille van selfbelang, reklame of watter vorm van mensverheerliking tel

geen punte by God nie! Hoe mooi hierdie aksies ook al lyk en watter waardering dit by die wêreld ontlok – van God se kant sal daar geen beloning en waardering kom nie.

As ons dit gesê het moet ons natuurlik ook die hand in eie boesem steek. Dis maklik om ander ouens se valse barmhartigheid af te skiet, maar beoefen ons egte barmhartigheid? Is jy betrokke by liefdadigheid? Of is jy dalk soos die ryk man, blind en afgestomp teenoor Lasarus wat voor jou deur vergaan?

In die Bergrede word deur groot klem gelê op die beoefening van geregtigheid (in die prakties aktiewe sin). Liefdadigheid en hulpverlening is deel daarvan. Is jy besig daarmee en as jy besig is, beoefen jy praktiese geregtigheid voor die aangesig van God of speel jy vir die skare? Tree jy anders op daar ver wanneer jy met vakansie is, as wat jy sou optree tussen gemeentelede of voor die oë van medegelowiges?

Dis weereens duidelik uit hierdie gedeelte: Jesus lê klem op ’n hartsgodsdiens - *salig is die wat rein van hart is*. Mensgemaakte natuurlike godsdiens is die teenoorgestelde. Dit lê klem op uiterlike vertoon. Egte godsdiens is ingestel op God – wat dink Hy? Dit is belangrik. Valse godsdiens is behep met mense, met status, met erkenning van ander. God en Sy Heiligheid en Sy wil is nie juis ter sprake nie.

Die feit dat God in die hart en die verborgene sien, bevat ’n sterk waarskuwing, maar juis ook ’n heerlike vertroosting. Kinders van God vind rus en vervulling in ons Vader se alwetendheid. Hy sien my raak. Elke geringe daad van medemenslikheid en liefde tel in Sy oë. Hy sal my beloon. Hierdie wete haal ’n las van mens se skouers af – ek hoef myself nie te bewys voor ander mense nie, ek kan maar net rustig aangaan met die take wat die Here op my pad bring. Ek hoef nie myself op die kaart te plaas nie, ek is in elk geval gedurig in Sy oog. Ek is in

die oog van Hom wat die laaste sê het, wat die werklike loon sal uitdeel. Mag dit jou aanspoor tot ’n lewe van oorvloedige liefdadigheid!

Moenie die gedeelte verkeerd verstaan nie! – Moenie dink dade van liefdadigheid laat my kwalifiseer vir die Koninkryk solank ek dit nou maar net nie doen om gesien te word nie. Egte Christenskap loop uit, of lei noodwendig tot dade van liefdadigheid. Hoe so? ’n Christen is iemand wie se verhouding met God herstel is. Deur geloof in Jesus. As my verhouding met God herstel is, dan is Hy mos vir my ’n werklikheid, ek weet ek leef voor Hom, ek staan voor Sy aangesig en ek is nie meer besig met ’n mensgemaakte rituele godsdiens nie. Wanneer ek dus uit dankbaarheid oor my verlossing, dade van liefdadigheid doen, sal dit nie vir my daaroor gaan of mense dit sien of weet nie. Dit is *nou* al vir my ’n beloning om te weet, Hy sien my. My Vader sien my en dis genoeg!

Ons word gered deur die geloof in Jesus alleen – maar onthou ware geloof is lewensveranderd ook ten opsigte van my beoefening van liefdadigheid.

Hoofstuk 20

DIE GEBED VAN DIE KONINKRYKSMENS (1)

Matteus 6:5-8

"Verder, as julle bid, moet julle nie soos die skynheiliges wees nie. Hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die straathoeke te staan en bid sodat die mense hulle kan sien. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg. Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon. Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene 'n stortvloed van woorde gebruik nie. Hulle verbeel hulle hulle gebede sal verhoor word omdat hulle baie woorde gebruik. Moet dan nie soos hulle maak nie, want julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom vra." (NAV)

Waarom is gebed, persoonlike gebed so moeilik? Waarskynlik omrede ons God nie kan sien nie. Dit maak gebed moeilik – ons sien nie die Een met wie ons praat nie. Maar daar is nog 'n rede, dalk 'n belangriker rede...

Is dit nie juis omdat ons nie 'n skare het wanneer ons bid nie? Is dit nie juis omdat ons geen sigbare belonging ontvang nie? Ek vermoed daar is baie Christene wat selfs makliker in 'n biduur bid, en meer in 'n biduur bid as op hulle eie. Hoekom? Wel omdat hulle God nie kan sien nie en omrede niemand hulle kan sien nie.

Kom ons kyk nou na hierdie gedeelte.

Kyk, wat Jesus hier aan die begin sê oor die geveinsdes is heel pragtig. Hulle *hou* daarvan om te bid! Maar ongelukkig is dit nie gebed wat hulle van hou nie, ook nie die God tot wie hulle behoort te bid nie. Nee, hulle het hulself lief en die geleentheid wat openbare gebed hulle bied om hulself ten toon te stel. Ek sidder.

☙ *Moets en moenies wanneer jy bid*

Hoe moet ek en jy dus *nie* bid nie?

Eerstens moet ons verstaan dat die dissipline van gereelde gebed nie veroordeel word nie. Daniël het drie maal per dag gebid.

Daar was ook niks verkeerd daarmee om te *staan* en bid nie. Dit was ’n bekende gebedshouding onder Jode. Dit was ook nie noodwendig verkeerd om *op straathoeke* sowel as in *sinagoge*s te bid nie. As dit gedoen was om God oop en bloot te vereer – geen probleem!

Die problem was *hulle motief.* Dit gaan weer oor die binneste. Die hart. Agter hulle geestelikheid het hoogmoed gesit, selfliefde

Hulle wou gesien word.

Wat hulle regtig gesoek het was applous. En hulle het dit gekry. Wat hulle werklik wou hê, was dat mense hulle moes prys. Hulle moes sien. Jy ken dit. Daardie heerlike gevoel van beloning as mense darem gehoor het watter diep woorde en goeie teologie jy gebruik. Daardie amens, as jy bid. Hulle het hulle belonging ten volle gekry...

Terloops, die gebruik van baie woorde het ook gewys wat hulle siening van God was. Hulle was nie besig met die ware God nie. Hulle was besig met ’n afgod – ’n god wat jy nie kan vertrou nie. Wat bedoel ek? Wel, gaan lees in 1 Konings 18 hoe die Baälprofete moes aangaan om die aandag van hulle god af te kry. En niks het gebeur nie. En Elia? Gaan kyk hoe min woorde en watter geweldige effek daar was!

Godsdienstige Fariseïsme is ver van dood. Ek weet die wêreld is lief om vir ons te sê ons is skynheilig. Maar dalk is hulle soms meer reg as wat ons sou wou toegee?

Kyk, dit is moontlik om na jou gemeente se kerkgebou te gaan vir dieselfde verkeerde rede as wat die Fariseërs na die sinagoge gegaan het. En wat is dit? Nie om God te aanbid nie, maar om vir jouself ’n reputasie van geestelikheid op te bou. Dit is ook moontlik om oor jou private stiltetyd op dieselfde wyse te roem.

Subtiel. Gevaarlik.

Diens aan God word diens aan jouself. Dink daaraan: jy gee voor dat jy God prys, maar in realiteit is jy meer besorg daaroor dat mense jou sal prys.

Goed, maar hoe moet ons dan wel bid? *“ ....gaan na jou kamer toe, maak die deur toe...”*

Ons moet die deur toemaak teen dit wat hinder en dit wat ons aandag aftrek, maar ook teen die oë van mense, en ons moet onsself insluit met God. Net dan kan ons die Here Jesus se volgende bevel gehoorsaam: *“... en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.”* Bid tot jou Vader wat in die verborge is, daar waar jy nie kan sien – maar waar Hy verseker is!

Ons Vader is daar! Hy is *daar*. Glo jy vir Jesus? Hy wag om ons te verwelkom.

Ons kan dit so stel: Net soos niks gebed vernietig soos “kyke na die na die paviljoen toe” nie, net so is daar niks wat gebed so heerlik maak soos ’n bewustheid van die teenwoordigheid van God nie.

Want Hy sien nie die uiterlike voorkoms nie, maar die hart. Hy sien nie net die een wat bid nie, Hy luister nie net na sy woorde nie, maar Hy sien die motief waarmee jy bid. Die essensie van Christelike gebed is om God, die Vader op te soek. En agter elke ware gebed lê die gesprek wat God inisieer. Gaan lees net weer Psalm 27:8!

Ons soek Hom om Hom te ken as die Persoon Wie Hy is – God die Skepper, God die Here, God die Regter, maar uiteindelik bo alles – God ons Vader deur Jesus Christus ons Verlosser.

Ons begeer om Hom in die geheim te ontmoet. Hoekom? Sodat ons Hom kan aanbid en liefhê en vertrou.

En ons hoef nie so vreeslik baie woorde soos die heidene te gebruik, nie. Soos die Baälsprofeet nie. Ons kan Hom herinner aan Sy beloftes ja, en stil wees voor Hom! Want ons vertrou Hom.

Jesus sê: *"Julle Vader wat in die verborge sien..."* Terloops, dit gaan eintlik nie hier hoegenaamd oor gebedsverhoring nie. Dit gaan hier oor belonging vir jou *motief* vir gebed!

Hier is nogal iets interessant. Die woord wat hier vir *binnekamer* gebruik word, is die woord vir 'n *stoorkamer*, meer nog 'n kamer waar skatte gehou kan word. 'n Soort van skatkamer.

Miskien wonder jy: Mag ek dan net in die geheim bid? Nee, ek dink hierdie 'afsluit' van jouself moet ook plaasvind as jy voor 'n gehoor bid. Terloops, ek dink hier lê die geheim van kragtige gesamentlike gebed. Daar is dikwels heeltemal te veel uitstalling van teologie in ons gesamentlike bidure. Te veel prediking.

Wat bedoel ek hiermee? Jy wil in jou gebed vir die ander een preek ... Jy weet van iets wat hy of sy gedoen het, maar jy is te bang of te skaam om dit reguit te sê – so jy hoop die opslagkoeëls van jou gebed tref hom of haar. Of jy gebruik dit as 'n skinderplek. Niemand sal mos dink jy skinder as jy bid nie. Maar as ek darem bid vir die arme só en só se situasie…

Kom ons gaan terug na die skatkamer. Die implikasie mag wees dat daar 'alreeds skatte vir ons wag' as ons só bid. Daar is verborge belonings, wat geen mens kan beskryf as jy dit nog nie beleef het nie.
Iets dalk van wat in Romeine 8 beskryf word? Die Gees wat jou oortuig van jou kindskap.... Wat ook al die beloning verder mag behels. Hierdie houding in gebed is geestelik gesproke nie tevergeefs nie!

Hoofstuk 21

DIE GEBED VAN DIE KONINKRYKSMENS (2)

Matteus 6:9-15

"So moet julle bid: Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose. As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie." (NAV)

Waaroor gaan dit ten diepste in die Bergrede? Jy is reg. Dit gaan oor die Koninkryk van God. As jy 'n definisie van die Koninkryk van God moet gee, kan jy sê: Dit is waar God in beheer is, waar Hy inisiatief neem en Sy doelwitte bereik word. Dit is wanneer God se mense is waar God wil hê hulle moet wees – onder Sy beheer. Dit is waar daar regte verhoudinge is met God, met mekaar, en met die omgewing, soos in die Tuin van Eden. Dit is die Koninkryk, die heerskappy van God.

Hoe verskil lewe van mense wat aan hierdie Koninkryk behoort van blote godsdienstige mense en heidene? Hierdie groepe mense gee ook vir armes, bid ook en vas.

Maar daar is ’n verskil. Ons het reeds gekyk na hierdie verskille, ook die verskil as dit kom by die hele manier van bid. Jesus wys egter in Matteus 6:9-15 ook hoe lyk die inhoud van die gebed van Koninkryksmense. En ook dit verskil met die van die heidene

As ons na die eerste drie bedes kyk, sien ons reeds die verskil. Die Koninkryksmens, die Christen se gebed gaan nie oor homself nie, maar oor God! Dit gaan oor die Vader. Onthou jy die eerste Saligspreking? Die Christen weet hoe afhanklik hy van God is.

☙ *Godgesentreerd*

Jesus leer dus in die eerste plek dat ons gebed Godgesentreerd sal en moet wees.

Let op dat hierdie dinge wat gebid word almal versoeke is. Die hele Onse Vader is versoeke, nie dank of lof nie. Jesus sê ons eerste begeerte, ons eerste versoek moet wees dat God se Naam geheilig en verheerlik sal word, en dat Sy Koninkryk sal vooruitgaan en sal kom.

Dit is wat ek bedoel met Godgesentreerd! Die eer van God se Naam en die vooruitgang van God se Koninkryk is en moet primêr in ons gebede wees.

☙ *Die anderster atmosfeer van volwasse gebed*

Ons ken almal die verskil tussen onvolwasse gebed en volwasse, God-gesentreerde gebed. Ons weet ons is in ’n ander atmosfeer – ’n verhewe

een – wanneer ons hoor iemand bid met die prioriteite wat Jesus hier leer. Dit klink min of meer só, gebaseer op Matt. 6:9-10 as raamwerk:

"Vader, ons begeer dat U meer geëer word in ons gemeente. Laat U Naam geheilig word onder ons. Verhoog U waarde en heerlikheid in ons midde. En laat U Koninkryk onder ons kom. Neem U Koninklike heerskappy meer en ten volle op oor ons gemeente en ons lewens en ons familie en ons stad. Verhaas die dag van Christus se finale koms. Voorsien in on fisiese behoeftes, sodat ons met vreugde die werk waarvoor U ons geroep het kan voortsit. Vergewe ons, Here dat ons gesondig het en kortkom aan U heerlikheid. Bewaar ons van versoekinge wat verstrik en oneer op U Naam bring. Ons bid dit in Jesus Christus se naam. "

Daar is 'n duisend maniere om dit te sê. Ek pleit nie dat jy hierdie woorde moet gebruik nie, maar dat jy Jesus se prioriteite sal hê en dat jy dit in jou gebed tot uitdrukking sal bring. Bid dat die Vader se Naam geheilig sal word en dat Sy Koninkryk sal kom.

As dit alles baie vreemd voel vir jou, as jy nooit pleit dat die Naam van God geheilig word en die Koninkryk sal kom nie, moenie tevrede wees met jou standaard van gebed nie. Moenie by daardie onvolwasse tipe gebed bly nie, die inkopielys-, rympie-tipe gebed nie.

Nee, sê op 'n nuwe vars manier hierdie week vir God: Vader, heilig U Naam in my lewe, in my gebed, hierdie jaar soos nooit tevore nie.

Hier is 'n belofte wat jou sal bemoedig in die navolging van Jesus op hierdie eerste punt: *"Ek sal die heiligheid van My groot Naam laat blyk wat onder die nasies in oneer gekom het. Julle het My Naam oneer aangedoen onder die nasies. Wanneer Ek My heiligheid laat blyk in wat Ek met julle doen voor die oë van die nasies, sal hulle besef dat Ek die Here is,' sê die Here my God*" (Eseg. 36:23).

God se Naam sal onder al die nasies geëer word as waar en heerlik. Maar Hy het besluit dat ons deel hieraan sal hê deur gebed. Maak dus die heerlikheid van God die kern van jou gebede. Bid weer en weer, met soveel woorde as wat jy kan: *"Vader laat U naam geheilig word en U Koninkryk kom."*

Hierdie eerste bede word dan gevolg deur drie afsonderlike versoeke. Al drie hierdie versoeke het betrekking op die bidders wat reeds deel in God se ryk en op pad is na die finale gestalte van God se beloofde ryk. Dit is daarom belangrik om raak te sien dat hierdie gebed nie oor twee losstaande afsonderlike sake gaan nie. Dit gaan dus nie eers oor God se eer en dan bloot ons behoeftes nie.

Onthou dat hierdie gebed lewensveranderend is. Ons verander meer en meer as ons dit bid. Kom ek stel dit so: As jy wil deel wees van die waar word van die eerste drie bedes, dan het jy dít nodig waarvoor daar in die drie laaste bedes gebid word.

"*Gee ons ons daaglikse* (*epiosus) brood.*" Ons weet nie presies hoe om die Griekse woord hier te vertaal nie, dit is 'n nuutskepping. Alle aanduidinge is dat dit wel fisiese behoefte insluit. Maar daar is waarskynlik meer. Alles wat nodig is om 'n Koninkrykslewe te leef! Dit is waarvoor ons hier bid. Dit is interessant as ons na Lukas se Evangelie kyk, dan sien ons dat Jesus in die versoeking in gelei word deur die Gees. In Lukas se gebed is daar 'n gelykenis en Lukas maak die punt dat die Vader ons die Heilige Gees sal gee as ons Hom vra!

Kom ons dink nou oor die bede wat handel oor vergifnis. As ek en jy wil hê die eerste drie bedes moet in en deur my realiseer, moet daar vergifnis van sonde wees. Sonde bly die bedreiging vir Koninkryksmense. Dit verdien om gestraf te word. Baie belangrik: Hoekom kan ons bid: *soos ons vergewe?* Wel, omrede dit 'n kenmerk is van Koninkryksmense. Gaan lees maar weer die Saligsprekinge. Dit is hulle wat gesien het hoe lyk hulle voor God! Hierdie saak is soveel

belangriker as wat ons dikwels dink! Vergifnis is die bewys daarvan dat ons werklik berou het. Jy kan nie anders as om te vergewe nie Ja, hierdie is lewensveranderende gebed! Die oomblik as jy dit bid moet jy dink aan Matteus 18!

Versoeking. Hierdie bede is bietjie moeilik te verstaan. Lei God ons in versoeking? Hy versoek ons natuurlik nie nie self nie. Maar dink weer aan Jesus in die woestyn. Kyk na Matteus 4. Ons lees dat Jesus van ná hierdie versoeking verkondig het dat die Koninkryk naby gekom het. Die oomblik as die Koninkryk van God te sprake is, is die vyand van die Koninkryk van God aktief. Jesus is natuurlik vir ’n spesifieke rede ingelei om versoek te word. Wat ons ten diepste bid is dit: “Vader moenie ons *so* lei om versoek te word nie – U het dit klaar gedoen met Jesus! Verlos ons van die Bose. Die klem val op tweede deel. As ons versoek word, verlos ons! Belangrik: Ons is te swak. Hý moet ons verlos.

Dit is juis mense wat onderweg is na die finale gestalte van die Koninkryk wat kos (fisiese versorging) nodig het, wat vergifnis nodig het, wat beskerming nodig het. Hierdie behoeftes gaan nie sommer oor versoeke van die mens in die algemeen nie. Dis dinge waarvoor mense net kan en mag bid in hulle ywer vir die Koninkryk, in hulle op pad wees na die finale gestalte van die Koninkryk van God.

Hierdie is hoegenaamd nie versoeke wat in diens mag staan van ons eie selfsugtige behoeftes en ideale nie. Dit gaan oor *versoeke binne Koninkrykskonteks*.

Vanuit hierdie drie versoeke kan ons aflei watter drie sake ten minste ook oor ons pad sal kom in hierdie jaar, terwyl ons nog wag en bid en werk vir die koms van die Koninkryk, terwyl ons al reeds ook deel het daaraan.

Daar is drie tipes situasies waarmee ons, as individue en as gemeentes, gekonfronteer gaan word in die jaar wat kom.

~ *Fisiese nood en behoeftes en geestelike behoeftes.* Ons gaan dinge nodig hê wat verband hou met ons normale funksionering as mense. Ons gaan ook geestelike behoeftes hê. As ons praat van fisiese behoeftes beteken dit nie noodwendig dat ons self aan dreigende gebrek blootgestel gaan word nie – ons gaan ook gekonfronteer word met die fisiese nood van ons medebroers en -susters. En moenie so seker wees dat dit nie dalk oor jou eie pad gaan kom nie!

~ *Die dreigende realiteit van sonde.* In hierdie bedeling is ook ons wat uitsien na die Koninkryk en dit verkondig nog steeds gebroke sondaarmense. Onthou hierdie is ’n gebed wat Jesus vir Sy volgelinge leer – ja, volgelinge van Jesus is nie gevrywaar van sonde nie.

~ *Die aanslag van die Bose.* In hierdie bedeling waar die Koninkryk nog nie aangebreek het nie, kan ons weet dat ons met versoekings en die aanslae van die Bose te kampe gaan hê. Daar is ’n vyand wat op die loer lê en ons aktief gaan beveg op allerhande wyses. Die jaar wat kom sal dus net soos die afgelope jaar ’n jaar van stryd wees! Wees daarop voorbereid.

Binne hierdie verwagting, kom ons dink weer aan die verskil in gebed.

Wat was die fout van die Fariseërs? Wel, selfsug! Daarteenoor gaan dit vir die Christen om God en Sy heerskappy.
Wat was die fout van die heidene? Ons kan sê hulle het gebabbel sonder om te dink. Dit gaan vir hulle eerder oor volume as oor inhoud. As ons bid, bring ons ons nood met nederige deurdenking. Ons gebed is Godgesentreerd en intelligent. Dit is nie ’n meganiese rympie nie.

☙ *’n Lewende, vaste hoop!*

Ons het ’n Vader. As volgeling van Jesus het jy ’n Almagtige Vader in die hemel. Dit maak ’n reuseverskil. Dit gee ’n totaal ander perspektief aan alle stryd en krisis wat ons mag beleef. Ons is nie wees nie, ons is nie uitgelewer aan die noodlot nie. Die Almagtige God wat in beheer is van die geskiedenis is, is ons Vader en ons mag dus deel aan Sy liefde en sorg.

Ons het ’n realistiese hoop en doelwit naamlik die ewige Koninkryk. Die Vader se Naam sal verheerlik word, die Koninkryk sal aanbreek en God se wil sal seëvier. Die huidige ellende en chaos sal nie maar onbepaald voortduur nie. Watter ellende ook al oor ons mag kom en watter nood die aarde ook al gaan beleef – ons as kinders van God het ’n blye vooruitsig. ’n Lewende vaste hoop! Dit maak ’n reuseverskil in hoe mens probleme sien en hanteer.

Ons het in die tussentyd die hulpmiddel van gebed. Ons Vader maak só voorsiening vir ons diepste nood en behoeftes.

Terwyl ons op hierdie gevaarlike pad van die Koninkryk is, kan ons op Jesus se gesag met vertroue tot die Vader bid. Die pad is gevaarlik, maar jy kan met vertroue bid. Wat ook al hierdie jaar op jou pad kom, onthou, jy kan bid – en belangrik – jy mag maar sonder skaamte en met vertroue en vrymoedigheid vra.

Dit is die groot punt van die gelykenis in Lukas 18!

Hoofstuk 22

DIE VAS VAN DIE KONINKRYKSMENS

Matteus 6:16-18

"As julle vas, moet julle nie soos skynheiliges met lang gesigte rondloop nie. Hulle mismaak hulle gesigte sodat die mense kan sien dat hulle vas. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg.
Nee, as jy vas, versorg jou hare en was jou gesig
sodat niemand kan sien dat jy vas nie, behalwe jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon" (NAV)

Wanneer julle vas, nie as julle vas nie

Dit is duidelik dat Jesus hier aanneem dat mense wat aan die Koninkryk van God behoort sal vas. Dit is wat ons later sal sien in Matteus 9:15 – wanneer die Bruidegom weg is, sal die dissipels vas.

Jesus is dus nie besig met die vraag of ons moet vas of nie. Hy neem aan dat ons sal vas en leer ons hoe om dit te doen – en veral hoe om dit nie te doen nie!

Skynheiligheid: 'n gevaar wanneer gevas word

Daar is natuurlike fisiese gevare en dinge wat ons moet weet wanneer daar gevas word. Meer belangrik is egter die waarskuwing van Jesus omtrent die geestelike gevaar van vas op die verkeerde manier. Dit is waaroor dit hier gaan. Jesus waarsku ons oor wat om nie te doen nie en wat ons in stede daarvan moet doen.

Hy waarsku ons in Matteus 6:16 om nie soos die skynheiliges te wees nie. Sien jy dit? Die skynheiliges is die ouens wat hulle geestelike dissiplines doen 'om deur mense gesien te word.' Dit is die beloning wat hulle soek. En wie van ons het nog nie gevoel hoe belonend dit is om bewonder te word vir ons dissipline of ywer of toewyding nie? Dit is 'n groot beloning onder mense. Min dinge is so bevredigend vir ons as gevalle mense se harte as wanneer daar 'n groot ophef gemaak word daarvan – veral ons geestelike 'prestasies.'

Daarom kom Jesus aan die einde van Matteus 6:16 en sê dat sulke mense klaar hulle beloning weg het. As dit dus die beloning is wat jy soek – wel jy sal dit kry maar dit sal *al* wees wat jy kry. Die gevaar van skynheiligheid is dus dat dit so suksesvol is. Dit is gerig op die lof van mense. En dit is geslaagd wat daardie aspek betref. Maar dit is al...

☙ *Hoekom is dit skynheiligheid?*

Kyk, hier het ons werklik godsdienstige mense. Hulle besluit om te vas. In stede daarvan dat hulle hul vas probeer wegsteek, maak hulle dit baie duidelik dat hulle vas. Hoekom is dit skynheiligheid? Hoekom is dit nie juis skynheiligheid om jou hart te salf en jou gesig te was en niemand te laat weet dat jy vas nie? Is die definisie van vas nie juis nie juis dat jy probeer om op die oppervlak anders te lyk as aan die binnekant nie? Hierdie ouens wys dan tog die realiteit, of hoe? Hulle is die teenoorgestelde van skynheilig. Hulle vas en dit lyk of hulle vas. Geen voorgee. As jy vas, lyk of jy vas.

Oeps! maar Jesus noem hulle skynheiliges. Hoekom? Omrede die hart wat vas motiveer veronderstel is om 'n hart vir God te wees. Dit is wat vas beteken: 'n hartshonger vir God. Die hartshonger wat hulle gemotiveer het, was egter 'n hart vir menslike bewondering. Ja, hulle is dus oop en deursigtig omtrent wat hulle doen, maar daardie selfde openheid is misleidend omtrent wat hulle voel. As hulle werklik oop

wou wees, moes hulle ’n teken om hulle nekke gedra het wat sê: “Die eintlike beloning wat ek soek is die lof en goedkeuring van mense.” Dan sou hulle nie skynheilig wees nie. Hulle sou dan openlik en deursigtig ydel gewees het.

Daar is dus twee gevare waarin hierdie ouens wat gevas het, geval het. Een is dat hulle die verkeerde beloning in vas gesoek het, naamlik die eer van mense. Hulle het die goedkeuring van mense bemin. Die ander fout was dat hulle dit weggesteek het met die voorgee dat hulle ’n liefde vir God gehad het. Hulle sê dus met hulle optrede dat hulle ’n honger vir God het – in werklikheid is daar in hulle binneste net ’n honger vir die lof en goedkeuring vir mense. Dit is die god wat hulle vervulling gee.

☙ *’n Alternatiewe manier van vas*

In Mattteus 6:17 en 18 gee Jesus ’n alternatiewe manier van vas – die manier waarop Hy wil hê dit moet gedoen word. Sien jy dit?

In die Bybel is daar allerhande soorte openbare vas. Dink maar aan Handelinge 13:13 en 14:23. As iemand sou uitvind dat jy gevas het, het jy tog nie gesondig nie. Die waarde van jou vas is nie vernietig wanneer iemand gesien het dat jy middagete laat verbygaan het nie. Dit is dus moontlik om te vas en deur mense gesien te word en nie te vas ‘om deur mense gesien te word’ nie. Daar is ’n verskil om gesien te word as jy vas en om te vas om gesien te word. Om gesien te word as jy vas is bloot ’n eksterne gebeure. Om te vas om gesien te word, is ’n selfverhogende motief van die hart.

☙ *Jesus se toets vir die realiteit van God in ons lewens*

In die lig van wat ons nou gesien het, gee Jesus dus ’n opdrag wat ons hart sal toets. Hy sê ons moet geen poging aanwend om gesien te word wanneer ons vas nie. Om die waarheid te sê, wend ’n poging aan in die teenoorgestelde rigting – om nie gesien te word nie. Kam jou hare, was jou gesig sodat mense sover as moontlik nie eers kan sien dat jy vas nie.

Maar Hy gaan selfs verder. Hy maak dit duidelik dat jou doelwit moet wees om deur God gesien te word, nie deur mense nie. Sien jy dit? “...sodat jou Vader....”. Vas om deur God in die geheim gesien te word.

Wat Jesus hier doen, is om die realiteit van God in ons lewens te toets. Ag, hoe maklik is dit nie om godsdienstige dinge te doen wanneer ander mense kyk – preek, bid, kerkbywoning, lees van die Bybel en baie ander dinge. Die rede hiervoor is nie soseer die goedkeuring wat ons by mense kan kry nie, maar meer subtiel, die gevoel dat die werklike effektiwiteit van ons geestelike handelinge op die horisontale vlak lê onder mense, en nie op die vertikale vlak, by God nie. As die kinders kan sien dat ek by maaltye bid, sal dit vir hulle goed wees. As my kollegas sien dat ek vas, mag dit hulle inspireer om ook aandag te gee aan hulle geestelike lewe. As my kamermaat sien dat ek Bybel lees, sal hy dalk ook geïnspireer word om syne te lees. Ons voel met ander woorde dat die waarde van ons geestelike lewe op die horisontale vlak lê – die effek wat dit op ander sal hê as hulle ons sien.

Dit is natuurlik nie alles sleg nie. Die gevaar is egter dat alles wat in ons lewens gedoen word, geregverdig en verstaan word, bloot op horisontale vlak, vir die effek of invloed wat dit op ander kan hê omrede hulle dit sien.

En God word op die manier ’n sekondêre Persoon in ons lewens. Ons dink dat Hy belangrik is bloot omrede al hierdie dinge die soort dinge is wat Hy wil hê ons moet doen. Hyself verdwyn egter uit die prentjie as die fokus van alles.

Jesus toets dus ons harte om te sien of God self vir ons genoegsaam is – wanneer niemand anders weet wat ons doen nie. Wanneer niemand sê: ‘Hi, hoe gaan dit met jou vas?’ nie. Niemand weet eers nie – niemand behalwe God. Jesus roep ons op tot ’n radikale heroriëntasie op Homself. Hy druk ons in die rigting van ’n werklike, absoluut egter, persoonlike verhouding met God.

Wanneer God nie vir jou ’n werklikheid is nie, sal dit ’n absoluut miserabele belewing wees om iets moeiliks te verduur met God as die enigste Een wat weet. Dit sal alles so sinneloos lyk. So oneffektief, want daar sal ’n streep getrek word deur die hele reeks van horisontale moontlikhede – want niemand weet wat jy beleef nie. Dit is net God wat saakmaak en Wie Hy is en wat Hy dink en wat Hy gaan doen.

☙ *Jesus se belofte aan die wat op God alleen fokus*

Ons kom nou by die laaste deel van Matteus 6:18 en die belofte wat Jesus maak omtrent wat God sal doen vir diegene wat vertikaal op Hom gefokus is en nie die lof van mense nodig het om hulle toewyding die moeite werd te maak nie. Hier is die belofte: *“Jou Vader wat in die verborge sien sal jou beloon...”*

Die woord ‘beloon’ klink miskien bietjie baie na ’n besigheidstransaksie. Ons doen die werk van vas en God betaal. Dit is egter nie noodwendig die gedagte in die woord nie. Die woord beteken bloot ‘om terug te gee.’ Op sommige plekke mag dit geld wees. Soms mag dit wees om reg te laat geskied. Dit mag ook verwys na God se

genadige reaksie op die handeling van geloof en gebed. En ek dink dit is die betekenis hier.

God sien dat ons vas. Hy sien dat ons ’n diep verlange het wat ons beweeg om te vas. Hy sien dat ons hart nie die gewone vreugdes van menslike bewondering en toejuiging soek nie. Hy sien dat ons nie optree vanuit ons krag om ander met ons dissipline te beïndruk nie. Hy sien dat ons vanuit swakheid optree om ons behoefte, ons verlange na God se optrede, uit te druk. Wanneer God dít sien, reageer Hy.

☙ *Wat is die ‘beloning’ wat Jesus beloof?*

Wat is dit wat Jesus beloof? Wat gaan die Vader vir ons gee? Is dit tog maar weer die lof van mense? Kan tog nie wees nie. Dan gebruik ons mos maar weer vir God om te kry wat ons eintlik wil, naamlik iets anders as Hyself.

Is dit dalk geld? Die volgende vers (Matt. 6:19) waarsku juis teen die bymekaarmaak van skatte op aarde (of God dit gee of nie) en roep ons juis op om skatte in die hemel bymekaar te maak.

Die beste plek om natuurlik uit te vind wat Jesus hier bedoel is die Bergrede self. Ons het mos gesien die gebed wat Jesus hier vir ons leer (Matt. 6:9-13) begin met drie hoofbegeertes: dat God se Naam geheilig of vereer sal word, dat Sy Koninkryk mag kom, dat Sy wil op aarde sal geskied soos in die hemel. Dít is die hoofbeloning wat God vir ons gee as ons vas. Ons vas vanuit ’n verlange dat God se Naam geken, gekoester en geëer sal word. Ons vas vanuit die begeerte dat Sy heerskappy uitgebrei sal word en tot volvoering sal kom in die geskiedenis en ons het ’n diep verlange dat Sy wil met dieselfde toewyding en energie waarmee dit in die hemel deur die Engele nagejaag word, ook op aarde sal geskied.

Natuurlik gee die Vader vir ons baie spesifieke dinge deur vas. En dit is nie verkeerd om Hom met vas te soek vir spesifieke hulp in sekere areas nie. Maar hierdie drie bede is die lakmoestoets om te sien of al die ander dinge wat ons begeer, uitdrukkings hiervan is. Wil ons hê ons kinders moet gered word, omrede dit God se Naam sal heilig? Wil ons Christenleiers hê omrede God se wil op die spel is? Wil ons hê ons gemeentes moet ’n nuwe ywer kry vir die Evangelie, omrede dit gaan oor God se heerskappy gaan?

Dit is waartoe Jesus Sy volgelinge hier oproep: ’n Radikale God-georiënteerde vas.

☙ *Regtig nog ná die kruis en opstanding?*

Maar leer Jesus werklik dat ***ons,*** wat in die 21ste eeu hier in Suid-Afrika leef**,** moet vas? Dalk wonder jy of Christene ná die kruis en opstanding van Jesus werklik moet vas. In die Bergrede is daardie dinge nog toekomsmusiek. Is dit nie dalk deel van die ou wynsakke wat oorgebly het uit die Ou Testament, en geen plek het in die nuwe, vry, seëvierende volk van God nie. Blaai gou in jou Bybel na Matteus 9:14 en verder.

Kyk baie mooi na hierdie gedeelte en vra vir die Here om jou te leer wat jy nog moet weet en wat ons moet doen as dit kom by vas.

In Matteus 9:14 kom die dissipels van Johannes die Doper na Jesus en vra waarom Jesus se dissipels nie vas nie. Baie duidelik het Jesus se dissipels nie gevas terwyl Hy by hulle was nie. Jesus antwoord met ’n woordprent: “Kan die bruilofsgaste dan treur solank die bruidegom nog by hulle is?”

Met daardie woorde leer Jesus vir ons twee dinge: *Eerstens,* dat vas in daardie tyd grootliks geassosieer was met treur. Dit was ’n uitdrukking

van gebrokenheid en desperaatheid, gewoonlik oor sonde, of oor een of ander gevaar. Dit was iets wat jy gedoen het as dinge nie verloop soos jy graag wou gehad het dit moet verloop nie

Maar dit is nie die situasie met die dissipels van Jesus nie. Dit is die *tweede* ding wat Jesus leer. Die Messias het gekom en Sy koms is soos die koms van ’n bruidegom na die bruilofsfees. Dit is net te wonderlik om te vermeng met vas.

Ek hoop jy sien dat die Jesus hier ’n geweldige ding oor Homself sê. Wat bedoel ek? Wel, in die Ou Testament het God Homself openbaar in terme van die Man van Sy volk Israel (Jes. 62:4; Jer. 2:2; 3:20; Eseg. 16:8; Hos. 2:19). En nou het Sy Seun, die Messias, die lang verwagte Een gekom en Hy maak daarop aanspraak dat Hy die bruidegom is’ dit wil sê die Man van Sy volk, die volk wat die ware Israel sal wees (Joh. 3:29). Sien julle die versluierde aanspraak wat Jesus hier maak op Sy eenheid met God? As jy ore gehad het om te hoor, kon jy dit hoor. God, die Een wat Homself in verbondsliefde met Israel verloof het, het gekom!

Dit is so verstommend, so heerlik en so onverwags dat Jesus sê: “Julle kan bloot nie in hierdie situasie vas nie.” Dit is ’n te gelukkige oomblik, tintelend met opwinding. Vas is vir ’n tyd van verlange, smagting. Maar die Bruidegom van hier! Na ’n duisend jaar van droom en verlang en hoop en wag, is Hy hier! Matteus maak dit baie duidelik in die gedeeltes (Matt.9: 18-32) wat volg op hierdie uitspraak. Die dogter van die raadslid, die vrou wat aan bloedvloeiing gely het, die genesing van die twee blindes en die stom man. Almal situasies van treur en in ’n sekere sin situasies van vas – Hy maak dit duidelik dat Jesus hieraan ’n einde gemaak het. Die Bruidegom het gekom! Vreugde, lewe, opening van oë en ore.

Anders gestel: Die afwesigheid van vas deur die groep dissipels was ’n getuienis tot die teenwoordigheid van God in hulle midde!

Maar dan sê Jesus: “Maar daar kom ’n tyd wanneer die Bruidegom van hulle weggeneem sal word, en dan sal hulle vas.” Die sleutelfrase hier is dit: “Dan” sal hulle vas. Na watter “dan” verwys Jesus?

Sommige het gesuggereer dat dit verwys na die dae tussen Sy dood en Sy opstanding. Hulle sou dan net vas vir daardie dae. Maar dit is baie onwaarskynlik. Vir verskeie redes. Eerstens, omrede die vroeë kerk ná die opstanding gevas het, soos gesien in Handelinge 13:1-3, Handelinge 14:23 en 2 Korintiërs 6:5 en 11:27.

Die volgende rede is dat Jesus se wederkoms in Matteus 25 geteken word as die aankoms van die Bruidegom. Met ander woorde die Bruidegom is weggeneem tot die tweede koms van Christus
.
Wat sê Jesus dus: “Terwyl ek as die Bruidegom in julle midde is kan julle nie vas nie, maar Ek gaan nie by julle bly nie. Daar kom ’n tyd wanneer Ek na my Vader in die hemel gaan. En in daardie tyd sal julle vas. En *daardie tyd* is *nou.* Die tyd waarin ek en jy leef.

Ja, dit is waar dat Jesus by ons is deur Sy Gees. Maar Paulus sê in 2 Korintiërs 5:8: *“Ons ... sou liewer ons verblyf in die liggaam wil verlaat en by die Here gaan woon.”* Met ander woorde in hierdie era is daar ’n pyn, ’n verlange, ’n *‘homesickness’* binne elke Christen dat Jesus nie hier is op so ’n volle, intieme en kragtige en heerlike wyse soos ons wil hê Hy moet wees nie. En dit is waarom ons vas.

Maar let op. Jesus sê iets van kardinale belang in Matteus 9:16-17:

> **“Niemand lap tog ou klere met ongekrimpte materiaal nie, want die nuwe lap skeur die klere nog verder, en die gat word net groter. ’n Mens gooi ook nie nuwe wyn in ou velsakke nie. As jy dit doen, bars die sakke, die wyn loop uit en die sakke is**

daarmee heen. Nee, 'n mens gooi nuwe wyn in nuwe sakke en so behou jy al twee."

Die lap van ongekrimpte materiaal en die nuwe wyn verteenwoordig die nuwe realiteit wat gekom het met Jesus – die Koninkryk is hier! Die Bruidegom het gekom. Die Messias is in ons midde. En dit is nie net tydelik nie. Hy is nie net hier en dan weer weg nie. Die Koninkryk het nie met Jesus gekom en toe net uit die wêreld verdwyn nie. Jesus het vir ons sonde eens en vir altyd gesterf. Hy het opgestaan uit die dood, eens en vir altyd. Die Gees was gestuur in die wêreld as die werklike teenwoordigheid van Jesus onder ons. Die koninkryk is die regerende krag van Christus in die wêreld waardeur harte onderdanig gemaak word aan die Koning en Hy ’n volk skep wat in Hom glo en Hom dien. Die Gees van die Bruidegom is besig om ’n bruid vir Christus bymekaar te maak en te reinig. Dit is die nuwe wyn...

En Jesus sê: “Die ou velsakke kan dit nie hou nie.” Wat is die ou wynsakke? Wel, in die konteks lyk dit asof dit vas is. Vas is as te ware geërf uit die Ou Testament en was deel van die Joodse sisteem waarmee daar in verhouding getree is met God. Nou sê Jesus: “Die ou velsakke van Judaïsme kan nie die nuwe wyn hou nie.”

Wat moet ons nou hiermee maak? In Matt.9:15 sê Jesus ons sal vas wanneer die Bruidegom weg is. En in vers 17 sê Hy dat die ou manier van vas nie die nuwe wyn van die Koninkryk kan hou nie.

My antwoord is dit: Die nuwe wyn vereis ’n nuwe vas. Ons kan sê die nuwe vas is gebaseer op die misterie dat die Bruidegom gekom het, nie net sal kom nie. Die nuwe wyn van Sy teenwoordigheid, roep om ’n nuwe vas.

Met ander woorde die verlange en begeerte van die ou vas was nie gebaseer op die heerlike waarheid dat die Messias gekom het nie. Die treur or sonde en die uitroep in vas was nie gebaseer op die groot

afgehandelde werk van die Verlosser en die openbaring van Homself en Sy genade in die geskiedenis nie.

Maar nou het die Bruidegom gekom. En Hy het ’n beslissende slag geslaan teen Satan en teen die dood. Die groot sentrale, beslissende handeling van verlossing vir ons is vandag verlede tyd, nie toekoms nie. En op die basis van die afgehandelde werk van die Verlosser in die verlede, kan niks weer dieselfde wees nie. Die wyn is nuut! Die bloed is gestort. Die Lam is geslag. Sy bloed het gevloei. Die straf vir ons sonde is uitgedeel. Die voorhangsel het geskeur. Dood is oorwin. Die Bruidegom het opgestaan. Die Gees is gestuur. Die wyn is nuut! En die denkpatroon van die ou vas is bloot nie gepas hiervoor nie.

Wat dus nuut is omtrent die vas is dat dit rus op die afgehandelde werk van die Bruidegom. Die begeerte en verlange wat ons het na herlewing of bevryding van korrupsie, is nie net ’n blote pyn en verlange nie. Die eerste vrugte van dit waarna ons verlang, het reeds gekom. Die eerste deposito van dit waarna ons verlang is alreeds betaal. Die volheid waarna ons verlang en waarvoor ons vas het alreeds in die geskiedenis verskyn en ons het die heerlikheid daarvan aanskou. Dit is nie bloot net toekomstig nie.

Ons het die kragte van die toekomstige eeu, soos Hebreërs dit stel, geproe, en daarom is ons nuwe vas nie omrede ons honger is vir iets wat ons nog nie geproe het nie, maar omrede die nuwe wyn van Christus so werklik en bevredigend, versadigend is. Die nuutheid van ons vas is dít: Die intensiteit daarvan kom nie omrede ons nog nooit die wyn van Christus se teenwoordigheid geproe het nie, maar omrede ons dit op so ’n wonderlike manier deur die Gees geproe het en nou nie tevrede kan wees totdat die volheid van vreugde gekom het nie. Ons moet alles hê wat Hy beloof het. En soveel as moontlik nou!

Is dit jou begeerte? Wel wys dit deur te vas. Miskien sê jy: "Maar ek kan nie sê ek het so intense verlange na hierdie volheid nie." Wel die rede daarvoor is miskien dit wat John Piper sê:

> **"If you don't feel strong desires for the manifestations of the glory of God, it is not because you have drunk deeply and are satisfied. It is because you have nibbled so long at the table of the world. Your soul is stuffed with small things, and there is no room for the great."**

Die grootse vyand vir 'n honger na God is nie gif nie, maar roomys en sjokoladekoek. Dit is nie die feesmaal van die goddelose wat ons aptyt vir God wegneem nie, maar die eindelose geknibbel aan die tafel van die wêreld. Nie die video met 'n ouderdomsbeperking op nie, maar die besig wees met niks elke aand. As God sê wat dit is wat ons weghou van Sy feesmaal is dit die stuk grond, die os en die vrou (vgl. Luk. 8:14 en Mark. 9:19). Die grootse vyand vir 'n honger na God is nie Sy vyande nie, maar Sy gawes.

Dinge soos ontbyt en middag- en aandete en 'n koffietjie en tuinmaak en lees en dekoreer en televisiekyk en Internetsoektogte en inkopies doen en oefening doen – dit alles kan dodelike plaasvervangers vir God wees.

Om te vas is om te sê: Ek begeer God en Sy heerlikheid meer as hierdie dinge. Ek het die nuwe wyn geproe, ek kan nie daarsonder nie. Begin vas en die begeerte sal meer word!

Ek hoop julle sien dat as ons van vas praat ons nie net van die opgee van kos ter wille van die nuwe wyn, praat nie.

Miskien sê jy: "Man, in my tipe werk kan ek nie bekostig om te vas nie, dit is net onmoontlik." Miskien is daar mense wie se fisiese toestand dit nie toelaat nie. Wel, miskien dink jy nog te veel bloot in terme van kos. Ons praat nie hier van 'n nuwe wettisisme, wat almal verplig om hulle te onthou van *kos* nie.

Daar is baie maniere om te deel in die gees van vas. 'n Vrou het op 'n stadium vir John Piper die volgende brief geskryf toe sy as gevolg van haar werk nie kon inpas by hulle vastye nie.

> **"I thought that not watching television for a week or a month or a night of the week when I normally watch it may be more of a fast than food. Instead of watching my favorite program I spend the time talking and listening to God. I wonder if there might be others for whom this would be a fast and would be a focused time of prayer for them."**

Moenie te gou God se oproep om te vas ignoreer as jou program of gesondheid nie daarby inpas nie.

Martin Lloyd-Jones sê in sy boek ***Sermon on the Mount***:

> **"Fasting, if we conceive of it truly, must not . . . be confined to the question of food and drink; fasting should really be made to include abstinence from anything which is legitimate in and of itself for the sake of some special spiritual purpose. There are many bodily functions which are right and normal and perfectly legitimate, but which for special peculiar reasons in certain**

circumstances should be controlled. That is fasting."

Dit het alles niks te doen met wettisisme nie, nee ons vas omdat ons reeds die nuwe wyn geproe het. Ons verlang na meer en daarom is ons bereid om van ander dinge af te sien.

God eer dit as ons vas omdat ons verlang na Sy teenwoordigheid.

Vas verander die loop van die geskiedenis. Een so ’n geval is die in Handelinge 13:1-4. Lees dit gou weer. Dit is byna onmoontlik om te veel klem te lê op die historiese belang van daardie oomblik in die geskiedenis van die wêreld. Voor hierdie woord van die Heilige Gees, wat volg op die vas van die apostels, was daar blykbaar geen georganiseerde sending van die kerk buite die oostelike seekus van die Mediterreense See nie. Voor hierdie vas het Paulus geen sendingtogte weswaarts onderneem na Klein Asië, Griekeland, Rome of Spanje toe nie. Voor dit het Paulus geen van sy briewe geskryf nie, wat natuurlik alles resultate was van sy sendingtogte wat hier begin het. Dertien van die 27 boeke van die Nuwe Testament was resultate van die bediening wat gelanseer is vanuit die historiese moment van gebed en vas.

Hierdie gebed en vas het uitgeloop in ’n sendingbeweging wat die Christendom ge-*katapult* het van ’n obskure groepie tot die dominante godsdiens van die Romeinse Ryk binne twee-en-’n half eeue en wat uiteindelik lei tot 1.3 biljoen aanhangers van die Christelike godsdiens vandag, met ’n Christelike getuienis in byna elke land van die wêreld.

In meer onlangse tye het die Evangeliese kerk in Suid-Korea die res van die wêreld ’n les in gebed en vas geleer. Die eerste Protestantse kerk is in 1884 in Korea geplant. Presies ’n honderd jaar later was daar 30,000 kerke. Dit is ’n gemiddeld van 300 nuwe kerke per jaar. Vandag maak Evangeliese Christene meer as 30% van die bevolking uit. God het baie middele gebruik om hierdie werk te doen. Een daarvan is die

herontdekking, nie net van die dinamiek van gebed nie, maar van vas en gebed. In die OMS (Overseas Missionary Society) se kerke alleen het meer as 20,000 mense ’n 40 dae vas voltooi – gewoonlik is dit gedoen in een van die *‘prayer houses’* in die berge

O, vas bring God in beweging.

Hoekom? Wel, dink só daaraan. Daar is twee maniere waarop die Kerk, die Bruid haar verlange en nood aan die Bruidegom en Sy heerlikheid uitdruk. Eerstens deur gebed (Laat U koninkryk kom, Maranata, Kom Here Jesus).

Tweedens, deur Wêreldevangelisasie. Hierdie Evangelie moet eers aan al die nasies verkondig word, dan sal die Here kom.

Aangesien ons nou gesien het dat Jesus sê: ‘Wanneer die Bruidegom weg is, sal ons vas,” is dit nie ’n verassing om te sien dat vas juis met hierdie twee dinge in die Nuwe Testament verbind word, naamlik:
1) Gebed (Luk. 2:37, Matt. 6:6-18)
2) Wêreldevangelisasie (Hand. 13:1-4)

Vas is die uitroepteken aan die einde van *Maranata*, kom Here Jesus!

En omdat ons daardeur ons verlange uitspreek dat Hy moet kom, wat gebeur? Wel, Hy luister. Onthou die gelykenis van die weduwee in **Lukas 18:1-8?** Die konteks daar het ook te make met die wederkoms (Luk. 17:20-21). En wat sê Jesus? “Sal God dan nie reg laat geskied aan Sy uitverkorenes wat dag en nag vir Hom bid nie” Dan sê Jesus, en dit is die sleutel, “....maar sal Hy met *Sy koms* nog hierdie geloof vind” (Luk.18:8). Daar sal mense wees wat so bid vir Sy wederkoms, want ons weet dan sal reg in die finale sin van die woord geskied aan die uitverkorenes.

Ons sien dit uit Openbaring, nie waar nie? Hoe lank nog Here roep hulle uit (Op. 6:10) en dan in Openbaring 19:1-3 en Openbaring 21:12,17,20. (Waarna verwys die 'kom'? Na Jesus!). Vas is daarom die uitroepteken agter: "Kom Here Jesus!" En God luister. God laat mense tot bekering kom. Hy keer nasies om en so verhaas Hy die koms van Jesus!

Kom ons begeer en verlang na Hom met meer intensiteit as wat Anna en Simeon verlang het om Sy eerste verskyning te sien (Luk. 2:36-38) Sal minder toegewyd wees as voor-Christelike heiliges?
Ons het Sy heerlikheid aanskou. Heerlikheid soos van die Eniggeborene van die Vader. Sal ons dan minder verlang na Sy verskyning.

Is ons so gemaklik ingemessel in die wêreld dat vas vir die einde van die geskiedenis ondenkbaar is vir ons?

Laastens is daar ook nog byvoordele verbonde aan vas. Dit bring, as sekondêre byproduk, 'n verandering in mense mee. Richard Foster sê in sy ***Celebration of Discipline***:

> **"More than any other discipline, fasting reveals the things that control us. This is a wonderful benefit to the true disciple who longs to be transformed into the image of Jesus Christ. We cover up what is inside of us with food and other things."**

Ja, bitterheid, jaloesie, vrees, en woede sal na die oppervlak kom as jy vas. Jy sal eers dink jou woede is as gevolg van jou honger, maar dan sal jy agterkom dit is omdat die sondige gees van woede in jou is. Dan kan jy na Christus vlug.

En dit vergroot jou honger na God.

Hoe? Dit werk so: Hoe dieper jou wandel met Christus is, hoe hongerder word jy vir Christus… hoe sieker van verlange jy raak vir die hemel, hoe meer wil jy al die 'volheid van God' hê. Hoe meer jy wil klaarspeel met sonde, hoe meer sal jy wil jy hê die Bruidegom moet weer kom. Hoe meer jy wil hê die kerk moet herleef en gereinig word met die skoonheid van Jesus, hoe meer sal jy wil hê daar moet 'n ontwaking in die stede wees, 'n ontwaking vir die realiteite van God. Hoe meer jy wil hê die lig van die Evangelie van die heerlikheid van Christus die duisternis moet penetreer en al die onbereikte mense van die wêreld bereik, hoe meer sal jy wil hê valse wêreldbeskouings moet ingee voor die mag van die waarheid. Hoe meer jy verlang om te sien dat pyn verlig word en trane afgevee word, hoe meer sal jy verlang dat elke verkeerdheid reggestel word en die geregtigheid van God die aarde sal bedek soos water die see bedek.

Vas bewys die teenwoordigheid van hierdie honger, en blaas die vlam van hierdie honger aan tot 'n vuur.

Sal ons nie hierdie lang verwaarloosde en vergete Christelike dissipline laat herleef in ons midde nie. Die kerk van al die eeue het dit beoefen. Ons het dit vergeet. Ek roep jou op en ek roep myself op om weer 'nee' te sê vir 'goeie' dinge en met vas te sê: 'Ek bedoel dit werklik Here! Dit is hoe erg ek na U smag!'

Hoofstuk 23

WAAR BELÊ JY?

Matteus 6:19-24

"Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie. Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.
Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog goed is, sal jou hele liggaam lig hê. Maar as jou oog sleg is, sal jou hele liggaam sonder lig wees. As die lig in jou donker is, hoe donker moet dit dan nie wees nie!
Niemand kan vir twee base tegelyk werk nie. Hy sal óf die een minder ag en die ander een hoër, óf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie" (NAV).

As daar nou een terrein in mense se lewe is wat werklik sensitief en persoonlik is, dan is dit geldsake (moenie sommer daar inmeng nie!).

As daar nou een terrein van die lewe is waaroor mense baie beplanning doen en oor nadink is dit geldsake – beleggings, aftreeplanne, toekomsvooruitskattings.

Mense is van nature versamelaars – ons maak dinge bymekaar.
Die rede daarvoor is 'n behoefte aan sekuriteit. Ek moet met 'n geruste hart kan gaan slaap, seker wees daar is genoeg van alles, ek moet reg wees vir enige gebeurlikheid, reg wees vir onvoorsiene omstandighede, reg wees vir die oudag...

Jesus se koms het die Koninkryk van God laat aanbreek. En hier in die Bergrede gaan dit oor toegang tot die Koninkryk en die lewe binne die Koninkryk. Dit weet jy nou al.

En dis baie duidelik dat die beginsels en waardes van die Koninkryk radikaal verskil van die beginsels en waardes van hierdie wêreld wat in die mag van die sonde is. Dit weet jy ook nou al.

En juis op die gebied van ons houding teenoor materiële dinge word die verskil tussen Koninkryk en wêreld *baie skerp* gestel.

Jesus begin sy lering hieroor met ’n baie duidelike logiese en eenvoudige waarskuwing: *“Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak nie ...”* (Matt.6:19).

Met eenvoudige maar verdoemende logika gooi Jesus koue water oor die wêreldse mens se eindelose versamelaarsdrang.
Moenie hier skatte bymekaarmaak waar motte, slytasie en diewe hierdie skatte bedreig nie.

Dis so waar wat Jesus hier sê – geen aardse belegging is werklik veilig nie, geen aardse belegging se opbrengs kan gewaarborg word nie. Geen aardse belegging is gevrywaar teen rampe en skade, verwering of misdaad nie.

Ons weet dit, maar dis asof dit nie tot ons deurdring nie. Aardse beleggings bied geen vaste sekere beloning nie. Hierdie gedeelte sluit mooi aan by Jesus se vorige uitsprake waar Hy daarop klem gelê het dat ons nie na menslike beloning nie, maar na Goddelike beloning moet streef (Matt.6:4,6,18).
Goddelike goedkeuring, Goddelike beloning – dit is wat tel. Leef voor die aangesig van God.

Daarom, maak vir julle skatte in die hemel bymekaar. Leef ’n lewe wat God behaag en wat Hy sal beloon. Dit wat by God belê word, is veilig!

In die hemel gaan daar geen noodsaak wees vir motballetjies of termietgif nie, geen moontlikheid van roes of slytasie nie, en natuurlik

veiligheidsheinings, diefwering en versekering sal nie in ons woordeskat bestaan nie. Daar is geen risiko's by God nie.

Die diepste rede vir hierdie opdrag word in Matteus 6:21 gegee: ***waar jou skat is sal jou hart wees***. *Waar die mens in belê, daar is hy regtig betrokke*.

Om deel van die Koninkryk te wees, beteken tog dat my hart gerig is op die Vader en op Sy goedkeuring. Dit beteken dat my hart veronderstel is om te smag na Sy eer en die finale aanbreek van Sy Koninkryk in heerlikheid. Burger wees van die Koninkryk is 'n saak van hartsverknogtheid aan God! As my hele lewe nou ingestel is op belegging op aarde, *dan wys dit net my hart is nie by God* en Sy Koninkryk nie. Nog duideliker – as ek ingestel is op die versameling van aardse skatte, sal ek dit onmoontlik vind om 'n Koninkryksmens te wees.

Daarom moet ons 'n lewe leef wat gerig is op Sy goedkeuring, 'n lewe wat loon van God verwag en so maak ons vir onsself skatte in die hemel bymekaar wat ons nie kan verloor nie en wat ook nie kan verniel nie.

Laat ons Goddelike beloning najaag – dit gaan oor iets meer as om net geld vir die sending te gee, *dit gaan oor die leef van 'n lewe wat daarop ingestel is om God te behaag in plaas van 'n lewe wat net ingestel is op my persoonlike sekuriteit en belange*.

Ons is nou klaar met die hart, nou kom die oog aan die beurt. "*Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog goed is, sal jou hele liggaam lig hê. Maar as jou oog sleg is, sal jou hele liggaam sonder lig wees*" (Matt.6:22).

Om Jesus se uitspraak oor die oog te verstaan, moet ons in gedagte hou dat die destyds aanvaarde opvatting was dat die oog self 'n ligbron is (*ons moderne wetenskap verstaan dat die oog net lig van buite af*

inlaat). Die oog is hier egter ’n ligbron en as die oog reg is, sal die hele liggaam reg wees en lig hê.

Hoe moet ons nou die beeld van die oog verstaan? Ons harte moet gerig wees op God, op Sy Koninkryk en Sy beloning.

Hierdie gerigtheid sal blyk deur ons doen en late – ons manier van lewe, ons manier van barmhartigheid, ons manier van bid, ons manier van vas en ons manier van belegging. Ons optrede en gesindheid word bepaal deur hoe ons *kyk*.

As ons verkeerd kyk, dan is ons totale gesindheid en optrede verkeerd. Ons oog moet wees soos ’n kollig (*‘spotlight’*) wat deur die duisternis van ’n selfgesentreerde wêreld kyk en sy ligglans laat val op die hemelse skat.

Ons moet die Goddelike beloning en heerlikheid raaksien. Dan sal ons optrede reg wees.

Jesus maak Sy waarskuwing teen die versameling van aardse skatte baie duidelik met Sy uitspraak Matteus 6:24: “Niemand kan vir twee base tegelyk werk nie. God en Mammon is twee here met volstrekte teenstrydige belange. Dis onmoontlik om beide gelyktydig te dien of hulle belange te versoen.”

Die soeke van menslike eer en aardse skatte sluit die dien van God uit.

☙ *En jou oog?*

Ons manier en plek van belegging wys waar ons belange regtig lê. Gaan dink mooi daaroor na. Iemand kan mooi patriotiese dinge oor ons land sê, maar as sy geld alles in die buiteland belê word, dan spreek sy dade

baie harder as sy woorde en dan weet almal, daardie persoon het nie regtig vertroue in hierdie land nie.

Net so word ons werklike gevoel oor die Koninkryk van God duidelik uitgespel deur die manier waarop ons ons tyd, krag, geld belê. Jy hoef in ’n sekere sin niks te sê oor jou gevoel vir God en Sy Koninkryk nie. Jou leefwyse ten opsigte van die materiële, geld en aardse sekuriteit, jou tydsindeling sê dit al klaar.

Hoe en na wat kyk ons – is jou oog nie dalk al donker nie? Is jou oog nog gefokus op God se heerlikheid en beloning? Is jou oog nie al verdonker deur die media en die sepies om sukses in terme van materiële dinge te verstaan nie? Wie is ons rolmodelle?

Word jy nie dalk mislei deur die wêreld se propaganda van ’n ewige jeug, van prestasie en suksesse, van allerhande onverbeterlike beleggings, van ’n veilige aftrede?

Rondom ons is daar net ’n duisternis van misleiding en valse persepsies. Is jou oog ’n lamp wat die lig laat skyn op die hemelse skat, of is daar dalk ’n katarak van gierigheid oor ons oë?

As jy deur gierigheid verblind word, dan is jy blind en afgestomp vir geestelike werklikhede. Jy sien nie geestelike nood nie, jy sien nie die waarde van geestelike beleggings nie.

Die radikale teenstelling tussen God en Mammon help mens om Jesus se klem op die gevaar van materialisme dwarsdeur die Evangelies te verstaan. Dink net aan die ryk jongman, die ryk man en Lasarus, die dwaas wat net skure groter gemaak het. Ons is geneig om te dink dat ’n prostituut of ’n alkoholis baie moeilik bekeer word. Materialisme hou mense uit die uit die Koninkryk . Die sonde en gevaar van materialisme word reeds in die Ou Testament beklemtoon – gaan lees Jesaja 5:8 (NAV)!

Liefde vir geld of materialisme is eksklusief – dit elimineer liefde vir God. God en Mammon is twee totaal teenoorgestelde en botsende meesters. Om God lief te hê met my hele hart, siel, krag en verstand impliseer dat ek moet afstand doen van my liefde vir geld. Dit kan nie anders nie.

Die opdragte wat ek van God ontvang staan lynreg teen die opdragte wat ek gehoorsaam, as ek deur ’n selfbevredigende liefde vir geld regeer word.

Die een Heer beveel jou om deur die geloof te wandel, die ander een om net volgens die sigbare te leef.
Die Een roep jou tot nederigheid, die ander tot hoogmoed en trots.
Die Een vertel jou om jou hart te rig op die dinge daarbo, die ander om dit te fokus op aardse dinge.
Die Een vra jou om te kyk na die onsienlike en ewige werklikhede, die ander vestig net jou aandag op die sigbare en tydelike.
Die Een vermaan jou om oor niks besorg te wees nie, die ander stook onrustigheid en bekommernis oor die dag van môre.
Die Een doen ’n beroep op jou om te deel met die behoeftiges, die ander wil hê dat jy alles vir jouself moet hou.
Die Een vra van jou om in andere belang te stel, die ander een vertel jou net hoe belangrik jyself is en dat jy jou belange moet eerste stel.
Die Een moedig jou aan om jou geluk in die Skepper te soek, die ander een stel voor dat jy jou geluk in geskape dinge moet vind.
Dis baie duidelik: hierdie twee meesters is onderling uitsluitend. Dis òf die Een òf die ander. Jy moet besluit aan wie jy jou gaan onderwerp.

Hierdie lering van Jesus se lê die afvalligheid en korrupsie van die kerk in die westerse wêreld bloot.
Kom ons kyk na een voorbeeld. Liefde vir geld en aardse gerief verhinder ons om God se opdragte te gehoorsaam. Ons vind nie Bybelse opdragte van presies op watter lewenstandaard ons moet leef nie, ons kry nie rigiede voorskrifte van watter soorte kos of watter klas motor,

maar ons uitspattige styl en ons absolute gejaag na gemak en oordadigheid is direk verantwoordelik daarvoor dat ons God se liefdesgebod nie gehoorsaam nie. Is dit reg dat sommige dele van die liggaam hulle bekommer weens hulle oorvloed, terwyl ander nie kos het om te eet nie? Of dat sommige hulself luukshede veroorloof, terwyl ander nie eers Bybels het nie?

Eintlik is die boodskap baie eenvoudig – moenie hier waar geen sekuriteit is vir jou skatte bymekaarmaak nie. Die opdrag is duidelik – ons verstaan dit, maar ons wil dit nie verstaan nie, en daarom, terwyl ons dit hoor, *werk ons breins alreeds oortyd* om te dink aan redes waarom dit nie eintlik op ons van toepassing is nie.

Gaan ons Jesus gehoorsaam? Die geskiedenis wys dat mense wat Jesus op hierdie punt die radikaalste gehoorsaam het, die grootste seën beleef het en vrug gedra het vir die Koninkryk. Gaan ons gehoorsaam? ’n Goeie punt om te begin sal wees om ’n begin te maak om van die skatte wat ons reeds bymekaargemaak het, weg te gee en die Here sal ons verder lei.

Waar belê jy op hierdie oomblik, watter beleggings staan vir jou voorop? Dis ’n goeie aanduiding van waar jou hart regtig is.

Hoofstuk 24

BEKOMMERNIS IS ONGELOOF!

Matteus 6:25-34

"Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie? Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? Trouens, wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur verleng? En wat bekommer julle julle oor klere? Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie. Maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges? Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee. Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie" (OAV).

Soos uit 'n ander wêreld kom Jesus se woorde in bostaande gedeelte na ons. Wonderlik! wil 'n mens uitroep. Maar onwerkbaar. Onrealisties. Met eerbied gesê: *'Weet die Here hoe lyk my kantoor op 'n Maandagmore?'*

Weet Hy van my spanning by die skool? Of die situasie in ons huis?

Is dit nie maar 'n vorm van ontvlugting om na die voëls en die veldlelies te kyk terwyl jy eintlik die harde werklikhede elke dag onder oë moet sien nie?

Is dit nie om oogklappe vir die lewe, die werklike lewe , op te sit nie? Om weg te hardloop vir die werklikheid nie?

Wel, kom ons kyk na Jesus *se hele argument* voor ons te vinnig antwoord. Wat sê Jesus hier?

In vers 1 sê Hy liefde vir die wêreld, of dan die bymekaarmaak van skatte op die aarde is dodelik gevaarlik vir die Christen. As jy jou totale bevrediging vind in enige iets wat tot hierdie wêreld behoort, hetsy geld, een of ander waardevolle besitting, man, vrou, kind, die begeerte na posisie status en populariteit, het jy rede tot kommer.

Want volgens die Here Jesus is jy nie net besig om totaal onlogies te dink en op ’n baie onsekere plek, wat verseker kan vergaan, te belê nie, *maar waar jou skat is, sal bepaal waar jou hart* is. Hiermee word bedoel jou gevoel en emosies, maar dit sal ook bepaal waar jou *denke* is, die manier waarop jy *na dinge kyk* (vgl. oog). Maar dit alles sal jou *wil* bepaal met ander woorde dit sal bepaal *wie jy dien*.

En die verskriklike, maar eenvoudige feit is dat jy nie twee here kan dien nie. As jy nog skatte op die aarde bymekaarmaak, dien jy *Mammon*, en nie vir God nie. Alle materialisme, in watter vorm ook al is ’n vorm van ateïsme. Dit kan nie anders nie, luister weer…. Jy kan nie!

Maar miskien, terwyl jy hier lees, is jy oortuig dat jy nie die gevaar loop van skatte op aarde versamel nie en dat jy die Here dien. Wel, dan konfronteer die Here Jesus jou met die volgende vraag:

Kwel jy jou oor dinge wat tot hierdie wêreld behoort, met ander woorde, is jy gedurig verknies en besorg oor hierdie dinge?

As jy ‘ja’ antwoord, wel dan bewys dit dat jy nog vir Mammon dien, want dit is die hele argument van die Here Jesus. Jy sal sien Hy begin Matteus 6:25 met “*Daarom....”*

As jy dus God dien en nie Mammon nie, wel dan moet jy jou nie bekommer, of dan verknies oor wat jy sal eet of drink of aantrek nie. Ook nie hoe jy gaan *oorleef*, en hoe jy vir die wêreld voorkom/lyk nie.

Let wel, die Here Jesus sê nie ons moet nooit aan hierdie dinge dink nie, of nooit werk nie. Nee, hy het dit *teen die gedurige besorgdheid en verkniesing oor hierdie dinge.*

Hoekom nie? Hoekom kan jy onmoontlik God dien en besorg wees oor hierdie dinge?

Wel, hier is die baie logiese argument van die Here Jesus. Hy sê: 'Kyk net bietjie om julle; staan vir 'n oomblik stil.'

- Die voëls van die hemel, hulle doen niks om te verseker dat daar kos is nie, en hulle het geen gebrek nie. By hulle is definitief geen verkniesing en bekommernis nie, en God sorg vir hulle.
- Dieselfde geld vir die lelies van die veld, en hulle is nie net geklee nie, hulle is perfek volmaak geklee!

As God dan vir hulle sorg, sal God dan nie vir julle sorg nie? Julle is baie meer werd, nie omdat julle op sigself iets is nie, maar julle het waarde omdat julle na die beeld van God geskape is.

Julle lewe is dus baie werd, en daarom julle liggame. Meer nog – julle is nie net daarom uniek nie, julle is ook *nog kinders van God*. Let op: Hy praat van julle Hemelse *Vader*.

Om te dink dat Hy julle hemelse Vader is en 'n lewe en liggaam gegee vir julle gegee het en nie daarvoor sal sorg nie, terwyl Hy op uitstaande wyse vir voëls en blomme sorg, wel dit is onlogies.

Die rede waarom God nie wil hê dat ons bang sal wees wanneer dit oor geld en besittings gaan nie, is omrede die feit dat ons nie bang is nie, ons onbevreesdheid, vyf dinge omtrent Hom gaan beklemtoon. As ons

nie bang is nie, sal ons daarmee wys dat ons hierdie vyf dinge glo, dit koester, dat dit vir ons realiteit is. Anders gestel, om nie bang te wees nie sal alreeds ’n wonderlike binneste, innerlike handeling van aanbidding wees. Hierdie vyf dinge kom miskien selfs duideliker uit Lukas 12:32:

> **“Moenie bang wees nie, klein kuddetjie, want dit was die wil van julle Vader om die koninkryk aan julle te gee.”**

Eerstens: Om nie bang te wees nie, wys dat ons God as ons Herder, koester. Hier kan ons Jesus se uitspraak in Lukas 12:32 byvoeg. *“Moenie bang wees nie, klein kuddetjie*.” Ons is Sy kudde, en Hy is ons Herder. En as Hy ons Herder is, dan is Psalm 23 van toepassing: *“Die Here is my Herder ek sal nie vrees nie.”* Dit beteken ek sal niks kortkom wat ek regtig nodig het nie. Om nie te vrees of bang te wees nie, laat die kollig val op die kosbaarheid van ons Herder.

Tweedens, om nie bang te wees nie, wys dat ons God koester *as ons Vader.* Let op: “*wil van julle Vader*.” Ons is nie alleenlik Sy klein kudde nie, ons is ook Sy kinders, en Hy is ons Vader. Die betekenisvolheid hiervan word duidelik uit Lukas 12:30: “*Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges in die wêreld begaan is, maar julle het ’n Vader wat weet wdat julle dit nodig het*.”

Jou Vader gee werklik om en weet regtig wat jy nodig het en sal vir jou werk om seker te maak dat jy het wat jy nodig het. Natuurlik moet ons pasop om vir God te wil laat weet wat ons dink ons nodig het, in stede daarvan om te leer wat Hy dink ons nodig het.

Derdens, om nie bang te wees nie wys dat ons God koester *as Koning.* “…Koninkryk gegee…”

Hy kan ons die Koninkryk gee want Hy is die Koning. Dit gee natuurlik geweldig mag aan die Een wat vir ons voorsien.

- *Herder* het die konnotasie van beskerming en voorsiening.
- *Vader* het die konnotasie van liefde en teerheid en gesag en voorsiening en leiding.
- *Koning* het die konnotasie van mag en soewereiniteit en rykdom.

As ons dus vir God as Herder, Vader, Koning vertrou, en nie bang is wanneer dit kom by geld en besittings nie, dan sal ons wys hoe werklik en kosbaar God vir ons is op al hierdie wyses. *En God sal sodoende aanbid word*.

Vierdens, om nie bang te wees nie, wys hoe vry en vrygewig God is.

Let op: Hy *gee* die Koninkryk. Hy verkoop nie die Koninkryk nie. Hy verhuur nie die Koninkryk nie. Hy *gee* dit. Hy is onbeperk welvarend en het nie ons betalings nodig nie. Alles wat ons vir Hom probeer gee is in elk geval Syne. So God is vrygewig en vry met Sy besittings. En dit is wat ons uitbasuin, groot maak as ons nie bang is om Hom te vertrou met ons behoeftes nie.

In die *vyfde plek*, om nie bang te wees nie, wys dat ons God koester as die Een wat gelukkig is. Sien julle dit? Dit het Hom behaag, Hy het dit goed gedink, (*'it pleases Him')*. Hy wil dit doen. Dit maak Hom bly om dit te doen. Nie almal van ons het sulke pa's gehad nie. Pa's wat daarvan gehou het om vir ons dinge te gee nie, wat gelukkig gemaak is deur te gee in stede van om te kry. Maak nie saak nie, nou het ons só 'n Vader, Herder en Koning. Vertrou Hom as jou Vader deur die versoenende werk van Jesus, en jy sal vind dat Hy so is.

Dit is die eerste groot punt wat die gedeelte in Lukas wil maak. Koester God as jou Herder, en Vader en Koning wat vrygewig en gelukkig is

om vir ons die Koninkryk te gee – die hemel, ewige lewe en vreugde, en alles wat ons nodig het om daar te kom. As ons Hom op hierdie manier koester, as ons Hom vertrou, sal ons vreesloos wees en God sal aanbid word. En ons sal nie bang wees om skatte bymekaar te maak nie, want ons skat sal by God wees.

Terug na Matteus – die gedeelte waarmee ons eintlik besig is! Jesus sê: "In elke geval, julle besorgdheid is eintlik belaglik, want julle kan julle lewe nie met een uur verleng nie (sou beter vertaling wees)."

Nee, daar is net een rede waarom 'n mens besorg en bekommerd is ten spyte van hierdie argumente. Ongeloof! Let op, Hy noem ongeloof hier **kleingeloof.**

Ons moet versigtig wees om nie hier te gaan nie. As Jesus hier sê: "Julle is kleingelowig", bedoel Hy nie, dat wat hulle nodig het is om harder te probeer nie. Hy spoor hulle nie aan tot 'n kragtoertjie waarin hulle hulself aan die hand moet vat en sê: *"Nou gaan ..."*

Nee, ware geloof, groot geloof is net mooi die teenoorgestelde daarvan: nie krag nie, maar swakheid; nie volheid nie, maar leegheid; nie rykdom nie maar armoede; nie hoogmoed nie, maar ootmoed.

Dit kom aangrypend na vore in die enigste twee verhale in die Nuwe Testament waar daar sprake is van 'groot geloof' (Matt. 8:5-10 en Matt. 15:21-28). Lees dit gou.

In Matteus 8:10 sê Jesus: "Ek het nog nie iemand met so *groot* geloof teëgekom nie." Maar kyk na Matteus 8:8, wanneer Jesus vir die heiden-offisier (Let Wel: van Rome) vra: "Moet Ek na jou huis kom?" Dan antwoord hy (die offisier) in vers 8: "Here ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie. Sê maar net 'n woord."

Wanneer Jesus vir die Kanaänitiese vrou sê: "Dit is nie mooi om die kinders se brood te vat en vir die hondjies te gooi nie", antwoord sy: *"Dit is waar, Here*, maar die hondjies eet darem van die krummels wat vn hul base se tafels afval" (Matt. 15:26-27).

Moenie dat die word 'hondjie' jou mislei nie. Moenie dink aan 'n skoothondjie nie. Destyds het hulle nie so iets gehad nie. Ons moet die word *kunarion* (hondjie) verstaan in die lig van die feit dat hierdie vrou 'n Kanaäniet genoem word. Dit herinner aan die felle stryd tussen Israel en die ou heidense inwoners van Kanaän. Die word *kunarion* het 'n vernederende klank. Maar hierdie vrou is geneë om 'n *kunario* genoem te word!

Dit is waar Here, laat dit so wees Here, maar dan vra sy krummels. Toe die vrou krummels vra, toe met respek gesê, verkrummel Jesus.

Wat is my punt? 'n Groot geloof bestaan dus daarin dat jy buig onder dit wat God van jou sê en jou terselfdertyd beroep op Sy genade.
Dit beteken dat jy te midde van God se kritiek jou vasklem aan die kruis. In die proses word jy gekneus, gekwes, gewond, gedood, gestroop van eiewaan.

'n *Groot* geloof verwag niks van homself nie, maar alles van God se genade in Christus. Daarom is selfs 'n *klein gelofie* 'n *groot geloof*, wanneer dit weet hoe klein dit is en daarom maar net alles van God verwag. En dit is waar van aanvanklike geloof as jy na Jesus kom vir verlossing, maar ook as jy reeds 'n gelowige is, soos die geval met die dissipels hier.

Die sterk (groot) geloof het nooit spiere nie. Hy weet hy kan selfs nie 'n molshoop verskuif nie – laat staan 'n berg. Die sterk (groot) weet dat ons eerder geneig is om van 'n molshoop 'n berg te maak. Maar 'n groot geloof weet ook van die grote God wat berge vlak maak en seë droog.

Dus: As Jesus daarom sê julle *kleingelowiges*, bedoel Hy julle is nog nie so leeg en afhanklik van God soos julle moet wees nie. Julle is nog te groot en God te klein.

Anders gestel: *Julle pas nie dit wat julle van God weet toe op julle alledaagse lewe nie ! En as hierdie ongeloof die oorhand kry, is die resultaat angstigheid!*

Ons groot probleem is baie keer dat ons wel *in* die Here Jesus glo, maar ons glo *Hom* nie.

Ons glo nie as Hy sê God is ons Hemelse Vader nie. Het julle al aan die implikasies daarvan gedink? Ons sê Hy, die volmaakte, perfek heilige, liefdevolle Een is ons Vader, en daarom by implikasie ’n volmaakte Vader, maar ons twyfel of hy vir ons sal sorg! Ons twyfel of Hy meer bekommerd oor ons is as oor voëls en veldlelies!

En ons wat in hierdie bedeling leef, weet wat God alles gedoen het, sodat ons Sy kinders kon word. Ons weet hoe Hy Sy eie Seun nie gespaar het nie… Abraham spaar sy geliefde, God nie – vir jou – omdat jy oulik is? Nee! (vgl. Rom. 5:6-10). Dink bietjie aan Sy liefde vir jou toe jy nog ’n sondaar was. Dink bietjie aan Sy onveranderlike doelwitte met ons.

En dink ons enige iets is dalk te moeilik vir Hom?

Nee. Hy het alles wat bestaan, van die grootse walvis tot die kleinste molekule deur ’n woord geskep, in bestaan geroep. En Hy sê hier: *Hy sorg vir ons*.

Wie kan beter vir ons sorg as die Here? Wie weet beter as Hy wat ons gemaak het, wat ons nodig het? Hy het die hare op ons kop getel en Hy weet van al die dinge wat in die toekoms ’n paar daarvan gaan gryser maak.

Hy weet van die gedagtes wat ons gaan dink, ook al die bang en bekommerde gedagtes, nog voordat dit by ons opkom. Hy ken die somtotaal van ons woorde nog voordat ons dit uitgespreek het.

Hy het die aantal kere wat ons hart gaan klop en ons gaan asemhaal in Sy Boek opgeskryf. Hy weet van elke mossie wat op die grond val. Dink ons Hy kan nie vir ons sorg nie?

O, sal ons nie doen wat die Psalmis sê nie? *Wees stil en weet dat ek God is,* met ander woorde – gee oor, en erken dat Ek God is. Ek is die Almagtige en soos Efesiërs 1:19 sê: *"Sy krag werk in en vir ons."* En kyk na Efesiers 3:20:

> **"Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink."**

Julle bely God is Almagtig, God weet alles, en Hy sorg vir Sy kinders. Wel, pas dit daagliks toe! Dit is wat Jesus hier in die Bergrede vir Sy kinders wil sê!

Want sien, as jy dit nie toepas nie, dan is jy presies soos die heiden!

Ek is bevrees, die deursnee Christen vandag is presies soos die heiden as dit kom by die alledaagse bestaan en oorlewing. Ons het net soveel maagsere en hoofpyne en noem maar op. Waaroor? Bekommernis.

☙ *Glo jy?*

Ons glo nie dat God is wie Hy sê Hy is nie. Hy weet wat jy nodig het! Hoor jy dit?

Om te sê jy is ’n gelowige behels meer as om net te glo dat Jesus vir my sondes gesterf en opgestaan het en dat ek nou vergeef voor hom kan staan en eendag die ewigheid sal ingaan. Ja, dit is beslis dit. Maar dit is meer...

Verlossende geloof is om onsself te verbind aan Christus as die Een wat geheel en al geloofwaardig is, Een wat onbeperkte integriteit het en onbeperkte krag en wat daarom sal doen alles wat Hy sê.

As ons sê ons het vertroue in Sy dood vir die vergifnis van ons sondes, maar ons tree voortdurend op asof baie wat Hy sê onwaar is, wel dan vertrou ons Christus nie, dan glo ons nie.

Bedink die volgende analogie. Jou werkgewer sê vir al sy werkers hy sal vir hulle ’n R5000 bonus gee. Teetyd bespreek julle dit. Jy sê: “Ek glo hy sal dit doen”. Later sê hy: “Almal wat ’n halfuur vroeër inkom vir res van die jaar, ek sal seker maak dat julle dit nie berou nie.” Tydens die volgende teetyd sê jy: “Ek dink nie hy sal dit doen nie.” Daarom kom jy nie vroeër in nie.

As die vraag nou gevra word: “Het jy geloof in jou werkgewer?” Wat is die antwoord? Die antwoord is: Nee!

Die feit dat jy glo dat hy die bonus aan die einde van die jaar gaan betaal is nie gebaseer op jou vertroue in sy integriteit en mag nie. Nee, dit is gebaseer op die feit dat dit jou niks kos nie om dit te glo nie (dit is gerieflik) en dit is gebaseer op die feit dat hy dit waarskynlik in elke geval sal gee vir belastingdoeleindes, of hy betroubaar is of nie.

Dit is presies die situasie waarin baie belydende Christene hulself vandag bevind. Hulle glo regtig dat Christus hulle die bonus van die ewige lewe sal gee, maar hulle leef asof Sy raad nikswerd is, en Sy ander beloftes onbetroubaar. Baie probeer nie eers uitvind wat Sy beloftes is nie, wat natuurlik op dieselfde neerkom.

Dit is nie verlossende geloof nie. Geloof in Christus is geloof in Sy hele Woord, omrede dit geloof is in Sy integriteit en Sy mag. Daarom, as Paulus aan die einde van Sy lewe sê hy het die geloof behou, dan behels dit presies dít: *Hy het voortgegaan om Christus volkome op Sy woord te neem.*

Maar goed, ons weet nou wat is die rede vir ons bekommernis. Dit is kleingeloof, ongeloof in wie God is en vir ons wil wees en doen.
Die lewe van ’n Christen is die lewe van geloof. Wanneer iemand ’n Christen word, vind daar ’n radikale verandering plaas, sodat die lewe wat hy/sy leef ’n lewe van geloof genoem word (vgl. Gal. 2:20): “*Ek is met Christus gekruisig en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. Die Lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.”*

Paulus kwalifiseer hierdie lewe verder as hy sê ons leef nie meer deur aanskoue nie, maar deur die geloof (2 Kor. 5:7).

Die basiese geveg van ons lewens as Christene is dus die geveg om te glo in die lewende God. Hierdie geveg word genoem die ‘stryd/geveg van die geloof’ (vgl. 2 Tim. 4:7 (OAV)): “*Ek het die goeie stryd gestry, ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou*” en 1Tim. 6:12: “*Stry die goeie stryd van die geloof.”*

Dit is dus nie maklik nie. Daar is aan die een kant niks makliker as om te glo nie, maar aan die ander kant niks moeiliker nie. Juis omdat ons nie afhanklik en swak wil wees nie.

En dit bring ons by ’n wonderlike hulpmiddel in ons stryd teen ongeloof, wat ook hier in ons teksgedeelte weggesteek is:

> **“Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee” (Matt. 6:33).**

Jesus nooi ons uit tot ’n nuwe lewenstyl, tot ’n ander manier van dink en doen – kan ek maar sê ’n heroriëntasie van ons lewe.

☙ *’n Nuwe passie!*

Hy nooi ons uit om ’n nuwe passie te hê, ’n nuwe prioriteit, en die naam daarvan is: ***Die Koninkryk van God en die wil van God,*** soos dit in die sleutelvers van hierdie gedeelte staan (vgl. vers 33). Dit is asof Hy sê*: “*As jy oor iets bekommerd wil wees, wees bekommerd oor die Koninkryk van God en die wil van God.”

Wat is hierdie Koninkryk van God? Dit beteken tog God is Koning, Hy regeer. Ja, al lyk dit nie so nie, al lyk dit eerder of ander magte die septer swaai. God is Koning, Hy regeer, en as julle twyfel , sê Jesus, *hier staan Ek, Ek wat die Koninkryk van God in lewende lywe en in aksie is.*

Hier staan Ek in die middel van al julle sorge en bekommernisse, en ja, Ek weet alles daarvan.

- Ek weet hoe jou kantoor op ’n Maandagmôre lyk en hoeveel spanning jy saamneem skool toe en hoe onhoudbaar jou situasie by die huis is en hoe siek jou liggaam is.

- Onthou, dis Ek, Jesus wat hier voor jou staan, die Een wat al die sorge van die lewe, ook al die sorge van jou sonde, op My geneem het. Ek het jou sorge tot die dood aan die kruis gedra.

Daarom sê Ek vir jou: gaan staan hierdie week en hierdie kwartaal midde-in jou sorge en weet: Ek is daar by jou, Ek staan langs jou en ek neem jou sorge op My. Gee dit vir My, want Ek het dit reeds op My geneem. Dis niks anders as die Evangelie in ’n neutedop nie.

Gaan maar terug na jou kantoor en jou skool en jou huis en weet: Ek wag daar vir jou ja, Ek het reeds voor jou uit gegaan daarheen. Jy is nie alleen nie. Die Koning van die Koninkryk is by jou, binne-in jou.

Hy regeer oor jou, ook oor jou lewe, oor wat jy moet eet en oor jou liggaam, wat jy moet aantrek. Hy het elke haar op jou kop getel en hy Hy sorg vir jou. Soveel meer as vir die voëls en die lelies. Ek weet elke dag het genoeg moeilikheid van sy eie , maar elke dag het ook genoeg genade, elke dag is vol van die Koninkryk van God.

Maak net jou oë oop en beywer jou daarvoor, soek dit, vra daarna, omhels dit, beaam dit, leef daaruit: *Soek* Hom, onthou Hy praat met Christene. Ons kan natuurlik nie in die eerste plek God self of die Koninkryk soek en vind nie. Nee, dit beteken: wees besorg oor jou verhouding met die Vader en oor geregtigheid, en hier gaan dit oor praktiese geregtigheid, praktiese reg wees met God, wat natuurlik niks anders as Heiligheid is nie.

Maar baie belangrik – hierdie Koninkryk en geregtigheid is nie net ’n private aangeleentheid nie. Dit raak almal, ook die onrustige opgejaagde mense rondom jou. As die Koninkryk jou hoogste prioriteit word, dan word hierdie mense jou hoogste prioriteit.

Raak betrokke by die nood en ellende rondom jou; wees ’n agent, ’n instrument van die Koninkryk. Laat mense iets van die Koninkryk sien.

Onthou: Jesus was die Koninkryk in beweging. Oral waar Hy beweeg het, het iets van Sy Koninkryk sigbaar geword. In Johannes 20:21 sê Hy: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle." Hoe is dit? Om iets van die Koninkryk te laat sigbaar word.

En wat gebeur as ons die Koninkryk *so* soek? Wel, ons leer God as Vader beter ken, en hoe meer ons ons eie kindskap vasmaak, hoe meer begin ons toepas dít wat ons van Hom glo; ons kry al meer vrymoedigheid om Hom te vertrou, en ons bekommer ons al minder!

Luister, Jesus Christus die Seun van God, wat nie kan lieg nie sê: "Al hierdie dinge *sal* bygevoeg word!"

As ek 'n voëltjie met 'n af vlerk hier tussen my hande hou, wat sal gebeur as ek dit te hard druk? Dit sal sterf. As ek my hande wyd oopmaak? Hy sal probeer wegvlieg en homself beseer.

Die oplossing vir ons sorge lê daarin om te weet dat, al voel ons niks nie, ons is in God se veilige hande, in Sy Koninkryk. Raak bewus daarvan, leef daarvolgens.

Die Here sorg vir ons. Trouens, Hy sorg só vir ons dat Hy alreeds die sorge van ons afgehaal het, dit klaar uit ons hande geneem het en in Sy eie hande geplaas het.

Hierdie sorge was so swaar dat dit Hom teen die kruis laat vasspyker het. Dit was so pynlik dat dit soos spykers deur Sy hande gepriem het. Kyk mooi: die hande wat rondom jou skulp het spykermerke in! Daarom sal niemand jou ooit daaruit kan ruk nie.

Hoofstuk 25

PAS DIE BERGREDE TOE: OP JOUSELF!

Matteus 7:1-6

"Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie; met dieselfde oordeel waarmee julle oor ander oordeel, sal oor julle geoordeel word, en met dieselfde maat waarmee julle vir ander meet, sal vir julle gemeet word. Waarom sien jy die splinter raak wat in jou broer se oog is, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie? Of hoe kan jy vir jou broer sê: 'Wag, laat ek die splinter uit jou oog uithaal,' en intussen is daar 'n balk in jou eie oog? Huigelaar! Haal eers die balk uit jou eie oog uit, dan sal jy goed kan sien om die splinter uit jou broer se oog uit te haal. Moenie wat heilig is, vir die honde gooi nie: hulle sal omspring en julle verskeur; en moenie julle pêrels voor die varke gooi nie: hulle sal dit met hulle pote vertrap" (NAV).

Ons kom nou by die Christen se verhoudings. Hierdie gedeelte is steeds waarskynlik deel van *hoe* ons ons beywer vir die Koninkryk (Matt. 6:33). Die Koninkryk wat gaan oor verhoudings. Die Christen is op pad na die finale gestalte van die Koninkryk, waar daar 'oordeel' en beloning sal plaasvind.

Hoe moet hierdie pad lyk en hoe moet dit nie lyk nie?

Moenie oordeel nie

Hoe moet dit lyk? Wel, ons moenie mekaar oordeel nie. Natuurlik moet dit nie verstaan word asof ons geen onderskeidingsvermoë moet toepas nie. Nee, moenie oordeel in die sin van *veroordeling* nie. Dit wat ons weet, dit wat ons nou geleer het by Jesus, moet nie gebruik word om ander te verdoem nie. Nee, God sal oordeel. As jy jou broer veroordeel, loop jy gevaar om juis daardeur te wys jy staan onder oordeel. 'n Christen is dan sagmoedig, 'n vredemaker en alles wat jy in die Saligsprekinge gesien het.

En onthou nou: jy sal met *dieselfde* maatstaf gemeet word. Volgens die standaard van die Bergrede! As jy dus jou broer daarvolgens meet, onthou dit!

☙ *Die balk*

In Matteus 7:2 sien ons hoe hierdie verkeerde oordeel lyk. Dit is weereens huigelary. Wat is die groot punt? *Dit help nie my broer nie*! Dit is soos iemand wat ’n balk in sy eie oog het en probeer om ’n splinter uit die ander se oog te haal. Hy kan nie. Jy is dan nie in staat om jou broer te help nie. Want jy is nie in staat om te oordeel nie. En jou oordeel help nie jou broer met sy splinter, sy tekortkoming, wat betref die lewe van die Bergrede nie. As jy eerstens na jouself kyk, met jouself werk in die lig van die Bergrede, dan sal jy in staat wees om jou broer te help met sy tekortkominge wat betref die lewe van die Bergede.

En wat word bedoel met die oog? Die oog is die liggaamsdeel waarmee jy na jou broer kyk: die simbool van verhouding. ’n Verhouding wat versteur is, lei tot ’n probleem in die oog. As jy dus iets wil regstel, nie met ‘n veroordelende oog nie, maar met begenadigde hart - verwyder eers die balk van verkeerde gesindheid uit jou eie hart. Daardie oog kan met nederigheid en liefde sien. Daardie oog kan verhoudings herstel.

☙ *Varke, pêrels en honde?*

Matteus 7:6 is al op baie maniere gebruik. Daar word vreeslik baie tyd bestee om vas te stel na wie word verwys as die varke en die honde. Natuurlik almal behalwe ek self!

Ek is egter redelik oortuig ons moet hierdie vers sien in verhouding met vers 1-2 van Matteus 7. Dit gaan hier weer oor die waarskuwing van ’n handeling wat jouself benadeel, soos in vers 1-2. In Matteus 7:1-2 gaan dit eintlik oor die veroordeling van ander met waarhede wat jy as heilig

en kosbaar beskou, of in jou eie oë heilig en kosbaar is. Jy moet weet dit sou beter wees as jy dit vir jouself sou hou en dit op jouself toepas.

In vers 6 gaan dit weer oor wat jy maak met die dinge, die kosbaarhede wat Jesus geleer het. Dit gaan daaroor dat jy dit vir jouself moet gebruik. Op jouself moet toepas as jy wil.

En daarvoor gebruik Jesus hierdie beeld. Die heilige dinge het by die priesters en Leviete gehoort. Hulle moes daarvoor sorg, hulle mag nie op ’n manier daarmee gewerk het wat dit by die straatdiere (honde) laat beland het nie.

Net so met pêrels. Jy dra dit self. Dit pas nie by varke nie. Jy sien die voorbeelde is doelbewus absurd. Wie sal dit doen? Dit spreek vanself dat die priesters die heilige dinge by hulle sal hou. En die mens wat pêrels het? Wel, jy sal dit persoonlik koester.

Jy sien, die klem is nie op wie die heilige dinge, die pêrels, *nie* moet kry nie. Soos baie uitleggers die klem laat val. Nee, die klem is op die vraag: ‘*Wie moet dit wel hou*?’

En dit is die punt. Julle wat die sierade van die Koninkryk van God ken, dra dit self. Moenie ander daarmee veroordeel nie. Moenie dit laat verlore gaan nie. Dit is absurd.

As jy dit wat Jesus hier geleer het, Sy gebooie, nie gebruik en toepas en koester nie, dan word jy self eintlik slegter as die honde en die varke!

Hoofstuk 26

IN PLAAS VAN OORDEEL: BID, SOEK, KLOP!

Matteus 7:7-12

"Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word, want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word. Watter mens onder julle sal vir sy seun 'n klip gee as hy brood vra, of 'n slang as hy vis vra?
As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gawes gee aan dié wat dit van Hom vra? Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete" (NAV).

Vanaf Matteus 7:7 vind 'n mens nou die positiewe keersy van Matteus 7:1-6 se negatiewe stellings.

Moenie oordeel nie (Matt. 7:1) maar bid (Matt. 7:7). Wie die geregtigheid van die Koninkryk wil soek, moet besef dat hy/sy nood het**!** En daarom nodig het om te bid.

By hierdie gebed wil ek 'n bietjie langer stilstaan omrede ek dink dit is die moeite werd!

Agt aanmoedigings om te bid

Ses van hierdie aanmoedigings is eksplisiet in die teks en twee is implisiet. Dit lyk asof Jesus se hoofdoelwit hier is om mense van die Koninkryk aan te moedig en te motiveer om te bid. Hy wil hê ek en jy moet bid. So hoe doen Hy dit?

☙ *Hy nooi ons om te bid*

Drie keer *nooi* Hy ons om te bid – of as jy wil (as jy dit liefdevol kan hoor) Hy *beveel* ons om te bid – om Hom te vra wat ons nodig het. Die hoeveelheid keer wat Hy dit vra, trek onmiddellik ons aandag. Matteus 7:7-8:

> **"Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word, want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word…"**

Die herhaling wil sê: "Ek bedoel dit!" Ek wil dit doen. Vra vir jou Vader dit wat jy nodig het. Klop aan die deur van jou Vader se huis sodat Hy sal oopmaak en vir jou gee wat jy nodig het. Vra, soek, klop. Hy nooi ons drie maal want Hy wil regtig hê jy moet die Vader se hulp geniet.

☙ *Hy maak beloftes aan ons indien ons bid*

Selfs meer verstommend as die drie uitnodigings is die sewe *beloftes*. Matteus 7:7-8: "Vra, en [#1] vir julle sal gegee word; soek, en [#2] julle sal kry; klop, en [#3] vir julle sal oopgemaak word, want elkeen wat vra, [#4] ontvang; en elkeen wat soek, [#5] kry; en vir elkeen wat klop, [#6] sal oopgemaak word…" En dan, aan die einde van Matteus 7:11b (#7): hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gawes gee aan dié wat dit van Hom vra?

Sewe beloftes. Dit sal vir jou gegee word. Jy sal vind. Vir jou sal oopgemaak word. Die vraer ontvang. Die soeker vind. Die klopper kry 'n geopende deur. Jou Vader sal vir jou goeie dinge gee. Verseker is

hierdie oorvloed van beloftes se bedoeling dít: Wees bemoedig om te kom. Bid tot Hom. Dit is nie tevergeefs nie. God speel nie met jou nie. Hy antwoord. Hy gee goeie dinge as jy bid. Bid gedurig, bid met vertroue.

God stel Homself op verskillende vlakke beskikbaar

Jesus bemoedig ons nie net alleen deur die hoeveelheid uitnodigings en beloftes nie, maar deur die drievoudige variëteit van uitnodigings. Om dit anders te stel: God staan gereed om te reageer wanneer jy Hom vind op verskillende vlakke van toeganklikheid.

Vra. Soek. Klop. Wanneer ’n kind se pa by hom is, vra hy hom wat hy nodig het. Wanneer ’n kind se pa iewers in die huis is maar nie gesien kan word nie, dan soek hy sy pa vir wat hy nodig het. As die kind soek en sy pa agter ’n toe deur van sy studeerkamer vind, dan klop hy om te kry wat hy wil hê. Dit lyk my die punt wat Jesus wil maak is dat of jy nou God onmiddellik vind, naby, feitlik tasbaar met Sy nabyheid, of moeilik om te sien en selfs met struikelblokke tussen julle, Hy sal hoor, en Hy sal goeie dinge vir jou gee omrede jy na Hom kyk en na niemand anders nie.

Elkeen wat vra ontvang

Jesus bemoedig ons om te bid deurdat Hy dit eksplisiet stel dat elkeen wat vra ontvang, nie net sommige nie. Sien jy dit in Matteus 7:8? Jy sien, wanneer Jesus hierdie ‘elkeen’ byvoeg in vers 8, wil Hy verhoed dat jy en ek weer te huiwerig is om dit vir ons te vat – die houding van ‘dit is vir ander, nie vir my nie.’ Natuurlik praat Hy hier van die kinders van God, nie van alle mense nie. Maar elkeen van dié wat aan Hom behoort (Joh. 1:12), *elkeen* van hulle wat vra, ontvang goeie dinge van die Vader.

Die punt is: Nie een van sy kinders is uitgesluit nie! Kom, bid!

☙ *Ons kom na ons Vader*

Ons het dit reeds geïmpliseer, maar kom ons sê dit reguit: Wanneer ons na Jesus kom, kom ons na ons Vader! Sien jy dit in Matteus 7:11? *Vader* is nie sommer so 'n stopwoord vir *Jesus* nie. Dit is een van die grootste van alle waarhede: God *is ons Vader.* Die implikasie is dat Hy nooit ooit vir ons iets slegs sal gee nie. Hy is ons Vader.

☙ *Ons hemelse Vader is beter as ons aardse vader*

Jesus gaan verder om ons aan te moedig om te bid deurdat Hy daarop wys dat ons Hemelse Vader beter is as ons aardse vader. Dit is soveel sekerder dat Hy vir ons goeie dinge sal gee as wat ons aarde vaders dit sal doen. Die rede is natuurlik omdat daar geen kwaad in Hom is, soos daar wel in ons aardse vaders is nie. Sien jy hoe Jesus dit in Matteus 7:11 beklemtoon?

Ek is bewus daarvan, en Jesus nog meer, dat ons aardse vaders sondig is. Dit is hoekom die Bybel weer en weer ons aandag vestig op die ooreenkomste maar ook verskille tussen ons aardse en hemelse Vaders (Heb. 12:9-11; Matt. 5:48).

Jesus gaan dus verder as die blote bemoediging dat God ons Vader is – Hy sê dat ons hemelse Vader altyd beter is as ons aardse vader. Die rede? Ons aardse vader is vol boosheid. Ons hemelse Vader nie.

Moet tog nooit jou verstaan van die Vaderskap van God laat vorm en beperk deur jou belewing van jou aardse vader nie. Nee, word bemoedig deur die feit dat jou Hemelse Vader niks van die sondes, swakhede en "hang-ups" van jou eie vader het nie.

En sien jy die punt wat Jesus wil maak? Selfs gevalle, sondige vaders het gewoonlik genoeg algemene genade in hulle om goeie dinge vir hulle kinders te gee. Natuurlik is daar verskriklike vaders, wat kinders misbruik. Tog is dit steeds so dat in die meeste plekke in die wêreld vaders graag die goeie vir hulle kinders wil, selfs al weet hulle self nie altyd wat die goeie is nie. Maar God is altyd beter. In Hom is daar geen kwaad nie. Daarom is Jesus se argument oortuigend: As jou aardse vader vir jou goeie dinge gee (of selfs al doen hy dit nie), hoeveel te meer sal jou Hemelse Vader goeie dinge gee – vir die wat Hom vra.

Daar is iets implisiet hier wat ons moet raaksien. Jesus het nou net vir Sy dissipels implisiet gesê hulle is sleg (vol kwaad). Die implikasie is dan dat die enigste mense wat na Jesus kan kom in gebed, is die *slegte* kinders van God. Ons is kinders van God. En ons is sleg. Dus, al is jy aangeneem in God se familie bly daar nog sonde in jou. Maar nou kom Jesus en sê: Elkeen sal ontvang – elkeen van God se slegte kinders! Ons sal aanstons sien hoekom dit moontlik is…

☙ *Ons kan God se goedheid vertrou want Hy het ons reeds Sy kinders gemaak.*

Hier is nog ’n implisiete bemoediging om te bid: God sal ons goeie dinge gee as Sy kinders, want Hy het alreeds vir ons die gawe gegee om Sy kinders te word! As God ons reeds sonder bydrae van ons kant af Sy kinders gemaak het, hoeveel te meer sal Hy ons gee wat ons nodig het?

☙ *Die kruis is die fondasie van gebed*

Implisiet daarin wat Jesus hier gesê het, is die kruis as die fondasie van al die antwoorde op ons gebed. Hoekom? Omrede Jesus ons sleg (boos) noem en terselfdertyd tyd sê dat ons Sy kinders is. Hoe kan dit wees dat slegte mense aangeneem word deur ’n absoluut heilige God? Hoe kan ons aanvaar dat ons kinders is, wat nog te sê dat ons kan soek en

verwag om te vind en kan klop en verwag dat die deur oopgemaak word?

Jesus gee die antwoord verskeie kere. In Matteus 20:28 sê Hy: *"So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense."* Hy het Sy lewe as losprys gegee om ons los te koop van die oordeel van God en om ons in 'n posisie te plaas van kinders wat goeie dinge ontvang. En in Matteus 26:28 sê Hy by die laaste Pasga: *"...want dit is My bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes."* Dit is as gevolg van Christus se bloed dat ons sonde vergewe is wanneer ons Hom vertrou. Dit is waarom Jesus ons kinders van God kan noem selfs al noem Jesus ons sleg. Ons kan die kinders van God wees en op Hom reken om ons goeie dinge te gee wanneer ons Hom vra.

Die dood van Jesus is die fondasie vir al die beloftes van God en al die antwoorde op gebed wat ons ontvang. Dit is hoekom ons 'in Jesus se Naam' aan die einde van ons gebede byvoeg. Alles hang van Hom af!

Jesus wil ons dus bemoedig om te bid.

☙ *Regtig alles?*

Jy sit miskien nog met 'n laaste vraag. Beteken Matteus 7-8 dat 'n kind van God regtig alles kry waarvoor hy bid?

Ek dink die konteks gee die antwoord. Nee, ons kry nie alles wat ons vra nie en ons moet nie alles vra nie, en sal nie alles wil hê wat ons vra nie. Hoekom moet ons nie? Wat dan sal ons God word indien God alles doen wat ons Hom vra. Ons moet nie God wees nie. Hoekom sal ons nie alles wil hê nie? Die rede is dat ons dan die las van onbeperkte wysheid sal moet dra, wat ons nie het nie. Ons weet eenvoudig nie

genoeg om onfeilbaar te besluit hoe elke besluit sal uitdraai en wat die volgende gebeure in ons lewens, wat nog te sê in die geskiedenis, moet wees nie.

Die rede waarom ek egter sê ons kry nie alles wat ons vra nie, is omrede die teks dit impliseer. Jesus sê in Matteus 7:9-10 dat ’n goeie vader nie vir sy kind ’n klip sal gee as hy vir ’n brood vra nie en nie ’n slang vir hom sal gee as hy vir ’n vis vra nie. Die vraag is dus: “Wat gebeur as die kind vir ’n slang vra?” Die punt is duidelik: Ons Hemelse Vader sal dit *nie* gee nie, want Hy gee net goeie gawes!

☙ *Maak net so….*

Matteus 7:12 is eintlik ’n soort slotsom van hierdie gedeelte. Alles wat jy wil hê ander moet aan jou doen – soos om jou nie te oordeel nie, om na jou te kyk sonder om die splinter raak te sien – doen dit aan hulle!

Doen dit, soos jou Vader aan jou doen! Hy gee net goeie gawes aan jou! Met ander woorde, soos jou Vader goeie dinge gee vir slegte mense, omrede hulle Sy kinders is, op dieselfde manier moet jy goeie gawes aan jou broer gee.

En baie belangrik: Hierdie liefde is die wet en die profete. Dit is dus nie in stryd met die Ou Testament nie; nee dit bevestig die Ou Testament en bring dit juis tot volheid. Vervulling.

Ek wonder of jy dit raakgesien het. Die kern van Matteus 7:1-12 het te doen met iets wat ons reeds in die Saligsprekinge raakgesien het. Natuurlik: Sagmoedigheid!

Hoofstuk 27

WAAROP STAAN JOU HUIS?

Matteus 7:13-27

"Gaan deur die nou poort in. Die poort wat na die verderf lei, is wyd en die pad daarheen breed, en dié wat daardeur ingaan, is baie...
Elkeen dan wat hierdie woorde van My hoor en daarvolgens handel, kan vergelyk word met 'n verstandige man wat sy huis op rots gebou het..." (NAV)

Die hoofgedagte in hierdie gedeelte is dat die finale ingaan in God se Koninkryk gevind word op *die pad van gehoorsaamheid aan Jesus se gebooie,* omrede Hy die Ryk oopsluit of toesluit.

Ons het reeds in Matteus 5:20 gesien dat ’n groter geregtigheid as dié van die Fariseërs vereis word vir die ingaan in die Koninkryk.

Matteus 7:13 het betrekking op hierdie binnegaan van die Koninkryk, waarvan ons ook in Matteus 6:33 gelees het.

Daar is ’n poort. Die poort is niks anders as alles waarvan Jesus vroeër gepraat het nie. Dit is nóú. As jy nie reg daarop afloop nie, kan jy dit mis. Die ingaan daarvan vra oplettendheid van jou kant. Dieselfde kan nie gesê word van die breë poort nie....

Jesus wys ook dat die pad van die ingaan in hierdie Koninkryk, die pad wat Hy in die Bergrede geskets het, ’n smal pad is. Jesus sinspeel op die feit dat dit ’n gevaarlike pad is. Op hierdie pad kan jy vervolging teëkom.

Vanaf Matteus 7:15 wys Jesus waarom dit so belangrik is om geweldig oplettend te wees. Daar is en sal valse profete wees. Hier word nie

soseer na die Fariseërs verwys nie. Die konteks dui daarop dat dit gaan oor persone in die toekoms. Die tyd waarin ek en jy ook leef. Die gevaar van hierdie 'profete' lê juis daarin dat hulle reg sal *lyk*. Goed sal *klink*. Hulle sal egter die skape op die breë weglei. Nie die weg wat in die Bergrede aangedui is nie.

Hoe sal ons hulle uitken? In Matteus 7:16-20 gee Jesus die antwoord. Ons moet na hulle vrug kyk. Interessant hier is die feit dat hulle vrug nie soseer verwys na hulle eie sedelike lewe nie, maar na die uitwerking van hulle aktiwiteit op ander mense. Wat lewer hulle op? Mense wat die lewe van die Bergrede leef? 'n Groter praktiese geregtigheid as wat die Fariseërs vertoon? Ons geneigdheid is om bloot valse profete te sien as almal wat nie suiwer gereformeerd is nie. Nee, kyk eerder of lidmate se lewens soos die Bergrede lyk!

In Matteus 7:21 wys Jesus sommerso terloops na Sy Godheid. Hy is Here (Jahwe). Maar let op: Nie elkeen wat Hom as sodanig erken sal in die Koninkryk van God ingaan nie. Preek, duiwels uitdryf en die doen van wonders is ook nie die ding wat aandui of jy deel het aan hierdie Koninkryk nie.

Let op: Die deurslaggewende faktor is die *wil van God*. Die wil van God moet gedoen word. Gesoek word. Maar waar kry ons die wil van God? Wel, ons het dit so pas gesien. **In die Begrede!**

Ons ken almal die prentjie wat Jesus in Matteus 7:24-25 skets: die twee huise. Weereens lyk hulle presies dieselfde. Net die fondament verskil. Die fondament is deurslaggewend. Die fondament van rots is nodig. Wat is hierdie fondament. Jesus? Nee! Kyk weer. Die *hoor en doen* (Matt. 7:24) van dit wat Jesus hier in die Bergrede leer – dít is die rots! Natuurlik dryf dit ons terug na Jesus. Die punt is net, hier in die Bergrede word beklemtoon dat dit wat Jesus hier leer, ook werklik, prakties gedoen moet word. Nie net gehoor moet word nie. Ons sal in die volgende hoofstuk weer hierby stilstaan. Net vir interessantheid – 'n

fondasie is natuurlik verborge. En onthou julle wat Jesus gesê het van die Vader wat in die verborge sien? Die Vader weet wat jou fondasie is.

Jesus sluit af deur te wys dat die mense met so ’n fondasie bestand sal wees teen die storms. Waarna sou die water, wind en reën verwys? Wel, ons het reeds gesien dat mense met hierdie rotsfondament bestand sal wees teen vervolging (Matt. 5:10-12) en valse profete (Matt. 7:15-23). Ten diepste sal hulle egter ook bestand wees teen die eindoordeel!

Waar staan jóú huis?

Hoofstuk 28

EINDELIK HOOP VIR ‘N MELAATSE?

Matteus 8:1-4

“Jesus het afgekom van die berg af, en ’n groot menigte mense het saam met Hom gegaan. ’n Melaatse man kom kniel toe voor Hom en sê: “Here, as U wil, kan U my gesond maak.” Toe steek Jesus sy hand uit, raak hom aan en sê: “Ek wil. Word gesond!” En sy melaatsheid was onmiddellik weg. Jesus sê toe vir hom: “Jy moet dit vir niemand vertel nie, maar gaan wys jou vir die priester en bring die offer wat Moses voorgeskryf het. Dit sal vir die mense die bewys wees dat jy rein geword het” (NAV).

Jesus maak ’n melaatse gesond. Wat het dit met ons te doen? Melaatsheid is nie meer vir ons ’n krisis nie. Dit kom wel nog voor, maar vandag is daar baie effektiewe medikasie. Wat wil hierdie gebeurtenis dus vir ons sê? Wil dit vir ons vertel van Jesus se medelye? Wel, miskien, maar daar is baie ander dele in die Evangelies wat dit ook

na vore bring. Die vraag bly dus steeds – wat is die spesifieke rede waarom Matteus hierdie gebeurtenis onder ons aandag bring?

Ons kan nie reg laat geskied aan die betekenis van hierdie gedeelte as ons nie die konteks waarin Matteus dit plaas, in ag neem nie.

☙ *Die konteks*

Wat is die konteks? Wel, die vorige hoofstukke gaan oor Jesus se Bergpredikasie. Dit waaroor jy tot hiertoe gelees het. Deur die inleidende sin van hierdie paragraaf koppel Matteus hierdie gebeurtenis aan die voorafgaande. "*...toe Hy van die berg afkom.*"

Matteus wil dus seker maak dat ons die verband tussen die reiniging van die melaatse en die Bergrede raaksien.

Die eerbied waarmee die melaatse na Jesus kom word uitgelig; die klem val nie op die melaatse se nood en Jesus se jammerte soos by Markus nie. (*Dalk is hier 'n suggestie dat hierdie eerbied by die skare ontbreek – by hulle is daar slegs 'n geskokte verbaasdheid oor Jesus se radikale gesag waarmee Hy die weg na die Koninkryk beskryf*).

Die melaatse se eerbied en geloof is opvallend – hy val voor Jesus neer en kom met 'n radikale versoek.

Jesus raak hom aan en hy word genees. Spesifiek in hierdie konteks het dit geweldig betekenis. Die feit dat Matteus dit doelbewus koppel aan die Bergrede maak dit met ander woorde van groot betekenis.

As mens mooi daaroor dink, dan is Jesus se reiniging van die melaatse eintlik *'n samevatting, 'n bevestiging en onderstreping van dit wat Hy in die Bergrede geleer het*.

Jy sal weet, een daad sê partykeer iets wat ’n duisend woorde nie kan sê nie. Een praktiese daad van liefde sê dit wat ’n klomp beloftes van liefde nie so goed kan sê nie, of een daad van daadwerklike krag praat harder as ’n klomp aansprake oor krag. Deur die reiniging van hierdie melaatse gee Jesus praktiese geloofwaardigheid – ’n demonstrasie van dit wat hy in die Bergrede gesê het.

☙ *Wat demonstreer Jesus dus hier?*

~ Die genesing van die melaatse is ’n konkrete bewys van Jesus se gesag en mag. Jesus se gesag en mag wat dié van Moses oortref.

Onthou ons het gesê die Bergrede maak dit duidelik dat Jesus meer is as Moses. Jesus self bepaal die toegangsvereistes vir die Koninkryk – die wette van die Koninkryk. Jesus is meer as Moses en Moses se wet, daarom kan Jesus nou doen wat geen priester uit die Ou Verbond kon doen nie – Hy genees ’n melaatse!

Die priesters van die Ou Bedeling kon net vasstel of iemand rein of onrein was; meer kon hulle nie doen nie, maar Jesus kan wel. Die Nuwe Verbond oortref die Ou Verbond! Sien jy dit?

Die melaatse man se versoek kom dus neer op ’n praktiese vertroue en demonstrasie dat Jesus meer is as Moses.

Die reiniging is dus ’n bewys dat Jesus wel dus die gesag het om Moses se wette te herinterpreteer. Hy kan nuwe betekenis daaraan te gee en dit radikaliseer kragtens Sy Goddelike volmag. Jesus is meer as Moses, Hy mag dus verder gaan as Moses.

~ Ons het reeds gepraat oor die betekenis dat Jesus gekom het om die Wet en Profete te vervul en nie te ontbind nie. Hier kry ons ’n verdere praktiese demonstrasie van wat Hy daarmee bedoel het.

Alhoewel Jesus doen wat die priesters in die Ou Verbond nie kon doen nie, staan Sy optrede egter nie in vyandskap of opposisie teen Moses en die tempel nie, daarom gee Hy opdrag aan die man om na die tempel te gaan en die voorgeskrewe offer te bring.

Dis met ander woorde duidelik dat Jesus nie summier gekom het om Moses se wet omver te werp nie. Jesus sou net die wet van Moses tot by sy volle konsekwensie en uiteindelike doelwit voer.

Jesus se vervulling van die wet sou later, veral ná die kruis en opstanding behels dat die tempel en praktiese oorbodig sou raak. (Onthou hierdie gebeurtenis vind plaas vóór Jesus gekruisig is en die finale offer gebring het). Hyself is mos die groot Priester wat eenmaal ’n volledige offer gebring het. Hy self is die tempel van God.

So sien ons baie duidelik wat vervulling van die wet deur Jesus beteken. Dit beteken nie dat die wet summier deur Jesus belaglik gemaak of by die deur uitgevee is nie. Dit beteken ook nie dat Jesus vir ons kom leer het om maar net onveranderd aan te gaan met die onderhouding van die Mosaiese wette nie.

Nee, wat dit wel beteken is dat Jesus die diepte-betekenis en die eind-bedoeling van die wet ’n werklikheid gemaak het! Met ander woorde – Jesus skaf nie die priesterskap af nie, Hyself word ons priester. Hy vervang die priesterskap. Die priesterskap se ware bedoeling en volle ontwikkeling word eers ’n werklikheid in Jesus en Sy werk.

Die Ou Verbond met sy bepalings kan gesien word as die steierwerk en die Nuwe Verbond met Jesus as middelpunt die finale gebou. Die steierwerk is baie belangrik en oefen ’n beduidende invloed uit op hoe die gebou lyk, maar dis tydelik van aard en word mettertyd uitgefaseer.

Die bedoeling van die steierwerk is nie om altyd onveranderd te bly staan nie, maar dis ’n voorafstadium van die ware gebou. Die steierwerk se doel word ‘vervul’ wanneer die gebou voltooi is en die steierwerk op sigself nie meer nodig is nie.

Dit geld vir *al* die bepalings van die Ou Verbond (insluitende die Tien Gebooie). Dit is onsinnig om aan ’n stuk steierwerk vas te hou as die gebou voltooi is! Hou dus op om van die Sondag ’n Sabbat te probeer maak!

Prakties beteken dit vir ons dat Christus se Wil en opdragte nou beskou word as ten diepste die uitvoering van die wet.

As ons dus vra watter opdragte ons direk moet gehoorsaam ten opsigte van ons etiese gedrag is die antwoord: Jesus se opdragte en dié van die Sy apostels. Ons kan dus nie die bepalings van die Ou Verbond direk en onveranderd handhaaf nie. Dit sou weer ’n oprigting van die steierwerk wees, en dit terwyl die voltooide gebou al staan.

☙ *’n Laaste stuiwer oor toegang tot die Koninkryk*

Ons het gesien dat dit in die Bergrede gaan oor toegang tot die Koninkryk. Die Bergrede is bepalend van wie sal ingaan en wie sal buite bly. Ook wat dit betref is die reiniging van die melaatse ’n samevatting en onderstreping van Jesus se lering in dié verband.

Onthou ’n melaatse is beskou as onrein en was dus uitgesluit uit die verbondsgemeenskap. Jesus reinig hom en hy word dus weer deel van die gemeenskap. Hier is dus ’n groot waarheid:Jesus reinig die melaatse sodat hy kan binnekom!

Jesus maak die deur weer oop vir hierdie man. Jesus maak die deur van die Koninkryk oop vir almal wat gelowig na Hom toe kom!

Jesus self is die sleutel tot toegang. Dis waarop die Bergrede neerkom: Geloof in Jesus, afhanklike bedelaarsvertroue op Hom alleen is die basiese vereiste tot toegang tot die Koninkryk.

Moenie die Bergrede sien as ’n klomp los wette wat vir my toegang sal verleen tot die Koninkryk nie! Nee, die Bergrede het alles te make met geloof in Jesus. Dit beskryf net baie breedvoerig hoe so ’n geloof sal lyk en wat die gevolge daarvan sal wees. Daar is dus geen teenstrydigheid tussen Bergrede en leringe van byvoorbeeld Paulus nie.

Het jy al besef wat hierdie melaatse in sy ellendige en verworpe toestand besef het? Hy was uitgesluit, verstote, onrein, ’n voorwerp van veragting, sonder hoop – totdat hy besef het dat Jesus van Nasaret kan doen wat niemand anders kan doen nie. Hy het ’n gesag en mag wat niemand anders het nie – ek sal my tot Hom wend, ek sal my noodkreet tot Hom rig. Hier is my enigste hoop, my laaste kans.

Die groot skare het gehoor, party skepties, afwagtend...maar hierdie man het Jesus se woorde ter harte geneem en tot ’n geloofstap oorgegaan. Hierdie man het gekom by die punt waar die Bergrede ons eintlik wil bring - persoonlike vertroue op Jesus. Hy besef sy nood en hy hom in gelowige afhanklikheid na Jesus.

En jy..?

♦